

Ideologie en mag in Bybelinterpretasie: Op weg na 'n kommunale lees van 2 Samuel 13

deur
Charlene van der Walt

*Proefskrif ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad
Doktor in die Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch*



Promotor: Prof. L. C. Jonker
Departement Ou en Nuwe Testament

Maart 2010

Deklarasie

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Maart 2010

Kopiereg © 2010 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Opsomming

Hierdie studie ondersoek die rol wat mag en ideologie speel in die konkrete interkulturele gespreksruimte wat tot stand kom as individue vanuit diverse kontekste mekaar ontmoet rondom Bybeltekste. Die interkulturele gespreksruimte word teoreties gefundeer vanuit die gesamentlike uitgangspunte van die Feminisme en 'n Afrika-hermeneutiek. Die kommunale ruimte bied hivolgens teoreties die ruimte waarbinne individue vanuit diverse kontekste tot hulle reg kan kom in die kollektief.

In Hoofstuk 2 van hierdie studie word die hermeneutiese raamwerk waaruit die studie sy vertrekpunte vind, omskryf wanneer die uitgangspunte van beide die Feminisme en 'n Afrika-hermeneutiek bespreek word. Die Feminisme beklemtoon die belang van die kontekstuele stem van die individu en Afrika-hermeneutiek stel die kommunale ruimte voor waarin die stemme tot hulle reg kan kom.

Die interkulturele gesprek wat in hierdie studie ondersoek word, vind plaas met 2 Samuel 13:1-22 as gespreksdokument. In Hoofstuk 3 word 'n multidimensionele eksegetiese raamwerk beskryf wat gebruik word ten einde 'n deurdagte interpretasie van 2 Samuel 13:1-22 te bied. 'n In-diepte lesing van die teks word gedoen, sowel as ideologies(retories)-kritiese en leserrespons-kritiese analyses. Ten slotte word in dié hoofstuk verwys na die interpretasiegeskiedenis van die teks vanuit 'n dominant Westerse perspektief asook vanuit die Feminisme en 'n Afrika-hermeneutiese konteks.

Met die tweeledige hermeneutiese raamwerk as uitgangspunt, en 2 Samuel 13:1-22 as gespreksdokument, word die empiriese komponent van die studie dan in die volgende hoofstukke beskryf. In die empiriese studie word die teoreties-geformuleerde interkulturele ruimte dan 'n konkrete realiteit as kultureel-diverse vroue mekaar ontmoet in gesprek rondom die Tamar-verhaal van 2 Samuel 13. Die ontwerp van die empiriese studie wat in Hoofstuk 5 bespreek word, word in die vorige hoofstuk, Hoofstuk 4, gefundeer deur aandag te gee aan, onder andere, die omskrywing van sleutel terme soos kultuur, ideologie en mag. Die kwalitatiewe data wat ingewin is tydens die konkrete interkulturele gesprekke, word daarna geanaliseer en bespreek in Hoofstuk 6. Al die data wat ingewin is tydens die studie word as Bylae tot die proefskrif beskikbaar gestel in 'n aparte meegaande bundel ten einde die lees-en-vergelyk-proses te vergemaklik.

Die gevolgtrekking van die studie, in Hoofstuk 7, bring al die diverse besprekings soos dit in die argument hanteer is, bymekaar en poog om 'n sinvolle interpretasie te bied van hoe mag en ideologie funksioneer in die interkulturele Bybelleesproses.

Die teoretiese interkulturele ruimte wat deur die Feminisme en 'n Afrika-hermeneutiek as oogmerk gestel word, word dus in die studie geproblematiseer deur te vra na die funksionering van mag en ideologie in daardie ruimte. Vanuit 'n kwalitatiewe analise van die data wat ingewin is tydens die empiriese komponent van die studie, word dit duidelik dat die interkulturele ruimte 'n besondere spasie bied waarin individue tot hulle reg kom en waarin verandering gefasiliteer kan word. Dit wil egter verder blyk dat hierdie ruimte nie sonder uitdaging is nie aangesien die interkulturele ruimte nie die invloed van die magsdinamika vryspring nie. Daar is bevind dat die interkulturele gespreksruimte 'n besondere instrument is wat ingespan kan word ten einde sosiale transformasie te fasiliteer, maar dit moet met groot omsigtigheid hanteer word.

Summary

This study examines the role of power and ideology in a concrete intercultural conversation space which is established when individuals from diverse contexts meet one another to discuss Biblical texts. The intercultural conversation space is theoretically based on the joint presuppositions of Feminism and an African hermeneutics. The communal space provides a theoretical space in which individuals from diverse contexts are given an opportunity to express themselves in the collective.

The hermenetical framework of the study is discussed in chapter 2 where the fundamental presuppositions of both Feminism and African hermeunetics are explored. Feminism emphasises the importance of the contextual voice of the individual, whereas African hermeneutics highlights the communal space where individual voices are given expression.

The intercultural conversation in this study is conducted with 2 Samuel 13:1-22 as conversation document. Chapter 3 discusses a multidimensional exegetical framework that is applied in order to offer a reflective interpretation of 2 Samuel 13:1-22. A close reading of the text, as well as ideological (rhetorical) critical and reader response critical analyses, are conducted. A reference to the interpretation history of the text concludes this chapter. The dominant Western perspective is discussed and is supplemented with Feminist and African hermeneutical readings of the text.

The empirical component of this study is discussed in the chapters that follow, based on the two-tiered hermeunetical framework and 2 Samuel 13:1-22 as conversation document. The theoretically formulated intercultural space becomes a concrete reality as culturally diverse women meet one another to discuss the story of Tamar as found in 2 Samuel 13. Chapter 5 explains the research design of the empirical study based on key terms such as culture, ideology and power. These are illuminated in Chapter 4. The data that is collected in the concrete intercultural conversation is then analysed qualitatively and in Chapter 6. The collected data is presented as a separate Appendix to the dissertation in order to assist the reader in the read and compare process.

In the conclusion to this study, as presented in Chapter 7, all the diverse discussions converge and an attempt is offered towards a reflective interpretation of how power and ideology function in the intercultural Bible reading process.

The theoretical intercultural space based on the essential presuppositions of Feminism and an African hermeunetics are thus problematised in the study by exploring the role of power and ideology in this space. In analysing the data that was collected in the empirical component of the study qualitatively, it becomes clear that the intercultural space is a place where individuals can find expression and change can be facilitated. It appears, however, that this is not a space without complications, as it does not manage to avoid the influence of the power dynamics. This study concludes that the intercultural conversation space is a singular instrument for social transformation, it however needs to be utilized with great care.

Voorwoord

*"The main interest in life and work is to become someone else
that you were not in the beginning."*

Michel Foucault

Hierdie proefskrif is die produk van 'n merkwaardige reis wat my lewe verdiep en verryk het. Soveel plekke, mense, boeke en ervarings het bygedra tot die pad wat ek met hierdie studie gestap het. Ek is so dankbaar vir almal wat met my gedroom, gehoop, geglo en geworstel het. Die reis sou half en leeg gewees het sonder kosbare reisgenote.

Ek is dankbaar vir finansiële steun van die NRF, die Delta-beurs, die Kweekskool 150+ beurs en die OSP- beurs. Hierdie beurse het dit vir my moontlik gemaak om tyd deur te bring in Nederland by die Radboud Universiteit in Nijmegen en om gereeld na Stellenbosch te reis. Albei hierdie plekke en die mense wat hierdie plekke impliseer was vir my net goed.

Ek is van 2005 af verbonde aan die NG Gemeente Albanie op Grahamstad. Dit wat oorspronklik gelyk het na 'n tydelike rusplek, het my huis geword. Ek het wonderlike dinge van die lewe kom ontdek en leer op Grahamstad in die midde van mense vir wie ek baie lief is. Baie dankie aan my kollega, die kerkraad en die gemeente vir begrip, bystand en ondersteuning. Al die vroue wat aan die studie deelgeneem het, het ek hier op Grahamstad kom ontmoet en leer ken. Die studie het 'n hart omdat hierdie vroue daaraan deelgeneem het. In besonder: dankie aan Kim Barker wat my gehelp het om die visie van 'n interkulturele ontmoeting 'n realiteit te maak. Soveel mense het my gehelp om die proefskrif af te rond. Baie dankie vir lang nagte en eindelose moeite.

Hierdie proefskrif is gebore uit 'n liefde vir die studie van die Ou Testament wat ontspring het in my 1997-eerstejaarsklas by Prof Louis Jonker. Sy absolute toegewydheid en aandrang op kwaliteit het my telkens gedring om maar weer te probeer. Louis, dankie dat jy altyd daar was as 'n konstante rigtingwyser. Jy het my nooit laat wegkom met minder as alles nie. Jy is nie net 'n leermeester nie, jy is 'n mentor. Dankie vir dit wat jy my oor die lewe leer.

Ek is so dankbaar vir my ouers wat my toegelaat het om te droom en soveel opgeoffer het om daardie droom 'n realiteit te maak. Julle is kosbaar vir my.

Ek staan verwonderd aan die einde van 'n besondere reis en ek dank die Here vir die reisgenote wat my lewe mooi maak. Vir dié wat die naaste aan my loop, hierdie proefskrif is vir julle. Vir jou.

Hierdie proefskrif word in besonder opgedra aan Tjaart Petrus van der Walt (27.3.1946 – 15.2.2010) wat kort na die voltooiing daarvan te sterwe gekom het.

Charlene van der Walt

Grahamstad

November 2009

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1 Inleiding	1
1.1 Ontstaan van die studie	1
1.1.1 Die storie van Tamar	1
1.1.2 Die storie van die Bybelwetenskappe	2
1.1.3 Die storie van 'n nuwe ruimte.....	6
1.1.4 Die storie van gewone vroue.....	7
1.1.5 My persoonlike storie	7
1.1.6 Die storie van konteks.....	8
1.1.7 Die storie van mag	9
1.2 Die interseksie: algemene beskrywing van die area van studie.....	10
1.3 Doel en oogmerke van die studie.....	13
1.4 Oorsigtelike beskouing van die proefskrif-indeling.....	14
AFDELING A.....	17
Hoofstuk 2 Hermeneutiese vertrekpunte.....	19
2.1 Inleiding	19
2.2 Feminisme.....	20
2.2.1 Feminisme gedefinieer en omskryf.....	22
2.2.2 Historiese raamwerk	24
2.2.2.1 Voorgeskiedenis.....	24
2.2.2.2 Eerste feministiese stroming in die VSA	25
2.2.2.3 Feminisme vanaf die 1960's in die VSA	25
2.2.3 Feminisme in Afrika	28
2.2.4 Die sentrale rol van die ervaring van vroue in Feminisme	32
2.2.5 Die rol van die Bybel in 'n feministies-hermeneutiese raamwerk.....	34
2.2.6 Nuwe metafore	38
2.3 Afrika-hermeneutiek	41
2.3.1 Historiese oorsig en uitgangspunte van die Bybels-hermeneutiese proses in Afrika.....	42
2.3.2 Die rol van die gewone leser in die Afrika-hermeneutiese proses.....	49
2.3.3 Metodologiese implikasies van 'n Afrika-hermeneutiese raamwerk.....	55
2.3.4 Interkulturaliteit as uitvloeisel	57
2.4 Feminisme en Afrika-hermeneutiek as hermeneutiese raamwerk	60
AFDELING B.....	61
Hoofstuk 3 Eksegetiese studie	63
3.1 Inleiding	63
3.2 Redes vir tekskeuse	64
3.3 Eksegetiese strategie	66
3.3.1 Narratiewe dimensie	67
3.3.1.1 Die verteller	70
3.3.1.2 Tyd	71
3.3.1.3 Plot/Storielyn	72
3.3.1.4 Fokalisasie.....	75
3.3.1.5 Karakters	77

3.3.2	Leser-respons kritiek.....	79
3.3.3	Ideologiese dimensie.....	85
3.4	Eksegetiese bespreking.....	91
3.4.1	Die verhaal – ter opsomming.....	91
3.4.2	Narratiewe teksanalise van 2 Samuel 13.....	92
3.4.2.1	Teorieë aangaande diepte-inhoud en -struktuur van 2 Samuel 13.....	92
3.4.2.2	Bespreking van die kleiner narratiewe eenhede.....	95
3.4.2.3	Perspektief en die verteller.....	123
3.4.2.4	Die rol van die leser.....	125
3.4.3	Ekstrinsieke ideologiese analise.....	126
3.5	Interpretasies van 2 Samuel 13.....	135
3.5.1	Algemene kommentare.....	135
3.5.2	Feministiese interpretasies.....	137
3.5.3	Stemme uit Afrika.....	139
3.5.4	Interpretasie van hoop.....	140
3.6	Opsomming.....	142

AFDELING C..... 145

Hoofstuk 4 Teoretiese onderbou van empiriese studie..... 147

4.1	Inleiding.....	147
4.2	Hermeneutiese model vir interkulturele Bybelinterpretasie.....	148
4.3	Kultuurteorie – Geert Hofstede.....	151
4.3.1	Hofstede se dieptedimensies van kultuur – ‘n teoretiese ontginning.....	154
4.3.1.1	Magsafstand.....	154
4.3.1.2	Onsekerheidsvermyding.....	155
4.3.1.3	Individualiteit teenoor kollektiwiteit.....	156
4.3.1.4	Manlikheid teenoor vroulikheid.....	156
4.3.1.5	Langtermyn- teenoor korttermyn-oriëntasie.....	157
4.4	Ideologie in die interkulturele interpretasieproses.....	158
4.4.1	Ideologie - ‘n teoretiese analise.....	159
4.4.1.1	Die ontwikkeling van die betekenis van die term.....	161
4.4.1.2	Ideologiese definisie: Thomson.....	163
4.4.1.3	Metodiese uitvloeisels van Ideologiese definisie.....	168
4.4.1.4	Uitgangspunte van die studie van ideologie.....	170
4.5	Mag in die interkulturele gesprek.....	171
4.5.1	Foucault – ter inleiding.....	172
4.5.2	Foucault – metodes en analise.....	175
4.5.2.1	Argeologie.....	175
4.5.2.2	Genealogie.....	177
4.5.3	Foucault se magsteorie.....	184
4.6	Ter opsomming: mag en ideologie in die interkulturele Bybelleesproses.....	187
4.7	Probleemstelling – 'n verfyning.....	188

Hoofstuk 5 Navorsingsontwerp vir empiriese studie..... 191

5.1	Inleiding.....	191
5.2	Kwalitatiewe data-analise as empiriese hulpmiddel.....	191
5.2.1	Kwantitatief teenoor kwalitatief.....	192
5.2.2	Keuse vir ‘n kwalitatiewe navorsingsontwerp.....	196
5.3	Navorsingsuitgangspunte.....	196

5.4	Fisiese navorsingsontwerp	199
5.4.1	Navorsingspopulasie	199
5.4.2	Navorsingsmilieu	201
5.4.3	Posisie van die kwalitatiewe navorser en assistent	201
5.4.4	Navorsingsproses	202
5.4.5	Tydskedulering van die navorsing	206
5.5	Hulpmiddels vir data-inwinning	207
5.5.1	Ontwikkeling van werkboek vir saamleeservaring	207
5.5.1.1	Afdelings van saamleeswerkboek – omskryf.....	207
5.5.1.2	Ontwikkeling van vrye-assosiasie skryfoefening	209
5.5.1.3	Ontwikkeling van interpretasie-instrument.....	221
5.5.2	Gespreksanalise.....	224
5.5.2.1	Gespreksanalise – omskryf	225
5.5.2.2	Gespreksanalise – uitgangspunte	228
5.5.2.3	Gespreksanalise – prosedure	229
5.6	Omskrywing van fisiese navorsing	231
5.7	Kodering van data in rekenaarmaat	231
5.8	Gevolgtrekking	232
Hoofstuk 6 Analise van navorsingsresultate.....		233
6.1	Inleiding	233
6.2	Ideologiese data-analise	234
6.2.1	Algemene tendense in respons op tien fotobeelde	234
6.2.2	Dominante kultuuromskrywing op grond van Hofstede se dieptedimensie van kultuur	244
6.2.3	Individuele analise teen die agtergrond van die dominante kultuurraamwerk	244
6.2.4	Ideologiese navorsingsresultaat	245
6.3	Gespreksanalise.....	249
6.3.1	Bespreking van prosedure.....	249
6.3.1.1	Fisiese gesprekke	249
6.3.1.2	Transkripsie van gesprekke.....	249
6.3.1.3	Beurt-gespreksanalise	250
6.3.1.4	Meganiese gespreksanalise	251
6.3.1.5	Tematiese gespreksanalise	252
6.3.2	Gespreksanalise – resultaatbespreking.....	252
6.3.2.1	Gespreksanalise – resultaatbespreking Groep 1.....	253
6.3.2.2	Gespreksanalise – resultaatbespreking Groep 2.....	257
6.3.2.3	Gespreksanalise – resultaatbespreking Groep 3.....	261
6.3.2.4	Gespreksanalise – resultaatbespreking Groep 4.....	263
6.3.3	Gespreksanalise – Slotopmerkings oor magsdinamika.....	265
6.4	Samevatting.....	268
AFDELING D.....		269
Hoofstuk 7 Gevolgtrekking		271
7.1	Inleiding	271
7.2	Die ontwikkeling van die probleemstelling	271
7.3	Bespreking van die resultate	273
7.3.1	Teksinterpretasie	273

7.3.2	Ideologiese analise	276
7.3.3	Funksionering van die magsdinamika.....	277
7.4	Implikasies vir die interkulturele Bybellees-proses	279
7.5	Areas vir verdere studie	280

Bibliografie	283
---------------------------	------------

BYLAE - Sien aparte meegaande bundel.

Hoofstuk 1

Inleiding

1.1 Ontstaan van die studie

Hierdie studie het in die interseksie van 'n aantal stories ontstaan. In 'n poging om die unieke, nuwe storie van hierdie studie te begryp, is dit nodig om reg aan die begin 'n tree terug te gee en te kyk na al die stories wat ingewef is in die verhaal wat die studie vertel. Stories is belangrik. Almal het hulle eie stories en vertel eiesoortige deurleefde verhale. Stories help ons sin maak.¹ Stories maak ons mens. De Gruchy (2006:4) meen: “From the beginning of history we humans have told stories, whether in word, dance, drama or painting, to make sense of our place in the world; stories about our origins, who we are, why the world is like it is, and how we should live... Telling such stories is a necessary and potent way of handing on wisdom from one generation to another, one culture to another, about our common humanity and distinct personal identities.”

In hierdie inleidende hoofstuk beskou ons die verskillende verhale wat bygedra het tot die begin van die storie van hierdie studie.

1.1.1 Die storie van Tamar

In die oudste van die stories wat mekaar ontmoet in hierdie studie, vind ons 'n stilgemaakte vrou (2 Sam. 13:1-22). Tamar, die dogter van Dawid, die suster van Absalom en die objek van begeerte van Amnon deurleef 'n pynlike gebeurtenis wat haar storie onherroeplik verander. Hoewel haar stem aanvanklik in die verhaal hoorbaar is, en steeds vandag in ons moderne lesings van die teks ego, word sy brutaal stil gemaak. Nie net deur Amnon wat nie na haar wou luister en haar dan verkrag nie; ook nie bloot deur Absalom wat haar stil maak en maan dat sy haar nie moet verkniees

¹ Ackermann (2001:18-19) beweer die volgende m.b.t. stories: “Telling stories is intrinsic to claiming one’s identity and in the process finding impulses for hope... Narrative has a further function. Apart from claiming identity and naming the evil, narrative has a sense-making function. The very act of telling the story is an act of making sense of an often incomprehensible situation, of a suffering and chaotic world in which people wrestle with understanding and in so doing seek to experience relief.”

oor wat haar broer haar aangedoen het nie; selfs ook nie in die reaksie van Dawid wat stil-kwaad die situasie maar laat begaan nie. Haar stem word ook uitgedoof deur die ideologiese oorwegings van die patriargale skrywers van die Deuteronomistiese geskiedenis, waarvan Tamar se verhaal maar 'n terloopse deel vorm. Ook die opstellers van leesroosters ("lectionaries") en die predikers wat kies om eerder verby die verhaal te blaai as die teks vir Sondag se erediens gekies moet word, het 'n aandeel in die uitdoof van haar stem.² Tamar se verhaal staan in die sentrum van hierdie studie aangesien 2 Samuel 13 die teks is wat gebruik word om interkulturele gesprek te fasiliteer en om vroue te bemagtig om ook hulle eie stilgemaakte verhale te laat hoor.

1.1.2 Die storie van die Bybelwetenskappe

Die volgende is 'n langer en vermoedelik meer komplekse verhaal - 'n verhaal wat telkens nog verander soos nuwe rolspelers betrokke raak by die skryf daarvan. Deur die loop van die geskiedenis is 'n wye verskeidenheid strategieë al aangewend om Bybeltekste doeltreffend te interpreteer. Die hoofbewegings in die verhaal van die geskiedenis van Bybelinterpretasie sien kortliks en oorsigtelik soos volg daaruit:

As bloot oorsigtelik gekyk word na die tendense wat ons oor die jare in die proses van Bybelinterpretasie opmerk, is daar merkwaardige skuiwe in fokus te bespeur. Om sin uit die teks te maak, was nog altyd van kardinale belang. Sin of betekenis is deur die loop van tyd egter op 'n verskeidenheid plekke gevind. Met tye het sekere sinkaders in die Bybelinterpretasieproses meer aandag geniet as ander. Ek sou graag baie kortliks wou kyk na drie bewegings in die geskiedenis van bybelwetenskaplike navorsing.

a. Histories-kritiese benaderings: die wêreld-agter-die-tekst

Die stroming wat in die negentiende eeu sy inslag gevind het, het ten grondslag, ten eerste, 'n beskrywing van die teks in terme van sy eie ontwikkelingsproses en 'n analise van die teks om vas te stel of dit deur een of meer outeurs geskryf is.

² Birch (1998:1306) verwys na hierdie tendens: "The text is not read publicly in the church, and it is seldom preached. Persons experienced at Bible study are often shocked to have this story called to their attention. They had no idea such a story was a part of the biblical tradition. It is as if the silence counselled by Absalom has extended through the centuries to the present."

Bray (1996:249-250) meen die kenmerkende vrae wat hierdie tydvak oorheers, behels die volgende: “i) It was necessary to determine how truth could be known, and what role the Bible played in discovering it; ii) It was necessary to determine the nature and necessity of religion, and how the Bible related to it.”

In antwoord op die eerste vraag kan genoem word dat waarheid voor die 17de eeu gedefinieer is vanuit die Bybel. Die Bybel was die Bron wat gebruik is om alle kennis te omskryf en is as maatstaf vir alle waarneming gebruik. Met die aanbreek van die Renaissance het dit egter verander. Nuwe waarheidsbeskouings het nuwe definisies genoodsaak. Die tweede punt dui op die positivistiese optimisme gesetel in die rede. Sake wat in dié tyd buite die kader van die wetenskap lê, word as blote bygeloof beskou en is dus eweneens onbelangrik.

Die oorsprong van die teks blyk die fokus van hierdie benadering te wees. Jonker (2005b:27) meen: “The historical-critical approaches hold in common the presupposition that (biblical) texts can and should be understood only in the light of the historical context within which they originate...” Betekenis word gevind in die wêreld agter die teks, daar waar die teks sy ontstaan gehad het en die faktore wat daartoe aanleiding gegee het.

Uit die histories-kritiese benaderings ontwikkel met die verloop van tyd ‘n aantal strategieë wat voortbou op dieselfde hoeksteen, met bloot ‘n geringe klemverskuiwing.³ Onder hierdie benaderings kan genoem word tekskritiese, literêr-kritiese, vormkritiese, tradisie-kritiese, redaksie-kritiese en kanonies-kritiese studies (Jonker 2005b:27-29). Elkeen van hierdie benaderings plaas besondere klem op ‘n dimensie van die ontstaan of ontwikkelingsproses van die teks.

Met die sterk wetenskaplike klem van hierdie navorsing het dit besonder eksklusief geraak. Die ware of egte interpretasie het streng saamgehang met wetenskaplike metodes en meetbare resultate. Wit Europese mans het die terrein van

³ Jonker (2005b:27) dui ter verheldering aan: “Although these historical-critical approaches can clearly be distinguished from one another, they were never meant to be understood as distinct. Rather, they developed in such a fashion that they complemented one another, not ignoring or denying the results of the other approaches.”

Bybelinterpretasie in dié tyd oorheers.⁴ Talle stemme is stilgemaak of op die rand geskuif aangesien hulle nie op wetenskaplike gebied kon meeding nie.

b. Literêre benaderings: Die wending na die wêreld-van-die-teks

Die histories-kritiese stroom word in die 1930's uitgedaag vanuit literêre kringe. In die histories-kritiese benaderings is die wêreld agter die teks beklemtoon, maar die teks is bloot as 'n medium beskou waardeur die oorspronklike bedoelings oorgedra word na die leser van vandag. In die 1930's het 'n klemverskuiwing egter plaasgevind, 'n sogenaamde "wending na die teks self". Die klem val in 'n groter mate op die literêre eienskappe van die Bybel soos: grammatika, semantiek, genre, struktuur, komposisie, styl en idiomatiese uitdrukkings.

Die algemeen aanvaarde uitgangspunte van die histories-kritiese denkraamwerk word uitgedaag in nuwe literêre benaderings. Die algemeen aanvaarde standpunt dat die betekenis van die teks 'n noue saamhang het met die oorspronklike bedoeling van die outeur en net vanuit dié verhouding verstaan kan word ("authorial intention"),⁵ word weerlê in die beskouing van 'n outonome teks. Nog 'n wanopvatting wat aangespreek word, is die sogenaamde "referential fallacy". Hiervolgens is die betekenis van die teks nie opgesluit in dit waarna verwys word in die ontstaanswêreld nie, maar is die sin geleë in die teks self.

Aandag word veral gegee aan die teks as outonome entiteit⁶ in hierdie reeks benaderings waaronder die volgende genoem kan word: struktuuranalise, narratiewe analise en retoriese analise (Lawrie 2005a:70-72). 'n Westerse akademiese interpretasie oorheers egter steeds in die opbloei van die literêre benaderings wanneer die vrae aangaande die teks verskuif van oorsaak en ontstaan na verhouding en funksie.

⁴ Sien in die verband: Patte, D. 1995. *Ethics of Biblical interpretation: A re-evaluation*.

⁵ Lawrie (2005a:68) meen in dié verband: "The error of seeking the meaning of a text in the 'real intention of the author' is sometimes called *the intentional fallacy*." As regstelling van hierdie persepsie meen hy: "Our understanding of a text is based on our knowledge of the rules that govern texts, not on our knowledge of what goes on in the minds of authors."

⁶ Die teks opsigself word die primêre fokus van studie en word as volg gedefinieer: "A text is a unique linguistic unit, constituted by the relationship of the parts to one another and to the whole. Whereas historical criticism regarded meaning as a function of origin, those who turned to the text itself regarded meaning as a function of the relationships among the parts of the text" (Lawrie 2005a:68).

c. Beweging na die wêreld-voor-die-tekste

In hierdie wending word die aandag tot 'n groot mate gevestig op die rol van die gewone leser in die produksie van betekenis. In die voorafgaande paradigmas was betekenis 'n produk van die oorsprong van tekste of van die teks self. In albei gevalle is die leser bloot die een wat die betekenis ontvang. In die sogenaamde wending na die wêreld-voor-die-tekste word die interaksie tussen die teks, leser en eietydse konteks van naderby ondersoek. Die leser word nie bloot meer gesien as 'n passiewe ontvanger van die boodskap van die teks nie. Die leser ontdek nie bloot betekenis nie, maar speel ook 'n aktiewe rol om betekenis te skep. Tekste 'het', volgens die benadering, geen vasgestelde betekenis wat as't ware deur die leser ontgin moet word nie. Betekenis kom eerder tot stand in die interaksie tussen tekste en lesers wat kreatief met die tekste omgaan. Lawrie stel dit soos volg: "(T)he reader does not merely discover meaning, but plays an active part in the creation of meaning." Lesers lees verder nie tekste in isolasie nie, maar is in gedurige wisselwerking met hulle eie konteks. Hierdie konteks is die sleutel tot lesers se verstaan van tekste. "The specific context of the reader provides the horizon of understanding that enables the reader to make sense of the text" (Lawrie 2005b:111). Alle aspekte van 'n persoon se konteks speel in op die finale interpretasie. Omdat die konteks waaruit lesers die teks benader, verskil, is 'n pluraliteit van lesings onafwendbaar. Die rol van die leser en die konteks waaruit die leser die teks benader, word die fokusarea van studie in hierdie benaderings.

d. Hermeneutiek van suspisie: die onderbewuste wêreld van die teks

Ons kan egter 'n verdere beweging onderskei: "A number of influential approaches to the interpretation of texts are based on the suspicion that there are hidden factors at work in the production, circulation and reception of texts" (Lawrie 2005c:167). Hierdie benadering wys daarop dat daar dikwels meer onder die oppervlak in die interpretasieproses skuil as wat vorige benaderings te kenne wou gee. Ten einde die dieper of versteekte wêreld onder die teks te ontgin, moet 'n sistematiese houding van wantroue of suspisie aangeneem word. Die hoog aangeskrewe waarde van objektiwiteit word deur hierdie benadering in twyfel getrek. "The hermeneutics of suspicion suspects that what usually remains hidden is indeed a guilty secret. Neither authors, nor texts, nor readers are 'innocent' or neutral. They often work together to keep up the (false) appearance of normality and rationality" (Lawrie 2005c:167).

Hierdie benadering poog om die magsdiskoerse wat onder die oppervlak lê, te ontmasker. Stilte is een manier waarop die status quo van onderdrukkende ideologieë gehandhaaf word. “Silence serves a double purpose: the existence of a problem is denied and the oppressive status quo is reinforced” (Lawrie 2005c:168). Hoewel die ideologiese dimensie wat aan die kaak gestel word binne die teks sowel as in die interpretasieproses, oorwegend op ‘n onbewustelike vlak funksioneer, bepleit die benaderings vanuit hierdie kader ‘n kritiese en suspisieuse ingesteldheid. Volgens dié benadering moet die oppervlak van die teks, die voorwerp van interpretasie, nie gering geskat word nie, en moet selfs die taal wat gebruik word met suspisie hanteer word. Die fokus van hierdie benadering is om nie net bloot die teks te interpreteer nie, maar eerder te fokus op “the ideological subtext, that is, the assumptions, attitudes and interests that lie beneath the explicit statements of the text” (Lawrie 2005c:169). Die hermeneutiek van suspisie breek die stilte deur dit sigbaar te maak wat onder die oppervlak skuil of deur wat nog altyd verswyg is, hoorbaar te maak.

Beide die Feminisme en Afrika-hermeneutiek is sub-dissiplines wat ontwikkel het as ‘n hermeneutiek van suspisie met ‘n besondere fokus. Feminisme lees tekste teen die patriargale en manlik-dominante grein in. Dit poog om die onderdrukking van vrouestemme, en die sisteme wat hierdie onderdrukking sanksioneer, bloot te stel en om die stemme ‘n geleentheid tot uitdrukking te gee. Afrika-hermeneutiek ontbloot Eurosentriese en kolonialistiese ideologie en demonstreer hoe Afrika-waardes ‘n regmatige plek in die wêreld het.

Die hermeneutiek van suspisie ontmasker dominante lesings van die teks en open alternatiewe interpretasiemoontlikhede.

1.1.3 Die storie van ‘n nuwe ruimte

Vanuit die verhaal van die ontwikkeling van die Bybelwetenskappe is dit duidelik dat die studie van die Bybel vir lank beoefen is in die verhewe ruimtes van die dominante Westerse akademie. Die taal, die temas van bespreking en die uitkomst is hoofsaaklik bepaal deur dié wat toegang gehad het tot die akademie. Vanuit beide die Feminisme en Afrika-hermeneutiek groei die strewe na ‘n ander ruimte vir gesprek en na ander gespreksgenote. Die interkulturele Bybelleesproses stel een so ‘n nuwe ruimte vir gesprek voor. In die interkulturele ontmoeting kry mense vanuit verskillende kulturele, materiële, sosiale, maatskaplike en intellektuele kringe die

geleentheid om met mekaar in gesprek te tree. Hierdie nuwe ruimte poog om vir individue wat vroeër nie 'n gespreksforum gehad het nie, een te bied en om vir dié wat voorheen net na 'n enkele diskoers geluister het, 'n rykdom van nuwe stemme te bied.⁷

Die Bybel, wat opsigself kultureel van lesers verwyder is, staan in die sentrum van die interkulturele ontmoeting van mense uit 'n verskeidenheid kultuuragtergronde.

1.1.4 Die storie van gewone vroue

In kontras met al die akademiese bronne waarna verwys word in die ontwikkeling van die argument in hierdie studie, staan die stemme van gewone vroue in respons tot die verhaal van Tamar. Met die aanvang van hierdie studie het ek nie een van hierdie vroue se name geken nie. Ek het niks van hulle geweet nie, selfs hulle bestaan was aan my onbekend. Hoewel hulle reeds by die konsepsie van die studie geïmpliseer is, het ek hulle eers aansienlik later op Grahamstad ontmoet. Hierdie studie is ook die storie van hierdie vroue, van gewone mense wat sin probeer maak van die lewe in een van die armste dele van Suid-Afrika, wat eie en unieke uitdagings stel aan die mense wat in hierdie omgewing woon. Dit is die storie van hierdie vroue en hulle erns met die Bybel in 'n komplekse sosiale dinamika. Hulle waagmoedige lesings en eerlike gesprek met mekaar vorm die hart van die empiriese data.

1.1.5 My persoonlike storie

Hierdie studie ontwikkel vanuit my eie reis binne die Bybelwetenskappe. Dit hou verband met my persoonlike ontnugtering toe ek, in my ontmoeting met die kultureel-verwyderde ander, ontdek het hoe eksklusief my teologie en teksinterpretasie is. Hoewel ek in Afrika woon, het ek die voorreg geniet van Westerse teologiese opleiding. Hoewel ek nie die kennisinstrumente wat ek ryker geword het vanuit

⁷ Jonker (2007b:6) meen dat hierdie interkulturele ontmoeting onafwendbaar is in die lig van 'n globaliserende werklikheid. "A third consequence of our view on global hermeneutics that I would like to highlight is the inevitability of intercultural hermeneutics. According to accepted anthropological definitions 'intercultural' refers to communication between people from different cultures. It goes further than a mere acceptance or acknowledgement of multiculturalism. Intercultural hermeneutics therefore takes its point of departure in the interaction, the communication between different cultures."

hierdie wêreld misken of wil negeer nie,⁸ besef ek dat my gebruik en sekerheid daarvan al mense uitgesluit het en dat ek in my 'kennis' van die Bybel ook al bygedra het tot die stilmaak van ander. In die ontdekking van die Feminisme en Afrika-hermeneutiek het ek 'n bevrydende hermeneutiese denkraamwerk gevind. Interkulturele gesprek het vir my 'n ruimte van hoop geword waarin almal 'n plek sou kon vind.

Die studie ontspring egter in die eise van 'n hermeneutiek van suspisie. Nie net die teks of dominante diskoerse kan bydra tot die onderdrukking en marginalisering van mense nie. Alle woorde, teorieë, konstruksies en ruimtes moet konstant beoordeel en getoets word. Hoewel die interkulturele ruimte na 'n spasie lyk waarin diverse stemme gehoor sal kan word en waarin daar waarlik ruimte vir die 'ander' geskep sou kon word, moet ook hierdie spasie getoets en beoordeel word. Die interkulturele gesprekspasie wat ontstaan wanneer kultureel-verwyderde individue mekaar ontmoet rondom 'n kultureel-verwyderde teks, is die area waarbinne die empiriese verhaal van hierdie studie sal afspeel. Die kritiese posisie wat die studie inneem teenoor die interkulturele gesprek deur primêr te fokus op die ideologiese en magdimensies, poog nie om interkulturele gesprek te diskrediteer nie, maar eerder om die dinamika te problematiseer. Hoewel die interkulturele gesprek dus teoreties 'n lewegewende spasie kan bied vir deelnemers,⁹ moet ook hierdie ruimte met 'n hermeneutiek van suspisie bejeën word.

1.1.6 Die storie van konteks

In die vroue wat in die empiriese komponent van hierdie studie aan die interkulturele gesprek deelgeneem het, is die wêreld waarin daardie vroue woon, teenwoordig. Beide die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse konteks en die dikwels pynlike stories van geloofsgemeenskappe en weerlose individue word geïmpliseer in die gesprekke tussen die vroue. Hulle verhale in gesprek met mekaar getuig van die gefragmenteerde realiteit van die Suid-Afrikaanse konteks. Die interkulturele gesprek impliseer 'n wisselwerking tussen die sosiale kontekste van vroue en die Bybelse teks.

⁸ Hierdie instrumente en benaderings tot teksinterpretasie is nie opsigself sleg nie en het die potensiaal om verandering teweeg te bring mits dit reg aangewend word.

⁹ Hierdie teoretiese potensiaal word beklemtoon deur beide die Feminisme en Afrika-hermeneutiek, wat as hermeneutiese uitgangspunte in die studie dien.

Theresa Okure (1995:52) meen egter dat konteks multidimensioneel verstaan moet word: “By social location I understand the sum total of those human experiences that shape the lives of the persons connected with the Bible at three levels: (1) the level of the people in and of the Bible itself (those whose lives the Bible is concerned with), the primary level; (2) the level of the biblical authors and their respective audiences at various epochs of history, the secondary level; and (3) the level of the readers/interpreters of the Bible throughout the course of history up to the present day, the tertiary level.”

Hierdie studie hanteer die interaksie tussen die Bybel en die vroue vanuit verskillende sosiale kontekste volgens Okure se definisie dus op ‘n tersiêre vlak. Met die aanwending van ‘n multidimensionele eksegetiese raamwerk poog die studie egter ook om die primêre en sekondêre vlakke van interkontekstuele interaksie in berekening te bring.

1.1.7 Die storie van mag

“The history of the interpretation of the Bible is a history of power and control... Attempts to say what the Bible ‘really means’, to get the meaning, always stood in service of purposes determined by ecclesial, socio-political, ethical, nationalistic or other such concerns. Attempts to subvert existing claims to the Bible and its meaning often served similar, if opposing, interests. Although the very notion of the meaning of the biblical texts are denied by some today, it has to be acknowledged that many people continue to find the Bible a valuable guide for their lives. The Bible as site of struggle involves, however, more than difference of interpretive opinion. The Bible is involved in the discourse of power and is drawn into a struggle for interpretive control as well as eventually, ownership thereof” (Punt 2002:425).

Die Bybel in die ontstaan, kanoniserings, interpretasie en toepassing daarvan is, soos Punt tereg opmerk, besonder geïmponeer in bepaalde magdiskoerse.¹⁰ Die studie

¹⁰ De Villiers (1993:21) verwys na hierdie spesifieke magdiskoerse en meen: “One should continue beyond the biblical texts themselves by discussing the power struggle which takes place in modern readings of biblical texts.” Dit is presies hierdie dimensie wat primêr in die empiriese komponent van die studie hanteer word.

poog om sensitief te wees vir hierdie magsdiskoerse en om die beperkende tendense van die misbruik van mag op dié manier te probeer ontbloot en minimaliseer.¹¹

1.2 Die interseksie: algemene beskrywing van die area van studie

Vanuit die ontmoeting van die verskillende stories soos bespreek, ontstaan die nuwe verhaal van hierdie studie. Die studie word bedryf vanuit 'n tweeledige hermeneutiese raamwerk. In die eerste plek word die Feminisme as uitgangspunt gebruik. Feminisme bepleit die belang van die individuele stem gesetel in 'n spesifieke sosiale konteks. Afrika-hermeneutiek vorm daarmee saam die tweede hermeneutiese been van hierdie studie. Die voorgestelde kommunale ruimte waarin individuele stemme tuishoort en tot hulle reg kom, word vanuit hierdie denkraamwerk gefundeer.

Die interseksie tussen die beklemtoning van die unieke waarde van individuele stemme soos vanuit die Feminisme, en die ruimte waarin diverse stemme tuishoort wat as fokus vir Afrika-hermeneutiek dien, lei tot die praktyk wat in hierdie studie beoefen word, naamlik interkulturele Bybellees. In die interkulturele Bybelleesproses ontmoet unieke individue vanuit diverse kulturele agtergronde en sosiale kontekste mekaar om die kultureel verwyderde Bybelteks. Die interkulturele moment van hierdie studie lê op twee vlakke:¹² Ten eerste ontmoet individue van diverse kulturele agtergronde mekaar, en ten tweede vind interaksie plaas met 'n kultureel-verwyderde Bybelteks.

Die interkulturele ruimte van ontmoeting wat in hierdie studie dien as die ruimte van ondersoek, stel uitdagings aan die bipolêre model (teks-leser) wat tradisioneel gebruik word om die hermeneutiese proses voor te stel. Rainer Kessler (2004:452-459) se multipolêre hermeneutiese model dien as alternatief vir die bogenoemde en bring die

¹¹ Hierdie tweeledige poging om die misbruik van mag te identifiseer en te minimaliseer word in besonder bedryf vanuit 'n Feministiese posisie. "Feminist liberation theologies challenge traditional Western understandings of power in two major ways: first, by a change of perspective from those who dominate and are in control, to those who are experiencing domination – more explicitly, by shifting the perspective from the point of view of oppressors to the perspective and comprehension of the oppressed; secondly by a redefinition of power from 'power over', domination and coercion, to a notion of power characterized by mutuality, reciprocity and 'power with': a redefinition of power from domination and coercion to 'co-powering' and cooperation" (Hamar 1996:10).

¹² Die dubbele interkulturele moment van hierdie studie word deeglik bespreek in Hoofstuk 3 aan die hand van Jonker (2007b:6).

diverse kulturele posisies van deelnemers aan die interkulturele gesprek in berekening. Interpretasie is volgens Kessler se model nie 'n privaat of persoonlike praktyk nie, maar vind plaas in die komplekse ruimte waarin kontekstueel verwyderde individue mekaar ontmoet en met mekaar in gesprek verkeer.¹³

Die model wat Kessler voorstel, word in hierdie studie toegepas waar groepe kultureel verwyderde vroue in gesprek gaan met mekaar oor hulle eie, unieke, konteks-gefundeerde interpretasies van die verhaal van Tamar soos dit neerslag vind in 2 Samuel 13:1-22. Die navorsingsvraag wat in Hoofstuk 4 (aanvang van empiriese studie) duidelik uiteengesit word, vra na die rol wat mag en ideologie speel in die interkulturele Bybellees-proses. Die konsep van interkulturele Bybellees soos dit neerslag vind in die model van Rainer Kessler, word dus in hierdie studie geïnterproblematiseer deur in die eerste plek te vra na die funksionering van die magsdinamika tussen die onderskeie deelnemers van die gesprek. Die tweede saak waarop dit aankom in die studie, val in die ideologiese kader. Die vraag is of die individuele deelnemer aan die gesprek se ideologiese selfverstaan uitgedaag of verander word wanneer hy/sy gekonfronteer word deur die kultuur-verwyderde Bybelteks en ander individue wat vanuit diverse kultuur-ideologiese verwysingsraamwerke die gesprek betree.

Ten einde die navorsingsvraag van die studie in detail te ontwikkel, is dit nou nodig om 'n aantal konseptuele sake uit te klaar. Aangesien 2 Samuel 13:1-22 in die sentrum staan van die interkulturele gesprek wat in hierdie studie ondersoek word, is 'n in-

¹³ Hierdie studie onderskryf die standpunt dat die sosiale konteks van die interpreteerder 'n besondere invloed het op die interpretasie van Bybeltekste. Hierdie standpunt word deur beide van die komponente van die hermeneutiese raamwerk wat hierdie studie onderlê, gehuldig. Feministiese denkers meen in die verband: "it is to recognize that if experience is to be the cornerstone of our feminist theologizing and feminist research then the specificity and location of experience has to be taken into consideration. In what is now popularly know as the 'third wave of feminism,' experience is more than ever being taken seriously and women from the Two-Thirds World are beginning to make their voice heard whether through post-colonial discourse, cultural hermeneutics or Marxist-feminist critique" (Phiri & Nadar 2006:8). Ukpong (2001a:11) onderskryf ook hierdie uitgangspunt as hy oor Afrika hermeneutiek die volgende sê: "(B)iblical scholars in Africa have been able to develop a parallel method of their own. The particular characteristic of this method is the concern to create an encounter between the biblical text and the African context. This involves a variety of ways that link the biblical text to the African context such that the main focus of interpretation is on the communities that receive the text rather than on those that produce it or on the text itself, as with Western methods."

diepte eksegetiese studie van die teks noodsaaklik. 2 Samuel 13:1-22 is 'n narratiewe teks wat ontstaan het in 'n bepaalde sosiale konteks en wat in die studie gelees word deur lesers ingebed in hulle eiesoortige sosiale kontekste. Hierdie uitgangspunte van interkulturele Bybelinterpretasie bepaal die multidimensionele aard van die eksegetiese strategie. Die narratiewe aard van die teks impliseer 'n in-diepte beskouing of "close reading" van die teks. Die ideologiese dimensie van die teks word in berekening gebring deur ten eerste 'n retories-kritiese analise van die teks te doen. Daarnaas word die posisie van die leser, wat vanuit beide die Feminisme en Afrika hermeneutiek as sentraal beskou word, vanuit 'n leser-sensitiewe benadering verken. Die kombinasie van hierdie drie eksegetiese benaderings ("close reading", retories-kritiese analise en 'n leserrespons benadering) vorm die multidimensionele strategie van hierdie studie. Die neerslag van die eksegetiese studie is in Hoofstuk 3 vervat. Die verhaal van Tamar soos dit as narratief neerslag gevind het in 2 Samuel 13, vorm die gespreksdokument waarom interkulturele gesprek in hierdie studie ingerig word.

In 'n poging om die empiriese komponent van die studie te ontwikkel, moet drie sentrale konsepte ontgin en omskryf word. Ten eerste impliseer die interkulturele aard van die studie 'n duidelike, werkbare kultuurdefinisie. Die dinamies-dialogiese kultuurdefinisie van Geert Hofstede word in die studie aangewend. Hofstede ontwikkel sy teorie na gelang van vyf dieptedimensies van kultuur wat in kontinuum by alle kultuurgroeperinge waarneembaar is. Kultuur is volgens Hofstede dus nie 'n konstante of statiese konstruksie, maar eerder 'n dialogiese profiel wat dinamies van aard is. Hofstede se kultuurdefinisie en die implikasies vir die studie word uiteengesit in Hoofstuk 4.

Twee verdere konsepte moet omskryf word, naamlik ideologie en mag. Ideologie word in die studie hanteer met verwysing na die definisie van Thomson wat dit soos volg omskryf: "(T)o study ideology is to study the ways in which meaning (signification) serves to sustain relations of domination" (1984:131). Ideologie ontspring vanuit 'n bepaalde kulturele raamwerk en vind neerslag in simboliese vorme met 'n bepaalde magsuitvloei. Die studie van ideologie impliseer dus die studie van die woorde wat gebruik word om betekenis uit te druk in 'n spesifieke sosiale konteks. Die verbandhoudende konsep wat ontgin moet word, is mag. Die analise van die magsdinamika wat funksioneer in die interkulturele gesprek, word gedoen aan die hand van Foucault se magsteorie. Foucault meen dat mag relasioneel is en strategies

funksioneer binne 'n spesifieke sosiale konteks. Beide Thomson en Foucault se teorieë word breedvoerig in Hoofstuk 4 uiteengesit.

Die uitgangspunte van die hermeneutiese raamwerk van die studie (Feminisme en Afrika-hermeneutiek) word dus aangevul vanuit die drie teorieë van Hofstede (oor kultuur), Thomson (oor ideologie) en Foucault (oor mag). Hierdie teoretiese aspekte dien dan ook as agtergrond vir die empiriese navorsingsontwerp wat breedvoerig in Hoofstuk 5 van hierdie studie bespreek word en die resultate van die analise wat in Hoofstuk 6 van die studie aangebied word.

Na afloop van 'n kwalitatiewe analise van die data word die gevolgtrekkings van die studie ten slotte in Hoofstuk 7 bespreek.

1.3 Doel en oogmerke van die studie

Die primêre doel van hierdie studie is om mag en ideologie te analiseer soos dit neerslag vind in die interkulturele Bybelleesproses.

Ten einde hierdie doelwit te bereik, word 'n aantal oogmerke in die studie nagestreef:

- Ten eerste moet die konsep van interkulturele Bybellees - soos dit ontwikkel vanuit die saamgestelde ideologiese raamwerk van Feminisme en Afrika-hermeneutiek - geïnterpreteer word. Dit word gedoen deur teoreties te besin oor die rol wat mag en ideologie in die interkulturele Bybelleesproses speel.
- 2 Samuel 13:1-22 wat as basis gespreksdokument dien in die interkulturele Bybelleesproses, moet tweedens 'n multidimensionele proses van eksegetiese ondergaan en belangrike tendense van interpretasie moet uitgelig word.
- Ten derde moet interkulturele gespreksgroepe saamgestel word wat uit individue bestaan wat kultureel van mekaar verwyder is en deur wie die verhaal van Tamar gelees kan word. Die oogmerk is dus om die teoretiese konsep van interkulturele Bybellees prakties toe te pas.
- 'n Navorsingsontwerp moet vierdens saamgestel word ten einde optimale kwalitatiewe data vanuit die empiriese navorsingsproses te ontgin. Navorsings-inwinnings- en analise-instrumente moet ontwikkel word ten einde die data te bekom en te verwerk.

- Die navorsingsresultate moet op so 'n manier hanteer word dat dit 'n bydrae maak tot relevante akademiese gesprek, maar ook sodat gewone Bybellesers en Bybelstudiegroepe daarby baat kan vind.

1.4 Oorsigtelike beskouing van die proefskrif-indeling

Die argument word in die proefskrif hanteer in vier hoofafdelings: Afdeling A bespreek die hermeneutiese vertrekpunte van die studie, in Afdeling B word die eksegetiese studie hanteer, in Afdeling C word die empiriese studie uiteengesit en ten slotte word die gevolgtrekkings in Afdeling D bespreek.

Oorsigtelik sien die hoofstukke soos volg daaruit:

Afdeling A

Hoofstuk 2: Die hermeneutiese raamwerk wat die studie ten grondslag lê, word verduidelik aan die hand van 'n bespreking van Feminisme en Afrika-hermeneutiek. Interkulturele Bybelles word aangedui as 'n ruimte waarin die uitdagings van hierdie twee raamwerke mekaar ontmoet.

Afdeling B

Hoofstuk 3: Die hoofstuk omskryf die multidimensionele eksegetiese raamwerk wat met die oog op die interpretasie van 2 Samuel 13:1-22 toegepas word. 'n In-diepte lesing van die teks word gedoen, sowel as ideologies(retories)-kritiese en leser-sensitiewe analises. Ten slotte word in die hoofstuk verwys na die interpretasiegeskiedenis van die teks vanuit 'n dominant Westerse perspektief asook vanuit die Feminisme en 'n Afrika-hermeneutiese konteks. Denise Ackermann se merkwaardige lesing van hoop word as kreatiewe alternatief aan die einde van die hoofstuk bespreek.

Afdeling C

Hoofstuk 4: Drie sleutel hermeneutiese konsepte word bespreek as onderbou vir die ontwikkeling van die navorsingsontwerp. Kultuur word gedefinieer aan die hand van die kultuurteorie soos ontwikkel deur Hofstede. Ideologie word bespreek na gelang van Thomson se nadenke en mag word omskryf met behulp van Foucault se magsteorie. Vanuit die problematisering van die interkulturele gespreksmodel ontwikkel die primêre probleemstelling aan die einde van Hoofstuk 4.

Hoofstuk 5: Die kwalitatiewe navorsingsontwerp met die oog op die empiriese studie van die funksionering van mag en ideologie in die interkulturele Bybellees-proses, word in dié hoofstuk uiteengesit. Die ontwikkeling van die instrumente waarmee die data ingewin en geanaliseer word, vind in hierdie hoofstuk plaas.

Hoofstuk 6: Die resultate soos ingewin in die empiriese studie word geanaliseer en bespreek met behulp van die kwalitatiewe data-instrument soos ontwikkel vanuit Hofstede se kultuurteorie en in die toepassing van 'n in-diepte gespreksanalise.

Afdeling D

Hoofstuk 7: Die gevolgtrekking van die studie bring al die diverse besprekings soos dit in die argument hanteer is, bymekaar en poog om 'n sinvolle interpretasie te bied van hoe mag en ideologie funksioneer in die interkulturele Bybelleesproses. Die uitdagings en moontlikhede vir verdere studie word kortliks daar aangedui.

AFDELING A

Hoofstuk 2

Hermeneutiese vertrekpunte

2.1 Inleiding

Ek onderneem hierdie studie met 'n saamgestelde metodologiese raamwerk wat gemotiveer word vanuit die Feminisme en Afrika-hermeneutiek. My keuse van 'n hermeneutiese raamwerk is op geen manier toevallig nie. My keuse word tot 'n groot mate beïnvloed deur my eie konteks en persoon. Ek is 'n wit vrou in Afrika wat akademies my navorsingsveld in die Bybelwetenskappe vind. Hoewel hierdie enkelwoord-beskrywings van my persoon op die oog af redelik eenvoudig mag vertoon, hou dit tog reeds gevaartekens vir hierdie akademiese projek in. As Dube (2000:112) praat oor die lot van vroue in die twee-derde wêreld,¹⁴ maak sy die volgende opmerking: “This conflicting position, sometimes termed ‘double colonization’ (meaning they are oppressed by two structural systems: imperialism and patriarchy) has changed the face of feminism and is still far from being resolved.”

As 'n vrou in Afrika is bogenoemde dus op 'n sekere vlak ook waar van my eie realiteit, naamlik dat ek die gelyktydige slagoffer van patriargale en koloniale sisteme is. Tog vertel die aanhaling nie my volle verhaal nie. Desondanks die feit dat ek 'n vrou in Afrika is, het ek tog die geleentheid gehad om te studeer aan 'n universiteit wat volgens Westerse modelle van kennisontginning ingerig is. In hierdie aspek van my persoon lê, myns insiens, die grootste uitdaging van hierdie akademiese projek opgesluit, naamlik om nie namens vroue in Afrika te praat nie (soos wat so dikwels die geval al was met Westerse akademici), maar om met vroue in Afrika in gesprek te tree. Akademici uit die twee-derde wêreld waarsku teen die gevaar om namens mense te praat.¹⁵

¹⁴ Ek kies doelbewus vir die term twee-derde wêreld in teenstelling met die meer algemeen gebruikte Derdewêreld. Phiri & Nadar (2006:8) omskryf die rede vir my keuse sinvol as hulle meen: “ ‘Third World’ is a contested term, particularly to those who originate from the Global South. We therefore take issue with the way in which the term is used to denigrate the African continent and thereby make the First World the norm and standard by which the rest of the world is judged.”

¹⁵ Mohanty (1991:71) meen dat as daar oor vroue in die twee-derde wêreld gepraat word asof hulle 'n homogene groep is, styg hulle nooit bo die objekstatus uit nie. “Feminist discourse on the third world

Die uitdaging en die oogmerk van die studie is dus om nie vanuit Westerse akademiese hoë grond oor mense te praat nie, maar om eerder 'n geleentheid te skep waar vrye gesprek kan plaasvind. Dube (2000:116) beskryf hierdie oproep tot die skep van nuwe kreatiewe interpretasieruimtes as volg: Post-koloniale Feminisme “must always insist on new spaces for cultivating new contextual and international reading-writings, which are both decolonising and depatriarchalizing. As used here, new spaces, therefore, define new frameworks of imagining reality and building social, economic and political structures that do not espouse patriarchal and imperial forms of relationships, or any form of oppression. Such new spaces demand the courage to constantly plant new seeds of critical assessment of social structures and build relationships of liberating interdependence. The vibrancy of such spaces will require embarking on a deliberate agenda of monitoring and resisting all forms of oppression.”

Ten einde Dube se oproep tot nuwe kontekstuele interpretasieruimtes gestand te doen, word die kommunale interkulturele gespreksruimte wat ontstaan rondom die Bybel in hierdie studie ondersoek. Hierdie ruimte bied teoreties 'n spasie waarin die eiesoortige konteksuele stem van die individu waarlik gehoor kan word. Die interkulturele gespreksruimte word teoreties begrond vanuit die Feminisme aan die een kant en vanuit Afrika-hermeneutiese oorwegings aan die ander kant.

2.2 Feminisme

Die Feminisme bepleit 'n omgewing waarbinne die stem van die vrou onafhanklik, in eie reg, gehoor moet word. Die fokus van die Feminisme as beweging is egter nie net om die stem van die vrou te laat hoor nie, maar dit gaan juis oor die 'ander', dié wat voorheen stil gemaak is. Dit sluit mans en vroue van regoor die spektrum in wat nog nooit die geleentheid gehad het om die gesprek te betree nie. Hierdie stilgemaaktes is

which assumes a homogeneous category - or group - called women, necessarily operates through the setting up of ordinary power divisions. What happens when this assumption of 'women as an oppressed group' is situated in the context of Western feminist writing about third world women? It is here that I locate the colonialist move. By contrasting the representation of women in the third world with what I referred to earlier as Western feminism self-presentation in the same context, we see how Western feminists alone become the true 'subjects' of this counter history. Third world women, on the other hand, never rise above the debilitating generality of their 'object' status”.

die skadufigure van meningsisteme en -gesprekke. Vir die doeleindes van hierdie studie fokus ek veral op dié wat geen seggenskap het of gehad het in die hermeneutiese proses aangaande Bybelse tekste nie.

Die feministiese teologie as onderafdeling van die feministiese stroming behels die positiewe strewe vir die bevryding van mense en val dus in die fokusveld van bevrydingsteologie. Schüssler-Fiorenza (1986:4) meen dat die feministiese, kritiese hermeneutiek (d.w.s. die strewe om op 'n bevrydende wyse met die Bybel om te gaan) nie net gerig is op die herstel van die vrou in die geskiedenis nie, maar eerder om die hele gesig van die geskiedenis te transformeer.

Dit sou egter ondeurdag wees om die beginsels van Feminisme toe te pas sonder om in die eerste plek ag te slaan op die geskiedenis van die feministiese beweging, asook om daarmee saam die betekenis van die term te dekonstrueer.¹⁶ Die rede vir hierdie noodsaaklike dekonstruksie is die hoeveelheid inherente bagasie¹⁷ wat enige term impliseer.

¹⁶ Terme noodsaak dekonstruksie as gevolg van die komplekse funksionering van taal. Taal het nie net die funksie van die verklaring van realiteit nie, maar konstrueer ook juis daardie realiteit. 'n Mens kan nie realiteit ken los van ons intellektuele konstruksies daarvan nie. Hierdie konstruksies word uitgedruk in taal en metafoor. Ackermann (1993b:19) bevestig die komplekse aard van die gebruik van taal in die skep van betekenis as sy sê: "The more language and its use are examined, the more apparent it becomes that making meaning through language is no simple task. The fact that meaning is made in a certain way has profound implications for how we see the world." Halkes (1984:11) merk in dié verband op dat ook Feminisme nie hierdie uitdaging vryspring nie: "Hoewel de term 'feministiese teologie' vrij algemeen bekend is geworden en ook door de bestaande theologische wereld word gebruikt, roept ze nog steeds bij velen weerstand op en by anderen misverstand."

¹⁷ Die term Feminisme roep dikwels 'n bepaalde militante beeld op. Hierdie persepsie het ontstaan tydens die opbloeydperk wat Feminisme beleef het in die 1960's as deel van die Amerikaanse Civil Rights-beweging. Ackermann (1993b:24) meen dat die verwerping van Feminisme op grond van bogenoemde wanopvattinge gebaseer kan word op "a combination of ignorance and fear of the unknown." Die rykdom van die feministiese beweging, maar ook die diepte van feministiese teologie gaan met hierdie beperkte fokus verlore.

2.2.1 Feminisme gedefinieer en omskryf¹⁸

Ruether (2002:3) omskryf Feminisme as “a critical stance that challenges the patriarchal gender paradigm that associates males with human characteristics defined as superior and dominant and females with those defined as inferior and auxiliary”. Ackermann (1993b:24) definieer die term as: “The commitment to the praxis of liberation for women from all that oppresses us. Feminism does not benefit any specific group, race or class of women; neither does it promote privilege for women over men. It is about a different consciousness, a radically transformed perspective which questions our social, cultural, political and religious traditions and calls for structural change in all these spheres.” Hooks (1984:31) sluit hierby aan deur veral te let op die strukture wat vroue domineer in haar omskrywing van die Feminisme as “a movement to end sexist oppression which directs our attention to systems of domination and the inter-relatedness of sex, race and class oppression.” Die Feminisme word hier samevattend gesien as ‘n toegewydheid aan die stryd van vroue teen enige vorm van onderdrukking.¹⁹

Hierdie stryd sluit die persoonlike en die publieke aard van onderdrukking in aangesien die beweging glo dat hierdie twee dimensies onlosmaaklik aan mekaar verbind is. Die Feminisme is dus nie net gerig op die emansipasie van die vrou in die publiek-sistemiese sin van die woord nie, maar is in besonder ook gefokus op die persoonlike leefwêreld en omstandighede van die vrou. Die feministiese teologie

¹⁸ In die omskrywing van die term waarsku Ackermann (2006 :225): “The term ‘feminist theology’ is contestable. There is no one feminist theology. Generally speaking, however, feminist theologies take a special interest in the lives of women, their stories, their hopes, their beliefs, and their experiences of oppression and liberation.” Schüssler-Fiorenza (1999:150) meen egter dat Feminisme ‘n bepaalde algemeen aanvaarde ideologiese uitgangspunt uitdaag: “The modern ideology of the two-gender system that counts as commonsense knowledge reduces the manifold differences between humans to a naturally given, metaphysically determined, or divinely ordained essential difference.”

¹⁹ Ackermann (2006:226) omskryf die stryd teen onderdrukking as volg: “Feminist theology in my context takes all women’s experiences of oppression and discrimination very seriously, and it extends its concern to include all people who find themselves on the margins of our society and who know the violating effects of discrimination, either on grounds of gender, race, class, ability, sexual orientation, disease or whatever, by remaining continually vigilant about the nature of the interlocking of systems of domination and contribute to such oppression.”

“takes feminist critique and reconstruction of gender paradigms into the theological realm” (Ruether 2002:4).

Feministies-teoretiese nadenke het ‘n kontekstuele uitvloeisel: “A feminist theology of praxis begins with the critical analysis of a given contexts and a particular focus on how gender roles are understood and lived out. It then seeks to engage contextual situations with liberating and transformative praxis in order to encourage human flourishing, undergirded by the belief that such theology is done in service of furthering God’s reign on earth” (Ackermann 2006:227).

Die hoofuitgangspunte van die feministiese teologie as hermeneutiese instrument word deur Oduyoye (1986:121) goed saamgevat wanneer sy aandui: “Feminism has become the shorthand for the proclamation that women’s experiences should become an integral part of what goes into the definition of being a human. It highlights the woman’s world and her worldview as she struggles side by side with the man to realise her full potential as a human being... Feminism then emphasises the wholeness of the community as made up of male and female beings. It seeks to express what is not so obvious, that is that male-humanity is a part with female-humanity, and that both expressions of humanity are needed to shape a balanced community within which each will experience a fullness of Being. Feminism calls for the incorporation of the woman into the community of interpretation of what it means to be human.”

Alhoewel daar geen amptelike lys eienskappe van 'n feministiese invalshoek bestaan nie, kan die volgende wel as riglyne dien in die omskrywing van ‘n feministiese hermeneutiek:

- Die hoofuitgangspunt is dat vroue waarlik volkome menslik is en so benader moet word.
- Uit hierdie waardering vir die volkome menslikheid van vroue vloei die absolute fundamentele beginsel, naamlik die belang van vroulike ervaring: “The uniqueness of feminist theology lies not in its use of the criterion of experience but rather in its use of women’s experience, which has been almost entirely shut out of theological reflection in the past” (Ruether 1983:13).
- Vanuit die sleutelbegrip van vroue se volwaardige mensheid en reg tot eiesoortige ervaring groei twee verbandhoudende beginsels: “Firstly, the principle of equality

(women and men are fully equal and should be treated as such) and secondly, the principle of mutuality (humans are viewed as embodied subjects, essentially related and essentially free)” (Farley 1985:45). Die tweede beginsel beklemtoon dus die konsep van vryheid in gebondenheid.²⁰ “Only with a principle of mutuality can human persons truly be affirmed as embodied subjects; as beings whose value lies not only in their freedom, but also in their capacity to know and be known, to love and be loved; as beings whose destiny is communion” (Farley 1985:47).

Die bogenoemde uitgangspunte moet verstaan word binne die historiese ontwikkeling van die feministiese beweging.

2.2.2 Historiese raamwerk

Die teologiese nadenke wat vanuit bogenoemde beginsels groei, het egter ook sosiale en kulturele konsekwensies aangesien ‘n hele sosiale denkptraon wat as norm beskou word, hiermee bevraagteken word. Alhoewel die bevraagtekening van die norm in die geskiedenis die duidelikste sigbaar is in die milieu van verandering van die 1960’s, ontstaan die beweging nie asof vanuit die niet nie. Reeds sover terug as die Middeleeue is daar getuigenis van teologiese besinning wat ‘n positiewer rol aan die vrou verleen. Ten einde ‘n meer toereikende begrip van die feministiese beweging daar te stel, bied ek nou ‘n bondige historiese oorsig van die beweging. In die historiese oorsig gee ek in die eerste plek aandag aan die ontwikkeling van die beweging in die VSA, waarna ek die aandag vestig op die ontwikkeling en oogmerke van die beweging in Afrika.

Soos reeds genoem, kan die opbloeydperk van die moderne feministiese beweging ten nouste in verband gebring word met die Human Rights Movement in Amerika. Hierdie ontwaking vloei voort uit ‘n bepaalde historiese ontwikkeling.

2.2.2.1 Voorgeskiedenis

Vroue soos Hildegard von Bingen en Julia van Norwich word as Middeleeuse feministiese denkers beskou: “One finds in their writing affirmations of positive

²⁰ Ackermann (2006:233) beklemtoon die belang van verhouding: “There is no more central concept in feminist theology than relationship. It is found at the heart of feminist theologies, feminist ethics and feminist theory.”

female symbols, particularly drawing on the Wisdom imagery of God, and women's spiritual equality of soul in redemption" (Ruether 2002:5).

Ten tye van die Reformasie is daar tekens van Protestantse kritiek teen die Middeleeuse kerk ten opsigte van geslagsrolle. Agrippa von Nettesheim verklaar op heel merkwaardige wyse dat "the subjugated state of women is not based on either their natural inferiority or the will of God, but is simply due to male tyranny and the will to power over women" (Ruether 2002:5). Engeland beweeg in die 17de eeu nader aan die uitdrukking van feministiese waardes vanuit twee verskillende sosiale kontekste: eerstens vanuit 'n radikale apokaliptiese Christelike stroming en tweedens vanuit die Humanisme. Hoewel Liberalisme en Sosialisme beskou kan word as konsepte met onderdrukkende bagasie, word dit tog deur sekere vroue gebruik om geslagsrolnorme uit te daag.

2.2.2.2 Eerste feministiese stroming in die VSA

In die middel van die 19de eeu word hierdie enkele vroeë stemme verenig tot 'n georganiseerde beweging wat amptelik vir vroueregte begin veg. In die VSA hang die ontstaan van die beweging histories saam met die beweging vir die afskaffing van slawerny: "In this context, one finds some of the first systematic efforts to challenge the sexist paradigms of Christian theology that upheld the ideology of male domination" (Ruether 2002:6). Mense soos Elizabeth Cady Stanton, die skrywer van *The Women's Bible*, en Sarah Grimke, vertoon prominent in dié tyd: "Stanton takes a more radical view of the Scriptures, seeing them not simply as misread by later sexist theology, but as themselves a product of sexism" (Ruether 2002:6). Hierdie eerste golf van die feministiese beweging in Amerika in die 1840's tot en met die 1920's lei tot die gedeeltelike emansipasie van vroue. Soortgelyke bewegings ontstaan in Europa gedurende hierdie periode. Tog hou die beweging nie momentum nie en word dit tot 'n groot mate verdwerg in die lig van geslagsrol-verdeling in die arbeidsmark.

2.2.2.3 Feminisme vanaf die 1960's in die VSA

In die 1960's in die VSA, in ooreenstemming met twee ander ontwikkelings, ontstaan 'n meer omvangryke en georganiseerde feministiese beweging en dienooreenkomstig 'n gestruktureerde feministiese teologie: "First, the civil rights and anti-war movements brought a wide-ranging critique of racial, class and militarist patterns that

defined American society. Initially these movements ignored gender and re-enforced male dominance on the Left. Feminism emerged from two sources: liberal white women in education, government, and professions seeking fuller inclusion of women in these institutions; and women of the Left stung by the sexist chauvinism of leftist men. This second group of women shaped a radical feminism that envisioned transformed social and sexual relations, including heterosexual dominance” (Ruether 2002:7).

Die feministiese teologie ontvang ook ‘n verdere hupstoot deur die werk van vroue wat in liberale Protestantse strominge toegang kry tot tersiêre opleiding. Teen die 1970’s word vroue toegelaat tot die bediening, wat die aantal vroulike teologiese studente aansienlik vergroot. Alhoewel bogenoemde bewegings die ontwikkelings in die Protestantse vroulike teologie help verklaar, bied dit nie ‘n verduideliking vir die opbloeï in Katolieke kringe en die oplewering van bekende teoloë soos Mary Daly, Rosemary Ruether en Elizabeth Schüssler-Fiorenza nie. Hierdie sy van die beweging se groei is te danke aan die Tweede Vatikaanse Konsilie en die opname van feministiese kritiek deur progressiewe Katolieke nonne en vroulike denkers. Vanuit die ontnugtering van Katolieke vroue oor die proses van ordinasië in die kerk wat nog heeltemal oorheers is deur ‘n patriargale hiërargiese sisteem, ontstaan in 1982 die ‘Woman’s church’-beweging. Hierdie beweging spoel vinnig oor tot in Protestantse kringe weens die grootliks onveranderde omstandighede wat geordende vroue in die Kerk aantref.

Teen die laat sewentigerjare en vroeë tagtigerjare was daar al genoeg vroulike teoloë in akademiese instellings dat dit moontlik was vir vroue om hulle werk volgens ‘n feministiese paradigma te bedryf en was dit nie meer nodig om telkens weer die kaders van die denkraamwerk te herontdek nie.

Kritiek aangaande die wit middelklas-profiel van die Feminisme is egter as volg verwoord: “The women’s movement and feminist perspectives in the United States have been associated primarily with white women, though this is not because many women of colour have not identified with the basic issues or even stated goals of parts of the movement, but rather because many of the more visible organizations and leaders identified as feminist have been white” (Russo 1991:298). Daar het vanuit verskillende kulturele en sosiaal-maatskaplike kaders nuwe strominge ontwikkel wat ‘n eiesoortige bydrae maak tot die omvangryke tapytwerk van die feministiese

teologie. Rassisme binne die feministiese beweging was steeds 'n netelige kwessie en seker een van die beweging se grootste uitdagings. Tog is daar 'n groter gewilligheid tot integrasie wat sigbaar word in gedagtes soos: "We must be more open to the experiences, histories, cultures and alliances of women different from ourselves, recognizing how these differences have many times been to our advantage. And most important, we must be willing to work with women of colour as peers, which means we must give up sole power and control of feminist organizations, political agendas and theoretical perspectives" (Russo 1991:311).

In die lig van die fokus van Feminisme op 'n groter openheid, ontwikkel 'n verskeidenheid van ryk perspektiewe wat nuwe aksente tot die teologiese gesprek kan bydra. Onder hierdie bydraes kan onder meer die volgende strominge geïdentifiseer word: Feministe vanuit die evangeliese tradisie lewer 'n kritiese bydrae by wyse van die diepgaande oortuiging dat die Bybelteks die inherente potensiaal het wat die emansipasie van vroue moontlik maak: "American feminist theology was also diversifying as African American, Hispanic, and Asian women entered theological schools" (Ruether 2002:10). Nie net verskillende kultuurgroepe nie, maar ook ander geloofsoriëntasies dra by tot die uitbreiding van hierdie perspektief. Judith Plaskow vanuit die Joodse tradisie is maar slegs een voorbeeld hiervan. Dienooreenkomstig is die volle spektrum van teologiese studies langamerhand blootgestel aan feministiese kritiek wat die omvang van die beweging verder help ontwikkel het. In ooreenstemming met van die breë trekke wat hierbo genoem is vanuit die Amerikaanse konteks, ontwikkel in Europa en ander vastelande ook strominge van die beweging, elkeen met eie perspektiewe en fokuspunte. Hierdie merkwaardige diverse aard van die beweging ontspring dan ook juis uit een van die grondliggende beginsels van Feminisme, naamlik 'women's experience'. Reeds in die ontstaan en ontwikkeling van dié denkrigting kan gesien word dat 'n besondere premie geplaas word op die belang van diverse ervaring en die betrokkenheid by teologiese nadenke juis vanuit daardie eiesoortige ervaring. "Women around the globe, however, have come to realize that women's experiences are extremely diverse... The diversity of women's experience has therefore occasioned the rise of several feminist theologies as women around the globe wrestle with the often peculiar ways in which sexism impacts them in their particular social, political and historical locations" (Hinga 2002:79).

Vanuit die voorafgaande is dit duidelik dat die feministiese beweging oorspoel na ander kontekste en leefwêrelde. In die lig van dié studiefokus vermoed ek dat 'n diepgaande beskouing van die neerslag van Feminisme in Afrika van besondere belang is. Ek gaan dus voorts kyk na die ontstaan en ontwikkeling van Feminisme in Afrika.

2.2.3 Feminisme in Afrika

Feministiese teologie in Afrika ontwikkel op unieke wyse as gevolg van besondere kontekstuele uitdagings. Die beweging ontvang groot stukrag met die stigting van 'The Circle of Concerned African Women Theologians.' Mercy Oduyoye roep vroue op om hulle regmatige plek in Teologie in te neem en sodoende 'n tweede vlerk²¹ tot Afrika-teologie te verleen. Sy beweer in 1989 by die aanvangsbyeenkoms van die Kring vir Afrika-vroue in Ghana dat Teologie in Afrika vir te lank alleenlik deur mans bedryf is. Hierdie situasie roep by haar die beeld op van 'n voël met net een vlerk. Sy moedig derhalwe vroue aan tot 'n twee vlerk-teologie.²²

Nadar en Phiri identifiseer sewe sleuteleienskappe²³ van teologie soos bedryf deur vroue in Afrika.²⁴

²¹ Oduyoye meen elders oor die herstel van manlik/vroulike verhoudings die volgende: "Once there lived on earth Half and Half, each of them only half a human being. They spent all their time quarrelling and fighting, disturbing the rest of the village and trampling upon the crops...So one day God came down, brought Half and Half together and a whole human being appeared. This fable, rich with imagery of the desirability of unity and peace, is my image of what is happening to male/female relationships in our world." (Oduyoye 1994:23).

²² Oduyoye se uitdaging tot vroulike Afrika akademici sien soos volg daaruit: "In summarizing the central concern of women at this time, Oduyoye lamented that for many years African women had been treated as if they were dead. They had been discussed, analyzed, and spoken about and on behalf of by men and outsiders as if they were not subjects capable of self-naming and analysis of their own experiences. In their response to this state of affairs, and taking their cue from the story of Jairus's daughter in Mark 5:41, in which Jesus summons her to arise from her apparent death, the African women appropriated Jesus' summons as their own and vowed indeed to arise and make their contribution as moral agents in the analysis of their condition and to seek viable solutions to issues of concern to them both as Africans and as women" (Hinga 2002:80).

²³ Schüssler-Fiorenza (1993:80) meen in haar tipering van teologie wat deur vroue in Afrika bedryf word, dat dit die volgende vier eienskappe openbaar: (i) Dit is inklusief; (ii) Dit is gefokus op mense in hulle omstandighede, veral die ervaring van vroue binne 'n bepaalde konteks; (iii) Dit sluit mans en vroue in wat veg teen ongeregtigheid; (iv) Dit streef na 'n styl van dialoog soos Christus gehad het.

- Ten eerste is dit belangrik om te besef dat teologie vanuit ‘n spesifieke kultuurkonteks gedryf word.²⁵ “One of the primary defining features of African women’s theologies is its focus on culture as a source of theology. Such focus is of course in continuity with African male theologians who also focus on culture as a way of redeeming African identity and culture which has often been demonised by an aggressive Christian missionary agenda to evangelise Africa” (Phiri & Nadar 2006:11).²⁶
- Ten tweede is teologiese nadenke wat deur vroue in Afrika gedryf word, narratief van aard.²⁷
- Die derde fokus is op die transformasie van die gemeenskap.²⁸

²⁴ Phiri en Nadar (2006:4) verwys na die opkoms van ‘n vroulike Afrika-teologie in die lig van die tekortkominge van tradisioneel Westerse feministiese verwysingsraamwerke: “African women theologians, like their African-American counterparts, recognize the need for race and class to be an integral part of the discourse surrounding gender, rather than as marginal or adjunct discourses. The key issue, of course, is that, like our feminist and womanist sisters, our work is framed by ideology and concern for the liberation of women, and yet we struggle to find ways in which to name what we do. We do not want to be called feminist, because of its seeming neglect of race and class; neither do we want to be called womanist because, as some have argued, the experiences of African-American woman are different from those of African women. African women theologians, however, realize the need to be in constant dialogue with liberative theologies being done by women.”

²⁵ Soos reeds in die inleidende hoofstuk bespreek, word konteks multidimensioneel verstaan. Die uitgangspunt van teologie, soos bedryf deur vroue in Afrika, is egter die interaksie tussen die Bybelteks en die konteks van vroue: “The issue of ‘reading-from this place’ deals with the relationship between the biblical text and the social location of the interpreter” (Okure 1995:52). De Villiers (1993:21) meen voorts dat die kontekstuele aard van teologiese nadenke menswaardigheid bevorder. “To be able to articulate the Gospel in one’s own context is more than a theological activity. It is a powerful act in which the powerless ones are empowered to think, speak and act for themselves, freed from enslavement and domination. It is in the end a restoration of human dignity.”

²⁶ In die praktyk van inkulturasie-hermeneutiek is die ervaring van mans egter as die norm of standaard beskou. Vroue in Afrika moes dus hulle eie stem in die Afrika-kulturele raamwerk vind. “By so doing feminist cultural hermeneutics has sought to face the challenge of struggling with one’s own culture, while fencing off those waiting to use our culture to under-rate us. Cultural hermeneutics seeks a critique from within and not an imposition from without” (Phiri & Nadar 2006:11).

²⁷ Ackermann (2001:19) onderskryf hierdie uitgangspunt wanneer sy sê: “We all have stories to tell. As our stories intersect, they change. We become part of one another’s stories. In this process, we are all changed. Hearing and telling stories begins a process of openness, vulnerability and mutual engagement which challenges stigmas, ostracization and the loneliness of suffering and hopefully leads to acts of engagement, affirmation and care.”

- Ten vierde is vroulike teologie in Afrika ‘n kommunale teologie: “The inclusivity of the community is also included not just in feminist theological discourses, but also in biblical scholarship which includes non scholars in their hermeneutics as well” (Phiri & Nadar 2006:16).
- Ten vyfde is die Bybel ‘n sentrale bron vir hierdie tipe teologiese nadenke en word die verhouding tussen die Bybel en Afrika-kultuur dialogies voorgestel.
- Die sesde eienskap van teologie soos bedryf deur vroue in Afrika, is verbandhoudend aan die fokus van bevrydingsteologie, aangesien nie net geslag as moontlike rede vir onderdrukking beskou word nie, maar ook ras en klas.
- Ten slotte is ‘n vroulike Afrika-teologie multi-dissiplinêr en sluit dit bydraes van verskillende geloofsagtergronde in.

‘n Belangrike hermeneutiese instrument wat ontwikkel word ten einde te voldoen aan die besondere eise van die twee-derde wêreldkonteks, vind neerslag in die post-koloniale feministiese kritiek.²⁹ Met hierdie benadering word die onderdrukkende faktore van geslag, ras en klas in berekening gebring. Oor hierdie benadering skryf Dube (2000:16-23) “Postcolonialism is not about dwelling on the crimes of the past and their continuation, but about seeking transformation for liberation. My goal, however, is to take both imperialism and patriarchy seriously.” Wat dié benadering egter besonder relevant maak vir hierdie studie, is die kritiek wat gerig word teenoor die Bybel as instrument van kolonisasie en onderdrukking. “My voice speaks with and adds to the Two-Thirds World postcolonial and feminist liberation movements. I thus build on two of their insights: First, that the Bible is the most influential book in the West and it is also patriarchal. Second, that modern Western imperialism was affected not only through military powers but also through the use of an ideology of Western

²⁸ Hierdie uitgangspunt geld ook vir die manier waarop met die Bybel omgegaan word in ‘n vroulike Afrika-teologie soos deur Nadar (2009:145) geïllustreer word: “I would argue that if our reading and interpretation does not lead to the transformation of our lives, then there is no point to the practice of reading for spiritual discipline, or the art of interpretation for scholarship.”

²⁹ Dube (2000:115) omskryf die omvangryke taak van post-koloniale kritiek as volg: “In their practice of reading and writing, Two-Thirds World women call for the decolonization of inherited colonial education systems, languages, literary canon, reading methods, and Christian religion, in order to arrest the colonizing ideology packed in the claim of religious conversion, Western civilization, modernization, development, democratization, and globalization.”

cultural texts, including the Bible. For me and for other Two-Thirds World subjects, the Bible is therefore, not only patriarchal but also imperialistic” (Dube 2000:198).³⁰

Pui-lan (2005:81-85) som die programdoelwitte van post-koloniale feministiese kritiek, veral met betrekking tot die analise van Bybeltekste, soos volg op:

- Ten eerste word die verband tussen die uitbeelding van vroue in die Bybelteks in verband gebring met die manifestasie van klas, mag en koloniale dominasie in die moderne konteks.
- Ten tweede fokus post-koloniale feministe veral op die sogenaamde ‘kontakzone’: “...(P)ostcolonial feminist critics pay special attention to the Biblical women in the contact zone and present reconstructive readings as counter narrative. A contact zone is the space of colonial encounters where people of different geographical and historical backgrounds are brought into contact with each other, usually shaped by inequality and confliction relations” (Pui-lan 2005:82).
- Ten derde word akademiese interpretasies van die Bybelteks deur beide manlik en vroulike akademiese, met suspisie bejeën ten einde enige vorm van die kolonisasie-ideologie te ontmasker.
- Ten vierde word die rol van gewone lesers beklemtoon in die interpretasieproses. “...(I)n order to subvert the dominant Western patriarchal interpretation, postcolonial feminist critics, especially those in Africa, emphasize the role and contribution of ordinary readers – as they include most Third World readers, who are outside the accepted academic traditions of the Biblical interpretation and who are relegated to the periphery of the global economic structures” (Pui-lan 2005:83).
- In aansluiting by die primêre uitgangspunt van feministiese kritiek word die sosiale konteks van die Bybel-interpreteerder beklemtoon. “...(P)ostcolonial feminist critics pay increasing attention to what Mary Ann Tolbert has called the politics and poetics of location. By this she means the complexity of one’s social background, such as gender, race, and sexual orientation, as well as one’s national and institutional context

³⁰ Pui-lan (2005:61) omskryf die rol van die Bybel as instrument van kolonisasie en onderdrukking as volg: “The Bible is an integral part of the colonial discourse. The introduction of the Bible and Christian faith to foreign lands was used to justify the political and military aggression of the West... To teach the Bible and to spread the gospel were seen as the ‘civilizing mission’ of the West, or the ‘white man’s burden’. Revered as the revealed Word of God, the Bible was seen as a prized possession of the West.”

and economic and educational status, which determine who speaks and who is likely to listen” (Pui-lan 2005:84).

2.2.4 Die sentrale rol van die ervaring van vroue in Feminisme

Die fokus wat geplaas word op die uniekheid van elke vrou se bydrae tot die hermeneutiese gesprek, soos dit duidelik blyk vanuit bogenoemde bespreking, groei vanuit een van die mees sentrale debatte van feministiese kritiek, naamlik die debat oor ‘women’s nature’. Daar kan tussen twee hoofstandpunte onderskei word:

- Essensialisme: Volgens dié standpunt is vrouwees ‘n inherente toestand wat ten nouste saamhang met biologiese geslag. Vandaar die bekender term biologiese essensialisme. Daar is volgens die teorie sekere ononderhandelbare eienskappe wat deel is van die vroulike samestelling. Essensialisme groei egter besonder maklik tot universalisme. Volgens dié tipe nadenke is alle vroue dus gelyk in hulle onderdrukking deur ‘n patriargale sisteem. Mary Daly, ‘n bekende essensialistiese feminis, meen dat alle onreg teen vroue gesien kan word as ‘n resultaat van die patriargale sisteem. Alle vroue is gelyk in die sin dat hulle slagoffers van mans is. Daly is dus nie ‘n biologiese essensialis nie, maar vind ‘n gemeenskaplike aard in die gedeelde onderdrukking (Armour 1999:11). Essensialisme lei dus maklik tot universalisme en die gepaardgaande miskennig van die uniekheid van vroue.
- Konstruktivisme: Volgens dié teorie is geslagsrolle iets wat mens aanleer binne ‘n spesifieke kulturele raamwerk. Met kultuur word die hele sisteem van simbole, taal, geloof en aksies waarbinne ‘n persoon se identiteit gevorm word, verstaan. Die ‘self’ van ‘n persoon is dus ‘n dinamiese produk van die diverse omstandighede waarbinne ‘n persoon ontwikkel. Die ‘self’ wat hier ontwikkel, is vloeibaar en kan verandering ondergaan. Vandaar Simone de Beauvoir (1949: 425) se stelling: “One is not born a woman, one becomes a woman.” Die weerstand wat vroue kollektief kan bied teen onderdrukking gaan in hierdie argument dikwels verlore as gevolg van die oorbeklemtoning van individualiteit.

Strategiese essensialisme ontwikkel as ‘n pragmatiese middeweg tussen bogenoemde twee pole in die debat oor vroulike natuur. Die hoofuitgangspunt van hierdie benadering is die bemagtiging van vroue. Die dimensie van die argument wat tot die

grootste emansipasie van vroue in 'n bepaalde konteks sal lei, word hiervolgens aangewend.

Strategiese essensialisme neem die kontekstuele ervarings van vroue ernstig op.³¹ Om teologie te bedryf vanuit ervaring, is nie 'n nuwe konsep nie. "Human experience has always been the starting point for theological reflection and people tend to forget that scripture and tradition are only 'codified collective human experience'" (Isherwood & McEwan 1993:18). Hiermee saam merk Ruether (1985:111) dan tereg op: "Human experience is both the starting point and the ending point in the circle of interpretation."

Die vraag is nou wat bedoel word met die ervaring van vroue. Alle vroue het immers nie dieselfde ervaring nie. Vroue leef immers binne 'n wye verskeidenheid kulturele kontekste. In antwoord op die vraag na die omskrywing van vroue se ervaring meen Ruether (1985:113): "...(W)e are not talking about women's experience primarily in terms of experiences created by biological differences in themselves, but rather women's experience created by the social and cultural appropriation of biological difference in an all-male dominated society." Vroue in 'n patriargale samelewing word egter telkens met 'n reaksie begroet wat hulle ervaring minder gewig gee en hulle bestaan as waardeloos bestempel. Die fokus op 'die ervaring van vroue' wil dus juis hierdie opvatting bevraagteken. "By women's experience as a key to hermeneutics or theory of interpretation, we mean precisely that experience which arises when women become critically aware of these falsifying and alienating experiences, imposed upon them as women by a male-dominated culture" (Ruether 1985:114).

Die bemagtiging van vroue wat plaasvind deur die gebruikmaking van hul ervarings as 'n instrument, gee aan vroue die mag om die negatiewe invloed van die patriargale sisteem en alle ander vorme van onderdrukking te identifiseer en ook om pro-aktief te

³¹ Ackermann (1993b:21) omskryf die primêre belang van vroue se ervaring vir 'n feministies hermeneutiek as volg: "A feminist hermeneutic, like all hermeneutics, is grounded in experience, and more particularly in women's experience of oppression... It is essential to acknowledge that experience itself is interpreted and filtered through our cultural matrix, which in turn is formed by the race, class, time and histories of our lives. There is no universal experience for all people or even for all women. Yet, while accepting the particularity of experience as a hermeneutical category, we must acknowledge the universal fact of discrimination against and oppression of women."

bou aan 'n alternatief. Die ervaring van vroue is dikwels die juiste instrument waarmee 'n negatiewe samelewingsmite gerekonstrueer word, en dien in dieselfde asem as 'n platform vir 'n alternatiewe samelewing. Nie alle vroue identifiseer dieselfde onreg in hulle beleving nie. Vandaar die ryk diversiteit van vroue se ervarings. Die diverse identifisering van onreg en onderdrukking word dan as't ware die wegspringplek tot die interpretasie van die Skrif en van kritiese nadenke: "While acknowledging the validity of all human experience, it draws on women's experience of oppression as valid praxis to read the source document of faith" (Ackermann 1993a:11).

Die uitdaging vir vroue is om hierdie ryk diversiteit te verwelkom en nie as bedreigend te beskou nie. As hierdie uitdaging nie aanvaar word nie, sal die fokus van die Feminisme verskraal tot 'n beperkte uitsluitende perspektief en sou die beweging skuldig wees aan dieselfde eksklusiewe beginsels as dié van 'n patriargale sisteem. "Women, as the denigrated half of the human species, must reach for a continually expanding definition of the inclusive humanity: inclusive of both genders, inclusive of all social groups and races" (Ruether 1985:116). Pui-lan (2005:60) meen in ooreenstemming hiermee dat die uitdaging opgesluit lê in die ontmoeting van die ander: "We cannot understand ourselves without listening to others, especially to those we have oppressed or have the potential to oppress. Such critical engagement is the beginning of solidarity." Hierdie randfigure/ander moet telkens as uitdaging dien om die *praxis* terug te bring na die teorie van insluiting en omarming. Die belang van figure wat op die rand staan, is onskatbaar.

Die Feminisme streef daarna om nie net gehoor te gee aan diversiteit nie, maar om dit te vier. Hierdie studie gaan van die standpunt af uit dat die viering van diversiteit rondom die Bybel kan en moet plaasvind.

Ek beskou vervolgens twee klassieke standpunte in verband met die rol van die Bybel in 'n feministiese hermeneutiek en dan verduidelik ek die posisie van hierdie studie aan die hand van Serene Jones se model.

2.2.5 Die rol van die Bybel in 'n feministies-hermeneutiese raamwerk

Die Bybel ontstaan nie in 'n magsvakuum nie. "The Bible was shaped by males in 'n patriarchal culture, so much of its revelatory experiences were interpreted by men from a patriarchal perspective" (Ruether 1985:116). Die Feminisme meen dat vir die

Bybelteks om waarlik Woord van God te wees en dienooreenkomstig bevrydend te wees, moet dit losgemaak word van beperkings wat daarop geplaas is deur 'n patriargale struktuur en moet dit die vrye ruimte van gelyke interpretasie betree. “(T)his hermeneutic is also in the interest of the text itself because it restores fullness to the Word and frees it from its captivity to the male symbolic and social order” (Green 1993:76).

Oor presies hoe die Bybel benader behoort te word, en of die Bybel hoegenaamd sinvol is in feministiese nadenke, blyk 'n onderwerp te wees waaroor akademici dit nie eens is nie.³² Twee hoofstrome van denke kan in hierdie verband geïdentifiseer word: “...(The) two main branches can be termed radical and reformist. In essence the former tends to reject the Bible and Christianity in favour of an alternative, essentially feminine religious experience. The latter, whilst rejecting most Christian traditions about women, sees the Bible as the means of reconstructing a positive Christian theology for women” (Middleton 1990:232).

Hierdie studie steun die meer behoudende standpunt soos voorgehou deur Middleton en meen dat die Bybel tog sinvol aangewend kan word vir feministiese nadenke. Binne 'n meer behoudende standpunt is daar egter ook 'n verskeidenheid benaderings ten opsigte van die Bybelteks. Ek beskou kortliks die benaderings van Ruether en Schüssler-Fiorenza.

Ruether (1985:117) bepleit 'n profeties-messiaanse perspektief: “(W)hat I mean by the prophetic-messianic tradition is a critical perspective and process through which the Biblical tradition constantly re-evaluates, in new contexts, what is truly the liberating Word of God, over against both the sinful deformation of contemporary society and also the limitations of past Biblical traditions, which saw in part and understood in part and whose partiality may even become a source of sinful injustice and idolatry.” Die profetiese oproep van Ruether hang saam met die profetiese opdrag van die Christelike geloof, naamlik dat die evangelie moet inspreek in situasies van onderdrukking en miskenning van menslikheid. Die kritiese beginsels van Feminisme en die Bybelse profeties-messiaanse aard ontmoet mekaar in hierdie benadering. “The

³² Oduyoye (1995:33) noem enkele van die probleme in verband met die posisie van die Bybel: “The most precious common heritage of Christians all over the world and in all ages is the Bible. This rather trite truism may seem simple enough, but it is loaded with pitfalls. One could ask, for example: Which Bible? Whose interpretation? Does one have to have the whole of the Bible? ...”

Biblical principle of prophetic faith parallels the critical dynamic of feminism, which likewise examines structures of injustice towards women, unmask and denounces their cultural and religious sanctifications, and points toward an alternative humanity, an alternative society, capable of affirming the personhood of women” (Ruether 1985:118).

Ruether (1985:119-124) besef egter dat die paradigma tekortkominge het:

1. ‘n Profetiese paradigma het altyd ‘n sosiaal-beperkende dimensie in dié sin dat die beskouing en benoeming van die onderdrukte noodwendig ‘n uitsluitende oefening is. Dit word sigbaar in die benoeming van die patriargale sisteem as die allesomvattende onderdrukkende faktor. Alhoewel dit dalk ‘n allesomvattende konsep vir die wit-middelklas Amerikaanse vrou was, het dit ander vroue steeds buite rekening gelaat. Hoe akkuraat ons ook sou wou omgaan met definisies aangaande die onderdrukker en onderdrukte, sal daar altyd ruimte wees vir die weglating en miskenning van sommige.
2. Nie net in terme van die eie sosiale konteks se omskrywing kan daar beperkinge wees nie, maar ook in die proses van herinterpretasie van vorige kritiese profetiese inhoud. Wat in ‘n spesifieke historiese tydperk in ‘n kulturele raamwerk bevrydend is, is nie noodwendig ook so in ‘n volgende historiese tydperk nie. “Thus, what was once critical consciousness over against established traditions in one context becomes a new self-justification of established hierarchies in another context” (Ruether 1985:120).

Schüssler-Fiorenza, wat ook deel is van die meer behoudende paradigma, staan in opposisie tot Ruether se teorie van ‘n profeties-messiaanse perspektief. Schüssler-Fiorenza sien die sentrum van Bybelse hermeneutiek in die sogenaamde ‘women-church.’ “When I as a Christian use the expression women-church, I do not use it as an exclusionary but as a political-oppositional term to patriarchy” (Schüssler-Fiorenza 1985:127). Onder ‘n patriargale sisteem identifiseer sy dan nie net manlike onderdrukking van vroue nie, maar die totale sisteem van klas, geslag, ras, geloof en land wat vroue op die een of ander manier onderdruk. Die Bybel is vir lank gebruik as ‘n wapen in hierdie totale onderdrukking van vroue en daarom verklaar Schüssler-Fiorenza (1985:129): “A feminist Biblical interpretation is thus first of all a political task. It remains mandatory because the Bible and its authority has been and is again today used as a weapon against women struggling for liberation.” In ooreenstemming

hiermee bepleit sy dan 'n multidimensionele model vir Bybelinterpretasie.³³ Haar (1985:130) welbekende benadering tot Bybelinterpretasie kan in die volgende sleutelemente saamgevat word: “1. Suspicion rather than acceptance of biblical authority, 2. Critical evaluation rather than correlation, 3. Interpretation through proclamation, 4. Remembrance and historical reconstruction and 5. Interpretation through celebration and ritual.”

Schüssler-Fiorenza bepleit enersyds 'n hermeneutiek van suspisie om die patriargale ideologie te ontmasker en andersyds die proklamasie van 'n alternatief deur aan die stemme van vroue in en om die Bybelteks gehoor te gee. Schüssler-Fiorenza gebruik dan juis die Bybelteks om 'n alternatiewe realiteit te konstrueer waarin die stemme van vroue gehoor kan word.

Schüssler-Fiorenza meen dat Ruether se benadering die Bybelteks verskraal tot 'n kanon binne 'n kanon. Sy meen daarenteen dat die Bybelteks gesien moet word as 'n paradigma met 'n oop einde wat ervarings help aktiveer ten einde transformasie moontlik te maak. Die Bybel moet gesien word as 'n bron in verhouding met ander bronne. Deur die Bybel so te klassifiseer, verwerp sy nie die Bybelteks as sulks nie, maar verwerp sy die patriargale gesag wat aan die Bybelteks gekoppel is. Die beoordeling van die gesag van en posisie van die Bybel word in die gemeenskap bepaal: “It is for the community to determine the location and function of the authority of Biblical texts” (Pears 1995:117). Sy bepleit vervolgens 'n kritiese omgang met die Bybelteks. Suspisie aangaande die Bybelteks dring interpreteerders daartoe om dieper te kyk en te onthou. Dit is hierdie onthou wat Bybellesers bemagtig om te werk na 'n alternatiewe werklikheid.

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat daar binne die meer behoudende skool, waarbinne die huidige studie dan ook ressorteer, 'n uiteenlopende hoeveelheid standpunte en benaderings is met betrekking tot die plek van die Bybel.

³³ Schüssler-Fiorenza se hermeneutiek van suspisie sluit in 'n sterk mate aan by die model van Cady Stanton wat meen “...the Bible is not a ‘neutral’ book, but rather a political weapon used against women struggling for liberation, and that this abuse was possible because the Bible bears the imprint of men who never saw or talked to God” (Ackermann 1993a:12).

2.2.6 Nuwe metafore

Vanuit die werk van jonger, meer resente feministiese denkers sou ek graag die klem wou plaas op die hermeneutiese raamwerk wat Serene Jones voorstel. Sy maak sinvolle bydraes oor die plek van die Bybel en geloofstradisie in die feministiese denkraamwerk. Alhoewel haar studie in die dissiplineveld van Sistematiese Teologie val, kan dit met besondere vrug ook in ander teologiese dissiplines toegepas word. In haar boek, *Feminist theory and Christian Theology. Cartographies of grace*, gebruik Jones (2000) twee basismetaphore om haar akademiese praktyk te omskryf.

In die eerste plek beskou sy haarself as 'n kartograaf wat 'n nuwe kaart lê oor, in haar geval, die ou landskap van geloofsdogmas. Hierdie nuwe kaart vang dan die eiesoortige kontoere van die teologiese landskap vas. "The cartographical metaphor makes clear feminist theory is concerned not so much to reconstruct the terrain of faith as to provide markers for travelling through the terrain in new ways" (Jones 2000:19). Ek sou dan in terme van die Bybelwetenskappe daarby wou aansluit deur te sê dat die doel nie is om 'n nuwe Bybelteks te soek en sodoende heeltemal wegdoen met die Bybelteks wat deur die eeue heen oorgelewer is nie, maar dat nuwe roetes gevind moet word om deur die Bybelteks te reis - roetes wat die ervaring van vroue as wegspringplek neem en wat in die interpretasie van Bybeltekste daarna streef om alle vorme van onderdrukking te ontwortel en aan 'n nuwe gemeenskaplike allesinsluitende gemeenskap vorm te gee.

Jeremy Punt (2002:414) sluit by Jones aan wanneer hy aandui: "(W)e need to develop a new hermeneutic³⁴ rather than a new Bible, that we need 'corrective lenses' on the Bible rather than a search for a corrective core in it, is an important point to make, but the implications of this should also be explored. The crisis is one of interpreting the Bible, but it is not about abstract theory and methodology, but about addressing the Bible's hermeneutical implications in domination and oppression, and formulating alternative, liberatory approaches for its interpretation."

³⁴ Nadar (2009:145) stel as nuwe hermeneutiek die praktyk voor waarvolgens die Bybel gelees word vir transformasie. Dit sluit vir haar onder andere die volgende twee stappe in: "A first is to allow the Spirit to enable and assist us in our interpretations. A second element of reading for transformation involves being able to use the critical tools of biblical scholarship in our interpretation."

Die tweede handige metafoer wat Jones gebruik vir haar studie, is die rol van dogma as 'n draaiboek vir die lewe. Sy verduidelik: vir 'n akteur om 'n rol suksesvol te vertolk, het hy/sy nodig om die teks van die draaiboek te eien, maar ook om deur improvisasie nuwe lewe in die woorde te blaas. Net soos dogma is die Bybelteks ook 'n draaiboek waarvolgens die lewe ingerig word. Hoewel die Bybelteks staties is in die sin dat dit nie verander nie, kry dit tog nuwe lewe in die wisselwerkende omgang met lesers. In die kreatiewe spasie van wisselwerking tussen die Bybelteks en die lewe van die leser, kry die teks nuwe bestaansmoontlikhede.

In ooreenstemming met Jones se uitgangspunt kies ek dus dat die Bybel, desondanks die beperkende patriargale tradisie waaruit dit ontspring, steeds die sentrum van hierdie studie moet vorm. Die uitdaging vir Bybelinterpreteerders is egter om nuwe kaarte en draaiboeke te skryf vanuit die kreatiewe wisselwerking wat ontstaan in die interpretasieproses tussen die Bybel en die lewe van die leser. Hierdie kreatiewe wisselwerking ontstaan nie net in die individu se omgang met die Bybel nie, maar juis in die kommunale interpretasieruimte.

Letty Russel se model van gesprekke om 'n ronde tafel is in dié verband besonder handig: "The model is a common table for hospitality and conversation: a round table that welcomes all who come, regardless of status, rank, expertise, or privilege. There are, however, regards for the outcast, for the inclusion of the marginalized" (Trible 1999:48). Die doel van die tafelgesprek rondom die Bybelteks is die uitwissing van rand- en sentrummodelle van die samelewing en gevolglik die skep van 'n ware gemeenskap.³⁵

Volgens hierdie nuwe kommunale gespreksmodel is gesag op 'n ander plek gesetel: "The emerging feminist paradigm, trying to make sense of Biblical and theological truth claims, is that of *authority as partnership*. In this view, reality is interpreted in the form of a circle of interdependence. Ordering is explored through inclusion of diversity in a rainbow spectrum that does not require that persons submit to the 'top', but rather, that they participate in the common task of creating an interdependent

³⁵ In hierdie ronde tafel-gesprekke gaan dit nie oor 'n sirkelgesprek as sulks nie, nie 'n voortdurende herhaling van dieselfde gesprek nie, maar 'n dieper spiraalbeeld. Volgens dié beeld vind daar in die sirkelgesprek telkens 'n verdieping plaas, as't ware 'n beweging na 'n dieper meer intense *niveau*. Die hoofsaak van hierdie spiraalgesprek tussen karakters van die Bybelteks en 'n wye verskeidenheid gespreksgenote is die ontwikkeling van die gemeenskap waarin almal tuis voel.

community of humanity and nature. Authority is exercised in community and tends to reinforce ideas of co-operation, with contributions from a wide diversity of persons enriching the whole. When difference is valued and respected, those who have found themselves marginal to church or society begin to discover their own worth as human beings” (Russell 1985:144). Waar gesag dus voorheen gekoppel was aan ‘n bepaalde groep, by name wit Europese mans, word gesag nou gevind in ‘n gemeenskap waar gelykwaardige gespreksgenote om ‘n Bybelteks vergader en met vrymoedigheid eie ervarings deel. “Difference is not merely something to tolerate; the interplay of differentness forments creativity and vitality. So often we are taught either to ignore difference or to change those who are different. Difference must be not merely tolerated, but seen as a fund of necessary polarities between which our creativity can spark like dialectic” (Hess 1998:59).

Hoewel diversiteit kompleks is en unieke uitdagings bied, bly dit een van die primêre uitgangspunte van ‘n feministiese benadering.³⁶ “Real conversation that highlights difference entails clash and conflict. When we celebrate differentness, we must be aware that the exhilaration that can come from engaging others, is often on the other side of pain and struggle” (Hess 1998:58).

Ter opsomming bepleit ‘n feministiese Bybelse hermeneutiek dat die individualiteit van verskillende lesers ernstig opgeneem moet word. Die rede vir individualiteit is immers een van die sleutelkonsepte van ‘n feministiese raamwerk, naamlik die uniekheid van persoonlike ervaring. Persoonlike ervaring ontspring in ‘n eiesoortige sosiale konteks en kom tot neerslag in narratiewe. Die deurleefde verhale van vroue wat in interaksie met hulle persoonlike konteks ontwikkel, is die wegspringplek van ‘n feministiese hermeneutiek. ‘n Feministiese hermeneutiek is inklusief en maak ruimte vir diversiteit. Hoewel die rol van die Bybel op ‘n verskeidenheid maniere verstaan kan word, neem ek as uitgangspunt vir hierdie studie die kreatiewe benadering van Serene Jones wat nuwe roetes ontgin om deur die ou Bybelse landskap te reis. Vir die Bybel om lewend en kragtig te wees, moet dit vanuit verskillende invalshoeke in die diverse gemeenskap van die interpreteerders gelees word.

³⁶ Die negering van diversiteit lei tot die gevaar dat interpretasies in die woorde van Sally McFague (1982:2) “irrelevant and idolatrous” raak.

2.3 Afrika-hermeneutiek

Afrika-hermeneutiek bied myns insiens 'n geskikte ruimte waarbinne die stem van die individu, soos geïnformeer vanuit 'n spesifieke sosiale konteks, tot sy/haar reg kan kom. Ten einde hierdie ruimte goed te begryp, is 'n deeglike begrip van die hermeneutiese beginsels van die Afrika-konteks nodig.

Om 'Afrika' as allesomvattende term te sien vir 'n enkelvoudige benadering tot teologiese besinning, sou kortsigtig wees. Afrika is gefragmenteer en benaderings tot teologiese nadenke vanuit dié vasteland is legio.³⁷ Hierdie pluralistiese post-moderne situasie is nie net waar van die Afrika-konteks nie. "Pluralism is the basic context of our post-modern life" Tracy (1987:80). Hierdie stelling deur Tracy wil nie net die punt maak dat daar verskillende benaderings tot situasies is nie, maar dat daardie verskillende benaderings inherent deel is van post-moderne kultuur, ook in Afrika. Verskillende benaderings, wat dikwels op die oog af onversoenbaar blyk, lei tot konflik en spanning eerder as 'n waardering van diversiteit. Hierdie pluralisme staan juis sentraal in die post-moderne era weens die verwerping van die universalisering van menslike ervaring: "Resistance to this universalising and imperialist tendency, therefore, means an assertion of the radically, irreducibly plural nature of human existence. It implies a fundamental respect for the Other, one that does not and will not attempt to reduce the Other to the Same. Life is basically dialogical, like a good conversation. It is a relation that retains its distance; it is a face-to-face engagement that respects the 'otherness of the other'; it is committed to hearing the voice of the other. Pluralism, thus, is a given fact of political, cultural, theological and religious life" (Peterson 1994:223).

Ter inleiding ondersoek ek die inherent gefragmenteerde aard van teologiese nadenke in Afrika wat ontwikkel vanuit bogenoemde pluralistiese konteks. Daarna bespreek ek 'n metafoer wat as 'n basisbeginsel vir nadenke vanuit die Afrika-hermeneutiek kan dien.

³⁷ Pobee (1996:169) meen in dié verband: "Another reality in the context of Africa is pluralism. At the end of the day Europe and America have predominantly Christian cultures, a legacy of the Christianity ideology going as far back as at least Theodosius I. That Christian predominance Africa cannot assume, even when Christianity has large numbers. There is political, economic, social, cultural, psychological, religious and philosophical pluralism."

2.3.1 Historiese oorsig en uitgangspunte van die Bybels-hermeneutiese proses in Afrika

Afrika kan met reg die geboorteplek van Bybelinterpretasie genoem word as mens in gedagte hou dat Clemens van Alexandrië en Origenes albei van dié vasteland afkomstig was en hier gewerk het. Hierdie fondament wat vir (hoofsaaklik allegoriese en onkritiese) Bybelinterpretasie gelê is, het in die Westerse Kerk invloed uitgeoefen tot en met die Verligting. Soos reeds in die agtergrondstudie (in Hfst. 1) genoem, het die histories-kritiese benaderings hierdie eerste benaderings vervang en is dit daarna in die twintigste eeu opgevolg deur literêre benaderings. Die impak van die kritiese metodes soos dit ontwikkel het in die Weste, het langsamerhand na Afrika oorgespoel. “In Africa the impact of these modern methods began to be felt about the middle of the twentieth century. This corresponds with the period of political independence and the founding of African universities where these methods were taught” (Ukpong 2000:4).

Hoewel Bybelinterpretasie dus aanvanklik bedryf is met metodes wat vanuit die Afrika-konteks ontwikkel het, is moderne Afrika-hermeneutiek tot ‘n groot mate die produk van Westerse modelle van Bybelinterpretasie. Ten spyte van die sterk Westerse tendense het akademië in Afrika dit tog reggekry om ‘n parallelle modus van interpretasie tot die Westerse modelle te ontwikkel.³⁸ Talle akademië in Afrika bevind hulself in ‘n vreemde posisie as gevolg van die tweeledige verwysingsraamwerk: “To be sure, there are two currents of academic readings of the Bible in Africa, one follows the Western pattern, while the other follows the African pattern of linking the text with the African context. Many African authors publish in both patterns” (Ukpong 2000:11-12).

Ukpong (2000:4-18) beskryf die ontwikkelings in Afrika-hermeneutiek in drie fases:

³⁸ Parratt (1987:2) noem ‘n aantal faktore wat bygedra het tot die ideale klimaat vir die ontwikkeling van ‘n Afrika-teologie: “(i) One was certainly the movements towards independence in many colonial territories during the 1950s and 1960s. It seemed incongruous to African Christians that while African nations were becoming independent politically, the Church in Africa should remain controlled by European missionaries. (ii) A second factor was the rediscovery of the value of traditional African culture. (iii) A further factor as the appearance, from 1900 onwards, of an increasing number of new African-controlled Churches, usually collectively termed ‘African Independent Churches’.”

1. Fase 1: 1930-70's. "The beginning of modern biblical studies in Africa was in response to the widespread condemnation of African religion and culture by Christian missionaries of the nineteenth and twentieth centuries" (Ukpong 2000:5). Aangesien daar dus 'n grootskaalse verwerping van Afrika-religie plaasvind in die lig van die Westerse projek in Afrika, poog akademici in dié tyd om iets van Afrika se legitimiteit te behou. "This was done by way of comparative studies carried out within the framework of Comparative Religion. It took the form of showing continuities and discontinuities between the religious culture of Africa and the Bible, particularly the Old Testament" (Ukpong 2000:5). Met die heel eerste van hierdie vergelykende studies was die fokus sterk gerig op fisiese kontak tussen mense uit Afrika en dié uit die antieke Hebreeuse wêreld, om op hierdie manier die legitimiteit van Afrika te probeer bewys. Later verskuif die fokus eerder na die twee gebiede se gedeelde temas en belangstellings. Die formele studie van hierdie vergelykende benaderings kom altyd na vore in die dialoog met kolonialisme. Wat egter van belang is, meen West (2005:55), is die besondere waarde van nie-akademiese lesers in Afrika. "What makes their biblical interpretation especially significant is that it stands in much clearer continuity with African biblical interpretation before colonialism than does scholarly African Biblical interpretations." Die meeste akademiese lesings is tot 'n groot mate beïnvloed deur kolonialisme, soos reeds genoem. Hierteenoor: "(F)or most ordinary African interpreters of the Bible this is not the case. Theirs is a more or less unbroken line of biblical interpretation stretching from the indigenous knowledge system of pre-colonial times to the present" (West 2005:56). Die besondere bydrae van gewone lesers kom dus alreeds in hierdie eerste fase van Bybelinterpretasie in Afrika na vore. Ek sal telkens na hierdie aspek van die paradigma terugkeer.
2. Fase 2: 1970-1990's. Hierdie periode in Afrika-Bybelinterpretasie word gesien as een van die mees dinamiese tye in die ontwikkeling van die dissipline.³⁹ Die

³⁹ Lategan (1997:117) meen die rede vir die opbloei-fase in Afrika-hermeneutiese praktyk hou verband met die belangrike skuif in fokus van Bybelwetenskappe: "The discovery of the importance of reception is perhaps the most significant factor when considering future developments in the field of hermeneutics. It lies at the heart of different forms of contextual hermeneutics and provided the tool with which exponents like Mosala and Boesak could challenge the dominant theological discourse in terms of its own premises. Once the constitutive contribution of the receiver or audience and its role in

reaktiewe eerste fase baan langsamerhand die weg vir 'n meer pro-aktiewe benadering.⁴⁰ “Two main approaches, which can be identified as inculturation and liberation, crystallise. In terms of Biblical studies, the inculturation approach expressed in two models, which I refer to as the Africa-in-the-Bible studies and evaluative studies. The liberation approach to Biblical interpretation is expressed in liberation hermeneutics, black theology and feminist hermeneutics” (Ukpong 2000:7). Hierdie opbloeï in akademiese uitsette kan sterk in verband gebring word met die ontwikkeling wat plaasvind in die tyd van die vestiging en ontwikkeling van Ou-Testamentiese studie op tersiêre vlak. Holter (2001:63) som dit soos volg op: “...(T)he 1980s and 90s, can be characterized as its breakthrough. This breakthrough is reflected in its institutional context as well as in its thematic orientation. As for the former, Old-Testament scholarship in Africa has throughout these two decades experienced a remarkable growth and deliberate institutionalisation of research and publication. And as for the latter, it has developed a conscious understanding of its mission, focussing on the text as an historical entity as well as the encounter between the text and the context of the contemporary reader.” Die hoofeenskappe van die verskillende benaderings sien soos volg daaruit:

- Afrika-in-die-Bybel-studies: Die hooffokus van hierdie studies is die ondersoek na die teenwoordigheid van Afrika en mense uit Afrika in die Bybel en om aandag te gee aan die relevansie van hulle teenwoordigheid. Die doel van die studies is dan dienooreenkomstig om uitdrukking te gee aan die bydrae wat tot wêreldgeskiedenis gemaak is vanuit Afrika. Twee hoofbenaderings kan onderskei word. In die eerste is die fokus daarop om korreksies aan te bring aan negatiewe beelde of idees wat aan Afrika gekoppel is en wat dienooreenkomstig neerslag vind in die Bybelseteks. “The second approach

co-determining the meaning of the biblical message are accepted, the rise of various forms of contextual theology becomes understandable and even predictable.” Swart teologie, bevrydingsteologie, feministiese teologie en teologiese nadenke wat vanaf die posisie van die arme en gemarginaliseerde bedryf word, gebruik almal bogenoemde hermeneutiese uitgangspunte.

⁴⁰ Die benaderings wat in hierdie fase die lig sien, gee aandag aan die twee primêre fokusareas van moderne Afrika-teologie. Parratt (1987:4) verwys soos volg daarna: “The two chief concerns of theology in Africa are, on the one hand its relationship to political power, and on the other its relationship tot African culture.”

seeks to identify the presence of Africa and African peoples in the Bible, as well as examine their contribution in biblical history. This is a direct reaction to the de-emphasis and exclusion, in Western scholarship, of Africa and its contribution to biblical story” (Ukpong 2000:8).

- **Evaluasie-studies:** Die hoofuitgangspunt van hierdie studies is die ontmoeting wat plaasvind tussen Afrika-religie en -kultuur aan die een kant en die Bybel aan die ander kant. Dit gaan dus in die model om meer as net die beoordeling van die ontmoeting. Die oogmerk is eerder om kommunikasie moontlik te maak tussen die boodskap van die Bybel en die Afrika-milieu. “The evaluative approach is the most common approach in biblical studies in Africa today. It is based on the classical understanding of exegesis, as the recovery of the meaning of a text intended by the author through historical-critical tools, and of hermeneutics, as the application of the meaning so recovered to a particular contemporary context. Its basic weakness is that it does not give attention to social, economic and political issues which have become important today in theological discussion” (Ukpong 2000:11).
- **Bevrydings-hermeneutiek:** Oor die algemeen gebruik bevrydings-hermeneutiek die Bybel as bron in die stryd teen onderdrukking en geweld. Die hoofuitgangspunt van die benadering is die oortuiging dat God nie geweld en onderdrukking goedkeur nie, maar eerder Hom skaar by die arme en onderdrukte. Twee prominente benaderings word hieronder onderskei:
 - **Swart Teologie:** “One seeks to interpret the Bible in the light of the apartheid experience, and to reflect on this experience in the light of the biblical message” (Ukpong 2000:15).
 - **Feministiese hermeneutiek:**⁴¹ Soos reeds in die eerste deel van hierdie hoofstuk aangedui, is die feministiese hermeneutiek gefokus op die onderdrukking van vroue. Die Bybel word gebruik as ‘n bron om teen hierdie onderdrukking te veg. “There are two main concerns in Feminist

⁴¹ King (1994:16) meen dat feministiese teologie, bedryf vanuit ‘n twee-derde wêreldkonteks, veral twee belangrike bewegings impliseer: “Women’s theology from the Third World, like all feminist theology, puts great emphasis on doing theology. It is theology as an activity, as an ongoing process rooted in praxis, interdependent with and compassionately committed to life, justice, and freedom from oppression.... But besides the sharing of oppression, suffering, and struggle, there is also a sharing of hope, of a new, empowering vision born out of the sense of solidarity among women.”

hermeneutics – a critique of the androcentrism both of earlier interpreters of the Bible and of the Bible itself, and a recovery of the forgotten and muted voices, the images and contributions of women in the biblical text” (Ukpong 2000:15).

3. Fase drie: 1990’s. In hierdie periode word sterk voortgebou op die pro-aktiewe beginsels van die vorige fase en groei Afrika-hermeneutiek in assertiwiteit. Die twee hoofbewegings van die voorafgaande fase naamlik: inkulturasie en bevryding word in dié fase uitgebou en versterk. Twee hoofbenaderings kan hier uitgelig word: “One is the orientation that recognises the ordinary African readers (that is non-biblical scholars) as important partners in academic Bible reading, and seeks to integrate their perspectives in the process of academic interpretation of the Bible. This is exemplified by Gerald West’s contextual Bible study method. The other orientation, which, apart from recognizing the role of the ordinary readers, seeks to make the African context the subject of interpretation of the Bible. This is exemplified by my inculturation hermeneutics” (Ukpong 2000:15). Ek verwys opsommenderwys na die uitgangspunte van die twee hoof benaderings wat hierdie fase van ontwikkeling kenmerk.

- Kontekstuele Bybelstudie: In hierdie benadering tot Bybelstudie word die teks van die Bybel gelees teen die konkrete agtergrond van ‘n spesifieke menslik situasie.⁴² In die Suid-Afrikaanse konteks het rasse-onderdrukking en armoede die agtergrond gevorm waarteen die Bybelteks gelees is. As oogmerk stel die benadering dan die begeerte om persoonlike en sosiale transformasie daar te stel. Op die oog af lyk dit dus dalk besonder baie soos Swart bevrydingsteologie, maar daar is een opmerklieke kenmerk wat kontekstuele Bybelstudie onderskei: “Its specific feature is that it recognises the importance of the approach, the perspectives and concerns of the ordinary African readers of the Bible. It seeks to empower them for critical study of the Bible in relation to their life situation and for personal and societal transformation. It

⁴² West (1993:11) meen dat uit die staanspoor verstaan moet word dat “Contextual Bible study is not a fixed formula or a set method; it is a process.” In hierdie proses waarna West verwys blyk die konteks waarin die lesing ontstaan van primêre belang te wees. Holter (2000:38) meen dat hierdie kontekstuele fokus ‘n besondere uitdaging stel aan akademici vanuit Afrika: “Biblical scholars in Africa cannot come to the text in a personal vacuum, but rather with the awareness of the concerns stemming from their cultural background, contemporary situation and responsibility to the Church.”

operates at the interface between academic and ordinary readings of the Bible and thus seeks to bridge the gap between academic and ordinary readings of the Bible” (Ukpong 2000:16). In ‘n poging om gewone lesers te bemagtig tot ‘n kritiese gewaarwording van hulle lesing, word interaksie met akademiese lesers aangemoedig. Hierdie interaksie tussen akademiese en gewone lesers het ‘n pro-aktiewe wisselwerkings-effek.⁴³ “Bridging the gap between academic and ordinary readings of the Bible should not be a one way affair. While academic readings of the Bible should seek insights for ordinary readings, ordinary readers must be helped to overcome a naïve and dogmatic attitude to the Bible, and to approach the Bible with a critical mind” (Ukpong 2001b:593). West (1994:18) omskryf die proses van kontekstuele Bybelstudie as volg: “The contextual Bible study process includes at least four central concerns or commitments. They are, first, a commitment to read the Bible for the perspective of the South African context, particularly from the perspective of the poor and oppressed; second a commitment to read the Bible in community with others, particularly with those from contexts different from our own; third a commitment to read the Bible critically; and fourth, a commitment to individual and social transformation through contextual Bible study.”

- Inkulturasie-hermeneutiek:⁴⁴ “One criticism that runs through most of the inculturation models discussed above is lack of attention to social issues like poverty and political oppression, while lack of attention to specifically African religious-cultural issues such as belief in ancestors, the spirits, spirit possession and witchcraft is the criticism of liberation models” (Ukpong

⁴³ West (1993:63) meen dat die kreatiewe wisselwerking onderbou word deur twee primêre aannames: “The two guiding assumptions are that trained readers have something significant to offer to reading the Bible in the South African context, and that ordinary readers have something significant to offer to reading the Bible in the South African context. In other words, reading the Bible with the ordinary reader is the core of the contextual Bible study process.”

⁴⁴ Dube (2002:51) meen in verband met die ontstaan van die benadering: “Inculturation followed or even started during colonial times. It sought to resist the colonial reading/interpretations that began by dismissing all aspects of African Religions as pagan, exotic, savage, ungodly, childish and dangerous.”

2000:16). As reaksie op bogenoemde punte van kritiek ontwikkel Ukpong inkulturasie-hermeneutiek.⁴⁵ Die benadering het drie hoofuitgangspunte:

- Eerstens, ten einde bogenoemde kritiek aan te spreek, neem inkulturasie-hermeneutiek 'n holistiese benadering tot kultuur. Die Bybel word dus gelees vanuit 'n konteks waarin die diverse aspekte van kultuur ter sprake kom.⁴⁶
- Ten tweede funksioneer hierdie benadering in die ontmoeting tussen gewone en akademiese lesings van die Bybel. “The characteristics of ordinary readers here include that they are strongly influenced by the world-view provided by their indigenous culture as opposed to the world-view of the Western technological culture, and that they are poor, oppressed and marginalized” (Ukpong 2000:16).
- Die derde kenmerk is die feit dat die Afrika-konteks die onderwerp van interpretasie vorm. “It designates an approach to Biblical interpretation which seeks to make the African, and for that matter any socio-cultural context, the subject of interpretation. This is different for making another context the subject of interpretation and then applying the result in the African-context” (Ukpong 1995:5). Wanneer die Bybel vanuit hierdie Afrika-konteks gelees word, identifiseer Ukpong (1995:8) vier dimensies wat inherent tot 'n Afrika-hermeneutiese raamwerk sou wees:
 1. Die werklikheid word nie gesien as 'n dualistiese samestelling nie, maar eerder as 'n holistiese geïntegreerde geheel. Die wêreld word gesien as 'n geheel waarvan sekere dimensies sigbaar is en ander onsigbaar.

⁴⁵ Ukpong (2002:12) definieer sy paradigma as volg: “Inculturation hermeneutics is a contextual hermeneutic methodology that seeks to make any community of ordinary people and their social-cultural context the subject of interpretation of the Bible through the use of the conceptual frame of reference of the people and the involvement of the ordinary people in the interpretation process.”

⁴⁶ Ukpong (1996:191) meen in dié verband: “The inculturation biblical hermeneutic supposes that the biblical text is plurivalent and can be validly understood differently according to different contexts and perspectives. But this does not mean that the biblical text can mean anything. Instead it recognizes that there are dynamics built into a text for guiding interpretations, and that these dynamics can function in different contexts to produce different valid interpretations.”

2. Die wêreld het volgens 'n Afrika-hermeneutiese raamwerk 'n Goddelike oorsprong. Daar is ook sterk verbande tussen die wêreld, mense en God.
3. Ten derde word die belang van die gemeenskap deur hierdie benadering beklemtoon: "(T)he fact that the life of the individual human person and also even of inanimate objects in the cosmos find meaning and explanation in terms of the structure of relationships within the human community, and between the human community and nature" (Ukpong 1995:9).
4. Die vierde kenmerkende eienskap van 'n Afrika-hermeneutiese raamwerk is die fokus op die konkrete eerder as die abstrakte en die praktiese eerder as die teoretiese.

2.3.2 Die rol van die gewone leser in die Afrika-hermeneutiese proses

Vanuit die bogenoemde teoreties-historiese oorsig van die Afrika-hermeneutiese raamwerk is dit duidelik dat die fokus tot 'n groot mate op die gewone leser val. Tog bied die voorafgaande opsomming geen insigte in die manier waarop gewone lesers met Bybeltekste omgaan nie: "Ordinary indigenous African 'readers' of the Bible – most of whom are black, poor and marginalized – are constitutive of African Biblical scholarship" (West 2002a:71). Navorsing oor die geskiedenis van die interaksie tussen gewone lesers in Afrika en die resepsie van die Bybel is van kardinale belang vir die moderne interpretasie van die interaksie tussen gewone lesers en die Bybel. Die rede hiervoor is dat dit blyk of daar 'n ooreenkoms is tussen die manier waarop moderne lesers die Bybel interpreteer en die geskiedenis van interpretasie waaruit hulle gegroei het. Vincent Wimbush maak hierdie punt in sy studie oor die resepsiegeskiedenis van die Bybel in Swart gemeenskappe in Amerika. "If Wimbush is right in asserting that the array of interpretative strategies forged in the earliest encounters of African Americans with the Bible are foundational, in the sense that all other African American readings are in some sense built upon the judgement by them, then such analysis has tremendous hermeneutical and pedagogical significance for our current context" (West 2002b:34).

Die bydrae wat gewone lesers tot die akademiese debat maak, is onontbeerlik. West (2002a:71-73) noem die volgende redes hiervoor:

- “First, because African biblical scholarship concentrates on the correspondence between African experience and the Bible, it locates itself ‘within the social, political, and ecclesiastical context of Africa’. Put more crudely, the directions African biblical scholarship takes and the questions it admits to scholarly task are shaped by the life issues of local African communities.
- Second, certain impulses in biblical scholarship that have made their way into African biblical interpretation – such as strands of postmodernism, reader-response criticism, post-colonial criticism, liberation and inculturation hermeneutics – have been appropriated precisely because they provide both impetus and theoretical support for the inclusion of the ordinary, real ‘readers’.
- Third, most African biblical scholars recognize that there remain elements of ordinary readings in their own ‘scholarly’ reading processes.
- Fourth... one of the defining features of liberation theologies is that their primary dialogue partners are the poor and marginalized. This is true for all forms of African theology.”

As West verwys na die ‘gewone leser’,⁴⁷ fokus hy hoofsaaklik op “the oppressed and marginalized communities of black peasants and working class in South Africa.” Hy verwys oor die algemeen, na “‘all those who read the Bible pre-critically’ and in a particular sense, to ‘those readers who are poor and marginalized’ especially from black communities in South Africa” (Akper 2005:1). Hy argumenteer verder dat “‘ordinary readers’ in the South African context read the Bible pre-critically, because they have not been trained ‘in critical modes of reading’” (Akper 2005:6).

Om na Bybelteks-interpreteerders in Afrika te verwys as ‘lesers’, is problematies, aangesien die literêre paradigma nie sonder meer aanvaar kan word nie.⁴⁸ Baie

⁴⁷ West (1994:20) verwys as volg na die taak van Bybelwetenskappe om met ‘gewone lesers te lees’: “So if we are really going to read the Bible with ordinary readers we must work together to break the ‘culture of silence’ and to recover the identity and experiences of the poor and oppressed. The poor and marginalized are not really silent, but they are often not heard and what they say is often the product of centuries of colonization. It is only by talking with and not to each other, recognizing the unequal power of relations between us, that we can begin to reconstruct transforming discourse.”

⁴⁸ Mazamisa (1995:3) verwys na die realiteit van ongeletterdheid in die Suid-Afrikaanse konteks. “South African society is a divide society and, as such, it is impossible to mention all the things that divide us. Nevertheless, an important division is the rate of literacy and illiteracy between white and black people...The church in this country is overwhelmingly black and, therefore, overwhelmingly illiterate. This has meant that the voice of the majority is not heard in interpreting the Bible. Rather the

gewone 'lesers' in Afrika werk eerder met 'n Bybelteks wat onthou word en oorvertel word aangesien nie almal kan lees of skryf nie. "(T)his reality, however, does not imply the absence of the Bible as text. For, although the Bible as text is not central to the 'reading' practises of most ordinary Africans, it does have a presence. The remembered Bible and the read Bible reside side by side" (West 2001a:44).

Die interaksie tussen gewone Afrika-lesers en die Bybel begin met die aanvang van die koloniale proses in Afrika. Die 'transaksionele' aard van die interaksie tussen sendelinge en die Afrika-bevolking blyk duidelik uit 'n dikwels-aangehaalde verhaal: "*When the white man came to our country, he had the Bible and we (blacks) had the land. The white man said to us 'let us pray'. After the prayer, the white man had the land and we had the Bible*" (West 2002b:31).

Die manier waarop hierdie anekdote deur die jare geïnterpreteer is, gee 'n baie goeie raamwerk waarin 'n mens kan nadink oor gewone lesers in Afrika in verhouding tot die Bybel en die fokus van akademiese omgang met die Bybel in Afrika.

- Desmond Tutu het by geleentheid tot hierdie anekdote die volgende frase bygevoeg: "And we got the better deal!" (West 2002b:31). Daarmee wou hy moontlik iets van die bevrydende aard van die Bybelteks weergee. So eis Tutu die Bybel vir Afrika op. Die Bybel word derhalwe gesien as 'n boek van bevryding.
- Takatso Mofokeng, meen egter nie dat dit die hele verhaal van die Bybel vertel nie. Hoewel die Bybel as bevrydende instrument gebruik kan word, is dit ook aangewend as 'n instrument van onderdrukking: "(T)here are numerous texts, stories and traditions in the Bible which lend themselves to only oppressive interpretations and oppressive uses because of their inherent oppressive nature" (West 2002b:31). Robert Carroll (2001:193-196) sluit by Mofokeng aan as hy sê: "I had known from many years, the Bible was itself part of the problem and not just part of the solution... the Bible is an unsafe text. Taken by itself the Bible is as much an instrument of oppression as ever it was a book of liberation. What it is or what it becomes all depends on the attitudes, ideologies and skills of the readers. It is the Bible plus the radical critique in favour of the emancipation

voice of a literate few, who assume they speak on behalf of the voiceless, is heard." Draper (1996:59) sluit hierby aan en meen: "In Southern Africa, by way of contrast, the vast majority of people are living in a context of either primary orality or, for most, of residual orality. This does not mean that they do not read or write, although many do not. It certainly has nothing to do with intellectual ability... Rather they function in an oral culture in which text plays a minimal role."

project of the Enlightenment which operates for and towards liberation.” Die onontbeerlike waarde van die kritiese lees van die Bybelteks kom na vore in hierdie aanhaling. Dit is dan ook die uitdaging vir sosiaal-betrokke, kritiese en akademiese lesers, nl. dat hulle die onderdrukkende aard van die Bybelteks moet verlig in oorleg met gewone lesers. Akademiese lesers het as taak die ontmaskering van onderdrukkende ideologieë in die Bybelteks aangesien “our training gives us access to choices and resources ordinary indigenous readers do not have access to. This does not make us better readers of the Bible, as many of us would acknowledge, but it does make us different” (West 1997:329).

- Musa Dube se interpretasie van die anekdote wys sigbaar iets van haar post-koloniale feministiese benadering soos reeds bespreek in die eerste deel van hierdie hoofstuk. Sy belig die geweld van die koloniale proses, maar problematiseer ook die geslagsrolle in die verhaal ten einde die emansipasie van vroue moontlik te maak. “The story of imperialism speaks of white males versus ‘we’, the Africans. In both cases women are either subsumed or absent. The absence in many ways captures gender relationships and oppression in imperialism, that is, both women and men of certain nations participate together in oppressing women and men of distant countries” (West 2002b:32).
- Tinyiko Maluleke vra na die betekenis van die verwysing in die anekdote dat die Afrikane die Bybel ‘het’. Die rede vir die vraag sluit aan by ‘n vorige punt wat reeds in hierdie bespreking aangeraak is, naamlik dat daar nie eintlik so ‘n duidelike prentjie bestaan van hoe gewone lesers in Afrika waarlik met die Bybelteks omgaan nie. Maluleke (2002:154) meen: “The time has come for Black and African theologians to confront some of the basic presuppositions on which they have been built. This matter seems to me as one fruitful way in which we can navigate the historic seas in which we swim at the moment. Both Black Theology and African Theology have largely been based on the assumption that Christianity and its Bible are popular among a large section of society and have as such become, for better or for worse, key and influential ‘text’ in African life.” Maluleke gaan voort in sy argument en meen “while many African Christians may mouth the Bible-is-equal-to-the-Word-of-God formula, they are actually creatively pragmatic and selective in their use of the Bible so that the Bible may enhance rather than frustrate their life struggles” (West 2001a:48). Hierdie opsomming van Maluleke se waarnemings van ‘n gewone Afrika-leser se

benadering tot Bybelteks sluit sterk aan by die gedagtes van Wimbush wat meen dat daar by gewone lesers 'n groter mate van onbevangendheid met Bybelteks is as in die akademiese proses: "Their strategies reflect a hermeneutic characterized by a looseness, even playfulness, vis-à-vis the biblical texts themselves" (West 2001a:43).

Uit die bespreking van die rol van die gewone leser in die hermeneutiese proses kan nou reeds die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

1. Die gewone leser en die konteks⁴⁹ van die gewone leser speel 'n baie belangrike rol in die Afrika-hermeneutiese raamwerk. Die wisselwerking van die kontekstuele aard van die Bybelteks en die sosio-kulturele konteks van die Bybelinterpreteerder bepaal die agenda vir die Bybelwetenskappe in die Afrika-konteks.⁵⁰ 'n Afrika-hermeneutiese raamwerk is dus betrokke by die leefwêreld van gewone lesers. West (2005:49) ondersteun die werk van Stephen Fowl in dié verband: "All interpreters come to the Bible (or any text) with two sets of interests, what may be called interpretative interests and life interests... Interpretative interests are those dimensions of the text that are of interest to the interpreter, while life interests are those concerns and commitments that drive or motivate the interpreter to come to the text. Life interests come from our experience of the world and from our commitment to the world. Interpretative interests are different, and specifically concern those dimensions of the text that interests us as readers." Een van die mees ingrypende bydraes wat gemaak word vanuit Afrika is dus 'n besondere sensitiwiteit vir die interpretasie-konteks: "...to reflect on what it means to interpret the Bible in a context of cultural crisis, a context where interpretations matter" (West 1999:15). Du Toit (1998:370) sluit hierby aan: "African Hermeneutics is a contextual hermeneutics, aware of the legacy of colonialism, the history of African oppression and exploitation, but

⁴⁹ Punt (2002:428) meen ter staving van hierdie punt: "The interpretation of the Bible is always done perspectively, whether the particular perspective is admitted or unconsciously assumed. The Bible is never interpreted *tabula rasa*, as much as people do not live or exist with 'empty minds.'"

⁵⁰ Abogunrin (1986:14) meen dat akademici in Afrika nie anders kan as om kontekstueel te funksioneer nie: "Biblical scholars in Africa cannot come to the text in a personal vacuum, but rather with the awareness of the concerns stemming from their cultural background, contemporary situation and responsibility to the Church."

determined to recover African identity and formulate a theology which takes cognisance of African culture and African Traditional Religions. African Hermeneutics is an understanding of Africa, by Africans, for Africans.”

2. Geskoolde akademiese lesers bring met hulle ‘n aantal kritiese instrumente mee wat gewone lesers kan help in die gesamentlike leesproses: “In any reading of the Bible in the interface between trained and ordinary readers there is a great deal that ordinary readers can discover and recover in texts using their own resources, provided there is some facilitation of this process” (West 1996:34).
3. In die Afrika-hermeneutiese projek gaan dit juis oor die interaksie tussen gewone lesers en akademiese lesers. Hierdie ontmoeting tussen gewone en akademiese lesers is egter nie sonder problematiek nie en die implikasies van mag en magstrukture moet nie buite rekening gelaat word nie. “(I)t becomes clear that the node ‘critical/ordinary’ is also the cross-over point of at least the following contrasts: ‘dominant/dominated,’ ‘theoretical/empirical,’ ‘male/female,’ ‘text centred/oral centred,’ ‘exegesis/theology’ ‘North/South” (Lategan 1996:244). Hierdie magsrealiteite moet in die gewone/akademiese leser-interaksie in gedagte gehou word.
4. Die leesproses in ‘n Afrika-hermeneutiese raamwerk impliseer die saamleesproses waarby beide akademiese en gewone lesers betrokke is.⁵¹ Die ‘lees met ander’-proses mag egter nie net ‘n rookskerm wees vir ‘n akademiese lesing nie. “We can only move beyond ‘speaking for’ and ‘listening to’ the poor and marginalized if we are willing to enter into a ‘speaking with”” (West 1996:25). Dit is in die diversiteit van leefwêrelde wat die kreatiwiteit van hierdie hermeneutiese raamwerk gesetel is: “Difference must be not merely tolerated, but seen as a fund of necessary polarities between which our creativity can spark like a dialectic. Only then does the necessity for interdependency become unthreatening” (West 1996:25).

⁵¹ Nadar (2006:349) meen dat die ‘saamlees’-proses sekere uitdagings en verantwoordelikhede aan akademiese bied. “As a socially engaged biblical scholar, the most important function that a hermeneutic of transformation can provide in the academy is that it can highlight my role as an activist. At the heart of such a scholar’s reasoning should be the transformation of the community.”

5. Die Bybel impliseer nie bloot net die teks wat voor lesers lê tydens die leesproses nie, maar ook die ideologiese bagasie daaraan gekoppel. In die leesproses is die dekonstruksie van die Bybel as konsep dus belangrik.⁵²
6. 'n Afrika-hermeneutiese raamwerk is gefokus op sosiale en maatskaplike transformasie. Aangesien gewone lesers vanuit alledaagse kontekste die agenda bepaal, is die resultaat van 'saamlees' ook gerig op die verandering van daardie kontekste.

2.3.3 Metodologiese implikasies van 'n Afrika-hermeneutiese raamwerk

'n Afrika-hermeneutiese raamwerk is nie 'n poging tot die ontwikkeling van 'n nuwe metode tot Bybelinterpretasie nie: "An African hermeneutic is rather a hermeneutical stance or disposition according to which, and in service of which, a whole variety of exegetical methods or tools are used" (Jonker 2005a:637). Hierdie diversiteit van interpretasie-instrumente word aangewend in die bepaalde interpretasie-konteks waar Bybelteks en leser met mekaar in interaksie kom. Dié benadering neem dus die versoek van Daniel Patte (1995:29) ernstig op: "What is needed is a practice of biblical study that accounts for the multiplicity of readings, related to the variety of contexts from which readers read." Patte se kritiekpunt op Westerse androsentriese teks-interpretasies is juis dat dit as normatief beskou is: "These terms (Androcentrism and Eurocentrism) express the fact that the male and European perspectives, approaches, methods, and interpretations are taken to be normative and universal and therefore posited as the only legitimate ones" (Patte 1995:25). Buite hierdie perspektiewe is daar dus geen ander waarheid nie. Die paradigmaskuif wat Patte maak, is die erkenning van die belang van 'ander' in die interpretasieproses, asook die konteks van die 'ander': "(H)ow can we ignore our ethical responsibility for exegeses that deny any validity to the experiences, culture, identities, and ethical concerns of these groups?" (Patte 1995:22). Patte vra dus dat Bybel-interpreteerders nie hulle eie verstaanskontekste moet verrai nie. Daar moet eerder ruimte gemaak word vir 'n

⁵² In Afrika hermeneutiese praktyk word veral die koloniale ideologie bevraagteken. Sugirtharajah (1998:15) meen in die verband: "Colonial reading can be summed up as informed by theories concerning the innate superiority of Western culture, the Western male as subject, and the natives, heathens, women, blacks, indigenous people, as the Other, needing to be controlled and subjugated. It is based on the desire for power/domination...The current move towards a postcolonial biblical criticism, seeks to overturn colonial assumptions."

gesprek tussen mense wat die Bybel verskillend interpreteer as gevolg van hulle verskillende interpretasie-kontekste, asook die verskillende hermeneutiese instrumente wat aangewend word in die proses van Bybelinterpretasie. Teksinterpretasies verskil immers omdat Bybel-interpreteerders op verskillende dimensies van Bybeltekste reageer na gelang van die eiesoortige interpretasie-konteks waarin die Bybel gelees word.

'n Afrika-hermeneutiek neem die verskil in konteks van verskillende interpreteerders in ag. Hierdie fokus op konteks sluit nie net die konteks in waarin die teks geïnterpreteer word of die konteks van die interpreteerder nie, maar is 'n veel ryker konsep. In die aanwending van 'n verskeidenheid interpretasie-instrumente, soos wat deur 'n Afrika-hermeneutiese proses voorgestel word, word 'n verskeidenheid van ander kontekste ook in berekening gebring. Jonker (2005a:640-641) meen dat die volgende onder meer onder die term 'konteks' verstaan behoort te word:

- “Productive contextuality: one first has in mind all those different contexts, spanning over ten or more centuries, within which all the diversity of biblical literature was produced.
- Rhetorical contextuality: refers to those realities that are constructed in biblical texts.
- Literary contextuality: is manifested in the various literary contexts that are embodied in the corpus of biblical writings.
- Canonical contextuality: In the final formation of the Bible there were various theological considerations that interacted with socio-political condition in order to bring about what is called the biblical canon.
- Meta-theoretical contextuality: since the conclusion of the canonization processes various traditions of interpretation of the Bible have emerged.”

Om die bogenoemde kontekstuele diversiteit tot sy reg te laat kom, moet gestreef word na 'n inter-kontekstuele model: “What we should be looking for is not in the first place contextual authenticity, but rather contextual integrity, that is, an approach to biblical interpretation that brings into interaction all those dimensions of contextuality...” (Jonker 2005a:642).

Beide Jonker (2005a:643) en Patte (1995:28) bepleit dus 'n multidimensionele, kritiese, kommunale benadering tot teksinterpretasie. In hierdie tipe benadering sou daar ruimte wees vir 'n diversiteit van interpretasies binne 'n kommunale gesprek: “A communal approach would rather appeal to the diversity of (South) African scholars

to come to the liminal space of community in order to share, to contradict, to influence, to change one another's interests in terms of the whole spectrum of contextualities involved in biblical interpretation" (Jonker 2005a:645).

2.3.4 Interkulturaliteit as uitvloeisel

Hierdie gerigtheid van 'n multidimensionele kritiese kommunale benadering maak dit moontlik om te beweeg van 'n multikulturele posisie na 'n interkulturele posisie, d.w.s. die beweging van die toleransie van kulturele verskille na waarlike interaksie tussen agente van verskillende kultuurgroeperings (Jonker 2007a:483).

Akper (2006:1) meen: "Multiculturalism suggests that there are sets of values, belief systems, ways of life or ideologies competing, in ethical perspective for... 'high moral ground', these inevitably produce... 'cultural wars' as different groups are expressing different sets of values that find their legitimating moral base in different meat-narratives". Onderliggend tot hierdie definisie funksioneer die gedagte van toleransie maar ook die onderliggende stryd tussen verskillende kultuurgroepe. "Interculturality also implies a plurality of cultures. However, there is a high level of interaction between the cultures. There is communication, willingness to embrace and listen to one another. There is dialogue between cultures. The set of values are still different, just as they are different in multicultural environments. But instead of resentment arising for the myths that legitimate the various actions and worldviews, there is an interface between the various sets of cultures and therefore values and theologies arising from the cultures" (Akper 2006:2). Jonker (2007a:483) sluit by die sosioloog Johann Groenewald aan wanneer hy sê dat kulture as sulks nie in 'n interkulturele raamwerk met mekaar in aanraking kom nie, maar agente van daardie kulture: "According to this view cultures do not meet – rather, people from different cultures meet. Interculturality is therefore a personally driven strategy to overcome 'othering'."

Hierdie siening sluit aan by Robert Vosloo se beskrywing van 'n etiek van gasvryheid. Vosloo (2003:66) meen: "The challenge posed by the moral crisis does not merely ask for tolerance and peaceful co-existence or some abstract plea for community, but for an ethos of hospitality. The opposite of cruelty and hostility is not simply freedom from the cruel and hostile relationship, but hospitality. Without an ethos of hospitality it is difficult to envisage a way to challenge economic injustice, racism and

xenophobia, lack of communication, the recognition of the rights of another, etc. Hospitality is a prerequisite for a more public life.”

Dit is hierdie openheid tot die ‘ander’ wat deur ‘n Afrika-hermeneutiese raamwerk aan Bybelwetenskaplikes en Bybel-interpreteerdes aanbeveel word. Miroslav Volf verduidelik die uitgangspunte en implikasies van hierdie openheid teenoor die ander, wat as basisbeginsel dien vir die etos van gasvryheid, aan die hand van ‘n treffende beeld. In sy nadenke oor identiteit,⁵³ andersheid en rekonsiliasie kom omhelsing as basismetafoor sentraal na vore. Die hermeneutiese raamwerk van hierdie studie het as oogmerk die ‘drama van omhelsing’ soos deur Volf beskryf.⁵⁴ In die uitspeel van die

⁵³ Volf (1996:16) identifiseer identiteit en andersheid as sleutelkonsepte in die verstaan van dié dinamika binne ‘n etiese en kulturele pluralistiese konteks. Hy onderskei in ooreenstemming met die bevindinge van Charles Taylor se baanbrekersartikel, *The politics of recognition*, tussen die volgende: “...between the typically modern ‘politics of equal dignity’ and the recently discovered ‘politics of difference’. The politics of equal dignity seeks to establish what is ‘universally the same, an identical basket of rights and immunities’. Not so in the case of politics of difference. With a politics of difference, what we are asked to recognize is the unique identity of this individual or group, their distinctiveness from everyone else. The idea is that it is precisely this distinctness that has been ignored, glossed over, assimilated into a dominant or majority identity. And this assimilation is the cardinal sin against the idea of authenticity.” Vosloo se werk aangaande die uitdagings van gasvryheid sluit goed hierby aan. Vosloo (2004:69-71) wys twee identiteitsdefinisies af. Ten eerste: “A Christian ethic of hospitality challenges the notion of an enclosed identity in which the aim is to protect my/our identity by insulating me or us for what is different and other. It thus serves as a reminder not to emphasise identity in such a way that it becomes sectarian and parochial, in short, totalitarian.” Ten tweede, identiteit “... is not to be equated uncritically with a liberal, romantic openness towards otherness... For an ethic of hospitality this implies that it is a false option to ‘ignore’ identity in modernistic fashion.” Opsommend meen Vosloo dus: “What is needed is not an emphasis on identity as such, nor on the alienation for identity, but an emphasis on a certain kind of identity – an identity open to the other and otherness.” Vosloo definieer identiteit en andersheid vanuit die Triniteit: “...(T)he notion of *perichoresis* seems to imply that there is a reciprocity and inter-dependence between the three persons of the Trinity. This suggests that God is not an eternal solitude, but a timeful communion. There is plurality within God.” In God is daar dus ‘n dans van identiteit en andersheid. Die implikasie vir nadenke oor menslike identiteit is dus dat identiteit (ons unieke aard) in verhouding tot ander bestaan. Identiteit impliseer gemeenskap – wat juis goed tot uitdrukking gebring word in Volf se omhelsingmodel.

⁵⁴ As simbool vir die ideale interaksie tussen sosiale agente van verskillende kultuurkontekste gebruik Volf die ‘*Drama van Omhelsing*’ wat in vier strukturele elemente opgesom kan word, nl. die oopmaak van die arms, die aksie van wag, die sluit van die arms en dan weer die oopmaak van die arms:

‘drama’ in die konkrete interkulturele gespreksruimte word dit moontlik dat die stem van die individu tot sy/haar reg kom in die kommunale interaksie.

Vir sosiale agente om hierdie openheid tot interaksie en transformasie wat ontstaan vanuit kulturele interaksie met die ‘ander’ te ontwikkel, ontstaan daar die behoefte om op ‘n nuwe manier oor kultuur⁵⁵ te dink. Die punt is nie dat sosiale agente moet terugdeins van die feit dat hulle deel is van ‘n spesifieke kultuursamestelling nie, maar eerder dat hulle gefokus moet wees daarop om nie gevange geneem te word deur hulle kultuur en dan ander te oordeel vanuit die verhewe selfbeheptheid van daardie kultuur nie. Sosiale agente moet die regte verhouding tot kultuur aanleer: “The answer lies, I propose, in cultivating the proper relation between distance from culture and belonging to it” (Volf 1996:37). Want, meen Volf (1996:50) verder: “Belonging without distance destroys... and distance without belonging isolates.” Die gevaar lê dus nie in die behoort tot ‘n kultuurgroepering nie, maar eerder in die verhewendheid wat soms aan ‘n sekere kultuurgroep gekoppel word en die uitsluiting van ander omdat hulle nie tot die groep behoort nie. “The other side of the history of inclusion is

“Act one: opening the arms. Open arms are a gesture of the body reaching for the other. They are a sign of discontent with my own self-enclosed identity, a code of desire for the other. I do not want to be myself only; I want the other to be part of who I am and I want to be part of the other. More than just a code for desire, open arms are a sign that I have created space in myself for the other to come in and that I have made a movement out of myself so as to enter the space created by the other.

Act two: waiting. The open arms reach out but stop before touching the other. They wait. By opening the arms, the self has initiated the movement toward the other, a movement for whose justification no invitation from the other is needed and no reciprocation on the part of the other necessary, a movement which is itself an invitation to the other and for whose justification, therefore, the simple desire of the self not to be without the other suffices.

Act three: closing the arms. This is the goal of embrace, the embrace proper, which is unthinkable without reciprocity; each is both holding the other and being held by the other, both are active and passive. In an embrace a host is a guest and a guest is a host.

Act four: opening the arms again. Embrace does not make ‘two bodies one’ by transforming the boundary between bodies into the seam that holds together one body. The other must let go finally, so that the ‘negotiation of difference’ which can never produce a final settlement, may be continued” (Volf 1996:141-145).

⁵⁵ Hofstede se dinamiese kultuurbeskouing word in Hoofstuk 4 van hierdie proefskrif deeglik hanteer aan die hand van sy vyf dieptedimensies van kultuur. Hofstede (2001:9) definieer kultuur as volg: “I treat culture as the collective programming of the mind that distinguishes the members of one group or category of people from another.”

a history of exclusion. The very space in which inclusion celebrates its triumph echoes with the mocking laughter of victorious exclusion” (Volf 1996:62).

2.4 Feminisme en Afrika-hermeneutiek as hermeneutiese raamwerk

Die teoretiese uitgangspunte van Feminisme en Afrika-hermeneutiek vind neerslag in die kommunale gespreksruimte wat ontstaan as Bybelinterpreteerders vanuit diverse kontekste mekaar ontmoet. In oorleg met die bogenoemde bespreking van Feminisme word die stem van die individu, soos dit kontekstueel ingebed is, as belangrik geag. Die kommunale ruimte soos dit ontwikkel vanuit die uitgangspunte van die Afrika-hermeneutiek bied ‘n veilige ruimte waarin die stem van die individu tot sy/haar reg kan kom.

Hierdie uitgangspunte word in hierdie studie konkreet bestudeer as kultureel-diverse vroue mekaar ontmoet rondom ‘n kultureel-verwyderde Bybelteks. Die rol wat mag en ideologie speel in hierdie konkrete interkulturele gesprek is die primêre fokus van die empiriese studie wat later in die proefskrif aan die orde kom.

In Hoofstuk 3 word egter eers ‘n deeglike eksegetiese studie van die Bybelteks gedoen ten einde die ontstaans-, oordrag- en interpretasiekonteks daarvan in berekening te bring. Daarna ondersoek die empiriese studie die interkulturele interaksie wat ontstaan as kultureel-diverse vroue die teks bespreek in ‘n kommunale gesprek.

AFDELING B

Hoofstuk 3

Eksegetiese studie

3.1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstuk het ek die hermeneutiese raamwerk van hierdie studie duidelik omskryf. Vanuit hierdie omskrywing kan die afleiding gemaak word dat hierdie studie spreekwoordelik op twee bene staan. In die eerste plek bepleit die feministiese been dat elkeen vanuit sy/haar eie ervaringswerklikheid 'n unieke en eiesoortige stem het. Soos aangedui, ontwikkel hierdie stem vanuit elke individu se interaksie met sy/haar konteks. Die tweede hermeneutiese been van die studie, Afrika-hermeneutiek, beskryf 'n konteks waarbinne die diversiteit van stemme tot hul reg kom. Die interkulturele Bybelleesproses poog om 'n geleentheid te skep waarin elke individu tot sy/haar reg kan kom. Gesamentlik help skep hierdie uitgangspunte die moontlikheid van 'n ware multidimensionele lees van die teks.

Om beter te verstaan hoe hierdie teoretiese interkulturele gesprek konkreet daar uitsien en hoe mag en ideologie in hierdie gesprekke funksioneer, word 'n Ou Testamentiese narratiewe teks, 2 Samuel 13, as gespreksdokument gebruik.⁵⁶ Die teks dien as die basis vir die gesprek wat gaan plaasvind tussen vroue wat 'n diversiteit van kontekste verteenwoordig. Die gesprek is dus interkultureel van aard. Nie net ontmoet

⁵⁶ Ek gebruik in hierdie studie 'n Bybelteks as gespreksdokument. Jonker (2006:24) wys daarop dat 'n keuse vir 'n Bybelteks as gespreksdokument die gevare en voordele van die keuse in gedagte moet hou. Hy verwys aan die een kant na die gevare as hy meen: "On the one hand, we should certainly be aware of the 'danger' of biblical interpretation. The interpretation of the Bible does not escape the influence of pervasive ideologies." Daarteenoor verwys hy ook na die voordele: "On the other hand, the Bible simultaneously is a powerful tool that crosses boundaries. It is estimated that more than 70% of the South African population confess to the Christian religion. People from all cultures, ethnic groups, genders and sexual orientations belong to the Christian part of the South African society. The Bible is a common denominator for them, as it is regarded as authoritative in their religious practice. The Bible is determinative in the values and norms pursued by this part of society. 'Bible reading' is therefore an activity that cuts across cultural, racial and gender boundaries in South Africa." As gevolg van my bewustheid van die gevare van Bybelinterpretasie word 'n deeglike ideologiese analise van die teks gedoen. Die voordele van die keuse vir die gebruik van 'n Bybelteks vir die doeleindes van die studie blyk egter duidelik uit Jonker se opsomming.

vroue vanuit diverse kultuuragtergronde mekaar nie, maar hulle word ook ontmoet deur die kulturele wêreld wat die teks begrond. Die Bybelteks is ten opsigte van afstand en tyd van die leser verwyder en daarom dikwels vreemd en onbekend.

Vir die teks om tot sy reg te kom in die gesprek, is 'n deeglike analise daarvan nodig. Hierdie hoofstuk poog dan om, met bogenoemde in ag genome, 'n deeglike multidimensionele analise van die teks te doen.

3.2 Redes vir tekskeuse

Die keuse van 'n Ou Testamentiese narratiewe teks as gesprekdokument word geïnformeer vanuit my hermeneutiese verwysingsraamwerk en die fokus van die empiriese studie. Die hoofkriteria vir my keuse van die teks sien as volg daaruit:

- a. Die Bybel is 'n veelbesproke en welbekende teks wat vir gelowiges sowel as nie-gelowiges as 'n goeie vertrekpunt vir 'n interkulturele gesprek kan dien. Gelowige deelnemers sou met gemak vanuit hulle onderskeie geloofstradisies op die Bybelteks kon reageer, terwyl nie-gelowiges vanuit 'n sekulêre perspektief standpunt sou kon inneem.
- b. Ek kies doelbewus 'n narratiewe teks met 'n maklike verteltrant. Robert Alter (1992:39) verwys in sy literêre benadering tot tekste hoe mense byna meer geredelik tot 'n narratief aangetrokke voel omdat hulle met die karakters van die teks kan omgaan soos met mense in hul alledaagse leefwêreld. 2 Samuel 13 is 'n narratiewe teks waarin karakters aan mekaar verbind is in 'n plot/storielyn-konstruksie. Die verhaal sentreer rondom 'n bepaalde insident en die karakters se interaksie word weergegee. Die teks het 'n veelkantige dinamika. Die diverse karakters met eie agendas, ingemessel in 'n familiedrama wat met die verloop van tyd meer intens raak, skep 'n verhaal vol intrige met verskeie invalshoeke. In hierdie vloeibare dinamika is die potensiaal vir gesprek geleë.
- c. Ek kies ook in besonder 'n narratiewe teks omdat ek glo dat ons 'ken' vanuit stories. Ons vind ons identiteit in stories en maak ook so sin van ons leefwêreld.⁵⁷
- d. Die Feminisme informeer die tekskeuse op 'n aantal maniere: Ten eerste moes die teks, as gevolg van die Feminisme se sentrale fokus op persoonlike ervaring, lesers op 'n eksistensiële vlak raak. In die teks ontmoet ons gewone mense

⁵⁷ Sien in dié verband veral Ackermann (2001:18-19).

(karakters) met tasbare lewensomstandighede. Lesers word genooi om vanuit hulle eie ervarings te identifiseer met die ervarings van die karakters. Hierdie identifikasie of gebrek daaraan dien as basis vir die interkulturele gesprek.

Ten tweede bring die verkrachtingsverhaal die kwesbare rol van vroue in die samelewing na die oppervlak. Omdat dit steeds 'n tema is wat besonder sensitief is, vorm dié besondere teks 'n goeie wegspringplek vir gespreksvoering, veral tussen mense wat aan uiterste kante van die spektrum in die samelewing staan. Phyllis Tribble beskryf hierdie teks as 'n "text of terror" (1984:37-64). Die teks breek egter die stilte. Vroue in 'n hedendaagse konteks van geweld en armoede kan dalk op 'n besondere manier identifiseer met die vrou in die teks wat ook geen stem gegun word nie.

Ten derde plaas Feminisme die fokus op die liggaam. So dikwels word die liggaam as iets negatiefs beoordeel vanuit 'n platoniese denkraamwerk. Die wandaad wat aan Tamar se liggaam gedoen word, staan nie buite die verhaal van die misbruik van mag nie. Tamar is ook haar liggaam. Die teks en die sentrale rol wat aan die liggaam gegee word, mag ons dalk help met die proses van beliggaming. Die teks mag vroue, in 'n samelewing wat daartoe aanleiding gee dat die liggaam negatief beoordeel word, dalk weer nuut laat kyk na hul eie liggame en die waarde wat daaraan gekoppel word. In Tamar se verhaal hoor 'n mens iets eggo van die gebrokenheid van ons eie konteks waar die liggaam van die vrou heel dikwels nog 'n slagveld is.

Ten slotte bring die verhaal ook mag, die misbruik daarvan en voortspruitende misdade na die gesprek. Aangesien vroue en kinders dikwels die primêre slagoffers van geweld is, maak dit die teks besonder relevant in die interkulturele gesprek tussen vroue.

- e. Ook die kommunale Afrika-hermeneutiek speel 'n rol in die tekskeuse. In Tamar se woorde "...so iets word nie in Israel gedoen nie" hoor ons reeds iets van 'n kommunale etiek.⁵⁸ Die teks vra pertinente vrae oor etiese waardes wat as ruggraat dien vir ons samelewing. Wanneer ons sê dat ons in 'n gemeenskap met 'n kommunale etiek leef, gaan dit oor die bevordering van geluk van almal in daardie

⁵⁸ Ackermann (2001:22) meen in dié verband: "Tamar's cry 'for such a thing is not done in Israel' raises the issue of ethical codes of a people. She does not only cry out for the protection of her own body, but for the honour of her people. Her people are God's people. In reality, her cry is a cry to God. It is a cry for the integrity of life."

gemeenskap. Dan is elke lid van daardie gemeenskap belangrik en word stemme dienooreenkomstig nie uitgesluit nie. Alhoewel Tamar die kommunale etiek van haar gemeenskap tot verantwoording roep, word sy stilgemaak. Die teks plaas dus dalk ook 'n vraagteken oor ons gesprekspraktyke - in besonder oor wie ons in- en uitsluit.

3.3 Eksegetiese strategie

2 Samuel 13:1-22 is 'n narratiewe teks wat ontstaan in 'n spesifieke historiese konteks met bepaalde ideologiese uitgangspunte. Die teks word in die Ou Testamentiese kanon opgeneem en word op dié manier deel van die gesaghebbende literatuur van onder andere die Christelike geloofstradisie. Moderne lesers, vanuit 'n verskeidenheid kontekste, lees en interpreteer steeds hierdie verhaal⁵⁹ en vra na die relevansie daarvan vir hulle onderskeie kontekste.

Reeds vanuit hierdie enkele opmerkings is dit duidelik dat die eksegetiese strategie wat hier gevolg gaan word 'n verskeidenheid faktore moet ondervang ten einde 'n sinvolle interpretasie van die teks te bewerkstellig. In die eerste plek is 2 Samuel 13 'n narratiewe teks. Die eksegetiese strategie moet die narratiewe aard van die teks omskryf en die konsekwensie van die genre in gedagte hou in 'n poging tot interpretasie. Ten tweede ontwikkel die konseppraktyk van interkulturele gesprek rondom die Bybel vanuit die tweeledige hermeneutiese raamwerk van die Feminisme en Afrika-hermeneutiek, soos breedvoerig uiteengesit in Hoofstuk 2. Die interkulturele gesprek impliseer moderne lesers wat die teks benader vanuit uiteenlopende sosiale omgewings. Die rol van die leser in die interpretasieproses kom vanuit hierdie veronderstelling na die oppervlak. Die eksegetiese strategie moet dus die rol van die leser in die interpretasieproses in ag neem.

Die laaste primêre dimensie waaraan die eksegetiese strategie aandag moet skenk, is die ideologiese. Aangesien Bybeltekste sosiaal en literêr ingebed is, mag die ideologiese aard daarvan nie misken word nie. Die aard en funksie van ideologiese ondertone moet deeglik in berekening gebring word.

⁵⁹ 2 Samuel 13:1-22 word wel in akademiese besinnings aangewend, maar word inderwaarheid weinig deur die geloofsgemeenskap gebruik. Soos reeds voorheen aangedui, vorm die teks nie deel van klassieke leesroosters ("lectionaries") nie en word dit weinig in eredienste gebruik. Sien (Birch 1998:1306).

Ek gaan nou voort om die verskillende dimensies van die eksegetiese strategie in diepte te bespreek.

3.3.1 Narratiewe dimensie⁶⁰

Aangesien 2 Samuel 13 deel uitmaak van die narratiewe korpus van die Bybel, moet daar in die eerste plek aandag gegee word aan die narratiewe dimensies van die teks. “A coherent reading of any art work, whatever the medium, requires some detailed awareness of the grid of convention upon which and against which, the individual word operates” (Alter 1981:47).

Die aangehaalde opmerking van Alter gee ‘n aanduiding van die radikale beweging wat daar in die Bybelwetenskappe plaasgevind het vanaf die 1930’s:⁶¹ “For two hundred years western biblical criticism has been concerned with the question of historicity (the history of Israel) and with the history of biblical literature. The two ran hand in glove, for without the one the other could not be written. Despite some spectacular successes, the major failure⁶² of both programs is now becoming obvious” (Gunn 1987:66).

⁶⁰ Bal (1988:5) omskryf narratief as volg: “A narrative text is a text in which an agent relates a narrative. A story is a fabula that is presented in a certain manner. A fabula is a series of logically and chronologically related events that are caused or experienced by actors. An event is the transition from one state to another state. Actors are agents that perform actions. They are not necessarily human. To act is defined here as to cause or to experience an event.” Ska (1990:5) omskryf bogenoemde onderskeid as volg: “In other words, the ‘discourse’ is the concrete narrative, in its actual shape, that the reader has before his eyes, and the ‘story’ is an abstract reconstruction in which the reader replaces the elements of the ‘discourse’ according to a logical and chronological order and supplies what is missing.” Vanuit die onderskeiding omskryf Ska (1990:6) vervolgens narratief as volg: “By ‘narrative’ we mean first of all a literary genre distinct from poetry or dramatic art (theatre), from philosophical or theological treatises, prophetic oracles and wisdom literature, etc. But we also use it to refer to the concrete texts belonging to this literary genre (the narratives).” Afgelei van narratief “the term ‘narration’ has two meanings. First it is an equivalent of ‘narrative (narration as product, *nomen actus*) and second, it means the act of narrating (narration as process, action, *nomen actionis*)” (Ska 1990:6).

⁶¹ Hoewel die fokusverskuiwings wat in die Bybelwetenskappe plaasgevind het, in die breë beskryf is in die inleidende hoofstuk van hierdie studie, is dit tog hier nodig om met meer aandag te kyk na die skuif wat plaasvind vanaf die-wêreld-agter-die-teks na die-wêreld-van-die-teks.

⁶² Lawrie (2005a:67) som die kritiek vanuit literêre kringe teenoor die dominante historiese benadering soos volg op: “(i) When we deal with texts from the past, we never have access to all the information we would need to reconstruct the original contexts in which they were written. The elaborate historical

Literêre kritiek verander die fokus van studie van die historiese konteks waaruit 'n teks ontstaan en hanteer die teks as outonome entiteit waarin betekenis inherent voorkom. Hierdie nuwe benadering staan bekend as *New Criticism* en vind 'n sterk inslag in literêre studies in die 1930's, veral in Noord-Amerika en Brittanje. Volgens hierdie benadering word elke werk as 'n individuele entiteit beoordeel: "A literary text, then, is a meaningful unit that can and should be understood in its own right. Its meaning does not depend upon its relationship to the outside world, its context of origin and the context in which it is read. To explain this, some spoke of the literary text as a verbal icon" (Lawrie 2005a:73). Die geskrewe teks ontwikkel dus 'n eie bestaansreg wanneer dit klaar geskryf is en die teks word beskou as 'n outonome kunsvoorwerp⁶³ wat dienoooreenkomstig hanteer moet word. Die enigste manier om waarlik die unieke aard van elke individuele teks tot sy reg te laat kom, is deur "a close reading of the text itself. Although this sounds simple enough, close reading requires a sharp eye for every detail and the ability to relate various details to one another" (Lawrie 2005a:74).

Vanuit die neo-kritiek ontwikkel strukturalisme⁶⁴ onder leiding van die vader van die beweging, Ferdinand de Saussure. "Structural criticism (or exegesis) is self-consciously developed on the basis of semiotic theories – that is, the theories that

reconstructions upon which historical critics based their interpretation of certain texts were often highly speculative (that is they depended on guesswork). As a result different critics reached different conclusions and there was no way of telling who was right. (ii) Sometimes we do know quite a lot about a particular historical context... this may help us to interpret certain passages... (but) (h)istorical studies do not help us to understand why certain texts remain meaningful to readers over many centuries. (iii) In everyday life, we seldom need to engage in historical studies before we reach an understanding of a text..."

⁶³ Lawrie (2005b:73) verwys na hierdie beginsel van *New Criticism* as: "The poem as a poem: New Criticism insisted that the job of literary criticism is to study literature as literature. Certainly, some literary texts also express philosophical, theological, moral or social views, but it is not these views that make a text a literary text."

⁶⁴ *New Criticism* beklemtoon die outonome aard van tekste en meen dat betekenis gevind word in 'n dieptelesing van individuele tekste. Strukturalisme meen dat literêre konteks belangrik is vir die interpretasie van tekste. "(M)eaning of a sign is fully determined solely by its place in the context of the system of which it is part. Each sign is part of a system of signs and its meaning is not determined by anything outside the system. It is determined by the internal relationship amongst the signs within the same system of signs" (Lawrie 2005b:78).

extend structural linguistic theories. It is called 'structural' because, according to these theories, a text is meaningful for readers only insofar as they recognize (1) different features in this text and (2) an interrelation – a structure – among the different features" (Patte 1999:183). Die betekenis van die teks is volgens hierdie benadering afhanklik van die plek wat dit inneem binne 'n literêre kanon: "The meaning of a text is a function of its place in a literary canon... which both determines what meaning a new work is capable of bearing and, in turn, is modified in its overall meaning every time a significant new work is added to it" (Barton 1984:151).


Die neo-kritiek en strukturalisme bring 'n verskuiwing in die fokus van literêre studies. Hierdie benaderings vind ook inslag in die bestudering van die Bybel: "The term 'narrative criticism' in biblical studies is a loose one... since the late 1970's it has sometimes been used broadly of literary-critical, as opposed to historical-critical, analysis of biblical narrative, from a variety of methodological standpoints. Often that has meant interpreting the existing text (in its 'final form') in terms primarily of its own story world, seen as replete with meaning, rather than understanding the text by attempting to reconstruct its sources and editorial history, its original setting and audience, and its author's or editor's intention in writing. More specifically the term has been used for formalist analysis, especially in a New-Critical vein, where the critic understands the text to be an interpretable entity independent of both author and interpreter. Here meaning is to be found by close reading that identifies formal and conventional structures of the narrative, determines plot, develops characterization, distinguishes point of view, exposes language play, and relates all to some overarching, encapsulating theme" (Gunn 1999:201).⁶⁵ Dié benadering in Bybelse narratiewe kritiek word veral verken deur Meir Sternberg,⁶⁶ Robert Alter,⁶⁷ Shimon Bar-Efrat,⁶⁸ Adele Berlin,⁶⁹ Phyllis Trible⁷⁰ en Mieke Bal.⁷¹

⁶⁵ Tolmie (1999:1) sluit by Gunn aan as hy narratiewe kritiek omskryf "as the systematic study of the typical features of narrative texts. Narratology is based on the assumption that certain characteristics (universals) are found in all narrative texts – from antiquity until modern times. These characteristics are then integrated and presented in terms of narratological frameworks that can be used for the analysis of individual narrative texts."

⁶⁶ Sien veral: Sternberg, 1985. *The poetics of Biblical narrative: Ideological literature and the drama of reading*.

⁶⁷ Sien onder andere: Alter, 1981. *The art of Biblical narrative en 1992. The world of Biblical literature*.

Narratiewe teorie, waarvan die ontwikkeling pas bespreek is, bied aan ons die basiese instrumente waarmee ons die onderlinge elemente van narratiewe kuns kan identifiseer, interpreteer en dienooreenkomstig beter kan verstaan.⁷² Tolmie bied in die verwerking van Seymour Chatman se werk ‘n sinvolle basiese raamwerk vir die beskrywing van die onderlinge elemente wat narratiewe analise impliseer. Tolmie (1999:6) meen: “As a starting point (for narrative analysis) a basic framework is needed. Since the process whereby a narrative is transmitted from the author to the reader must basically be viewed as a process of communication, it seems best to use a model developed for analyzing communication as the basic framework.” Hy stel hierdie basiese raamwerk skematies as volg voor (Tolmie 1999:6):



Die algemene bespreking van die dimensies wat in ‘n narratiewe analise voorkom, impliseer bogenoemde skematiese voorstelling en sal die dimensies wat daarin voorkom, verhelder.

3.3.1.1 Die verteller

Daar bestaan dikwels verwarring oor die verteller van ‘n verhaal teenoor die skrywer van ‘n verhaal. Die skrywer van die verhaal word in die skema voorgestel as ‘the real author’ en verwys na die persoon wat fisies die verhaal geskryf het. Benewens die regte outeur is daar ook ‘n geïmpliseerde outeur in die verhaal: “(T)he implied author

⁶⁸ Sien: Bar-Efrat, 1989. *Narrative art in the Bible*.

⁶⁹ Sien: Berlin, .1983. *Poetics and interpretation of Biblical narrative*.

⁷⁰ Sien: Tribble, 1984. *Texts of terror: Literary-feminist readings of Biblical narratives*.

⁷¹ Sien: Bal, 1987. *Lethal love: Feminist literary readings of biblical love stories*, en Bal, 1988. *Narratology: Introduction to the theory of narrative*.

⁷² As basis vir die bespreking van verskillende dimensies van narratiewe teorie gebruik ek die werk van Jean Louis Ska, 1990. *Our fathers have told us. Introduction to the analysis of Hebrew narratives*, aangevul onder andere deur die werk van Alter, Bal en Berlin en meer resent Lawrie.

is a projection of the real author into the work” (Ska 1990:41). Hierdie term kan maklik tot verwarring lei aangesien dit deur verskillende kritici verskillend gebruik word.⁷³ Die verteller, daarenteen, is ‘n stem wat deur die skrywer geskep word om die verhaal te vertel en is binne die verhaal hoorbaar. “The narrator is always present in the narrative as part of its structure even after the author’s death, because he is the ‘voice’ that tells the story” (Ska 1990:44). Die klassieke verteller, wat ons dan dikwels in Bybelse narratief teëkom, is alomteenwoordig en alwetend.⁷⁴ Niks is aan die verteller verborge nie en die verhaal word aangebied vanuit die posisie van meerdere kennis wat hierdie verteller het.

3.3.1.2 Tyd

“The notion of time is fundamental to narratives not only because they recount events that happened in time but especially because the act of narration supposes a certain time and an arrangement of events in a certain temporal order” (Ska 1990:7). ’n Onderskeiding word hoofsaaklik gemaak tussen ‘vertelde tyd’, met ander woorde, die tyd wat verloop binne die vertelling, en ‘verteltyd’, die tyd wat dit neem in woorde, sinne en bladsye om ‘n verhaal tot sy reg te laat kom. Die pas waarteen ‘n verhaal vertel word, kan dus afgewissel word. Beskrywings wat ‘n lang verloop van tyd impliseer, kan in kort weergegee word en kort episodes kan met groot omslagtigheid hanteer word. Die verteller kan ook die kronologiese volgorde van gebeure verander en op dié manier die spanningslyn van die verhaal verander. ‘Analepsis’ verwys na die vertelling van gebeure nadat dit kronologies plaasgevind het en ‘prolepsis’ verwys na ‘n vooruitskouing van gebeure. Die verandering in tempo en kronologiese volgorde

⁷³ Tolmie (1999:6-7) verwys na twee moontlike maniere waarop die term gebruik kan word. “The first option is to define the implied author in the sense of ‘the author as implied by the narrative’ or ‘the idea of the author that is formed in the mind of the reader as she/he reads the narrative text. The second option is to use the concept in a depersonified sense. If it is used in this way, it is not defined primarily in terms of its relationship to the real author, but in terms of the narrative text itself. To put it simply, it is defined in terms of the overall textual arrangement.”

⁷⁴ Die posisie van die verteller verskil na gelang van die verhaal. Ons kan onderskei tussen: (1) ‘n verteller wat van ‘n afstand ‘n verhaal oor iemand anders vertel; (2) ‘n verteller wat van ‘n afstand sy eie verhaal in die eerste persoon vertel; (3) ‘n verteller binne die verhaal wat iets waarvan hy/sy nie self deel is nie, vertel en (4) ‘n verteller binne die storie wat sy eie verhaal vertel.

laat soms oop spasies of gapings ontstaan in ‘n teks.⁷⁵ Alle inligting wat deur die verteller aangebied word, is nie noodsaaklik vir die vertel van die verhaal nie.⁷⁶ Soms word inligting egter opsetlik van die leser weerhou om so ‘n verrassingselement in te bou.

3.3.1.3 Plot/Storielyn⁷⁷

Volgens Ska (1990:17) fokus Bybelse narratiewe sterker op die handelinge wat plaasvind in ‘n verhaal as op die ontwikkeling van karakters. Die plot of storielyn van ‘n verhaal is dus die volgorde en opbou van elemente en gebeurtenisse wat aan die

⁷⁵ Alter (1981:66) meen dat die direkte aanhaling van karakters se woorde ‘n manier is waarop die verteller die pas van die verhaal vertraag en so aandag vestig op die gebeure wat in die vertelde moment plaasvind. “A proper narrative event occurs when the narrative tempo slows down enough for us to discriminate a particular scene to have the illusion of the scene’s ‘presence’ as it unfolds; to be able to imagine the interaction of personages or something personages and groups, together with the freight of motivations, ulterior aims, character traits, political, social, or religious constraints, moral and theological meanings, formed by their speech, gestures, and acts.” Deur die herhaalde keuse van direkte rede om karakters aan die leser/hoorder bekend te stel, word die karakter op dramatiese wyse na die voorgrond gebring. Ska (1990:9-12) meen verder dat die Bybelse narratief die leser soms verras met die manier waarop die tydvolgorde verbreek word. Dit vind oor die algemeen soos volg plaas: “(a) The narrative is interrupted by, and resumed after a digression; (b) the order of events is not respected in the narrative; (c) the narrative at a given point goes back to a previous state of affairs to begin the narration again from that point; (d) two narrative threads are interwoven in a single plot and ‘running’ contemporaneously; (e) different episodes or scenes are joined together hypotactically or paratactically.”

⁷⁶ Hierdie eienskap van narratiewe word bestudeer as aandag gegee word aan ‘frekwensie’. “In order to analyze the temporal aspect ‘frequency’, the issue that should be investigated is the relation between the number of times an event occurs in the ‘story level’ and the number of times it is narrated in the narrative text” (Tolmie 1999:100). Frekwensie van gebeure neem ‘n verskeidenheid vorms aan: “(i) something occurs once and is recounted more than once; (ii) something occurs more than once, but is recounted once only; and (iii) something is recounted the same number of times that it occurs” (Lawrie 2005b:101). Mees opvallend van hierdie dimensie van tyd in Bybelse narratiewe is die herhaaldelike vertelling van dieselfde gebeurtenis.

⁷⁷ Lawrie (2005a:96) wys daarop dat: “Some literary critics are of the opinion that this is the most important aspect of narrative texts. For any narrative to be a narrative, it has to have a story line or plot. Without this it would not be considered a narrative.”

verhaal struktuur gee.⁷⁸ ‘n Analise van die plot/storielyn⁷⁹ help die interpreteerder op twee belangrike maniere: “Firstly, it enables the interpreter of narratives to get a grip on the line of tension in the narrative. Secondly, and closely connected to this, it provides a way of identifying the changes the narrative wishes to bring about, whether these are changes in knowledge, change in values or change in situations” (Lawrie 2005a:96).

Die plot van ‘n narratief word verdeel in kleiner eenhede: “(W)e call the first subdivision of a larger narrative an ‘episode’ and the subdivisions of an episode ‘scenes’. In general, an episode develops its own complete ‘micro-plot’ within the macro-plot of the larger narrative, especially in an episodic plot” (Ska 1990:33). Nuwe plot-tonele word gewoonlik aan die leser bekend deur veranderings in tyd, plek, karakter of aksie. Die strukturele komponente teenwoordig in die samestelling van ‘n plot is: “exposition,⁸⁰ inciting moment,⁸¹ complication,⁸² climax,⁸³ turning point,⁸⁴ falling action, resolution, last delay and denouement⁸⁵ (conclusion)” (Ska 1990:21).

⁷⁶ Daar is twee hoofipes plot of storielyn: “(T)he unified and the episodic plot. In a unified plot, all the episodes are relevant to the narrative and have a bearing on the outcome of the events recounted. Every episode supposes what precedes and prepares for what follows. In an ‘episodic plot’ the order of episodes can be changed, the reader can skip an episode without harm; every episode is a unit in itself and does not require the clear and complete knowledge of the former episode to be understood” (Ska 1990:17).

⁷⁹ Die algemene praktyk van plot-analise gaan van die standpunt uit dat gebeure vanuit twee hoofperspektiewe beskou kan word. “On the one hand, the events in the narrative text are organized syntagmatically, that is, they are narrated one after the other. This can be called the *surface structure* of events. On the other hand, it is also possible to analyze the events in the narrative text in terms of a paradigmatic structure. In other words, the various events may also be analyzed in terms of the way in which they are related to one another, for example, in terms of the opposition that can be detected between groups of events. These relationships are not necessarily indicated on the surface level, but can be inferred in terms of the underlying logic in the text. This aspect is called the *deep structure of events*” (Tolmie 1999:64).

⁸⁰ In die eksposisie word belangrike inligting gegee oor die stand van sake voordat die verhaal begin. Hierdie inligting is onontbeerlik en vorm die verstaansplatform vanwaar die verhaal kan begin. Hierdie inligting sluit onder andere die omgewing in waarbinne die verhaal gaan afspeel, asook die hoofkarakters wat in die verhaal voorkom. Nie net die verhouding tussen die karakters word betrek nie, maar die basisverhouding tussen leser en verteller word ook hier gevestig. Dit is dikwels problematies om te onderskei tussen die einde van die eksposisie en die volgende elemente van die verhaal. Ska (1990:22) gee die volgende gebruikriglyne vir die onderskeiding: “(1) A change in time ratio...

Hoewel die strukturele elemente in die opbou van verhale onderskei kan word, maan Ska (1990:30) dat 'n verhaal 'n kreatiewe produk is wat nie altyd volgens 'n bepaalde stel reëls ingerig word nie: "One should not forget that these categories belong to the 'grammar of the narrative'. The authors apply the rules of a grammar with flexibility and creativity... It is more important to observe the movement of the narrative and its major articulations than to quibble about the terminology."

Die wyse waarop Bybelse narratiewe struktureel saamgestel word, is gebaseer op sekere algemene reëls en konvensies wat sigbaar word in Bybelse narratiewe.⁸⁶

between narration time and narrative time; (2) the passage from summary to scene and (3) a change in the direction of the reader's attention, for in the exposition, suspense is absent or minimal."

⁸¹ Die eksposisie word opgevolg deur die 'inciting moment' (snellermoment) waarin die leser blootgestel word aan die konflik of probleem van die verhaal.

⁸² Nadat die probleem van die verhaal bekend word, word oplossings nagestreef in die volgende afdeling, naamlik die 'komplikasie'. In Bybelse narratiewe word dikwels gebruik gemaak van "a staircase construction to build up the tension of the narrative and lead it to its resolution" (Ska 1990:26).

⁸³ Die 'klimaks' van die verhaal kan beskryf word as die hoogste punt in die opbou van spanning in die verhaal of die finale fase in die progressie van 'n verhaal.

⁸⁴ Die ontknoping van die verhaal gee die oplossing van die oorspronklike probleem. Voor dié moment egter in 'n verhaal bereik word, is daar dikwels nog 'n laaste poging tot die opbou van spanning wat tot 'n einde kom in die draaipunt. Die draaipunt is die moment in die verhaal waarin die leser bewus word van die resultaat wat dan noodwendig 'n afwaartse beweging in spanning tot gevolg het.

⁸⁵ In die finale konklusie van die verhaal word die resultaat van die verhaal aan die leser duidelik.

⁸⁶ Die Bybelskrywers en die konvensies waarop die skrywers se werk berus het, is egter in tyd en ruimte ver verwyderd van die moderne leser. In die klein skopus Bybelse literatuur het ons dus die artefakte van literêre kuns van 'n bepaalde ontstaanstydperk. Adele Berlin (1983:135-139) vergelyk ons begrip van Bybelse literatuur as kuns met die waardering van ander kunsvorme en meen dat "our perception of what we see is based not on absolutes, but on relationships." Om sin te probeer maak van ons persepsies van Bybelse literatuurkuns, lig sy van hierdie verhoudings uit: "Biblical narrative sets up such relationships in a number of ways. One is by narrative analogy, which invites the reader to read one story in terms of another. A second way is through character contrasts... characters, especially main characters in the Bible, tend not to be absolute." Karakters in Bybeltekste is nie staties nie, maar ontwikkel en kan dus op grond hiervan vergelyk word met ander karakters, maar ook met 'n vroeëre fase van dieselfde karakter. "Another way that biblical narrative sets up relationships is through its use of repetition and variation on it"(Berlin 1983:139).

Al hierdie tegnieke word gebruik om inligting op 'n sekere manier aan te bied. Hierdie besondere kuns van aanbidding is waarop narratiewe konsentreer: "Above all, we must keep in mind that narrative is a form of representation" (Berlin 1983:13). Om hierdie kunsvorm tot sy reg te laat kom, is dit vir ons

Hierdie patrone in die vertel van die verhaal word met verloop van tyd aan die leser bekend. Aan die een kant gebruik die skrywer hierdie patrone om 'n sin van kontinuïteit te bevestig en daarmee die vertrouwe van die leser te wen. Andersyds word enige afwisseling op die standaardtema gebruik om spanning by die leser te skep omdat daar 'n afwisseling in die verwagte tema plaasgevind het. In ooreenstemming hiermee meen Alter (1981:36) vanuit sy uitgebreide werk oor die onderwerp: "What I am suggesting is that the contemporary audiences of these tales, being perfectly familiar with the convention, took particular pleasure in seeing how in each instance the convention could be, through the narrator's art, both faithfully followed and renewed for the specific needs of the hero under consideration. In some cases, moreover, the biblical authors, counting on their audience's familiarity with the features and function of the type-scene, could merely allude to the type-scene or present a transfigured version of it."

3.3.1.4 Fokalisasie⁸⁷

"The question of 'point of view' is a question of perspective, namely, 'Who is the character whose point of view orients the narrative perspective?', 'Who sees?', or better: "Who perceives?', 'Where is the centre of perception?' In a film, the question would be, 'Where is the eye of the camera?', 'From where does the camera film the scene?'" (Ska 1990:65). Vanuit dié opmerking is dit duidelik dat die leser nie die karakters van 'n verhaal direk beskou nie, maar dat hulle 'n mediator of 'n filter het waardeur die karakters beskou word. Die leser hoor en sien net wat aangebied word. "It is generally accepted that biblical narrative is narrated in the third person by an omniscient (and reliable) narrator. But the narrative is not conveyed solely through the eyes or mouth of the narrator. Far from giving a uniform, detached presentation of a series of events, biblical narrative employs a number of techniques which give the

nodig om die instrumente wat die kunstenaar gebruik goed te verstaan. "To the extent that we understand the medium of the biblical artist – his language and how he uses it, his literary techniques and how he manipulates them – we will be able to see what he represented" (Berlin 1983:139).

⁸⁷ Tolmie verwys in sy bespreking na die feit dat die term gewoonlik bekend staan as 'point of view'. Hy verkies egter die term fokalisasie as gevolg van die grondliggende beginsel van die term. "Focalization is then restricted to the way in which the vision (the camera) is manipulated in a narrative text. Thus, to put it simply: in order to analyze focalization in a narrative text, we should ask the question: Through whose eyes do we view the events that are being narrated to us?" (Tolmie 1999:32).

reader a many-faceted perspective of the story” (Berlin 1983:43-44). Die verteller,⁸⁸ wat alles weet en sien, plaas dus die klem op sekere aspekte van die verhaal en laat die leser net daardie dele sien. “Biblical narrative, like most modern prose narrative, narrates like film. The narrator is the camera eye; we ‘see’ the story through what he presents. The biblical narrator is omniscient in that everything is at his disposal; but he selects carefully what he will include and what he will omit” (Berlin 1983:44).

Die perspektief van die verteller is egter nie al dimensie waarmee daar rekening gehou moet word nie. Ook die karakters in ‘n verhaal het ‘n bepaalde perspektief.⁸⁹ Die

⁸⁸ Die verteller se teenwoordigheid kan op ‘n hele aantal vlakke in die verhaal tot uitdrukking kom. Ska (1990:66) haal Pouillon aan wat meen: “(T)he vision can be ‘from without’. This ‘vision from without’ corresponds to the external point of view or the external vocalization. Or it can be a ‘vision with’: we accompany a character, see, hear and feel what he or she perceives. Finally we can find a ‘vision from behind’. Here the narrator somehow ‘spies’ on the characters and reveals their inner thoughts and motivations.” Berlin (1983:47-57) gee selfs meer aandag aan die verskillende dimensies van hierdie konsep as sy verwys na die werk van Chatman en Uspensky. Chatman maak ‘n onderskeid tussen drie moontlike posisies van perspektief. “(1) (T)he perceptual point of view – the perspective through which the events of the narrative is perceived; (2) the conceptual point of view – the perspective of attitudes, conceptions, world view; and (3) the interest point of view – the perspective of someone’s benefit or disadvantage.” Uspensky gaan op soortgelyke wyse om met die onderwerp, maar maak gebruik van vier kategorieë: “(1) The Ideological Level – This refers to the point of view according to which the events of the narrative are evaluated or judged. In the Bible the ideological viewpoint is that of the narrator. (2) The Phraseological Level – This refers to the linguistic features in the discourse that indicate whose point of view is being expressed. (3) The spatial and temporal levels – This refers to the location in time and space of the narrator in relation to the narrative. (4) The Psychological Level – This refers to the viewpoint from which actions and behaviours are perceived or described.”

⁸⁹ Berlin (1983:59-73) verwys na ses hulpmiddels wat die leser kan help om die perspektief van die karakter te bepaal: “(1) Naming - The use of relationship terms (such as brother, sister, etc.) in addition to proper names, is an important sign of significant relationships within the story. (2) Inner life – Another way of showing a character’s point of view is by informing the reader what he thought, felt, feared, ect. – in other words, by portraying the inner life of the character. (3) The term *hinneh* – Often a statement of perception includes the word *hinneh*, which is known to sometimes mark the perception of a character as distinct for that of the narrator. (4) Circumstantial Clauses – It appears that in certain circumstantial clauses a point of view is given even in the absence of a verb of perception and/or *hinneh*. (5) Direct discourse and Narration – Direct speech, besides adding to the scenic nature of the narrative, is the most dramatic way if conveying the character’s internal psychological and ideological points of view. (6) Alternative expressions – In certain cases the use of synonyms for a particular action may serve to convey different characters’ points of view.”

perspektief van die karakters kan tot uitdrukking kom in sy/haar eie woorde of in die woorde van die verteller. Die rykdom van perspektief in die verhaal word dan saamgestel as die perspektief van die verteller met die perspektief van die karakters gekombineer word.

3.3.1.5 Karakters⁹⁰

“A narrative normally features characters. The plot emerges precisely when characters are described in their relationship to themselves, to other characters and to events” (Lawrie 2005a:97). In Bybelse narratiewe, soos reeds genoem, staan karakters meestal in diens van die plot/storielyn en is selde die sentrum van die verhaal. Bybelse narratiewe funksioneer gevolglik as ‘n aksie-gesentreerde plot. Vir moderne lesers wat die skuif gemaak het van aksie-gesentreerde plot na karakter-gesentreerde plot, dit wil sê, waarin die ontwikkeling van en verhoudings tussen karakters vooropgestel word, hou Bybelse narratiewe noodwendig ‘n unieke uitdaging in: “The predominance of action and the lack of interest in the psychological processes of the characters are two of the main characteristics of Biblical narrative art as well. Therefore the modern readers of the Bible must be careful here to avoid posing anachronistic questions” (Ska 1990:83).

Berlin (1983:23,32) beskryf Bybelse karakters soos volg:⁹¹ “The round character is the full-fledged character; the flat character is the type; and the functionary is the agent. There is no real line separating these three types, the difference is a matter of the

⁹⁰ Bal (1979) meen dat daar ‘n onderskeid gemaak moet word tussen mense en karakters: “(H)et personage is geen mens, geen persoon. Het verschil tussen mensen en personages zou zijn, dat mense van vlees en bloed zijn, en personages van papier.”

⁹¹ Daar is ‘n verskeidenheid maniere waarop karakters omskryf kan word. “Some simply distinguish between ‘round’ characters (characters that are described in some detail, that undergo development during the narrative, of whom more than one dimension is revealed to the readers) and ‘flat’ characters (characters that act in a purely functional way in the narrative, that do not undergo character development, of whom little is said). A variation on this bipartite distinction is the tripartite model that distinguishes between ‘fully-fledged characters’, ‘types’ and ‘agents’. The ‘fully fledged’ character is a complex one, of whom the narrative shows a number of traits and qualities. The ‘type’ is described only in terms of one feature of the character, one that is of particular importance to the story line. The ‘agent’ is little more than a function of the plot; nothing is recounted about a character of this type” (Lawrie 2005a:97). Berlin inkorporeer albei van die bogenoemde style van karakteromskrywing in haar definisie.

degree of characterization rather than the kind of characterization. One might think of them as points on a continuum: 1) the agent, about whom nothing is known except what is necessary for the plot; the agent is a function of the plot or part of the setting; 2) the type, who has a limited and stereotyped range of traits, and who represents the class of people with these traits; 3) the character, who has a broader range of traits (not all belonging to the same class of people), and about whom we know more than is necessary for the plot.” Karakters kan ontwikkel deur die verloop van ‘n verhaal en kan in verskillende episodes verskillende posisies inneem.⁹²

Karakters word getipeer deur besondere eienskappe wat aan hulle toegeken word. ‘n Eienskap wat aan ‘n karakter gekoppel word, is ‘n redelike stabiele kenmerk waaraan die karakter uitgeken word. Die openbaring van karakterseienskappe word gedoen aan die hand van karakteriseringstegnieke.⁹³ Bal (1979:9) merk in dié verband op: “(H)ier ligt een belangrijk verschil tussen dramatische teksten en verhalende teksten. In

⁹² Bal (1979:3) merk tereg op: “Wie iets zinvols wil zeggen over een bepaald personage, zal dat alleen kunnen doen door het impliciete of expliciete af te zeggen tegen ander personages. Pas dan komt het stereotype, of juist het originele vandat ene personage tot zijn recht.” Karakterisering is dus ‘n vergelykende praktyk waarin karakters met mekaar vergelyk word of met ‘n vroeëre beskrywing.

⁹³ In terme van die manier waarop karaktereienskappe aan die leser geopenbaar word, is daar twee algemene strategieë, naamlik direkte en indirekte karakterisering. In die geval van direkte karakterisering word ‘n eienskap eksplisiet aan ‘n karakter gekoppel deur in ‘n beskrywing daarna te verwys. Daarenteen: “(I)n the case of indirect characterization a given trait is not named, but portrayed or illustrated: (i) A given trait may be illustrated by means of a character’s actions. (ii) A character’s speech may also be used as a means to indirect characterization. (iii) A character’s external appearance may be handled in such a way that it may serve as an indication of a given trait. (iv) The environment (physical surroundings) within which a character is portrayed may be indicative of certain traits” (Tolmie 1999:44-45). Bal (1979:9) verwys ook na die onderskeid: “Expliciete is die informasie; die een eienskap of attribuut van een personage vermeldt. Impliciete informasie halen we uit informasie over andere gegevens dan eienskappen of attributen van het personages.” Berlin (1983:33-42) verwys na enkele van hierdie tegnieke wat veral in die Bybelse narratief opgemerk word: (i) Ten eerste kan daar ‘n verduideliking van die karakter voorkom. Anders as by moderne letterkunde, word daar nie soveel aandag geskenk aan die fisieke eienskappe van ‘n karakter nie, maar word karakters eerder beskryf in terme van hulle persoonlikheid. (ii) Ten tweede kry die leser ook verdere insig in ‘n karakter wanneer die innerlike lewe van daardie karakter bespreek word. (iii) Derdens, en seker die mees prominente instrument wat gebruik word om ‘n karakter te openbaar, is die eie woorde en handeling van die karakter. Die ware dimensies van ‘n karakter word verder belig wanneer die karakter in kontras met ander, of eie handeling van vroeër, aangebied word. Die karakteriseringstegnieke word ook heel dikwels in kombinasie met mekaar gebruik.

dramatiese tekste kry ons die inligting oor persoones te hoor deur wat hulle sê, wat ander persoones oor hulle sê, en wat hulle doen. In verhandelende tekste kan die inligting kom van 'n instansie wat nie betrokke is by die gebeurtenisse, 'n vertelinstansie.”

Tyd, plot/storielyn, die verteller, fokus en karaktere is dus van die dimensies wat die rykdom van 'n narratiewe teks help skep. In ons ontleding van 2 Samuel 13 as basisdokument is dit dus belangrik dat ons aan hierdie dimensies aandag gee.

3.3.2 Leser-respons kritiek

Die Feminisme en Afrika-hermeneutiek beklemtoon die sleutelposisie wat die leser inneem in die interpretasieproses.⁹⁴ Die tweeledige hermeneutiese raamwerk wat as ruggraat dien vir hierdie studie noodsaak dat in lyn met Bybelwetenskaplike⁹⁵ nadenke nog 'n alternatiewe fokusarea van teksinterpretasie ontgin moet word in hierdie studie. “Reader-response theories call attention to the active role of communities of readers in constructing what counts for them as ‘what the text means’” (Thiselton 1992:515). Ten einde die praktyk van die interkulturele Bybelleesproses, waarin die leser sentraal staan, beter te verstaan, is dit nodig om teoreties te besin oor die rol van die leser in die interpretasieproses.

“Reader response criticism⁹⁶ approaches biblical literature in terms of the values, attitudes, and responses of readers. The reader, therefore, plays a role in the ‘production’ or ‘creation’ of meaning and significance” (McKnight 1999:230). Hierdie primêre uitgangspunt van 'n leser-gesentreerde teorie naamlik, die dinamiese aard van die leser, impliseer 'n radikale nuwe beskouing van die rol van die leser in

⁹⁴ Gunn (1987:70) meen dat hierdie benadering tot teksinterpretasie nuwe moontlikhede inhou: “(T)here are great possibilities for a resurgence of participation in the joy of critical reading – by scholarly, student and lay readers alike. Biblical narrative read critically through an orientation to the reader’s experience and commitment has great power to enliven the experience, especially in the context of a particular community of readers and the sharing of readings.”

⁹⁵ “In the last decades of the previous century, the debate on interpretation began focusing on the reception of texts by different readers. The role of the reader in the production of meaning became the centre of interest” (Lawrie 2005b:109).

⁹⁶ Hoewel oorkoepelende terme soos *Reader Response Criticism* of resepsieteorie dikwels gebruik word, is die benadering nie 'n eenvormige dissipline nie, maar eerder 'n reeks strategieë waarvolgens die rol van die leser in die interpretasieproses aandag geniet.

die Bybelleesproes. “The reader cannot be regarded as a tape-recorder with a blank tape that simply records the meanings that come to him for the text or from historical studies. Such a view turns the reader into a passive ‘receiver’ of a ‘message’. The reader does not merely discover meaning, but plays an active part in the creation of meaning. Texts do not ‘have’ fixed meanings that simply need to be ‘unwrapped.’ Instead, meaning arises in the interaction between texts and readers who deal creatively with the text” (Lawrie 2005b:110).⁹⁷

Lesers is egter kontekstueel gebonde en die verhouding tussen teks, leser en eietydse konteks word in dié benadering van naderby ondersoek. Hierdie verhouding word prominent aangesien lesers se interpretasies van teks geïnformeer word vanuit hulle diverse sosiale kontekste. “Many aspects of the reader’s context play a role: culture and religions, values and beliefs, social conventions and customs, the reader’s experience of interaction with other people, and so on. Thus the individual reader draws on a whole world of knowledge and experience when she or he reads. The specific context of the reader provides the horizon of understanding that enables the reader to make sense of the text” (Lawrie 2005b:111).

‘n Pluraliteit van lesings ontwikkel in die interpretasieproses aangesien lesers teks benader vanuit hulle unieke sosiale kontekste. Daar is dus nie net een vaste betekenis in die teks nie, maar die betekenis word geskep in die interaksie tussen leser, ingebed in ‘n bepaalde sosiale konteks, en teks.⁹⁸ Talle aspekte van die leser soos taal, kultuur, waardes en sosiale konvensies is hier ter sprake. In die mate waarin die konteks van die leser verskil, verskil die interpretasies dan ook.

Die ontwikkeling van hierdie meer leser-gesentreerde benadering tot teksinterpretasie is veral gebaseer op die werk van Stanley Fish en Wolfgang Iser. Fish en Iser se

⁹⁷ Interpretasie impliseer ‘n kreatiewe wisselwerking tussen teks en leser. “The reader of such a narrative is not a passive recipient of a story, but an active participant in trying to understand it. Because he is given different points of view, sees things from different perspectives, he must struggle to establish his own. He must form his own psychological point of view, untangling the various perceptions and weaving them into a coherent picture; and he must establish his own ideological point of view, evaluating the events of the narrative as he comes to see them. Here he moves into the realm of interpretation” (Berlin 1983:82).

⁹⁸ In dié sin is alle betekenis kontekstueel aangesien dit ontwikkel vanuit die interaksie tussen leser, konteks en teks. “It is the attempt to discover the meaning of the Bible from within a context and for a particular context” (Lawrie 2005b:112).

teoretiese besinning verskil hoofsaaklik in hulle onderskeie beskouings van die rol van die leser in die vorming van betekenis. Volgens die werk van Wolfgang Iser word die leser beskou as 'n vrye, kreatiewe subjek wat sy/haar verbeelding gebruik om sin te maak van tekste. Die interpretasieproses is 'n kreatiewe interaksie tussen teks en leser: "(A) literary text is not complete in itself. 'Gaps' exist – a lack of complete continuity and/or a lack of specification of relationships between the different linguistic and literary elements. Iser makes these gaps and the completion of gaps by the reader the central factors in literary communication" (McKnight 1999:232). Volgens Ska (1990:54) beklemtoon Iser die vryheid en kreatiwiteit van lesers in die interpretasieproses, maar meen dat lesers nie bloot die teks kan ignoreer nie. Sin of betekenis is die produk van kreatiewe interaksie tussen teks en leser. Iser onderskei in dié verband tussen "text, which has no meaning in itself, and the literary work, which comes into being as something meaningful only in the reading process" (Lawrie 2005b:116). Iser stel die leesproses voor as 'n beweging deur die teks waarin 'n leser telkens nuwe gedeeltes interpreteer in die lig van die leeservaring wat reeds voltooi is. Die nuut gevormde interpretasies vorm telkens dan weer op hulle beurt die basis vir die ontginning van betekenis in nuwe gedeeltes wat gelees word.⁹⁹ "The reader is constantly orientating and re-orientating herself, constantly assigning and reassigning meaning in the process" (Lawrie 2005b:118). Iser meen dat daar nie 'n vrye hoeveelheid interpretasies ongebonde aan 'n inherente dimensie van 'n teks bestaan nie. "According to Iser, a text does contain some fixed beacons that limit the creativity of the reader. The fixed beacons are not, however, really fixed meanings; they become part of a meaningful whole only when readers connect them to one another to form a picture. The connecting lines are not prescribed; they may be drawn in a number of ways" (Lawrie 2005b:118).

⁹⁹ Fowler (1985:19) sluit by Iser aan as hy meen dat leserresponso-benaderings die interpretasieproses nie as staties beskou nie: "(E)mphasis is placed on the fact that a reading experience takes place through time, it is fundamentally a temporal experience. This is a radical shift in perspective, because we have not been taught to monitor our reading experience as it occurs. Rather, we have been taught to read to the end of a text and then step back and comment on the final outcome of the reading." Hy meen voorts: "The entire reading experience is to be valued – not just the end product of reading. Reading a text is a rich and dynamic experience, but focusing on the end product of reading lends itself to perceiving a text as a static, spatial form, like a painting or sculpture or piece of architecture" (Fowler 1985:19).

Teenoor die meer gematigde posisie van Iser is daar 'n meer radikale standpunt: "Some authors belonging to this school, Reader-Response Criticism, go so far as to say that a work of literature exists only in the 'act of reading'" (Ska 1990:54). In sy latere werk voer Stanley Fish selfs aan dat die leser die teks skryf: "According to him, the reader actually writes the text, following certain conventional strategies of interpretation that he acquired as a member of an interpretive community" (Lawrie 2005b:116). In teenstelling met Iser se bakens van betekenis¹⁰⁰ wat in die teks voorkom, meen Fish dat die teks geen duidelike indikatore bevat wat die leser lei in 'n spesifieke rigting van interpretasie nie. "Nonetheless, reading is not the free creation of meaning, nor is it the product of individual identity, for a reader is, after all, formed as reader by the interpretive community to which she belongs. Fish's theory thus emphasized the way in which individual readers are shaped by communal forces and conventions" (Lawrie 2005b:116). Die invloed van die kommunale konvensies op die interpretasieproses van die individu blyk belangrik te wees vir die teoretiese onderbou van die interkulturele gesprek. Deelnemers vanuit verskillende sosiale kontekste ontmoet mekaar in 'n gemeenskaplike ruimte. Benewens vlees-en-bloed individue ontmoet verskillende interpretasie-tradisies mekaar ook in die interkulturele gespreksruimte. Deelnemers moet dus ook beskou word as verteenwoordigers van verskillende interpretasie-strategieë. Fish se latere werk beklemtoon hierdie uitgangspunt: "A reader is always already a member of an interpretive community that prescribes the available strategies of interpretation to her. The reader writes the text, as it were, but the reader herself has already been 'written' by her interpretive community. Readers cannot but interpret texts by means of the dominant reading strategies of their interpretative community..." (Lawrie 2005b:119).

Hoewel leser-respons benaderings die rol van die leser vooropstel in die interpretasie proses, is dit nie altyd, teoreties gesproke, so duidelik presies wie die leser is na wie verwys word nie.¹⁰¹ Tolmie (1999:8) meen dat die leser hoofsaaklik op een van twee

¹⁰⁰ Fish beskou betekenis as 'n gebeurtenis wat in tyd ingebed is. "Meaning of the text is the effect it has on the reader. Meaning happens when one reads and is closely related to the effect, experience or response associated with reading" (Lawrie 2005b:116).

¹⁰¹ 'n Verskeidenheid terme word gebruik om die konsep van 'die leser' te omskryf. Dit kan maklik lei tot verwarring. "If one starts reading books and articles in this regard, one soon finds oneself confronted with a bewildering range of description of the reader in/of the text, for example, the ideal reader, the

maniere teoreties gedefinieer kan word: “On the one hand, the definition of the implied reader can focus very strongly on the real reader in one way or another, usually in the sense of the reader that the real author had in mind when she/he wrote the text or the kind of real reader presupposed by the text. On the other hand it can be depersonified and instead be linked closely to the text itself.” Benewens bogenoemde onderskeid begin Fowler (1985:8) sy beskrywing van wie die leser is, in die onderskeid tussen leser en kritikus: “We could call the critic pole of the critic/reader continuum the ‘objectifying’ pole. What is objectified by the reader-orientated critic, however, is not the traditional text object, but the experience of reading within a tradition of criticism... The reader pole, on the other hand, is the pole of ‘subjectifying’: this is the pole of the ‘individual’ and the ‘psychological’”.¹⁰² In plaas daarvan om een van hierdie twee posisies te kies, meen Fowler (1985:10) dat ‘n integrasie van die posisies moontlik is en inderdaad nodig: “To be a critical reader means: (1) to affirm the enduring power of the Bible in my culture and in my own life; (2) and yet to remain open enough to ask any question and to risk any judgment, even if it should mean repudiating.” Dit blyk dus volgens Fowler moontlik te wees om beide krities en ‘n leser te wees.¹⁰³

Lesers, hoe hulle ook al teoreties gedefinieer word, neem ‘n bepaalde posisie in die interpretasieproses in: “Critics have developed three main reading positions: reading-elevating, character elevating and evenhanded. They speak of a reader-elevating position when the reader knows more than the character(s), of a character-elevating position when the character(s) know(s) more than the reader, and of a evenhanded position when both reader and character(s) have the same level of knowledge” (Ska 1990:54).

hypothetical reader, the informed reader, the authorial reader, the intended reader, the super-reader, the average reader, the encoded reader and the actual reader!” (Tolmie 1999:8).

¹⁰² Lawrie (2005b:114) beskryf die onderskeid tussen die twee posisies as volg: “(C)ritics are like spectators who discuss a game of football that they have just seen. Readers are like players who are involved in the game themselves. The critic looks from the outside at a complete work (a text); the reader finds herself engaged in making (creating) the text.”

¹⁰³ Hierdie moontlikheid tot die inneem van beide ‘n kritiese posisie en ‘n meer naïewe lees van die teks sal getoets word in die interkulturele gesprek aangesien ‘skilled readers’ deel sal uitmaak van die navorsingspopulasie.

Ter opsomming wil dit blyk asof leserrespons-benaderings die grondslag bied vir 'n interkulturele gespreksmodel aangaande die Bybel. Die sentrale rol van die leser word deur hierdie teorieë beklemtoon, asook die kreatiewe interaksie tussen leser en teks wat as grondslag dien vir interpretasie. Die belang van sosiale konteks en die tradisie van interpretasie waarvandaan deelnemers funksioneer, word ook deur hierdie benadering in kaart gestel. Die interkulturele gesprek is ten diepste slegs moontlik as gevolg van die skuif in fokus na die vormgewende rol van die leser in die interpretasieproses.

In ag genome bogenoemde teoretiese bespreking, is die volgende belangrik met die oog op die interkulturele gesprek wat in hierdie studie gefasiliteer word. Ten eerste, vir die kreatiewe leesproses om plaas te vind, moet lesers betrokke raak by tekste. Of lesers hoegenaamd gaan betrokke raak by die leesproses, word tot 'n groot mate bepaal deur die belangstellings van die leser. Lesers met 'n sterk intellektuele of kognitiewe belang, sal betrokke raak in die leesproses om die ware feite van 'n saak te bepaal. Kwalitatiewe lesers sou meer op die estetiese dimensies van 'n teks konsentreer en soek na onderlinge patrone en vorms. Ten derde sou 'n praktiese leser aangetrokke voel tot 'n teks omdat hy/sy belangstel in die lot van die karakters wat in die verhaal uitgebeeld word.

Vir die proses om dus hoegenaamd aan die gang te kom, is dit nodig dat die leser in beweging gebring moet word en aangemoedig moet word tot die uitdaging van die leesproses. Vir die interkulturele lees van 2 Samuel 13 is dit dus belangrik om die leser te bemagtig tot die aanvanklike leesproses. Elke leser moet bewus gemaak word van hoe belangrik hulle rol in die interpretasieproses is. Sonder lesers is daar geen proses nie.

Ten tweede is dit belangrik dat die belangstellings van die lesers geprikkel word deur die tekskeuse. 'n Narratiewe teks is om hierdie rede gekies, want lesers kan makliker met ander se stories identifiseer. Die onderwerp van die teks blyk in die lig van die sosiale omstandighede van die gemiddelde Suid-Afrikaanse vrou relevant te wees. Geweld, verkragting, sosiale strukture en mag is maar net 'n paar van die temas wat deur die teks aangespreek word.

3.3.3 Ideologiese dimensie

'n Derde been van die eksegetiese strategie wat bespreek moet word, is die ideologiese dimensie. Moderne ideologieë en magstrukture word dikwels gelegitimeer vanuit 'n sekere verstaan van die ideologiese bedoeling van 'n teks. Die algemene omskrywing van die fokusarea van hierdie studie, wat in die volgende hoofstuk in die verfyning van die probleemstelling neerslag sal vind, vra juis die vraag na die funksionering van mag en ideologie in die interkulturele Bybelleesproses. Ten einde die ideologiese posisie van deelnemers in die interkulturele gespreksruimte te begryp, moet die funksionering van ideologie in die teks begryp word. Dit blyk dus van kardinale belang te wees om in die eksegetiese proses sensitief te wees vir die ideologiese dimensie van die teks omdat dit 'n besondere invloed het op lesers se oriëntering ten opsigte van die teks. Elke deelnemer aan die interkulturele gesprek betree egter ook die ruimte vanuit 'n bepaalde ideologiese posisie. Hierdie posisie beïnvloed persepsies wat van ander gevorm word, nie net in die interkulturele leesproses nie, maar ook elders.

Ideologie word in hierdie studie hanteer aan die hand van Thomson se definisie:¹⁰⁴ “(T)o study ideology is to study the ways in which meaning (signification) serves to sustain relations of domination” (1984:131). Ideologie word dus vanuit Thomson se definisie beskou as die manier waarop woorde¹⁰⁵ in 'n spesifieke sosiale konteks gebruik word om verhoudings/sisteme van mag in stand te hou. 'n Ideologiese bestudering van die Bybelse teks gaan dus van die standpunt af uit dat die woorde wat gebruik word om betekenis uit te druk, in die eerste plek in 'n bepaalde ideologiese konteks ontwikkel. Die neerslag daarvan het ten doel om verhoudings van mag en dominasie in stand te hou. Ideologiese kritiek van die Bybel moet dus gelyktydig die ontstaanskonteks van Bybeltekste, en die magsverhoudings wat dit in daardie konteks dien, in gedagte hou.

¹⁰⁴ In die volgende hoofstuk word die teoretiese onderbou van die empiriese studie uiteengesit en die konsep van ideologie sal ook daar ter sprake kom. Die konsep van ideologie word in daardie hoofstuk in detail bespreek en uiteengesit met die oog op die ondersoek van hoe dit in die interkulturele Bybellees-proses neerslag vind. Vir die bespreking van die ideologiese dimensie van die teks – wat hier ons fokus is - word Thomson se teorie hier reeds as werksdefinisie gebruik.

¹⁰⁵ Woorde dien as die uitdrukking van betekenis en kombineer met ander woorde in sinne en tekste wat bepaalde retoriese uitvloeiels het en gevolglik ideologiese konsekwensies het.

Yee (1995:146) omskryf ideologiese kritiek as volg: “Ideology criticism uses literary critical methods within a historical and social scientific frame in a comprehensive strategy for reading biblical text. On the one hand, the social sciences and historical analyses help to reconstruct or ‘unmask’ the material and ideological conditions under which the bible text is produced. On the other hand, literary critical methods address how the biblical text assimilates or ‘encodes’ these conditions in reproducing a particular ideology”. Yee (1999:535) gaan in ‘n ander publikasie een stap verder as sy meen: “Ideological criticism investigates (1) the production of the text by a particular author¹⁰⁶ in a specific, ideologically charged historical context, (2) the reproduction of ideology in the text itself, and (3) the consumption of the text by readers in different social locations who are themselves motivated and constrained by distinct ideologies.”¹⁰⁷

In die breë impliseer bogenoemde definisies dat skrywers en lesers selfs op die mees basiese vlakke ideologies funksioneer. Clines voer aan: “(W)hat I mean by the term is that writers and readers alike have some ideological investments. Writers do not, on the whole, write their texts just for the fun of it; they have a case to put, an argument to advance, or an opponent to overcome. Readers too have ideological investments – in what they choose to read, how they incorporate or fail to incorporate what they read into their own structure of opinions, how they report on what they have read and how they recommend or insist to others that they read the same works” (1995:24).

Een vraag wat egter sentraal staan in die hermeneutiek van ‘n ideologies-kritiese analise is of tekste ideologies het. “Some critics insist that texts have ideologies. This seems obvious, since authors are part of a particular society that shapes their worldviews. Authors likewise intend to shape readers by structuring poetic lines, portraying characters, using narrational perspectives and rhetorical strategies, and delivering arguments in ways that either support or challenge a community’s governing ideologies” (Stratton 2000:124). As voorbeeld van hierdie posisie kan die

¹⁰⁶ Ideologiese kritiek poog om die bedoelinge van die outeur te ontbloot “at least insofar as these critics discern and expose the political and social realities of the communities for which a text was originally written and the likely aims and persuasive power it might have had with its first audiences” (Stratton 2000:123).

¹⁰⁷ Hierdie derde dimensie van Yee se definisie kom tot uitdrukking in die interkulturele Bybelleesproses wat in hierdie studie bestudeer sal word.

werk van Meir Sternberg voorgehou word. Sternberg meen “the Bible is an ideological text written in didactical style but with a single unifying, nonconflictual ideological theme” (Aichele 1995:278). Sternberg (1985:37) druk hierdie enkelvoudige ideologiese teorie as volg uit: “If the Bible is ideologically singular¹⁰⁸ – and I believe so – then its singularity lies in the world view projected, together with the rhetoric devised to bring it home.” Hy omskryf Bybelse literatuur voorts as ‘n ekstreme soort ideologiese bron: “(T)he Bible belongs to that extreme variety of ideological writing known as didactic. Strictly defined, the didactic genre moves beyond commitment to selfimmolation: it not only advances a doctrine but also ruthlessly subordinates the whole discourse – the plot, the characters, the arena, the language, their ordering and interlinkage” (Sternberg 1985:37). Hierdie enkele ideologiese beweging wat Sternberg in die teks waarneem, kom tot uitdrukking in retoriese tegnieke wat deur die skrywer aangewend word.¹⁰⁹

In teenstelling met hierdie standpunt meen ander kritici dat tekste nie ideologieë het nie, maar dat mense wel het. Hoewel die kritici sou saamstem dat die Bybeltekste dikwels ingespan word ten einde ideologiese standpunte te onderskryf en dan vanuit dié standpunte mense te onderdruk, lê die oorsaak hiervan nie in die ideologie van die teks self nie, maar in die maniere waarop mense die teks aanwend. “Scholars on this side of the debate, like their opposing colleagues, seek to uncover ideologies that shaped biblical authors and their original readers. Rather than saying that a text has a certain ideology, however, they are more likely to refer to a text’s representing or promulgating particular value systems held by people... Those ideological critics who hold the view that writers, readers, and interpreters, rather than text, have ideologies, look beyond a text’s original composition and communities” (Stratton 2000:125).

Carroll (1995:28) se standpunt verteenwoordig ‘n soort middeweg: “I think I would prefer to say that texts contain traces of ideology. That is, they have the ideological

¹⁰⁸ Ideologiese konflik of teenstrydigheid is volgens Sternberg onmoontlik.

¹⁰⁹ Kritiek op Sternberg se benadering behels: “Sternberg’s forceful narratological approach leads him to all but ignore the political side of ideology by imposing his own agenda – the need to chart a single ideology for the text. As a result, ideological conflict is ruled out for Sternberg because as omniscient narrator he imagines himself completely in control of his own reading. (His theory) is insufficiently self-reflexive, and most important, it cannot allow for conflict and differences among readers and readings” (Aichele 1995:279).

traces of the writers who live in an ideologically-constructed world and they are read by readers who have their own ideological traces from the world(s) in which they live.” Ideologie-kritiek word vanuit sy benadering toegepas deur representasie te analiseer: “(A)n alternative, more informed point of view might attempt to understand the rhetoric¹¹⁰ of such representation and interpret the conventions of reference in accordance with cultural practices” (Carroll 1994:8). Hierdie ideologies-kritiese benadering van Carroll sluit goed aan by die ideologiese definisie van Thomson (soos hierbo genoem). Tekste het dus ideologie in die mate waarin woorde, wat ten doel het om sekere magsverhoudings/strukture in stand te hou, vanuit bepaalde sosiale kontekste daarin neerslag vind. Carroll (1995:28) meen in dié verband dat die taak van ideologie-kritiek is “to scrutinize both sets (writer and reader) for ideological traces and to analyze critically all the ideological factors at play in any and every reading of the Bible”.

Hoewel kritici met mekaar verskil oor die posisie van ideologie in die Bybelse teks, kan die ideologiese dimensie van tekste deur twee modusse van analise verken word, naamlik ekstrinsieke en intrinsieke analise: “Extrinsic analysis makes use of the social sciences and historical criticism to understand the complex social structures of specific historical groups and their interrelationship with other parts of the society. Its major focus is the mode of production¹¹¹ dominant in the society producing the text.

¹¹⁰ Retoriese kritiek vorm nie as sulks een van die primêre eksegetiese strategieë van hierdie studie nie, maar enkele opmerkings oor retoriek as onderafdeling van ideologiese kritiek is nodig. “Rhetoric, we might say, is about ‘speaking to good effect.’ According to this view, the ‘good effect’ is an impressive, stylish speech, one of which the audience will say: “Well said!” A rhetorical act is seen as effective when it puts across a case in a clear, coherent and striking way.... The other view saw rhetoric as the art of persuasion. According to this view, the ‘good effect’ is an influence exerted on the audience, one that makes the audience say: “Now I am convinced!” (Lawrie 2005b:129). Hoewel die term aanvanklik gebruik is om die verhouding tussen spreker en gehoor aan te dui, kan dit ook in die geval van geskrewe taal gebruik word. “Rhetorical criticism focuses on ‘language as action’, on what people wish to achieve when they use language and how they pursue their aims” (Lawrie 2005b:131). Ridout (1947:73) meen: “Amongst the literary phenomena which the rhetorical critic of the Bible scrutinizes in carrying out his tasks, probably foremost is the phenomenon of repetition.”

¹¹¹ Yee (1999:535) identifiseer in Israel drie dominante modusse van produksie: “(i) The tribal period was characterized by familial modes of production that valued kin group connection and had no outside agencies that taxed their resources. (ii) The monarchical and colonial periods had a tributary mode of production in which various social classes paid tribute and taxes to the state or to foreign power, with

The term refers to the complete operation of social relationship and forces of a society's material production" (Yee 1995:150). Hierteenoor staan intrinsieke analise: "Intrinsic analysis determines how the text encodes in its rhetoric the oftentimes conflicting circumstances of its material-ideological production... The text is presumed to be a symbolic resolution of real social contradictions, inventing and adapting 'solutions' to unresolved ideological dilemmas"(Yee 1995:151).

Mieke Bal help ons deur 'n kombinasie van literêre teorie, Feminisme en narratiewe teorie om teen die grein van populêre lesings van Bybeltekste in te lees en so die dominante ideologie te ontmasker. "It is my contention that, in spite of major differences in the innumerable readings of the Bible, there has been in Christian, Western culture a continuous line toward what I refer to as 'the dominant reading': a monolithically misogynist view of those biblical stories wherein female characters play a role, and a denial of the importance of women in the Bible as a whole. Let me add right away that this does not imply that all female characters are seen as negative; quite the contrary. It does imply that any positive view of a female character has to be re-evaluated for its recuperation within male interests" (Bal 1987:2). Deur haar besondere kreatiewe aanwending van narratiewe teorie poog sy 'n alternatiewe lesing. Sy poog om teen die grein van die dominante kultuur in te lees en om nuwe lig op Bybelse narratiewe te werp. Sy streef hierdie alternatiewe lesings na as 'n uitdaging van die dominante norm. "For it is not the sexist interpretation of the Bible as such that bothers me. It is the possibility of dominance itself, the attractiveness of coherence and authority in culture, that I see as the source rather than the consequence, of sexism" (Bal 1987:3). Sy gebruik narratiewe teorie om die neerslag van die dominante ideologie in die eerste plek in die teks te ontmasker en dan daarnaas 'n alternatiewe lesing na te streef: "Thus the enhancing of difference as a means of deconstructing the dominance of male-centeredness in the reading of these highly influential texts" (Bal 1987:4). As ontginningsinstrument van hierdie alternatiewe lesings gebruik Bal narratiewe teorie: "(I)t contributes to a fuller understanding of the text and its effect while at the same time deepening our insight into the semiotic particularities of narrative as a specific discursive practice. This insight can help us, beyond literature, to understand the use we make of narrative in social life" (Bal 1987:21). Bal bied in

the lower classes carrying the heaviest burden. (iii) Finally, Judaism under Roman hegemony operated under a slave mode of production."

haar lesings 'n alternatief op die geïkete interpretasie van Bybelse narratiewe: "My readings present an alternative to other readings, not a 'correct' one, let alone the 'only possible' interpretation of what the text 'really says.' Texts trigger readings; that is what they are; the occasion of a reaction. The feeling that there is a text in support of one's view makes texts such efficient ideological weapons. Every reading is different from, and in contact with, the text... (T)he point is that there is none, at least not one single one; the point of literary analysis is that there is no truth, and that this contention can be reasonably argued. And where the truth is absent, women can creep in, and rewrite themselves back into the history of ideology" (Bal 1987:132).

Ook vanuit die bespreking van Bal se werk word dit duidelik dat die fokus van 'n ideologies-kritiese lesing van die teks aan die een kant dien om dominante ideologiese standpunte wat neerslag vind in die woorde van die teks te ontmasker, asook om moderne ideologiese lesings oop te vlek. Hierdie doelstellings word volgens Bal bereik deur teen die grein van die teks in te lees en deur kreatief ander lesings te ontwikkel. Die ideologies-kritiese benadering word deel van die algemene eksegetiese strategie van hierdie studie aangesien dit in die eerste plek erns maak met woorde wat neerslag vind in teks wat vanuit verwyderde ideologiese kontekste kom. Die potensiaal vir alternatiewe lewegewende interpretasie word ook duidelik vanuit Mieke Bal se kreatiewe benadering.

Die eksegetiese strategie wat in hierdie studie aangewend gaan word, is multidimensioneel van aard en sluit, soos pas breedvoerig bespreek, narratiewe analise, leser-sensitiewe benaderings en ideologies-kritiese uitgangspunte in. Soos reeds genoem, vorm 2 Samuel 13 die basis-gespreksdokument vir hierdie studie. Voordat groepe egter die geleentheid gaan kry om met die teks om te gaan, is 'n eksegetiese ontginning van die teks volgens die saamgestelde multidimensionele eksegetiese strategie eers belangrik. Hierdie eksegetiese word nie gedoen om daarmee weer eens die oppergesag van Westerse akademiese analise te suggereer nie, maar eerder om daarmee bepaalde multidimensionele stamme in te sluit. Ons sien in hierdie eksegetiese analise van die teks 'n aantal dominante akademiese standpunte wat die gesprek vir 'n geruime tyd oorheers het. Die probleem lê myns insiens nie in die aanbieding van hierdie stamme nie, maar eerder in die prominensie wat daaraan gegee word. Na die eksegetiese bespreking sal ek vanuit die tweeledige hermeneutiese raamwerk soos dit neerslag vind in die Feminisme en Afrika-hermeneutiek, aandag

gee aan enkele alternatiewe lesings wat vanuit 'n akademiese perspektief geformuleer is.

3.4 Eksegetiese bespreking

Ska (1990:1) stel enkele riglyne voor vir die aanvang van die eksegetiese proses: "A close reading of the original text is an excellent start. But dialogue with a text begins with translation. The latter can be twofold: literal and literary." 'n Vertaling van die teks in eie idioom bewerkstellig 'n beter begripsraamwerk. Die opsomming van die plot/storielyn blyk ook heel belangrik te wees. Daarna volg die verdeling van die teks in kleiner literêre eenhede en die in-diepte bespreking daarvan. Ek begin dus die eksegetiese bespreking met 'n vertelling van die teks in moderne idioom.

3.4.1 Die verhaal – ter opsomming

In 2 Samuel 13 begin 'n nuwe episode in die Dawid-saga. Die karakters wat in hierdie episode op die voorgrond gaan wees, word in die eerste vers aan die leser bekend gestel. Die twee seuns van Dawid, Absalom en Amnon, word bekend gestel en ook die dogter van Dawid, Tamar. Tamar word egter aan die leser beskryf as die suster van Absalom. Ons word ook meegedeel dat Amnon op Tamar verlief was. Amnon brand van begeerte na Tamar, maar omdat sy 'n maagd was, was dit onmoontlik vir Amnon om iets aan haar te doen. 'n Slinkse vriend van Amnon, Jonadab, kom 'n besoek aflê by die koningseun en vra na die rede vir sy misnoeë. Amnon vertel dan aan Jonadab dat hy verlief is op Tamar, maar dat hy niks daaromtrent kan doen nie. Jonadab bedink dan 'n plan om dit so te bewerkstellig dat Tamar by Amnon aan huis kom. Hy beveel aan dat Amnon maak of hy siek is en dan vir Dawid vra om vir Tamar te stuur om vir hom iets te ete te maak om sodoende sy herstelproses te bespoedig. So gesê, so gedaan. Net soos Jonadab beplan het, daag Dawid by Amnon op om te kom verneem na sy welstand. Amnon vra dan na Tamar se teenwoordigheid en Dawid beveel haar om na Amnon se woning te gaan. As Tamar die huis binnekom, lê Amnon op sy bed. Sy berei die broodjies waarvoor hy gevra het, maar toe sy dit vir hom bring, weier hy om dit te eet. Amnon beveel dat die wagte die kamer moet verlaat en dat Tamar self die broodjies aan hom moet bedien. Toe sy by hom kom om die broodjies aan hom te bedien, gryp hy haar en sê dat sy by hom moet kom lê. Tamar reageer op sy versoek en vra dat hy nie soos 'n dwaas moet optree en haar

moet onteer nie. Sy stel voor dat hulle eerder saam na die koning gaan en vra of hulle nie liefs kan trou nie. Amnon wou egter nie na haar luister nie en hy het haar beetgepak en verkrag. Nadat hy haar verkrag het, het hy 'n groot afsku in haar gekry. Hy het beveel dat sy die kamer moet verlaat. Weer pleit sy tot hom en vra dat hy nie die skande moet vererger deur haar nou weg te jaag nie. Amnon wou egter vir 'n tweede maal nie na haar luister nie. Hy beveel toe die wagte om haar by die deur uit te gooi op straat en om die deur agter haar te sluit. Tamar het die kleed wat sy gedra het geskeur, as op haar kop gegooi en sover sy geloop het geskree en geweeklaag. Absalom ontmoet die vernederde Tamar en vra of dit Amnon was wat iets aan haar gedoen het. Hy beveel haar om stil te bly en bied vir haar 'n plek om te bly in sy huis. Dawid hoor van die gebeure en is woedend. Absalom praat nie 'n enkele woord met Amnon nie, maar haat hom oor wat hy aan Tamar gedoen het.

3.4.2 Narratiewe teksanalise van 2 Samuel 13

Die narratiewe analise van 2 Samuel 13 word bepaal vanuit 'n sensitiwiteit vir die genre van die teks. Hoewel verbeelding, gevoel en intuïsie nie dikwels kwaliteite is waarvoor daar veel ruimte gelaat word in die interpretasieproses nie, gaan die analise in ooreenstemming met Fokkelman tog poog om getrou te bly aan die aard van die literatuur. Hoewel Fokkelman aandui dat "(t)he experience of a work of art by the whole person is a colourful and comprehensive process which is nonetheless characterized by a balance between feeling and reason, the imagination and intuition" (Fokkelman 1981:7), beweer hy verder: "The more we extend the 'objectivity' (the hard facts and verifiable observations), the more the 'subjectivity' (of the narrator's as well as the reader's fantasy) can come into flower. The more results we achieve by patient observation, the broader the basis of support for the interpretation and the stronger the justification for statements about the immaterial, almost unspeakable, figurative, symbolic, and, in short, ethereal body of the work of art" (Fokkelman 1981:15).

3.4.2.1 Teorieë aangaande diepte-inhoud en -struktuur van 2 Samuel 13

'n Verskeidenheid teorieë bestaan oor die kleiner narratiewe eenhede wat in die struktuur van die verhaal geïnkorporeer word. Voordat ek die uitgangspunte van my

die verdeling van die kleiner narratiewe eenhede bespreek, beskou ek oorsigtelik enkele klassieke verdelings.¹¹²

Anderson (1989:173) dui aan: “According to Ridout, our pericope has a chiasmic structure; however, it is somewhat doubtful whether the component parts of the story can be arranged in a neat pattern, without some arbitrary choice.

- A. Amnon’s desire for Tamar (vv 1-2)
- B. Amnon’s predicament and Jonadab’s advice (vv 3-7)
- C. Tamar at Amnon’s house (vv 8-10)
- D. Amnon’s advances and Tamar’s pleading (vv11-13)
- E. Tamar’s humiliation (v 14)
- D. Amnon’s rejection of Tamar and her pleading (vv 15-16)
- C. Tamar’s expulsion from Amnon’s house (vv 17-19)
- B. Tamar’s predicament and Absalom’s advice (vv 19-20)
- A. Absalom’s hatred of Amnon (vv 21-22)

Op sy beurt beskryf Conroy (1978:20) die funksionering van die perikoop in terme van die narratiewe plotmomente, naamlik, “complication, retardation, and resolution, and their normal correlatives in the reader’s response, namely, expectancy, growth of tension or suspense, and relief.” Na ‘n aanvanklike bekendstelling van die belangrikste karakters (v. 1a), word die begeerte van Amnon aan die leser bekend gemaak (v. 1b). Dit is dan hierdie begeerte en die bevrediging daarvan wat die spanningslyn in die verhaal dra. In die afstand en maagdelikheid van Tamar blyk dit dat die bevrediging van die begeerte onmoontlik sal wees (v. 2). Die leser word dan aan Jonadab voorgestel (v. 3) wat ‘n oplossing vir die probleem vind en ‘n

¹¹² Yamada (2008:105) bied in ‘n meer resente studie na gelang van sy narratiewe analise van die teks die volgende inhoudsverdeling. “The structure of 2 Sam 13 is intricate in its thematic details, though the plot follows a simple progression of pre-rape desire, rape, and post-rape response. There are three scenes: Scene One (vv. 1-9a) Amnon’s Love for Tamar and the scheme to seduce her. Scene Two (vv. 9b-17) The crime of Amnon: the rape of Tamar (Love turns to hate). Scene Three (vv. 18-22) Post-rape responses – Tamar’s mourning, David’s passive anger, Absalom’s silent hatred of Amnon.” Hy gebruik hierdie indeling om sy teorie aangaande die gevolge van die verkragting-verhale in die Ou-Testament te beklemtoon. Hy meen dat die volgende progressie waarneembaar is: “rape → violent male responses → social fragmentation” (Yamada 2008:104). Hoewel die indeling sinvol is, meen ek dat daar nie gepraat kan word van die ‘seduction of Tamar’ nie. Dit gaan myns insiens nie hier om ‘n liefdesspel nie, maar eerder om mag en begeerte.

bevredigingstrategie bedink (v. 5). Dawid, 'n karakter instrumenteel tot die sukses van die strategie, word aan die leser bekend gestel (v. 6) en speel sy rol om die verhaal in beweging te hou. Met die aanvanklike probleem uit die weg geruim, is die bevrediging van die begeerte nou 'n moontlikheid (v. 10). Nog 'n struikelblok duik op (v. 12), maar word vinnig hanteer en die oorspronklike begeerte word bevredig (v. 14). Na die klimaks van die verhaal word die nagevolge vir die verkillende karakters bespreek: eerstens vir Tamar (vv. 15-20), dan vir die koning (v. 21) en uiteindelik ook vir Amnon. Die figuur van Absalom bly egter voortdurend op die agtergrond teenwoordig (v. 22).

Skematies kan Conroy (1978:90) se indeling as volg voorgestel word:

- Personages presented
- Desire specified ('love')
- Obstacle described
 - Ruse excogitated (feigned illness)
 - Ruse successful (Tamar comes)
- Obstacle removed (Amnon alone with Tamar)
- Desire fulfilled (v. 14)
- Reactions of the personages
 - Amnon
 - Tamar
 - David
 - Absalom

Die perikoop begin dus met die bekendstelling van die karakters. Geen narratiewe spanning is van die vorige hoofstuk af oorgedra nie en geen van die karakters is vanuit vorige episodes bekend nie. Die verwagting word dus pas by die leser geskep as daar vertel word dat Amnon op Tamar verlief is. Spanning word by die leser geskep wat nie weet of Amnon iets met Tamar gaan regkry nie. Hierna volg 'n verdragingsfase in die verhaal: "(T)he major retardation section (vv. 2-14a) is not, however, all of one piece. It has its own internal complications, delays, and resolutions – a feature which adds greatly to the subtlety of the narrative technique" (Conroy 1978:20). Die oorkoepelende spanning word in vers 14 belig wanneer Amnon vir Tamar verkrag. Die res van die verhaal verwerk dan die nagevolge van die daad. Vers 22 lei egter 'n nuwe komplikasie in, naamlik Absalom se haat vir Amnon, en berei die leser voor vir

wat volg in die volgende perikoop. Conroy sien dus die verhaal as die eerste deel van 'n vervolghverhaal en lees dan dienooreenkomstig 2 Samuel 13:23-39 as die opvolg.

3.4.2.2 Bespreking van die kleiner narratiewe eenhede

Die verdeling van die narratief in kleiner narratiewe eenhede en die kriteria wat gebruik word om hierdie eenhede te bepaal, word geïnformeer vanuit die eksegetiese strategie wat in hierdie hoofstuk uiteengesit is. Die kleiner narratiewe eenhede wat as opbou dien vir die verhaal wat ons in 2 Samuel 13:1-22 vind, word verken deur 'n sinsanalise¹¹³ van die teks te doen.

In die sinsanalise wat hier in tabelvorm voorkom, word daar tussen vier vlakke onderskei:

Vlak 0: *Wayyiqtol*-sinne, dit wil sê wāw-konsekutief + imperfektum lei die sin in,¹¹⁴ asook sinne waarvan die woordorde noodwendig moet afwyk van die standaardvolgorde Werkwoord-Subjek-Objek, byvoorbeeld sinne ingelui deur die ontkenning אֵלֶּיךָ, of die relatiewe voornaamwoord רַב־לְפָנַי of יָרֵבֵּן (tensy so 'n sin afhanklik is van 'n sin wat op Vlak 1 staan – soos in die geval van vs. 19c).

Vlak 1: Sinne waarvan die woordorde doelbewus deur die skrywer verander is om 'n bepaalde wending of effek teweeg te bring;

Vlak 2: Eerste vlak direkte rede;

Vlak 3: Tweede vlak (ingebedde) direkte rede.

¹¹³ Jonker (1996:342) beskryf die volgende kriteria vir sinsverdeling: “(i) The copula -וְ (narrative form) and -וְ serve as initial sentence indicators. (ii) A sentence may have a maximum of one finite verb. (iii) Relative sentences introduced by אשר are treated as separate sentences. (iv) Infinitive constructions are not treated as separate sentences. (v) Nominal sentences are treated as separate sentences. (vi) Participle constructions are treated as separate sentences. (vii) Sentences introduced by הנה are treated as separate sentences.” Hierdie kriteria word dienooreenkomstig toegepas op die Masoretiese teks van 2 Samuel 13:1-22.

¹¹⁴ Van der Merwe, Naudé en Kroeze (1997:305) meen: “Die wāw-konsekutief word egter breër gebruik, hoofsaaklik om progressie uit te druk soos temporele en logiese opeenvolging, asook om nuwe verhale in te lei en om die vloei van 'n verhaal te bepaal.” Hierdie sinne vorm die spreekwoordelike ruggraat van die vertelling en is 'n klassieke eienskap van 'n Hebreeuse narratiewe teks.

2 Samuel 13:1-22

	3	2	1	0	
					a 1
			וַיְהִי אַחֲרָיִם		b 1
			וּלְאַבְשָׁלוֹם בְּוַדָּד אָחוֹת יָפָה		c 1
			וַיִּשְׁמָה תָמָר		d 1
			וַיֹּאמְרָה אֲמִנּוֹן בְּוַדָּד:		
			וַיֵּצֵר לְאַמְנוֹן לְהַתְחַלּוֹת בְּעִבּוֹר תָּמָר אֵת	a 2	2
			כִּי כְתוּלָה הִיא	b 2	
			וַיִּפְלֵא בְעֵינָיו אֲמִנּוֹן לַעֲשׂוֹת לָהּ מְאוּמָה	c 2	
			וּלְאַמְנוֹן כַּעַ	a 3	3
			וַיִּשְׂמוּ יוֹנָדָב בְּוַדָּב בְּוַדָּב אָחִי דָוִד	b 3	
			וַיִּוַדָּב אִישׁ חָכָם מֵאֵד	c 3	
			וַיֹּאמֶר לוֹ	a 4	4
			מִדּוּעַ אַתָּה כֹּכָה דַל בְּוַדָּב בְּבִבְקָר	b 4	
			בְּבִבְקָר	c 4	
			הֲלוֹא תִגִּיד לִי	d 4	
			וַיֹּאמֶר לוֹ אֲמִנּוֹן	e 4	
			אֶת־תָּמָר אָחוֹת אֲבִשָׁלֹם אָחִי אֲנִי אֶבְי:	a 5	5
			וַיֹּאמֶר לוֹ יְהוֹנָדָב	b 5	
			שָׁכַב עַל־מִשְׁכַּבְּךָ	c 5	
			וְהִתְחַלַּלְתָּ	d 5	
			וַיָּבֵא אֶבְיֶיךָ לְרֵאוֹתֶיךָ	e 5	
			וַאֲמַרְתָּ אֵלָיו	f 5	
			תָּבֹא נָא תָמָר אָחוֹתִי	g 5	
			וְתִבְרַנִּי לְחָם	h 5	
			וַעֲשֵׂתָה לְעֵינָיו אֶת־הַבְּרִיָּה	i 5	
			לְמַעַן אֲשֶׁר אֲרָאָהּ	j 5	
			וְאֶכְלֵתִי מִיָּדָהּ		
			וַיִּשְׁכַּב אֲמִנּוֹן	a 6	6
			וַיִּתְחַלַּל	b 6	
			וַיָּבֹא אֶל־הַמֶּלֶךְ לְרֹא תוֹ	c 6	
			וַיֹּאמֶר אֲמִנּוֹן אֶל־הַמֶּלֶךְ	d 6	
			תִּבּוֹא־נָא תָמָר אֵת	e 6	
			וְתִלָּבַב לְעֵינָיו שְׁתֵּי לִבְבוֹת	f 6	
			וַאֲבָרָה מִיָּדָהּ	g 6	
			וַיִּשְׁלַח דָּוִד אֶל־תָּמָר הַבִּיתָה לְאֹמֶר	a 7	7
			לְכִי נָא בֵּית אֲמִנּוֹן אֲחִיךָ	b 7	
			וַעֲשֵׂי־לוֹ הַבְּרִיָּה:	c 7	
			וַתֵּלֶךְ תָּמָר בֵּית אֲמִנּוֹן אֲחִיהָ	a 8	8
			וְהוּא שָׁכַב	b 8	
			וַתִּקַּח אֶת־הַבָּצֶק	c 8	
			וַתִּלְוֶה	d 8	
			וַתִּלָּבַב לְעֵינָיו	e 8	
			וַתִּבְשֵׁל אֶת־הַלִּבְבוֹת	f 8	
			וַתִּקַּח אֶת־הַמִּשְׁרֵת	a 9	9
			וַתִּצַּק לְפָנָיו	b 9	
			וַיִּמְאֵן לֶאֱכֹל	c 9	
			וַיֹּאמֶר אֲמִנּוֹן	d 9	
			הֲזֹצִיאוּ כָל־אִישׁ מֵעָלַי	e 9	

	<p>וַיִּצְאוּ כָּל־אִישׁ מֵעֲלִיוֹ: וַיֹּאמֶר אֲמֹנֹן אֶל־תָּמָר</p> <p>הביאי הפרייה המזר ואברה מידה</p> <p>וַתִּקַּח תָּמָר אֶת־הַלְּבָבוֹת אֲשֶׁר עָשְׂתָה וַתָּבֵא לְאֲמֹנֹן אֶחֱיהָ הַחֲדָרָה:</p>	f a b c d e f	10
	<p>וַתִּגַּשׁ אֵלָיו לֵאמֹר יִחְזַק־בָּהּ וַיֹּאמֶר לָהּ</p> <p>בואי שכבי עמי אחותי:</p> <p>וַתֹּאמֶר לוֹ</p> <p>אל-אחי אל-תענני כי ל-א-נעשה כן בישראל אל-תעשה את-הנבלה הזאת: ואני אנה אוליך את-חרפתי אתה תהיה כאחד הנבלים בישראל ועתה דבר-נא אל-המלך כי ל-א-ימנעני ממך:</p>	a b c d e a b c d	11 12
	<p>וְלֹא אָבָה לְשֹׁמֵעַ בְּקוֹלָהּ וַיִּחְזַק מִמֶּנָּה וַיַּעֲבֹד וַיִּשְׁכַּב אִתָּהּ :</p>	a b c d	14
	<p>וַיִּשְׁנֹאֶה אֲמֹנֹן שְׁנֹאֶה גְדוֹלָה מֵאֵד כִּי גְדוֹלָה הַשְּׁנֹאֶה אֲשֶׁר שְׁנֹאֶה מֵאֵהָבָה אֲשֶׁר אֵהָבָה וַיֹּאמֶר־לָהּ אֲמֹנֹן</p> <p>קומי לכי:</p> <p>וַתֹּאמֶר לוֹ</p> <p>אל-אודת הרעה הגדולה הזאת מאחרת אשר-עשית עמי לשלחני</p> <p>וְלֹא אָבָה לְשֹׁמֵעַ לָהּ: וַיִּקְרָא אֶת־נַעֲרוֹ מִשְׁרָתוֹ וַיֹּאמֶר</p> <p>שלחוני-נא את-זאת מעלי החוצה ונעל הדלת אחריה:</p> <p>וְעָלְיָה כַּתְּנֹת פָּסִים כִּי כֹן תִּלְבַּשְׁן בְּנוֹת־הַמֶּלֶךְ הַבְּתוּלוֹת מְעִילִים וַיֵּצֵא אוֹתָהּ מִשְׁרָתוֹ הַחוּץ וַנְּעַל הַדְּלֵת אַחֲרֶיהָ:</p>	a b1 c b2 d e f g a b c d a b c d a b c d	15 16 17 18
	<p>וַתִּקַּח תָּמָר אֶפֶר עֲלִיר־אִשָּׁה וְכַתְּנֹת הַפָּסִים אֲשֶׁר עָלְיָהּ קִרְעָה</p>	a b1 c b2	19

	וּתְשֹׁב יָדָהּ עַל־רַ' אִשָּׁה	d	
	וּתְלַךְ הַלֹּךְ	e	
	וְנִצְקָה:	f	
	<hr/>		
	וַיֹּאמֶר אֵלֶיהָ אֲבָשְׁלוּם אָחִיהָ	a	20
	הַאֲמִינוּן אָחִיךָ הִיָּה עִמָּךְ	b	
	וַעֲתָה אַחֹתִי הַחַרְיִשִׁי	c	
	אָחִיךָ הוּא	d	
	אֲל־תִּשְׁתִּי אֶת־לִבְךָ לְדַבֵּר הַזֶּה	e	
	וּתְשֹׁב תִּמְרָ	f	
	וְשׁ מִמָּה בֵּית אֲבָשְׁלוּם אָחִיהָ:	g	
	וְהִמְלִיךְ דָּוִד שָׁמַע אֶת כָּל־הַדְּבָרִים הָאֵלֶּה	a	21
	וַיַּחַר לוֹ מְאֹד:	b	
	וְלֹא־דָבַר אֲבָשְׁלוּם עִם־אֲמִנוּן לְמַרְעֵ וְעַד־טוֹב	a	22
	כִּי־שָׁנָא אֲבָשְׁלוּם אֶת־אֲמִנוּן עַל־דְּבַר	b	
	אֲשֶׁר עָנָה אֶת תִּמְרָ אַח־תּוֹ: פ	c	

Vanuit hierdie sintaktiese sinsanalise kan nou oorgegaan word daartoe om die narratiewe elemente te beskryf. Die verskillende tonele (wat reeds hierbo afgegrens is) sal as uitgangspunt dien. Die tabel hieronder verskaf nou eers 'n ontleding van die narratief voordat die afsonderlike dele daarvan individueel bespreek sal word.

Toneel	Sinne	Sintaktiese en Narratiewe aanduidings	Inhoud	Plotmoment
Agtergrond 1	1a-d	<ul style="list-style-type: none"> ○ Vlak 1-sinne ○ Nuwe karakters voorgestel (Absalom, Tamar en Amnon) 	Bekendstelling aan karakters	Eksposisie
Agtergrond 2	2a-c	<ul style="list-style-type: none"> ○ Oorgang na <i>wayyiqtol</i> ○ Verhouding tussen twee karakters aangedui (Amnon en Tamar) 	Verhouding tussen Amnon en Tamar	Snellermoment
Toneel 1	3a-5j	<ul style="list-style-type: none"> ○ Weer vlak 1-sinne ○ Nuwe karakter (Jonadab) ○ Eerste optrede ○ Gesprek tussen twee karakters (Jonadab en Amnon) 	Jonadab se raad	Komplikasie
Toneel 2	6a-7c	<ul style="list-style-type: none"> ○ Toneelverskuiwing na Amnon se kamer ○ Nuwe karakter (Dawid) ○ Gesprek tussen twee karakters (Dawid en Amnon) 	Uitvoering van raad	Uitwerking 1
Toneel 3	8a-10f	<ul style="list-style-type: none"> ○ Tamar kom na Amnon se kamer ○ Opvolging van <i>wayyiqtol</i>-vorme ○ Amnon stuur diensknegte uit 	Vorbereiding tot tragedie	Uitwerking 2
Toneel 4	11a-14d	<ul style="list-style-type: none"> ○ Amnon en Tamar alleen in kamer ○ Amnon gryp Tamar ○ Gesprek tussen Tamar en Amnon ○ Klimaks: vernedering, verkragting 	Amnon verkrag Tamar	Klimaks
Toneel 5	15a-18d	<ul style="list-style-type: none"> ○ Amnon jaag Tamar weg ○ Verdere gesprek tussen Tamar en Amnon ○ Amnon se dienskneg sit Tamar uit huis uit 	Amnon verag Tamar	Verdere komplikasie
Toneel 6	19a-f	<ul style="list-style-type: none"> ○ Tamar buite Amnon se huis ○ Tamar voer handeling van rou uit 	Tamar in rou	Vertraging
Toneel 7	20a-22c	<ul style="list-style-type: none"> ○ Karakterverandering (Absalom en Dawid weer binne) ○ Verskuiwing van toneel (na Absalom se huis) 	Absalom en Dawid se reaksie	Konklusie

Ons gaan nou voort om elkeen van hierdie tonele sistematies te bespreek. Telkens sal die bespreking begin met 'n eie vertaling van die gedeelte. Daarna volg sekere

taalspesifieke en sintaktiese verwysings oor die episode. Elke toneel word dan verder bespreek in terme van die narratiewe elemente wat hierbo teoreties voorgestel is.

Eksposisie: Vv. 1a-d

Vertaling:

En daarna het dit so gebeur dat Absalom, die seun van Dawid, 'n mooi suster gehad het. En haar naam was Tamar. Amnon, die seun van Dawid, was op haar verlief.

Taalspesifieke en sintaktiese verwysings:

Vers 1 a-c word volledig gekenmerk deur agtergrondstaal. Smith (1990:23) merk in dié verband op: “Not only is there a complete absence of the prefixal verbs preceded by waw used throughout the rest of the pericope (and traditionally in Hebrew narrative) to indicate that a main event is taking place; there are no verbs at all here.” Byna al die woorde wat voorkom, is in die nominale vorm en byna al die naamwoorde is eiename. In die eksposisie word taal dus hoofsaaklik gebruik om die karakters aan die leser voor te stel en nie om die beweging van die narratief voort te dryf nie.

וַיְהִי אֶחָד־יָמִים - Die narratief begin met die tradisionele inleidingselement: “This often-used formula signals to the reader that a new narrative time-flow is about to begin; it puts his sense of expectancy on the alert for a new mounting towards a climax and its subsequent release” (Smith 1990:22).

וַיֵּלֶצֶבְשָׁלוֹם בְּיָמָיו - Hoewel Absalom nie in die res van die Tamar-verhaal primêr figureer nie, open die verhaal met 'n verwysing na hom en word hy op dié manier vooropgestel deur die skrywer. Deur die verwysing na Absalom word die leser bewus gemaak van die primêre rol wat Absalom speel in die groter narratief waarvan Tamar se verhaal 'n onderafdeling is.

בְּיָמָיו - Die feit dat hierdie formule twee maal (ook in vs. 1d) gebruik word, is opmerklik. Op praktiese vlak word die leser daaraan herinner dat Dawid twee seuns gehad het. Die beskrywing van beide Amnon en Absalom as die seuns van Dawid het egter ook 'n verdere funksie: “They carry David’s presence through from the last cycle of units (Chapter 8-12) into this cycle. We are not allowed to forget that David is the chief character in the Succession Narrative and that every aspect of it has a bearing on his progress” (Smith 1990:24).

וַיִּצְהַר אֲמֹנֹן בְּדָוִד – Die laaste sin van die gedeelte vertoon die klassieke narratiewe styl en open dus die opeenvolging van gebeure wat kenmerkend van ’n narratief is. Dit word egter as deel van die eksposisie behandel aangesien dit semanties staties is in die wyse waarop dit Amnon se gevoel vir Tamar beskryf. Die feit dat Amnon se liefde vir Tamar egter op die eerste sintaktiese vlak beskryf word, is van belang. Die skrywer bied aan die leser die eerste blik op die fokus van die narratief. Amnon se liefde vir Tamar is die probleem wat ’n reeks gebeure tot gevolg sal hê wat uiteindelik sal uitloop op die troonopvolging van Dawid deur Salomo, en nie deur Amnon of Absalom nie.

וַיִּצְהַר – kan letterlik vertaal word met “hy het haar liefgehad”, maar die konteks maak die aard van die liefde duidelik. Vandaar die keuse vir “was hy op haar verlief”. Anderson (1989:172) meen dat die motief van Amnon se liefde uit die staanspoor ’n politieke implikasie het: “Amnon’s love for Tamar was, largely, part of his plan to put Absalom and his family in their place! Although Amnon was attracted by Tamar’s beauty, he hoped, even more so, both to gratify his sexual desires and to humiliate Absalom through Tamar, at the same time.” Hierdie interpretasie van Anderson word versterk deur die karakteriseringstegnieke wat in die eksposisie toegepas word. Absalom word vooropgestel deur die skrywer en Tamar word in verhouding tot Absalom beskryf.

Narratiewe elemente:

Plot: Die eerste episode in ’n nuwe narratiewe eenheid staan bekend as die eksposisie. Die verhouding tussen die karakters word omskryf en die verhouding tussen verteller en leser word gevestig. 2 Samuel 13:1a-d is die eksposisie van die verhaal en beantwoord aan al die klassieke kriteria. Die begin van die nuwe narratiewe eenheid word ingelei met die tradisionele formule en ’n nuwe groep karakters word aan die leser bekendgestel. Die verhoudings van die karakters onderling word vir die eerste maal in detail weergegee. Dit is dus duidelik dat die leser hier met ’n nuwe narratiewe eenheid besig is. In vers 1 word die verhoog opgestel waarop die res van die verhaal sal afspeel. “Our attention is therefore directed towards the characters rather than advancing the narrative” (Smith 1990:23).

Die beskrywing van die familieverhoudings in die eksposisie dui dadelik ook die problematiese aard van Amnon se liefde vir Tamar aan: “She is also described as

Absalom's sister rather than as David's daughter, thus preparing the reader for further developments" (Anderson 1989:173). Cheryl Exum maak 'n belangrike punt oor die posisie van vroue in die Bybelteks op grond van die tendens van benoeming. Vroue word altyd in hulle verhouding tot mans aan die leser bekend gestel. "They thus illustrate the familiar position of women in biblical times, as under the authority of their fathers before marriage and of their husband after marriage" (Exum 1990:45).

Karakters: Hoewel Absalom nie regtig as 'n hoofkarakter in die gebeure van die verhaal figureer nie, word al die inligting aan die begin van die verhaal in verhouding tot hom aangedui.¹¹⁵ Hiermee word Absalom se teenwoordigheid in die verhaal bevestig. Absalom is in die agtergrond van alles wat in die verhaal gebeur en sy bekendstelling hier wys aan die leser reeds die prominensie wat hy later in die verhaal sal inneem: "Absalom, whose name is given prominence at the beginning of the chapter, is going to dominate the scenes to follow" (Baldwin 1988:247). Beide Absalom en Amnon word beskryf as "die seuns van Dawid". Dawid is die hoofkarakter van die troonopvolgings-narratief en die karakters wat deel uitmaak van die episode word in verhouding tot Dawid beskryf. Hertzberg (1964:322) meen dat die feit dat Amnon se verhouding tot Dawid so prominent uitgebeeld word, beteken: "First, the reader sees that the son is dominated by the same sensuality as his father, a sensuality which takes no notice of men's lives, and will notice divine retribution in the fact that David has to experience this in his own flesh and blood. Secondly, however, after the birth of Solomon, Yahweh's favourite, the future king and bearer of the promise of chapter 7, the question of the position of the older sons arises. They are higher in the line of succession than he is, the chief among them is the crown prince Amnon. The fate which befalls Amnon through his own sin is not unconnected with the divine plans, even though this is not stated explicitly." Die prominensie wat aan die manlike karakters verleen word binne die besonder gespanne magdinamika van die teks wys reeds dat Tamar deel is van 'n groter storie, wat vanuit die prominente lesings van die teks beskou kan word as *die* storie.¹¹⁶ "Tamar is introduced

¹¹⁵ Birch (1998:1303) lewer die volgende kommentaar in dié verband: "The story begins with the naming of David's son Absalom, for it is in his fate that the narrator is interested."

¹¹⁶ Die verskillende maniere waarop die teks geïnterpreteer word, word aan die einde van die hoofstuk bespreek. Vanuit die bespreking blyk dit dat die dominante interpretasies van die teks, in ooreenstemming met die ideologiese bedoeling van die skrywer, Tamar se verhaal lees as 'n

not in her own right but as the sister of Absalom and the object of Amnon's desire. Absalom and Amnon are sons of David and rivals to succeed him on the throne. For the narrator of this story, the rape of Tamar is not of interest as a personal tragedy for Tamar but as an offence to the family of Absalom, which leads to Absalom's vengeful killing of Amnon and his subsequent banishment by David. Tamar's rape sets in motion a course of events that eventually eliminates the two leading contenders for the Davidic throne. Tamar is an event rather than a person in this story. When the event is over, she disappears, while Absalom and Amnon play out the effects that are of greater interest to the narrator" (Birch 1998:1302).

Tamar word strategies bekendgestel tussen Absalom en Amnon: "Tamar is named only after her identity as Absalom's beautiful sister is stated. Indeed she is bracketed by the two princes" (Birch 1998:1303). Die feit dat sy aan die leser bekend gestel word as die suster van Absalom, wys reeds uit die staanspoor dat enige iets wat met haar gebeur 'n impak het op Absalom.

Retoriese dimensie: Ridout dui aan dat "(t)he kinship relations of the characters involved in this appalling story is impressed upon the audience in the repetitions of the words 'brother' and 'sister'. By means of this simple compositional device our author communicates to us in a convincing and poignant manner the rending apart of the royal family" (1974:78). Die retoriese dimensie van die verhaal staan dus in diens van die ideologiese vertrekpunt van die verhaal, naamlik die troonopvolging van Dawid en die magspel wat daaromheen bestaan.

Verteller: Die manier waarop die karakters aan die leser voorgestel word, maak die oogmerk van die verteller reeds by die aanvang van die verhaal duidelik: "This story is not told for its own sake but for its effect on the succession to the throne" (Birch 1998:1303).

onderafdeling van 'n groter manlik-gedomineerde narratief. Om Tamar se stem tot haar reg te laat kom, is dit nodig om teen die grein van die teks in te lees.

Snellermoment: Vv. 2a-c

Vertaling:

En Amnon was siek van begeerte na sy suster, Tamar; want sy was 'n maagd en dit was in Amnon se oë onmoontlik om iets aan haar te doen.

Taalspesifieke en sintaktiese verwysings:

Beide 2a en 2c lê op die eerste vlak van die narratief. **נֹגַם וְיִפְלֵא** nóg ׀ nóg ׀ dui egter handeling aan. In die snellermoment van die verhaal word daar alleen op die binnewerke van Amnon se emosies gefokus. **וְ** aan die begin van 2b funksioneer as neweskikkende voegwoord en merk 'n redegewende sin.

לְהִתְחַלֵּחַ – Conroy (1978:27) meen dat die verwysing na fisiese siekte in die konteks van liefde vir die eerste hoorders bekend sou klink: “It can be supposed that the narrator and his first readers had some acquaintance with the themes of Egyptian love-poetry, then an added richness of allusion can be seen in this mention of love-sickness which is a frequent occurrence in those poems.” As dit waar is, dan blyk dit dat die verteller die gehoor reeds nou wil wys op Amnon se onsuivere motiewe vir ‘liefde’. Die eerste hoorders sou dus reeds hier by die aanvang van die verhaal agterdogtig wees oor Amnon se motiewe, in teenstelling met moderne hoorders wat vermoedelike eers onraad sou merk aan die einde van vers 2.

וְהָאֵתָּה – Dit is die eerste verskyning van 'n herhalende tendens in die narratief waar woorde gebruik word om onderlinge familieverhoudings aan te dui. Aangesien die familiebande in vers 1 reeds duidelik uitgelê is, is die verwysing oorbodig. Die herhaling van die familiebande bring telkens weer die feit onder die hoorder se aandag dat Amnon se gedrag laakbaar is.

בְּתוּלָה – Die feit dat die verteller nie enige verduideliking aanbied nie vir die feit dat Tamar se maagdelikheid haar buite Amnon se bereik plaas, maak dit duidelik dat die eerste hoorders vanselfsprekend die opmerking verstaan het. Die opmerking kan dus verwys na die feit dat Tamar as maagd voortdurend onder beskerming was en dat dit daarom onmoontlik was om haar te bereik. “Another solution to the significance of these clauses is to accept that sentence at face value and take **בְּתוּלָה** to refer to Tamar’s unmarried status. The author is then saying that Tamar’s being unmarried prevents Amnon from having sex with her; had Tamar been married, Amnon would have had easier access” (Smith 1990:26). Baldwin (1988:247) sluit hierby aan en meen dat die

uitdrukking impliseer: “(S)he was a virgin might have meant in other circumstances that he was free to marry her, but she was his half-sister and therefore he dismissed the possibility. Either that, or he was intending only a casual liaison with her, in any case, Amnon had not considered breaking the conventions which governed society in Israel in these matters.” Tamar se identiteit word aan dus aan die leser beskryf in terme van haar seksualiteit en haar huweliksstatus.

Narratiewe elemente:

Plot: Die oorgang van die eksposisie na die volgende episode van die narratief is dikwels moeilik om te omskryf.¹¹⁷ Die volgende toneel vorm die snellermoment (“inciting moment”) van die verhaal en stel dus die leser bloot aan die konflik of probleem. Die verskuiwing van toneel word in die verhaal bewerkstellig deur vanaf die opsomming van verhoudings soos in die eksposisie aangebied, te beweeg na die temporele beskrywing van die probleem. Hierdie verskuiwing word duidelik onderbou deur die verandering in die taalgebruik. In die eksposisie word hoofsaaklik van nominale terme gebruik wat eiename en verhoudings aandui, terwyl die snellermoment na die eerste vlak van die narratief beweeg. Die aandag van die leser word op dié wyse verskuif na die nuwe episode in die narratief.

Met die opmerking “en hy kon niks aan haar doen nie” word die onbetaamlikheid van Amnon se ‘liefde’ vir Tamar in die vers aan die orde gestel. Dit blyk dat sy liefde glad nie liefde was nie, maar bloot die fisiese hunkering na iets wat buite sy bereik is. “He desires her passionately, but she is not available to him. Amnon’s passion collides with what is socially permitted” (Brueggemann 1990:286). Baldwin (1988:247) meen voorts in terme van Amnon se dispoisie: “Amnon, the crown prince, loves her, but, despite his privileged status, he finds himself powerless to possess her”.

Leser: Die probleem van die verhaal is nou aan die leser bekend deur die kriptiese beskrywing daarvan in hierdie gedeelte. Die leser se belangstelling word op dié wyse geprikkel en word genooi om nou verder te lees ten einde agter te kom hoe die probleem verder gaan ontvou. In terme van die aard van die probleem is dit moontlik dat die leser op dié punt van die verhaal spanning beleef. Hoewel hy/sy sou wou weet hoe die verhaal ontwikkel, is dit moontlik dat die leser eerder sou wou wegkyk en nie

¹¹⁷ Ska (1990:22) bied gebruiksiglyne om die aard van die oorgang te probeer beskryf. Die siglyne is aangehaal in die narratiewe bespreking en word hier geïmplementeer.

‘sien’ wat volgende gaan gebeur nie. Die verhaal sou maklik hier kon eindig in die sin dat Amnon se begeertes genadiglik onbeantwoord bly. Die toneel verander egter en nuwe karakters impliseer ‘n wending.

Toneel 1 - Komplikasie: Vv. 3a-5j

Vertaling:

Maar Amnon het ‘n vriend gehad, met die naam van Jonadab, ‘n seun van Dawid se broer Simea; en Jonadab was ‘n baie slim man. Toe vra hy vir hom: Waarom lyk jy, wat ‘n seun van die koning is, môre vir môre so bedruk? Sal jy my nie vertel nie? Toe sê Amnon vir hom: Op Tamar, die suster van my broer Absalom, is ek verlief. Toe sê Jonadab vir hom: Gaan lê op jou bed en maak of jy siek is. As jou vader dan kom om jou te sien, moet jy vir hom sê: Laat my suster Tamar tog kom en vir my brood gee wat sy voor my oë berei het dat ek kan sien en uit haar hand eet.

Taalspesifieke en sintaktiese verwysings:

Vers 3a-c vergelyk in struktuur met vers 1a-c. Ook hier in vers 3 word nuwe karakters op dié wyse aan die leser bekend gestel. Amnon en Jonadab word deur die doelbewuste verandering van woordorde vooropgestel in die eerste deel van die toneel. Die verbintenis tussen Amnon en Jonadab word op dié wyse sintakties uitgebeeld as die teenpool van die verbintenis tussen Absalom en Tamar.

Die pas van die verhaal vertraag in die dialoog tussen Amnon en Jonadab. Die leser word op dié manier ingetrek tot in die gesprek. Die direkte rede wat gebruik word om Jonadab se slinkse plan aan Amnon oor te dra, kan in twee dele verdeel word. In die eerste vlak van direkte rede beveel Jonadab aan dat Amnon siek moet speel. Smith (1990:28) meen oor die ingebede direkte rede in Jonadab se woorde: “It possibly indicates that Jonadab is telling Amnon exactly what to say as though he doubts whether Amnon can manage on his own. But the embedded speech also performs the discourse function of giving variety to the narrative and highlighting that part of the deception that will actually bring Amnon and Tamar together.” Hierdie tweede vlak van direkte rede impliseer Dawid as deel van die komplot en plaas die klem op sy deelname.

חָכָם - Jonadab word as slim/skrander of vindingryk beskryf. Hierdie kwaliteit word prakties geïllustreer in Jonadab se ondervraging van Amnon. “The English adjective connotes an admirable quality, but in the Bible wisdom has a purely intellectual and

morally neutral quality” (Whybray 1968:58). Baldwin (1988:247) sluit hierby aan: “He is described as a very crafty man (wise/shrewd); the context dictates the exact nuance of the word, and here its usual ethical content is conspicuously lacking. He was ‘wise’ in the sense that he knew what he wanted and how to get it.”

אֶת־תִּמְרָאֵהוּ אֶחָדָה אֶבְשָׁלָם – In antwoord op Jonadab se vraag na die rede vir Amnon se ongesteldheid word Tamar op besondere wyse vooropgestel as die rede. Tamar word dan treffend beskryf as die suster van Absalom. Weer skep dit die vermoede dat Amnon se fokus op Tamar nie onafhanklik van Absalom en die troonopvolgings-intrige verstaan kan word nie.

אֶת־הַבֶּרֶךְ/הַלֶּחֶם - Jonadab verwys in die neutrale vorm na ‘brood’ en ‘voedsel’ as hy aan Amnon aanbeveel wat Tamar vir hom moet kom voorberei.

Narratiewe elemente:

Plot: Na die formulering van die probleem van die verhaal word dit nou verder gekompliseer. Die spanning word nou in ‘n aantal tonele opgebou. Die nuwe toneel word in hierdie geval duidelik aan die leser deurdruk dat ‘n nuwe karakter, Jonadab, bekendgestel word. Amnon herhaal weer eens die aard van die probleem, maar spreek dit duidelik teenoor Jonadab uit. Jonadab bied ‘n moontlike oplossing van Amnon se probleem.¹¹⁸ Met Jonadab se raad word dit moontlik dat die spanning van vers 2 ‘n ontknoping kan vind. Die lokval wat Jonadab vir Tamar bedink, eindig oop. Alhoewel die konsekwensies van haar weerloosheid duidelik is, bly die detail onuitgespreek.

Karakters: In dié gedeelte word Jonadab genoem en beskryf. Jonadab is ‘n klassieke voorbeeld van ‘n ‘type’-karakter. Die karakter word omskryf in terme van ‘n spesifieke eienskap wat van besondere belang vir die verhaal is. Jonadab word as vindingryk beskryf en hierdie omskrywing wys op sy funksie in die verhaal. Hy tree in die verhaal op in ooreenstemming met sy beskrywing en gee aan Amnon raad wat Tamar in sy teenwoordigheid sal bring. Daar is ‘n parallelisme met vers 1. Die herhaling van die bekendstellingsformule met die oog op Jonadab gee aan hom

¹¹⁸ Hoewel Jonadab se raad op die oog af onskuldig lyk, is “the tone of the text ... misleading. Amnon’s intentions are later exposed as the violence of incest and rape, but the text treats his plotting with Jonadab as if the issue were merely the plight of a lovesick young man. We are well warned by the story of the innocent guises that can mask violence. Jonadab devises a plan, with the sole intent of isolating Amnon alone with Tamar” (Birch 1998:1303).

prominensie: “But it also serves to underline the splitting at this point of David’s family into two opposing camps: Tamar is in Absalom’s camp, Jonadab in Amnon’s” (Smith 1990:27).

Die afwesigheid van enige formele aanspreekvorme in die gedeelte dui op die familiariteit van die twee karakters. Sommige meen dat Jonadab ‘n amptelike raadgewer van Amnon was, maar die bewyse vir die amptelikheid van die verhouding is nie duidelik nie: “Elsewhere in the Bible we find a ‘friend’ acting formally on behalf of a man in his dealings with a woman. Thus the term ‘friend’ here may mean more than an intimate acquaintance. Jonadab may have routinely served Amnon as a matchmaker and adviser in affairs of the heart” (McCarter 1984:72).

Dawid figureer baie sterk in hierdie afdeling. Jonadab se familieverbintenis aan Dawid word uitgelig, Amnon word beskryf as ‘n koningseun en Dawid word geredelik betrek by die komplot. “These references to David at the moment when a deception is being mounted signal to the hearer that David was not in control of his court, that things were going on behind his back which he should have prevented” (Smith 1990:26). Brueggemann (1990:287) meen in verband met die verwysing na Dawid in Jonadab se komplot: “It is a daring scheme, because the king is made the go-between. There may be intended irony, in that David is now cast in a role like that of Uriah, to carry the message that will bring trouble. David unwittingly aids the plot development.”

Toneel 2 – Uitwerking 1: Vv. 6a-7c

Vertaling:

En Amnon het gaan lê en gemaak of hy siek is. Toe die koning kom om hom te sien, sê Amnon aan die koning: Laat my suster Tamar tog kom en voor my oë twee hartvormige broodjies voorberei, dat ek uit haar hand kan eet. Daarop het Dawid vir Tamar van die huis af ontbied: Gaan tog na die huis van Amnon, jou broer, en berei vir hom iets om te eet voor.

Taalspesifieke en sintaktiese verwysings:

Na die uiteensetting van die plan deur Jonadab in twee vlakke van direkte rede in 5a-j, bring die verteller weer die verhaal terug na die eerste sintaktiese vlak as ‘n aantal *wayyiqtol*-vorme gebruik word in 6a-d. Amnon herhaal Jonadab se voorgestelde

woorde bykans verbatim en Dawid dra op sy beurt weer die opdrag in direkte rede aan Tamar oor.

וּתְלַבֵּב לְעֵינַי שְׂתִי לְכַבוֹת – Dit is die enigste verandering van Jonadab se woorde. Jonadab het bloot in meer neutrale terme verwys na brood of voedsel. Sommige meen dat “*lebibot* has an erotic connotation because of its connection with *yelababev*, which can mean ‘to arouse’. They suggest that *lebibot* were cakes prepared and eaten by lovers, and that they come to Amnon’s mind because he is obsessed with love” (Smith 1990:31). Fokkelman (1981:105) verwys in dié verband: “On the first level, the heart cakes are meant to further the sick man’s health together with the devotion and personal attention with which Tamar prepares and offers them. On the second level, they figuratively stand for the duality which becomes united in the game of love, thus evoking the association of an aphrodisiac.” Amnon se bedoelinge met Tamar is baie duidelik in sy gebruik van die woord.

הַבְּרִיָּה – Dawid verwys weer na die kos in 'n meer neutrale vorm.

Narratiewe elemente:

Plot: Die nuwe toneel bring Dawid in persoonlike kontak met Amnon. Die uitwerking van die intrige begin nou hier op gang kom. Die spanning word verhoog in die vertraging van die verhaal deur die bykans woordelike herhaling van die slinkse plan wat Jonadab bedink het. Die feit dat Amnon die woorde sonder verandering aanhaal, wys iets van sy vertroue in Jonadab se plan. Die feit dat ons hier ’n herhaling van die inligting van die vorige vers vind, vertraag die pas van die narratief: “(T)he repetition also has the discourse function of delaying the flow of the narrative and thus producing a feeling of suspense which will increase from this point on, now that the plot has begun to be implemented” (Smith 1990:30). Dawid se opdrag aan Tamar is aansienlik korter as Amnon se versoek aan Dawid of as Jonadab se aanvanklike suggestie. Die leser weet egter teen hierdie tyd al presies wat die konsekwensies van die opdrag is en dit is daarom nie nodig om dit te herhaal nie.

Ons merk hier ’n voorbeeld van die opdrag/uitvoeringsritme wat die perikoop kenmerk: “The narrative patterns of ‘command/execution’ and its variations ‘request/granting’ constitute an important structural device within the pericope. In fact, the material is articulated mainly by the use of these schemata which form smaller narrative units” (Conroy 1978:19).

Dawid stuur vir Tamar vanuit die veilige ruimte van die huis waar sy beskerm word, na die huis van haar broer. Exum (1990:55) merk - in verband met ander verhale van vroue in die Bybel - op: “Both our victims meet untimely ‘deaths’ when they leave the security of the house to meet the man who will be instrumental in their murder. The house is the woman’s domain; here she is safe and can even exercise power, while outside in the larger world, men wield authority.” Hoewel Tamar nie fisies haar dood teëkom in die verhaal nie, is haar lewe as gevolg van Amnon se onbesonne daad verby. Ook Tamar word dus ‘n slagoffer van die onveilige spasie waarheen sy gestuur word.

Retoriese dimensie. Ridout (1947:78) meen dat die herhalende verwysing na Amnon se siekte ‘n ironiese funksie in die verhaal inneem: “The two nuances of the verb, that of feigned illness and that of actual sickness, convey the irony which our author has seen in the situation. It is Amnon’s manifest ill appearance which leads Jonadab to ask: ‘Why are you so haggard looking day after day, O son of the king?’ With what ironic ease Amnon is then able to carry out Jonadab’s instructions. ‘And so Amnon lay down and pretended to be ill’”. Climactically here, the verb functions to describe both the false and the true sickness. Amnon’s physical appearance is both feigned illness, intended to deceive his father and sister, and yet it is also his true love sickness of desire for Tamar.”

Die hartvormige broodjies wat Amnon van Tamar verwag, word aan Dawid bekend gemaak as Amnon sy versoek aan Dawid rig. Die seksuele konnotasies aan hierdie broodjies was vermoedelik wel bekend. Dawid dra egter steeds Amnon se versoek aan Tamar oor. Hoewel Dawid weer ‘n meer neutrale term gebruik om die voedsel te beskryf, kom bak Tamar in die volgende gedeelte tog die hartvormige broodjies wat Amnon verlang. Beide Dawid se gebrek aan reaksie op Amnon se versoek en die feit dat Tamar gedweë die hartvormige koekies bak, laat suspisie by die leser ontstaan oor die mate waarin beide Dawid en Tamar bewus was van Amnon se intensies.

Toneel 3 – Uitwerking 2: Vv. 8a-10f

Vertaling:

Toe gaan Tamar in die huis van haar broer Amnon terwyl hy daar lê, en sy het deeg geneem en geknie en die hartvormige broodjies voor sy oë gemaak en die broodjies gebak. En sy het die pan geneem en dit voor hom uitgekeer, maar hy het geweier om

te eet. En Amnon het gesê: Laat almal van my weggaan! En almal het van hom weggegaan. Toe sê Amnon aan Tamar: Bring die kos na my slaapkamer, dat ek uit jou hand kan eet. En Tamar het die broodjies wat sy gemaak het, geneem en vir haar broer Amnon in die slaapkamer gebring.

Taalspesifieke en sintaktiese verwysings:

Tamar se gehoorsame reaksie op die opdrag van Dawid, soos dit aanvanklik aan Amnon gesuggereer is deur Jonadab, word op die eerste vlak van die narratief deur die skrywer weergegee. In 8b verskuif die skrywer die fokus na Amnon. Alles wat Tamar verder in hierdie gedeelte doen, word gelees teen die agtergrond van Amnon se teenwoordigheid. In 8c tot 9d vind ons die opeenstapeling van agt *wayyiqtol*-konstruksies (וַיֵּאָמְרוּ, וַיֵּצֵא, וַתֵּקַח, וַתִּבְשֵׁל, וַתִּלְבַּב, וַתִּלְשֵׁ, וַתִּקַּח) wat die eerste vlak van die narratief uitmaak. Hier opeenstapeling verhoog die pas van die narratief en dra by tot die verhoogde spanning wat die leser voel. Die eerste ses konstruksies wys op Tamar se vlytige voorbereiding van die voedsel.

וַתִּלְךְ - Tamar se aankoms by Amnon word met dié woord aangedui en wys op dramatiese wyse die belang van haar teenwoordigheid.

Die groot hoeveelheid werkwoorde wat aksie aandui, verhoog die spoed van die narratief en dui op Tamar se vinnige beweging.

וְהוּא שָׁכַב – Die doelbewuste verandering in die woordorde in 8b asook die gebruik van die partisipiumvorm van die werkwoord שָׁכַב plaas die bedrywige handeling van Tamar teen die agtergrond van Amnon wat bloot op die bed lê.

אֶת־הַלֶּבְבוֹת – Dit is opmerklik dat daar pertinent verwys word na die feit dat Tamar wel die hartvormige broodjies wat Amnon in gedagte gehad het en aan Dawid weergegee het, aan die bak is. In ag genome die seksuele konnotasies wat aan die gereg gekoppel is, laat dit die leser wonder of Tamar wel geweet het wat Amnon se intensies was. Indien sy wel geweet het, skep haar vlytige handeling die indruk dat sy instemmend deel is van die situasie. Andersyds laat haar posisie as vrou in ‘n manlik-dominante samelewing haar vermoedelik met weinig keuse in dié verband. Die feit dat Amnon direk na die hartvormige broodjies verwys in gesprek met Dawid en dat Tamar hierdie gereg voorberei, laat tog die indruk dat almal geweet het wat Amnon se intensies was, maar dat niemand dit aangespreek het nie.

הוֹצִיאָוּ כָּל־אִישׁ מֵעַלְיוֹ – Amnon se opdrag word woordeliks deur die diensknegte gehoorsaam. Dit laat by die leser die indruk dat Amnon, as koningseun, gewoonlik gekry het wat hy verlang het. Dit gee ons ook ‘n indruk van die diensknegte se verhouding tot Amnon, naamlik dat as hy ‘n opdrag gee, moet hulle dit gehoorsaam.

Narratiewe elemente:

Plot: ‘n Nuwe toneel word ingelei wanneer daar op dramatiese wyse in die teks aangedui word dat Tamar by Amnon se woning aangekom het. Hierdeur word die intrige verder uitgewerk. Tamar se gehoorsaamheid aan die opdrag van Dawid, en per implikasie aan die plan van Jonadab, verhoog die spanning in hierdie gedeelte.¹¹⁹

Karakter: Tamar is die fokus van hierdie gedeelte. Haar aankoms en bedrywige aktiwiteit word beskryf. Tamar is volledig besig met die voorbereiding van die kos in hierdie gedeelte en al haar aandag word daardeur in beslag geneem.

Tamar se bedrywigheid word egter deur die skrywer geskets teen die agtergrond van die Amnon wat steeds ‘siek’ in die bed lê. Die spanning word in hierdie gedeelte van die verhaal verhoog deur Tamar se haastige bewegings wat gelees word teen die onheilspellende teenwoordigheid van Amnon in die agtergrond.

Amnon speel nog die rol van iemand wat siek is. Amnon bring Tamar telkens nader aan hom met sy toneelspel. In sy aandrang dat sy hom moet voer, word dit in die volgende toneel tot die absolute gedryf: “Now Amnon can’t touch them (the food she prepared) he is so ill. It is all part of the act. Ill as he is, he cannot bear all these people around, and in this way he contrives to be left alone with Tamar” (Baldwin 1988:248). Brueggemann (1990:287) sluit hierby aan: “Amnon plays the role perfectly. He craves intimacy. He wants to eat from her hand in private.”

Tyd: Die aanvanklike spoed van die toneel is hoog en word bewerkstellig in die opeenstapeling van werkwoorde wat Tamar se aksies uitbeeld. Die tempo van die narratief word versnel in die spoedige verwydering van die wagte uit Amnon se kamer, maar word weer vertraag met Amnon se opdrag aan Tamar en haar gedweë uitvoering van die opdrag.

¹¹⁹ “Tamar comes innocently to Amnon’s house, and what the reader knows to be a charade, is played out” (Birch 1998:1303). Die feit dat die leser bewus is van die komplot teen Tamar verhoog die spanning van die verhaal as sy gehoorsaam op Dawid se opdrag na Amnon se huis gaan.

Fokalisasie: Alles word beskryf vanuit Tamar se perspektief, ook Amnon se weiering om iets te eet. Die feit dat die verhaal vanuit Tamar se perspektief vertel word, versterk die belewing van die leser. Die leser weet egter, vanaf dié episode tot aan die einde van die verhaal, meer as Tamar, met die gevolg dat die leser haar met simpatie dophou in haar besige handeling.

Toneel 4 – Klimaks: Vv. 11a-14d

Vertaling:

Toe sy dit naderbring na hom om te eet, het hy haar gegryp en vir haar gesê: Kom lê by my, my suster! Sy het vir hom gesê: Nee, my broer! Moet my tog nie onteer nie, want so iets word nie in Israel gedoen nie. Moenie hierdie dwase ding doen nie. Want waarheen sou ek tog met my skande gaan, en jy sal soos een van die dwase in Israel wees. Praat dan tog nou met die koning, want hy sal my nie van jou terughou nie. Maar hy wou nie na haar luister nie en hy het haar oorweldig en haar onteer en haar verkrag.

Taalspesifieke en sintaktiese verwysings:

Die pas van die narratief word vertraag in 11a-e in ‘n aantal kortaf opmerkings waarvan die laaste twee in 11d-e in die imperatief voorkom: בּוֹאֵי en שִׁכְבִי. In 12b-13d vind ons ‘n merkwaardige lang uitspraak van Tamar. Die direkte rede vertraag die pas van die narratief verder en die leser word op dié wyse tot in die moment ingetrek. Amnon luister egter nie na Tamar se rede nie en verkrag haar desondanks haar pleidooi. Die verkragtingstoneel in 14a-d figureer weer op die hooflyn van die narratief.

וַיִּזְקֶהָ – Die aard van Amnon se intensies word duidelik in die gebruik van “a strong verb meaning ‘overpowered’” (Baldwin 1988:248).

וְהִעֲנִי – Tamar se beskrywing van Amnon se gedrag wys op die feit dat sy bewus is van Amnon se intensies om haar te verkrag: “Amnon has not made an invitation; he has voiced a demand and will not be denied. Tamar names the intent... The meaning of the verb is connected with concepts of humiliation and oppression” (Birch 1998:1304).

אָחוּתִי – Vir die eerste maal sedert vers 1 word die woord weer gebruik om die familieband uit te druk. Die gedeelte word gekenmerk deur ‘n afname in die gebruik van eiename, nóg Tamar nóg Amnon word direk genoem.

אָהֵי – Die gebruik van die intieme term om die familieband aan te dui, is skokkend wanneer die leser beseft dat Amnon die woord teenoor Tamar gebruik, sy suster wat hy pas verkul het in ‘n poging om haar te verkrag.

כִּי לֹא יִמְנַעַנִי מִמֶּךָ – Hoewel die meeste kommentare meen dat dit in Tamar se pleidooi teenoor Amnon gaan oor ‘n huwelik, vertaal die teks bloot met ‘want hy (Dawid) sal my nie weerhou van jou nie’. In die lig van Dawid se moreel-twyfelagtige insident met Batseba is dit moontlik dat Tamar bloot meen dat Dawid sou instem tot ‘n seksuele ontmoeting tussen haar en Amnon.

וַיִּשְׁכַּב – Yamada (2008:118) meen “(T)he rape itself is narrated with a quick succession of two verbs...The deed is done in an instant. The events and planning that led up to the crime were described with great detail. Tamar’s speech also provided a lengthy interruption of Amnon’s intent to lie with her. When it comes to the actual rape, however, the incident is over quickly, but with devastating effect.”

וַיִּשְׁכַּב – Birch (1998:1304) merk in verband met die werkwoord op: “The final verb appears in the Hebrew text without its customary preposition ‘with’, used to indicate consensual sexual intercourse. The result is a construction that accords with the brutal crudity of our modern expression, making the final phrase of this verse ‘he laid with her.’”.

Narratiewe elemente:

Plot: Die toneel ontwikkel tot die klimaks van die verhaal. In Amnon se woorde word sy bedoelinge duidelik. Tamar word bewus daarvan en probeer deur 'n wyse argument¹²⁰ hom kry om daarvan af te sien. Die direkte rede wat die verteller gebruik om die gesprek tussen Amnon en Tamar tot uitdrukking te bring, vertraag die pas van

¹²⁰ Birch (1998:1304) merk die tragiese op in terme van Tamar se pleidooi: “This plea on Tamar’s part is a sad testimony to her recognition of the powerless role that women occupied in ancient Israel. She knows that if Amnon is determined, he can have her, but she urges him to do this in a way that accords her some honor and respect.” Yamada (2008:115) merk dienooreenkomstig in terme van Amnon se gedrag op: “Amnon, being the son of the king, knows how to order people around. He does not possess, however, the ability to use or listen to reasonable speech when his passion is involved...”

die verhaal en verhoog die spanning. Die gebruik van direkte rede bring die leser nader aan die gebeure wat plaasvind. Amnon luister egter nie na haar nie¹²¹ en die verhaal ontwikkel tot 'n klimaks wanneer die aanvanklike spanning van vers 2 verlig word in Amnon se verkragting van Tamar. Die verwysing na die feit dat Amnon sterker as Tamar was “implies physical resistance on her part. To wise speech, Tamar adds courageous action, but she is overpowered” (Birch 1998:1304).

Tamar begin haar teensetting met 'n uitroep en volg dit op met langer oordenkende opmerkings. Die verteller roep die moreel-etiese konsekwensies van Amnon se gedrag op in Tamar se breedvoerige opmerkings.¹²² Die inhoud van Tamar se pleidooi tot Amnon rus op die volgende argumente: 1) Sulke gedrag hoort nie in Israel nie; 2) Hierdie handeling is 'n nie-Israelitiese manier om op te tree; 3) Die handeling sal Tamar verwoes; 4) Amnon sal bekend staan as 'n dwaas; en 5) Dawid sal, as hy gevra word, toestem tot 'n huwelik tussen Amnon en Tamar. In punte 1 tot 4 word die voor die hand liggende konsekwensies van die daad aan Amnon uitgespel. In punt 5 verwys Tamar na inligting wat nie algemeen beskikbaar is nie: “Tamar’s statement seems to indicate that marriage between her and Amnon would have been possible despite the prohibitions of Deuteronomy 27:22 and Leviticus 18:9. Questions have been asked as to whether the above prohibitions had come into force by the period in Israel’s history. If they had, then the fact that Tamar knew David would have been willing to permit her marriage to Amnon is meant to reflect badly on the morals of David’s court” (Smith 1990:35). Birch (1998:1304) sluit hierby aan en meen: “Tamar begs Amnon to speak with David and arrange a marriage. She believes David would not refuse the relationship. It is not clear whether such marriages of half siblings in the royal family were acceptable, but Tamar is probably right that David would agree to it rather than face the scandal that is about to erupt. After all, David has defied convention for the sake of lust himself.”

¹²¹ Brueggemann stel dit soos volg: “Amnon is the firstborn, the heir apparent, used to his own way and not accustomed to accepting advice. Amnon will not listen” (1990:288).

¹²² Yamada (2008:116) meen dat Tamar se pleidooi getuig van 'n eer-skande kultuur: “Tamar shapes the consequences of Amnon’s intended action within the language of social humiliation. In the culture of honor and shame, Amnon’s desire to lie with Tamar will result in a loss of face for her, her brother, and the entire family. Tamar will be disgraced with nowhere to put her shame, and Amnon’s reputation will be associated with foolishness and dishonor.”

Of Amnon se daad bloot neerkom op verkragting en of dit ook bloedskande impliseer, is nie duidelik nie. Anderson (1989:175) meen: “Amnon’s rape of Tamar was not incest since marriage between Amnon and Tamar was possible and there is no indication in our source that Amnon’s offence was regarded as a crime or capital offence.” Ander meen egter dat Amnon skuldig is van beide verkragting en bloedskande. As hy bloot skuldig was aan verkragting, was dit van hom verwag om met Tamar te trou. Die feit dat hy haar in die volgende afdeling wegstuur, maak dus die skande dubbeld so erg.

Toneel 5 – Verdere komplikasie: Vv. 15a-18d

Vertaling:

Toe het Amnon haar met ‘n baie groot afkeer gehaat. Die afkeer wat hy van haar gekry het was baie groter as die liefde waarmee hy haar liefgehad het. En Amnon sê toe vir haar: Staan op, gaan weg! Maar sy het vir hom gesê: Moenie hierdie kwaad wat jy my aangedoen het, nog groter maak deur my weg te stuur nie. Maar hy wou nie na haar luister nie. Toe roep hy sy kneg wat hom bedien, en sê: Stuur hierdie vrou tog van my af weg buitentoe, en sluit die deur agter haar!

En sy het ‘n veelkleurige mantel aangehad, dit is die mantel wat koningsdogters gedra het wat maagde was. Toe het die dienskneg haar na buite gebring en die deur agter haar toegemaak.

Taalspesifieke en sintaktiese verwysings:

Amnon se begeerte van die voorafgaande gedeelte ontvorm tot ‘n intense gevoel van haat of aversie in 15a. Die intensiteit van die gevoel word uitgedruk deur die herhaling van die term שונא. In 15b1 word ‘n verduidelikende bysin ingelei met כי waarin die intensie van Amnon se afkeer duidelik tot uitdrukking kom. Tamar pleit weereens by Amnon in 16b-c. Amnon wil nie na haar luister nie en beveel sy dienskneg in die direkte rede van 17c-d om haar uit te sit. In 18a-b word die beweging van die narratief onderbreek deur die doelbewuste verandering in woordorde. Tamar word vooropgestel in die suffiks in 18a en die veelkleurige kleed wat sy gedra het word aan die leser beskryf. Hierdie pertinente verwysing na Tamar en die status wat sy voorheen beklee het, herinner die leser weer eens aan wie die persoon is wat deur Amnon onteer is. Uit die aard van Tamar se posisie is dit duidelik dat Amnon se daad gevolge sou hê. Deur die verwysing word ‘n nuwe spanningslyn tot die verhaal

toegevoeg. In 18c-d keer die narratief weer terug na die hooflyn wanneer Tamar deur die dienskneg op straat gesit word.

וַיִּשְׂנְאָהָ – Die intense haat wat Amnon vir Tamar voel, word die fokus van hierdie gedeelte. Die woordorde en die sterk werkwoord wat hier gebruik word, lê besondere klem op die haat wat die liefde van vroeër vervang. Brueggemann (1990: 288) merk tereg op: “In verse 15, the very next words after the rape of verse 14, we meet a profound emotional reversal. There is no grammatical link between the two statements. Whatever marks the shift for desire to repulsion is unstated and unexplored. Amnon has been satisfied. Not only his sexual lust is satisfied, but also his powerful capacity to have what was not rightly his. Now he quickly loses interest in Tamar.” Conroy (1983:119) sluit hierby aan en meen die “heavy stress on hatred in v 15 is both psychologically acute and thematically important. Here, in fact, deep hatred takes over from shallow love; Amnon’s hatred will generate Absalom’s hatred and the consequences will prove fatal for the former.”

אָתָּה זֹאת – Die verhaal tot op hierdie punt is oorheers deur die uitdrukking van die besondere familie verband in die keuse van relasionele voornaamwoorde. Daar word telkens na Tamar verwys as ‘my suster’. Die onpersoonlike wyse waarop na Tamar verwys word as ‘die dit’ is betekenisvol en versterk die wending wat nou in die verhaal plaasvind.

קוּמִי לְכִי – Die onpersoonlike opdragte wat in die direkte rede in 15f-g aan Tamar gerig word, is ‘n duidelike aanduiding van Amnon se veranderde posisie.

לְשַׁלְּחָנִי – Die ‘wegstuur’ waarna die term verwys, word deur McCarter (1984:74) as volg verduidelik: “(I)t is a technical term for the dismissal of a divorced wife. It is true that Amnon and Tamar are not married, but Tamar implies that they must now become married in view of what has happened and that Amnon has forfeited his right to send her away.” Tamar verwys vermoedelik na die etiese gebruik in Israel soos vervat in Deuteronomium 22:28 (Ou Afrikaanse Vertaling – 1933): “As ‘n man ‘n dogter, ‘n jongmeisie, kry wat nie verloof is nie, en haar aangryp en met haar gemeenskap het, en hulle word betrap, dan moet die man wat met haar gemeenskap gehad het, die vader van die dogter vyftig sikkels silwer gee; en sy moet sy vrou wees, omdat hy haar onteer het; hy mag haar nie verstoot solank as hy lewe nie.”

קֶתֶן פְּסִים – Dit verwys na die veelkleurige mantel wat Tamar dra as simbool van haar posisie as maagdelike koningsdogter. Die enigste ander plek in die Bybel waar ‘n soortgelyke beskrywing voorkom, is in verwysing na die kleed wat Josef gedra het en wat aan hom ‘n hoër status verleen het as sy broers. Bledstein (1994:65) verwys in ‘n intertekstuele lees van die twee tekste na ‘n merkwaardige ooreenkoms tussen Tamar en Josef: “Is it not remarkable that each person apparelled in the *ketonet* passim was authorized by his or her father to perform a service and, during the performance, each was abused by brothers, then cast out?” Tamar se posisie binne ‘n bepaalde sisteem word deur die verwysing by die leser opgeroep. Sy is die dogter van die koning wat onder sy beskerming funksioneer. Tog is die juiste sisteem wat haar moes beskerm, die een wat van haar ‘n slagoffer in hierdie verhaal maak.

Narratiewe elemente:

Plot: In vers 14 beleef die leser die klimaks van die verhaal in die fisiese verkragting van Tamar. Tradisioneel sou mens dus verwag dat die volgende afdeling stelselmatig die verhaal tot ontknoping sou bring. In vers 15-18 word die saak egter verder gekompliseer. Na die klimaks verhoog die verteller die spanning van die verhaal nog een maal voor die draaipunt aanbreek waarin die leser bewus word van die noodwendige afwaartse beweging van die verhaal.

Karakters: In teenstelling met die fisiese fokus van die klimaks in vers 14 verskuif die fokus nou na Amnon se emosionele toestand. Sy ‘liefde’¹²³ van vroeër word omskep in afsku. Die vorige keer wat die verteller ons insae gegee het in Amnon se privaat gedagtes, was hy siek van begeerte na Tamar. Nou bejeën hy haar met ‘n intense afsku. In die blote emosionele beskrywing sien ons die groot verandering wat daar in Amnon plaasgevind het: “A number of poets and psychologists could be cited on the readiness with which love – especially of the acute, grasping variety – turns to hatred and the intensity of hatred thus produced” (McCarter 1984:75). Fokkelman (1981:107) verstaan die verandering in gemoedstoestand as volg: “He who seeks intercourse pretends to be able to reciprocate tenderness, to make deep contact, and to taste the union of true love. Amnon’s act of violence reveals him as someone

¹²³ Of dit wat Amnon vir Tamar gevoel het hoegenaamd liefde was, is sterk te bevraagteken. Goslinga (1962:239) meen in dié verband: “Vs. 15 toont in de beschrijving van de totale ommekeer van Ammons gevoelens voor Tamar, dat er bij hem geen ware liefde was geweest (al meende hij dit), maar alleen de zucht naar bevrediging van zij zinnelijke lust.”

incapable of contact and as an uncouth egoist. The worst for him is that there is a witness present, and Tamar is this witness. From then on, he will no longer be able to see her, for if such a meeting would be repeated, he will face an extremely shameful unmasking and intolerable confrontation with his own shortcomings as a person. Therefore, Amnon pushes his half-sister as far away as he can with his hate.” Birch (1998:1304) sluit hierby aan deur te wys op die kontras wat in die omskrywings van Amnon se emosies op te merk is: “Just as the account began with Amnon’s feelings, so also now that rape has been committed, Amnon’s feelings continue to occupy the narrative. He is filled with intense hatred. The so-called love (v.1) is exposed as lust and the power to do violence. The reversal from desire to repulsion is immediate and revealing. He had no regard for Tamar beyond the gratification of his own desires.”

Tamar se vertrek uit Amnon se huis word net so prominent onder die aandag van die leser gebring soos haar aankoms in sy huis. Die leser se oordeel oor Amnon word selfs meer negatief in die lig van die robuuste manier waarop hy nou vir Tamar hanteer. Die verwysing na die ‘veelkleurige mantel’ wat Tamar gedra het, word op ‘n vreemde plek geplaas, gemeet aan Westerse standaarde. Die leser sou dalk eerder verwag om van Tamar se mantel te hoor wanneer sy die eerste maal by Amnon se huis aankom: “Whatever the source of the information about Tamar’s robe, as part of a discourse this information fulfils a useful role. It engages our visual imagination; it serves to delay the execution of Amnon’s command in verse 17 and thus heightens suspense... But it also communicates something by virtue of its position in the text which reflects poorly on Amnon. It reminds the hearers that the person whom Amnon has raped and now orders out of the house ‘like an irksome prostitute’, beside being his sister, possesses the highest social and political status” (Smith 1990:38). Bledstein (1994:80) merk verder op: “With regard to Tamar, David’s daughter, the description of her garment as that worn by virgin princess-priestesses occurs at the moment that Amnon orders his servant to throw her out. No longer a virgin with the pure loins suitable for *entu*-ship, she can no longer appear as a sanctified being and serve her deity wearing the *me’il* as David has planned.”

Toneel 6 – Vertraging: Vv. 19a-f

Vertaling:

En Tamar het as op haar hoof gestrooi en die veelkleurige mantel geskeur, sy het haar hand op haar kop gesit en geloop en weeklaag.

Taalspesifieke en sintaktiese verwysings:

19a,d,e,f vorm deel van die hoof narratiewe lyn en wys Tamar se handeling van weeklaag. Dit kom tot uitdrukking in drie *wayyiqtol*-vorme, naamlik קָתַן, אָשְׁתָּן and הִלְךְ, asook in die *weqatal*-vorm הִקְטָן wat die opeenvolging van handeling aandui. Die vertelling word egter onderbreek in 19b1,c,b2 deur weer eens te vewys na die veelkleurige mantel wat aan haar behoort het as ‘n maagdelike koningsdogter. Hierdie kleed was ‘n teken van haar identiteit. Deur dit te skeur wys sy sigbaar hoe Amnon se wandaad haar posisie beïnvloed.

Narratiewe elemente:

Plot: Die vertraging van die plot voor die ontknoping van die verhaal gaan voort in die beskrywing van Tamar se gedrag. Tamar verlaat die huis van Amnon en vertoon handeling algemeen verbind met smart en rou: “This episode directs our attention to the participant’s body in a way not found in other episodes. The first and fifth clauses both allude to Tamar’s head, the focal point of her suffering as she first smears it with ashes, then places her hand on it in a gesture of grief” (Smith 1990:39).

Karakters: Die mantel wat Tamar dra, is simbolies van haar lewe. Terwyl sy dit gedra het, was dit ‘n teken van haar sosiale status. Nou, wanneer dit geskeur is, is dit ‘n teken van haar eie vernietiging en verwoesting: “Because the garment was customarily worn by virgins, some interpreters have supposed that Tamar tore it as a mark of her lost virginity. But the gesture can be explained sufficiently as an expression of grief” (McCarter 1984:76).

Brueggemann¹²⁴ (1990:288) hou die twee standpunte bymekaar en voeg selfs ‘n verdere interpretasie by as hy beweer: “When she leaves the presence of Amnon, she

¹²⁴ Birch (1998:1305) se interpretasie stem ooreen met dié van Brueggemann op hierdie punt: “Perhaps Amnon thought that was the end of the matter and that Tamar would slink away in silence and shame. But Tamar will not participate in the conspiracy of silence. She boldly makes public what Amnon has

changes her dress and appearance, removing her clothes which mark her as a virgin. Thus she makes a public gesture of humiliation, which also serves to indict Amnon. Amnon may have wished, like his father, to have his wrong covered over and hidden from public notice; Tamar, however, will not comply with such a cover-up.”

Toneel 7 – Konklusie: Vv. 20a-22c

Vertaling:

En haar broer Absalom sê toe vir haar: Amnon jou broer, was hy by jou? Bly dan nou maar stil, my suster! Hy is jou broer, sit jou hart nie op hierdie saak nie. So het Tamar dan as ‘n verlatene in die huis van haar broer Absalom gebly.

Toe koning Dawid al hierdie dinge hoor, het hy baie kwaad geword. Maar Absalom het met Amnon geen kwaad of goed gepraat nie, maar Absalom het Amnon heiroor gehaat, omdat hy sy suster Tamar oonteer het.

Taalspesifieke en sintaktiese verwysings:

In 20a maak Absalom weer ‘n terugkeer tot die verhaal en hy is dadelik aan die woord in 20b-e. Absalom begin sy direkte rede met ‘n verwysing na Amnon in 20b. Hierdie voor die hand liggende konklusie waartoe Absalom kom in die lig van Tamar se weeklaag ondersteun die groeiende suspisie dat al die karakters bewus was van Amnon se intensies met Tamar. Absalom beveel Tamar om haar nie te verknies oor die aangeleentheid nie en sy gaan woon as ‘n verlatene in Absalom se huis. In 21a word Dawid vooropgestel in ‘n sin met doelbewuste veranderde woordorde. Dawid se gebrekkige reaksie word op hierdie wyse beklemtoon. Absalom haat vir Amnon en die rede daarvoor word in 22b-c gebied. Hierdie redegewende sinne stel die verhoog op vir dit wat hierna gaan volg.

In die LXX-weergawe van die verhaal is daar ‘n sin wat bygevoeg word ter verduideliking van Dawid se gedrag: “Maar hy het sy seun Amnon geen pyn gedoen want hy het hom liefgehad omdat hy die eersgeborene was.”

אָהָרָה / אָהָרָה / אָהָרָה –Die gebruik van die woorde om familieverband aan te dui, is opmerklik in hierdie gedeelte.

done and forces the world of power and kingdom to face the reality of this violence and her humiliation.”

Narratiewe elemente:

Plot: Die spanning in die verhaal word verlaag en die finale konklusie bied die resultaat van die verhaal aan die leser. Die ontknoping van hierdie episode in die groter troonopvolgings-narratief bied alreeds die inleidende motief vir die volgende episode. Die laaste vers bied 'n opsomming van die rede vir Absalom se haat en 'n inleiding van die tragedie wat gaan volg. Die eerste en die laaste vers van die verhaal vorm 'n soort omarmende struktuur tot die inhoud van die verhaal. Dit word bewerkstellig deur die herhaling van eiename in die laaste vers soos in die eerste en in die oënskynlik kontrasterende emosies wat uitgelig word. Die verhaal begin met 'liefde' en eindig in haat.

Karakters: Absalom verskyn nou na afloop van die gebeure op die toneel en word vanuit hierdie verskyning die sentrale figuur in die afloop van die narratief. In Absalom se vraag merk ons dat die daad van Amnon nie vir hom as 'n verrassing kom nie: "The rhetorical question involves a euphemism; Absalom, apparently, had no difficulty in guessing the nature and cause of Tamar's distress" (Anderson 1989:176). Die feit dat Absalom dadelik vir Amnon verdink, mag ook wys op 'n reeds bestaande spanning tussen die twee broers. Absalom se woorde van vertroosting klink, in die lig van Tamar se ervaring, nie regtig besonder sensitief nie. Die trant kan egter ook anders geïnterpreteer word. As Absalom reeds in dié moment besluit het om weerwraak te neem, sou die gerusstelling van Tamar sin maak. Absalom het dalk die situasie knap opgesom. Amnon is deel van die familie en om hierdie rede is die insident 'n interne aangeleentheid. Selfs al sou Dawid ook saamstem dat die daad onaanvaarbaar was, sou daar min gewees het wat daaraan gedoen kon word: "So Absalom must have come to the conclusion that he had no real option but to take the law into his own hands" (Anderson 1989:176). Bergen (1996:382) meen egter ter versagting van Absalom se respons: "Absalom attempted to provide her with some comfort and consolation. He could neither give Tamar a husband nor be one to her, but he did provide her with two of the amenities associated with marriage – a place to live and the attendant promise of protection."

Dawid¹²⁵ se woede het geen konkrete konsekwensies nie, soos Hertzberg (1964:324) tereg opmerk: “Anger breaks out, but nothing is done; David’s love for his children has something unmanly about it.” Birch (1998:1305) sluit hierby aan: “David may be angry, but he joins the conspiracy of silence around the rape of Tamar, and in doing so he unwittingly allows Absalom’s murderous revenge to run its course”.

Omdat Tamar onteer is, verloor sy alle sosiale status en leef nou as ‘n verlatene in die huis van haar broer Absalom: “Tamar knows well enough what is in store for her; it will now become clear what has happened to her and that means that she must now lead a solitary life, as there will be no one who will desire her” (Hertzberg 1964:324). Aangesien vroue geen mag op grond van hulle eie persoon gehad het nie, maar altyd afgelei van die manlike beskermheer, is Tamar se lot verseël. Sy sal nooit aan ‘n man verbind word nie en sal dienooreenkomstig nie kinders baar nie. Haar posisie in die samelewing is een van verlatenheid.

Retoriese dimensie: Die gedurige herhaling van familie-aanduidende terme dien volgens Ridout (1974:76) die volgende doel: “With the initial stress on the kinship of all the characters, followed by frequent use of the key words ‘brother’ and ‘sister’ as the plot unfolds, our narrator stresses most effectively upon his listeners that this is a story of David’s family, and how it came about that this royal family started on a tragic course of self destruction.” Die herhaling soos deur Ridout bespreek, beklemtoon dus die ideologiese punt dat die verhaal handel oor die huis van Dawid, maar dan in besonder die manlike karakters.

Hiermee kom ons analise van die kleiner narratiewe eenhede in 2 Samuel 13:1-22 tot 'n einde. Dit is egter nodig om in die volgende twee subafdelings nog breedvoeriger te fokus op spesifieke narratiewe aspekte.

3.4.2.3 Perspektief en die verteller

Vir die grootste deel van die verhaal bied die verteller die inligting aan asof hy/sy ‘n getuie is wat inligting oor die gebeure weergee: “The account is detailed and close-knit, with many signs of first-hand observations and vivid reminiscences” (Baldwin

¹²⁵ Dawid se gebrek aan reaksie wys op die ontwikkeling van sy karakter: “We have known David as a man of decisive action, but in this and subsequent episodes narrating the drama of his own family, David is curiously passive and indecisive. Perhaps David is himself so morally compromised by his own flagrant crimes that he cannot confront the excesses of his son” (Birch 1998:1305).

1988:246). Op plekke beseft ons egter dat die verteller meer insig in die situasie het. In vers 1 word daar nie net opgemerk dat Amnon interne spanning beleef nie, maar die rede vir die spanning word ook gegee. Van verse 4-14 is die verteller teenwoordig soos in 'n dokumentêre film waar bloot weergegee word wat gebeur. In vers 8 verskuif die fokus van die vertelling egter na die bewegings van Tamar en volg die verteller haar: "The narrator, as it were, follows her from her house to Amnon's, and the nominal sentence 'while he lay in bed' appears to present the scene as it met her eyes" (Conroy 1978:22). Opmerklik, soos in bogenoemde bespreking egter vermeld, is dat Tamar se besige handeling teen die agtergrond van die lêende Amnon beskryf word. Die verteller stel hom/haarself dus voor as 'n buitestaander, maar een met ekstra inligting. Enkele opmerkings van die verteller lewer bewys van hierdie meerdere kennis. In vers 15 bied die verteller inligting oor Amnon se gevoelens en kontrasteer dit met die weergawe van sy gevoelens, asook in vers 18 waar die verteller inligting gee oor die belangrikheid van Tamar se kleed. In vers 21 en 22 verander die karakter van die verteller as 'n sinopsis van die gevolge van die gebeure gegee word. Nou is die aandag van Tamar verwyder en word sy bloot 'n sub-plot van 'n groter intrige. Birch (1998:1302) noem in dié verband: "For the narrator of this story, the rape of Tamar is not of interest as a personal tragedy for Tamar but as an offence to the family of Absalom, which leads to Absalom's vengeful killing of Amnon and his subsequent banishment by David. Tamar's rape sets in motion a course of event that eventually eliminates the two leading contenders for the Davidic throne."

Die verteller gee geen kritiese evaluering van die gebeure nie, maar in die verskuiwing van die simpatieke fokus van Amnon na Tamar openbaar die verteller sy/haar lojaliteite: "The outstanding point here is the way in which the reader's sympathies are alienated for Amnon and gained for Tamar (and therefore for Absalom). Tamar is beautiful (v.1); she is instantly obedient to her father's wishes (v.8) and to Amnon's whims (v.10); and she has a sound moral sense (v.12) and wants to save not only herself but also Amnon from the consequences of his passion (v.13) ... her cries and gestures of grief (v.19) and her sad final solitude (v.20) complete the picture on a note of real pathos" (Conroy 1978:23). Amnon, daarenteen, word van die begin af in 'n slegte lig gestel. Sy begeerte om "iets aan Tamar te doen" maak die leser uit die staanspoor agterdogtig. Sy kwansuise siekbed en onvermoë om na Tamar te luister, verseël sy negatiewe lot.

Die feit dat die verteller geen kritiese morele oordeel oor die verhaal uitspreek nie, wys dat ons hier met 'n storieverteller te doen het en nie met 'n onderwyser nie. Die verteller gebruik tegnieke om karakters in 'n bepaalde lig te skets in die verhaal, maar die finale oordeel word aan die leser oorgelaat.

3.4.2.4 Die rol van die leser

Oor die algemeen is die leser 'n buitestaander wat bloot op 'n afstand staan en kyk hoe die verhaal afspeel. 'n Besondere uitsondering is egter die gedeelte van die verhaal waar Tamar na Amnon se huis toe kom (vv. 8-10) en vir hom broodjies voorberei. Indien van die standpunt af uitgegaan word dat Tamar nie bewus was van Amnon se plan nie en dus niksvermoedend 'n liefdesdaad vir hom kom verrig, het die leser meerdere kennis. Die leser is ingelaat op Jonadab se slinkse plan en is daarom nie verblind deur Amnon se toneelspel nie: "The result is that the reader assists at the baking scene not as a neutral spectator but as an apprehensive participant who knows or at least suspects what Tamar and David do not" (Conroy1978:24). As Amnon se bedoelinge duidelik word (v. 11), is dit dus vir Tamar 'n skok, maar nie vir die leser nie. Hiermee word die leser se simpatie teenoor Tamar vergroot. Indien Tamar, soos Dawid en Absalom, bewus van Amnon se intensies sien die leser in die uitspeel van die verhaal hoe uitgelewer Tamar aan die omstandighede is en hoe die sisteem waarin sy funksioneer haar volledig magteloos laat om iets aan haar lot te doen. Vanuit die eksegetiese bestudering van die teks wil dit myns insiens tog blyk asof al die karakters geweet, of ten minste vermoed het, wat aan die gang is.

Hoe dit ook al sy, die uitbeelding van Tamar in die verhaal deur die skrywer, skep die indruk dat sy uitgelewer was aan die sisteem. Die feit dat die leser gelei word tot groter simpatie teenoor Tamar, en haar as't ware as 'n persoon beskou en nie net as die pion in 'n politieke komplot nie, kan die moontlikhede tot 'n ander lesing van die teks moontlik word: "We have little choice but to attend to the drama of tragedy in David's house and power politics in David's kingdom for David is the fascination and focus of the books of Samuel. Nevertheless, we can also choose to see the tragedy and pain of Tamar the person in spite of the narrator's emphasis on her rape as the excuse for Absalom's revenge. We need not victimize Tamar again by failing to notice her courage and resourcefulness in the face of danger or by refusing to acknowledge the full reality of the suffering and humiliation inflicted upon her" (Birch 1998:1303).

Ons beweeg nou van die narratiewe analise oor na 'n volgende aspek, naamlik 'n ekstrinsieke ideologiese analise.

3.4.3 Ekstrinsieke ideologiese analise¹²⁶

Die verhaal van Tamar vind neerslag in woorde wat ontstaan het in 'n bepaalde ideologiese konteks. In die eksegetiese bespreking het van die ideologiese lae in die teks sigbaar geword. Ten einde hierdie ideologiese ondertone van die verhaal verder te verken, moet die konteks van die verhaal in die breë beskou word. Ryk soos die verhaal is, sou daar tog iets van die volle kompleksiteit en intrige verlore gaan as dit nie in 'n breër konteks verstaan word nie. 2 Samuel 13 is deel van die twee Samuel-boeke en vorm deel van die sogenaamde Deuteronomistiese geskiedenis. Römer (2007:2) meen ter verduideliking van die term: “The close relation in style, vocabulary and content that link together the books of Deuteronomy, Joshua, Judges, Samuel and Kings has led to the idea that these books once constituted a ‘Deuteronomistic History’...” Römer (2007:11) meen ter opsomming dat die inhoud van die sogenaamde Deuteronomistiese geskiedenis as volg saamgevat kan word: “In spite of the very different themes and materials which are collected and assembled in Deuteronomy to Kings, these books are nevertheless linked by a chronological principle: from the Mosaic origins to the end of Judah. The time of Moses and Joshua appears as a ‘Golden Age’, in contrast to the time of the Judges, which is described as a rather anarchic and chaotic period. The portrait of the monarchy is profoundly ambiguous. On the one hand one can find texts that insist on the divine legitimation of the Davidic dynasty (in 2 Sam. 7 Yahweh promises that it will last ‘forever’); on the other hand, there are numerous critical remarks about the king who do not conform to Yahweh’s will as exposed in the book of Deuteronomy.”

Die studie van die onstaansgeskiedenis van die Samuel-boeke, waarvan die verhale aangaande Dawid se opbou tot koningskap en sy uiteindelijke val deel is, word ingebed in die studie van die sogenaamde Deuteronomistiese geskiedenis. Hoewel dit nie binne die parameters van hierdie studie lê om 'n volledige oorsig te bied oor die verskeidenheid van akademiese besinnings aangaande die Deuteronomistiese geskiedenis nie, beskou ek tog die hoof bewegings in die navorsingsveld oorsigtelik.

¹²⁶ Die intrinsieke ideologiese analise wat hoofsaaklik retories van aard is, is as onderafdeling van die narratiewe analise bespreek.

In teenstelling met die Pentateug, is die Deuteronomistiese geskiedenis nie deur die Joodse of Christelike tradisie beskou as 'n onafhanklike eenheid nie. Die term Deuteronomistiese geskiedenis is ontwikkel deur moderne akademici: “The ‘father’ of the Deuteronomistic History hypothesis is Martin Noth, who published in 1943 his *Überlieferungsgeschichtliche Studien* (English translation: *The Deuteronomistic History*); he was of course not the first to speak of Deuteronomistic redactions, his new idea has to do with Deuteronomy to Kings as a well-planned historical work, due to one ‘author’ (sometimes he speaks also of a redactor)” (Römer 2007:13). Die verskeidenheid van akademiese teorieë wat ontwikkel aangaande die sogenaamde Deuteronomistiese geskiedenis kan volgens Römer in drie groepe geklassifiseer word, naamlik: (i) Teorieë voor Noth; (ii) Noth se ontwikkeling van 'n teorie m.b.t. die Deuteronomistiese geskiedenis, en (iii) Akademiese besinning sedert Noth. Ek gebruik bogenoemde driedeling om my kort oorsig te struktureer.

a) Teorieë voor Noth: “Just as they attributed the Pentateuch to Moses (with a few exceptions such as Deut. 34), the rabbis tried to locate the authors of the Former Prophets among the main characters of these books, or at least among contemporaries of the related events”(Römer 2007:14). Die boek Josua is volgens dié benadering deur Josua geskryf, Rigters en Samuel deur Samuel en Konings deur die profeet Jeremia. “But the rabbis also took into account a certain number of considerations, which can be seen to anticipate in a certain way the conclusions of modern historical criticism. For instance, since the death of both Joshua and Samuel is reported before the end of their books, the Talmud assumed that later ‘redactors’ had completed these books” (Römer 2007:14). Gedurende die tyd van die Hervormers word die klassieke interpretasies uitgedaag. Calvin meen byvoorbeeld dat Josua nie self die skrywer was van die boek wat sy naam dra nie, maar eerder die priester Eleaser, ‘n tydgenoot van Josua: “Whatever the case, it is obvious that Calvin, though denying the authorship of Joshua himself, still sees to situate the author in the time of the events related by the book” (Römer 2007:14). ‘n Besondere bydrae word gemaak deur die Switserse akademikus De Wette as hy “(i)n a footnote to his 1805 doctoral dissertation ... identified the book ‘found’ in the temple under the reign of Josiah (according to the report of 2 Kgs 22) with the book of Deuteronomy, or its first edition. He suggested that the original Deuteronomy would have been composed in order to legitimate Josiah’s new

organization of cultic and political matters” (Römer 2007:17). De Wette stel dienooreenkomstig voor dat, in plaas van die Pentateug, eerder gedink moet word aan die Tetrateug wat die boeke van Genesis tot Numeri bevat, aangesien die ideologiese uitgangspunte van die boeke aansienlik verskil van dié van Deuteronomium. Hierteenoor ontwikkel Heinrich Ewald in 1843 ‘n teorie wat Josua insluit by die Pentateug-groepering¹²⁷: “...(I)t appears that Deuteronomistic layers can be discovered in Deuteronomy-Joshua as well as in Judges-2 Kings. But he insists on the break between Joshua and Judges; this means he does not admit the existence of a same Deuteronomistic redaction covering the whole corpus of Deuteronomy to Kings” (Römer 2007:19).

- b) Noth se ontwikkeling van 'n teorie m.b.t. die Deuteronomistiese geskiedenis: Martin Noth se teorie kan as volg opgesom word: “The Deuteronomistic History, which includes the books from Deuteronomy to Kings, was written according to Noth during the Neo-Babylonian occupation of Judah, about 560 BCE. Dtr. was both an editor, since he edited faithfully older documents and materials, but also an author, since he constructed a complex view of Israel’s history, including a sequence of successive eras, in order to explain the final catastrophe” (Römer 2007:25). Volgens dié hipotese het die skrywer van die werk die wettekodes van Deuteronomium (spesifiek Deut. 12-26, of 'n vroeër vorm daarvan), in die hand gehad en het hy die geskiedenis geskryf as interpretasie van hierdie wette. Die wette dien as norm vir die verhouding tussen God en mens en die gedrag van die

¹²⁷ Die teorie wat deur Ewald ontwikkel is, is gebaseer op ‘n uitbreiding van die sogenaamde bronhipotese wat deur Julius Wellhausen ontwikkel is: “Drawing together several ideas that had already been advanced earlier, Wellhausen elaborated a formulation of the Documentary hypothesis, which was soon to become somewhat of a ‘canonical model’ for critical scholarship. Wellhausen isolate two ancient narrative sources, ‘J’ (the Yahwist) and ‘E’ (the Elohist). These documents, from the first centuries of Israelite monarchy, were then combined by the ‘Jehowist’ (JE) into a single work. Wellhausen located the source ‘D’ (the original book of Deuteronomy) in the seventh century BCE, at the time of Josiah, and ‘P’ (the Priestly source) at the end of or after the Babylonian exile. According to the Documentary hypothesis, the older sources extended up to Joshua, since it is in the book only that the Israelites eventually take possession of the land promised by Yahweh to the Patriarchs and to Moses” (Römer 2007:19). Ook die ontwikkeling van die boek Samuel word volgens die bronhipotese verklaar. “One of the oldest explanations was the attempt to trace in the Books of Samuel the Pentateuchal sources ‘J’ and ‘E’. Thus, for instance, the German commentator Karl Budde (1902) argued that Samuel was the result of joining together two parallel sources” (Anderson 1989:xxvi).

volk word na gelang van die norm beoordeel. Aangaande die geskiedenis van Dawid wil dit blyk asof die skrywer groot gedeeltes narratiewe inligting net so weergegee het sonder om dit dramaties aan te pas. Hieruit kan ons aflei dat die skrywer Dawid as die ideale koning beskou het, ten spyte van sy swakhede, en dat alle ander konings teen hom opgeweeg sou word. “The Deuteronomistic historian’s own contribution in II Samuel is according to Noth limited to the following: 1) formulaic introductions to the reigns of Ishbaal and David; 2) rearrangement of the end of the story of David’s rise; 3) additions to the report of Natan’s Prophecy; 4) introductions and conclusion to the catalogue of David’s wars and 5) insertion of the two lists of David’s officers” (McCarter 1984:8). Kritiek teen Noth se werk is hoofsaaklik dat hy nie genoeg aandag gee aan die positiewe tendense¹²⁸ van die Deuteronomistiese geskiedenis, veral die koningskap van Dawid, nie. Von Rad (1962)¹²⁹ meen in reaksie op Noth se standpunt dat die skrywer van die Deuteronomistiese geskiedenis die koningskap van Dawid net so ernstig opneem soos die wet van Moses en dat hy nie bloot veroordelend teenoor die geskiedenis staan nie, maar in die lig van Dawid hoop vir die toekoms aanbied.

- c) Akademiese besinning sedert Noth: Twee hoofpale van akademiese besinning ontwikkel in reaksie tot Noth se teorie. Aan die een kant ontwikkel ‘n dubbele redaksie-teorie onder Frank Moore Cross: “In analysing the books of Samuel and Kings, Cross discovered two major themes in the Deuteronomistic History: Yahweh’s commitment to the Davidic dynasty and the ‘sin of Jeroboam’... These two themes converge in the account of Josiah’s reign” (Römer 2007:28). Cross wys dus op ‘n dubbele Deuteronomistiese redaksie. Die eerste vind plaas in die tyd van Koning Josafat en die tweede: “After the fall of Jerusalem, the Josianic Deuteronomistic History was completed by a second Deuteronomistic redactor, who updated the account of Kings...” (Römer 2007:28). Cross meen die ideologiese oogmerk van die redaktor is “a propaganda work of the Josianic reformation ... (I)n David and in his son Josiah is salvation” (Römer 2007:29). Cross se dubbele redaksie-model ontwikkel as die dominante model in Amerika

¹²⁸ “Noth viewed the purpose of the Deuteronomistic historian as particularly pessimistic, seeing him as sparking off Israel’s final rejection and therefore its downfall because of its repeated apostasy” (Baldwin 1988:26).

¹²⁹ Sien: Von Rad, G. 1962. *Old Testament Theology*.

en onder Engelssprekende akademici. Daarteenoor ontwikkel in Duitse akademiese kringe onder leiding van Rudolf Smend (die Göttingen-skool) 'n teorie wat meen dat die Deuteronomistiese redaksie in verskillende tye plaasvind en dienooreenkomstig in die teks neerslag vind: “Smend ascribed these later additions to a common redactional layer, which he designated as ‘nomistic’ (DtrN) because of its emphasis on the obedience to the Law. The first (exilic) edition of the Deuteronomistic History is labelled DtrH (the Deuteronomist Historian). Walter Dietrich, a student of Smend, discovered another Deuteronomistic layer, characterized by its insistence on prophecy; he therefore designated it as DtrP (the prophetic Deutoromist)” (Römer 2007:29). Hierdie twee bogenoemde skole van interpretasie ontwikkel tot 'n groot mate onafhanklik van mekaar en debatte tussen die twee skole blyk nie besonder sinvol te wees nie. Die mees resente benaderings tot die bestudering van die Deuteronomistiese geskiedenis poog om 'n soort kompromie-samestelling van bogenoemde standpunte daar te stel. Römer (2007:42-43) bespreek die werk van onder andere Iain Provan en Norbert Lohfink en meen die bydrae wat deur hulle gemaak word, kan as volg opgesom word: “Taken together, these observations may support the idea that the Neo-Assyrian period (more specifically the seventh century BCE) should be regarded as the starting point for the Deuteronomistic literary production. The existence of a Deuteronomistic scribal activity in the time of Josiah does not mean yet that we can trace back to the time of the elaboration of the Deuteronomistic History in its present form, extending from the Mosaic foundation (Deuteronomy) down to the fall of Judah (2 Kings). Instead, it is much more likely that such a ‘history’ was not conceived before the exilic period, in an attempt by the former royal scribes to deal with the national and theological crises of 597/587. As we will see, there are also some indications that this History underwent a new redaction in the Persian period.”

Vanuit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die Deutronomis vermoedelik in verskillende tydperke geïdentifiseer kan word. Die aanvanklike produksie van die Deuteronomistiese materiaal vind vermoedelik plaas in die 7de eeu voor Christus in Jerusalem: “The first Deuteronomists were high officials, most of them probably scribes. An important number of literary forms, which occur in the books of Deuteronomy to Kings, are imitations of Assyrian literary conventions” (Römer 2007:105). Albertz (2000:2) beskryf hierteenoor Noth se posisie oor wie presies die

Deuteronomistiese skrywer is as volg: “Martin Noth as we know thinks of the Deuteronomist as a single man whom he describes in the following way: he did not belong to the “intellectual sphere of priesthood, he was not rooted in the thoughts of official state-life”, he kept his distance from both, “the spirit of the ‘written’-prophets” and the “ideology of the so-called national prophets.” He did not write “his work on behalf of a single person or a certain group” thus his work did not have “any official character”. He was at work after 560 B.C. in Palestine, more specifically in the region of Mizpah-Bethel.” Hierdie Neo-Babiloniese konteks van ontstaan impliseer ideologies die volgende: “Exploring or even inventing the past provides a possibility to explain a present which is not easily acceptable by the Judean elites. The whole history is conceived in an exilic perspective and it is no wonder that the ‘exile’ becomes during the Persian period a new foundation myth for the ‘real Israel’. The importance of the exile, which does not reflect much of a historical reality, also suggest that the Deuteronomists (or at least most of them) were among the deportees of 597” (Römer 2007:164). ’n Finale redaksie in die Persiese periode impliseer ideologies die volgende: “...the editors of the Deuteronomistic History during the first part of the Persian period were driven by three major preoccupations: segregation, monotheism and integration of Golah concerns” (Römer 2007:177).

Vanuit die algemene bespreking van die geskiedenis van die bestudering van die Deuteronomistiese geskiedenis, volg nou enkele opmerkings oor die bestudering van die Samuel-boeke in besonder. Walter Brueggemann (1990:1) meen in verband met die Samuel-boeke dat “(they) present the radical transformation that occurred in the life of ancient Israel when Israel ceased to be a marginal company of tribes and became a centralized state”. Birch (1998:949) sluit hierby aan en meen: “The momentous changes necessitated by this transition to kingship provide some of the most dramatic stories in the Old Testament.” Brueggemann (1990:1-2) stel drie onafhanklike faktore voor as die rede vir die radikale transformasie: “(i) First, we must acknowledge the influence of political power, social pressure, and technological possibility. (ii) Second, the transition was wrought through the extraordinary personality of David. The text is deeply and endlessly fascinated with David. (iii) The third factor in this transformation is Yahweh, the God of Israel. In its unembarrassed and direct way, this narrative about the transformation of Israel presents Yahweh as

playing a central part in this transition, sometimes acting and speaking directly, sometimes governing in hidden ways.”

Net soos in die geval van die bestudering van die breë Deuteronomistiese geskiedenis, word daar ook verskillende tendense waargeneem in die bestudering van die Samuel-boeke. Rost (1926)¹³⁰ se baanbrekerstudie is die resultaat van die wegbeweeg van die fokus op die rol van die redaktor na ‘n fokus op die ouer literêre eenhede wat die verhaal opmaak: “In 1926, Leonard Rost published his influential study of 2 Samuel 9-20 and 1 Kings 1-2, which he identified as an independent narrative written by a single author who lived close to the time of the events themselves” (Birch 1998:952). Van die hoofblokke narratiewe teks wat volgens Rost geïdentifiseer kan word is: “(1) the story of David’s rise to power I Sam 16:11- II Sam 5:10; (2) the account of the transfer of the ark to Jerusalem (II Sam 6:1-13,17-19; 3); the account of David’s Ammonite war (II Sam 10:1-19,8:3-8,11:1, 12:25-31); (4) the story of Abishalom’s revolt (II Sam 13-20); (5) the story of the Gibeonites’ revenge and David’s patronage of Meribbaal (II Sam 21:1-14,9:1-13) and (6) the report of the census plague – (II Sam 24)” (McCarter 1984:10). Van hierdie materiaal toon die gedeelte oor Absalom se opstand die mees geïntegreerde narratiewe eenheid. McCarter (1984:10) meen in dié verband: “Chaps. 13-20 contain a tightly knit account of this revolt and its aftermath.”

“Who shall sit upon the throne of my lord the king, and who shall reign after him?” (Rost 1982:68). Met hierdie vraag as agtergrond doen Rost een van die mees invloedryke narratiewe studies van die Samuel-boeke. Hy verleng die narratiewe eenheid II Samuel 9-20 om 1 Konings 1-2 in te sluit en beskou die troonopvolging van Dawid as die oorwegende tema van hierdie gedeelte. Hy motiveer die bestaan van hierdie eenheid op grond van, onder andere, styl as oorweging: “(A) writer will use traditional forms and formulas, adopt conventional devices and niceties of style. But style is and will remain a person’s most individual creation – which is always being fashioned anew, creatively producing singularity and stubborn idiosyncrasy, the more singular and stubbornly idiosyncratic the writer’s own nature” (Rost 1982:4). Die resultaat van Rost se studie is die onderskeiding van twee prominente narratiewe eenhede: “(T)here are two main complexes which could be called the History of the

¹³⁰ Hoewel die studie in 1926 verskyn gebruik ek die volgende uitgawe van die werk: Rost, L. 1982. *The succession to the throne of David*.

Rise of David (I Sam 16-II Sam 8) and the history of the succession of David in the Succession Narrative (II Sam 9-20 & 1 Kings 1-2)” (Anderson 1989:xxvii). Die parameters van hierdie groter narratiewe eenhede is nie so duidelik en klinkklaar soos Rost dit aanbied nie en daar was deur die jare hewige debatte¹³¹ oor die presiese vasstelling van hierdie grense.

Ook oor die motief en ideologie van die troonopvolgingsnarratief is daar ‘n verskeidenheid standpunte: “The Succession Narrative has been characterized as ‘history’, ‘political propaganda’, ‘wisdom’ and/or ‘didactic literature’, and also as a story told in traditional vein, as a work of art and entertainment. It is often regarded as the beginning of historiography in Israel and one of the best documented periods in the history of Israel” (Vorster 1986:347). Omdat Salomo aan die einde van die narratief verskyn as antwoord op die vraag na wie Dawid sou opvolg, is daar gemeen dat die skrywer van die narratief ‘n apologet was in die paleis van Salomo: "(It was the peculiar circumstances of the accession of Solomon that necessitated the composition of an apologetic account of the throne succession. Solomon was one of the younger sons, and Adonijah was the heir apparent. Shortly after David's death, however, Solomon was on the throne, Adonijah was dead, and his chief supporters had been executed (Joab) or exiled (Abiathar)" (Anderson 1989:xxv).

In teenstelling met dié teorie verskyn vanuit Europese geleedere, in besonder deur Delekat (1967)¹³², ‘n aantal studies wat meen dat die troonopvolgingsnarratiewe eintlik ‘n anti-Salomo en anti-Dawid sentiment vertoon: “In view of David's reprehensible behaviour in II Samuel 10-12 and the bloodbath for which Solomon is responsible in I Kings 1-2, Delekat concluded that the slant of the succession narrative is hostile to David and Solomon. It was composed during the reign of Solomon by a writer who was opposed to Solomon's kingship and promulgated in circles unfriendly to the crown” (Anderson 1989:xxxiii).

Aanhangers van die eerste teorie, naamlik dat die narratief wel die werk van ‘n apologet van Salomo was, het hulself verweer deur aan te dui dat hulle nie ontken dat daar spanninge in die verhaal is (soos deur hul kritici aangedui). Hulle meen egter dat hierdie tipe spanning nie vreemd is aan die werk van ‘n apologet nie. Al die

¹³¹ Vir ‘n volledige bespreking van die verskillende standpunte in die debat sien Anderson (1989:xxvii).

¹³² Vir ‘n volledige bespreking hiervan sien: Anderson, A.A. 1989. *2 Samuel. Word Biblical Commentary: Volume 11*.

gebeure waarna verwys is, was immers bekend aan die lesers. Die doel van die apologet was om die positiewe uit te lig te midde van Dawid en Salomo se minder wenslike gedrag.

Weens die aard van hierdie studie is dit nie nodig om uitsluitel te gee oor hierdie verskillende sienswyses oor die groter narratiewe eenhede nie. Wat wel belangrik is om op te merk, is dat daar oor die algemeen aanvaar word dat 2 Samuel 13 deel vorm van 'n onderafdeling van die Deuteronomistiese geskiedenis wat tematies verbind is aan die troonopvolging van Dawid: "The 'Succession Narrative' is therefore a hypothetical narrative which could or could not have existed ... The assumption that a 'Succession Narrative' existed, makes it possible for the Old Testament critic to reflect about its meaning and to construct possible backgrounds and origins for the text" (Vorster 1986:346). Vir die doel van hierdie studie vorm die hipotetiese troonopvolgings-narratief dus die konteks waarbinne 2 Samuel 13 gelees word, en bly die vraag na wie die persoon gaan wees wat Dawid opvolg, dus op die agtergrond. Die sosio-politiese konteks wat in die verhale geïmpliseer word, is "rooted in a time of considerable social and political transformation in the life of Israel, and these realities challenged the theological categories by which Israel understood its life in relation to God" (Birch 1998:956). Die verhaal wat die grondslag vorm van hierdie studie is deel van daardie ideologiese raamwerk.¹³³ Ons oorweging van die bewegings en motiverings van die karakters in die verhaal moet dus teen die agtergrond van die

¹³³ Hoewel Yamada (2008:104) die verhaal van Tamar ook binne die troonopvolgings narratief lees vernou hy die fokus deur die verhaal primêr te verklaar in lyn met Natan se profisie oor Dawid se huis (2 Samuel 12:7-12). "The rape of Tamar, an act of sexual violence of Amnon on his half-sister, points to the intra-familial nature of the violation. The rape sets off family dynamics of sibling rivalry that lead to Absalom's retaliation against Amnon...Absalom's revenge is bound up in issues of royal succession and revenge. Thus, the reader is able to see clearly how this rape narrative sets in motion elements of Nathan's oracle. David's house divides through issues of sex and violence, which corresponds to David's sins of adultery and murder." Yamada (2008:103) meen voorts in sy studie wat fokus op die drie verkragting-verale (Genesis 34, Rigters 19 en 2 Samuel 13:1-22) wat in die Ou Testament opgemeem is dat dit telkens soortgelyke handeling tot gevolg het. Hy meen dat sy analise klem plaas op "(T)he particular ways in which this text moves through the progression of rape → violent male responses → social fragmentation." Hoewel Natan se uitspraak van straf oor die huis van Dawid 'n besondere instrument bied ter verklarings van die Tamar verhaal, meen ek dat die breë ideologiese raamwerk wat die troonopvolging impliseer 'n ryker dinamika bied waarin die verhaal van Tamar verstaan behoort te word.

spanning in verband met troonopvolging gelees word. In die eksegetiese analise van hierdie studie het die neerslag van hierdie dominante ideologiese standpunt duidelik sigbaar geword in die bespreking van die taalverskynsels en die instrumente wat die verteller gebruik om die verhaal oor te dra. Interpretasies van 2 Samuel 13 kan in twee hoofgroepe verdeel word, nl. dié wat in ooreenstemming met die dominante ideologiese uitgangspunt Tamar se verhaal beskou as ‘n blote onderafdeling van die troonopvolgingsnarratief, of dié wat teen die grein inlees en Tamar se stem hoor.

3.5 Interpretasies van 2 Samuel 13

Ten slotte beskou ek oorsigtelik enkele interpretasies van die teks in die geheel. Drie hoofgroepe van interpretasie word bespreek: Ten eerste word algemene kommentare oor 2 Samuel 13 bespreek en die hooflyne van interpretasie ondersoek. Daarnaas beskou ek ook enkele feministiese lesings van die teks en lesings wat resorteer onder Afrika-hermeneutiek. Voordat die hoofstuk dan tot ‘n samevatting kom, bespreek ek een laaste interpretasie van die teks. Denise Ackermann doen ‘n besondere lesing van die teks geïnformeer deur onder andere die HIV-pandemie en die situasie van geweld wat die Suid-Afrikaanse konteks oorheers. Ek bespreek haar kreatiewe lesing van die teks onder die opskrif: Interpretasie van hoop.

3.5.1 Algemene kommentare

Die algemene kommentare geskryf deur hoofsaaklik wit, Europese of Amerikaanse mans, beskou hierdie insident as deel van die intrige van die verhaal wat vertel van Absalom se opstand teen Dawid. Fokkelman se kommentaar wat in 1981 verskyn het, behandel die verhaal wat ons in 2 Samuel 13 vind nie as ‘n onafhanklike verhaal nie, maar bloot as ‘n prelude tot die verdere intrige waarin Amnon en Absalom gewikkel is. Anderson, in sy kommentaar in die *Word Biblical Commentary*-reeks, meen: “The meaning of this pericope can be explained adequately only when it is seen as part of chaps. 13-20, which form a self-contained literary unit. It seems that Absalom’s rebellion created the most serious political crisis during David’s reign, and as such it could have been seen as God’s judgement of David” (Anderson 1989:177). Hiermee stem McCarter (1984:78) saam: “The story of the rape of Tamar and its consequences in chaps. 13 and 14 stands as a prologue to the account of Abshalom’s rebellion.” McCarter meen verder dat hierdie twee hoofstukke hoofsaaklik om Absalom draai.

Amnon se skuld is aan verkragting van 'n ongetroude vrou en nie bloedskanie nie. "The Amnon-Tamar story is one of the most sordid accounts in the OT but it contains no explicit editorial comment; however, the pleading of Tamar is a more effective judgement on Amnon's actions than any editorial remarks or moralizing could have been" (Anderson 1989:177). Baldwin (1988:246) volg ook bogenoemde interpretasierigting wanneer hy die verhaal van Tamar sien as 'n onderdeel van die verhaal wat in 2 Samuel 13:1-19:40 opgeneem word. Hy meen in ooreenstemming met die verdeling: "The rape of Tamar initiates a series of events which dominate the latter part of David's reign and threaten to discredit him entirely, so that he almost loses his throne, together with any right to indicate which son should succeed him."

Brueggeman (1990:286) beskryf die verhaal met verwysing na Natan se woorde van oordeel en straf ná Dawid se ontering van Batsheba: "David has put the future of his family at risk by his greedy seizure of Uriah's wife. The remainder of the succession narrative concerns that troubled family and particularly David's sons." Hy meen verder in verband met die spesifieke verhaal as onderafdeling van die troonopvolgingsnarratief dat "(c)hapters 13-19 concern principally Absalom. Within the larger unit, chapters 13-14 are commonly reckoned as a separate episode ostensibly having Amnon and Tamar as the lead characters. Even at the beginning (3:1) and the end (14:44) of those chapters, however, it is Absalom to whom attention is given."

Al die bogenoemde interpretasies lees dus die verhaal van Tamar ingebed in die breë ideologies-gekonstrueerde verhaal wat handel oor die huis van Dawid en die stryd om troonopvolging. In 'n merkwaardige alternatiewe interpretasie verwys Birch in *The new interpreter's Bible* na die werk van Pamela Cooper White waarin Tamar se verhaal gebruik word om geweld teen vroue in moderne kontekste aan te spreek: "The pattern of Tamar's story is repeated in the story of many modern women who are the victims of rape or incest, yet whose experience has been denied or hidden" (1998:1306). Birch verwys na die feit dat die teks nie dikwels gelees of gebruik word vir liturgiese doeleindes nie, maar meen dat dit belangrik is dat die teks gelees en gebruik word: "In reading this story, we are forced to recognize our own experience in this ancient tale. There is an empowerment that comes from recognizing that this story names present realities as well as those long passed. If such stories are read as part of our own biblical tradition, similar stories can be faced in our own lives ... to read of

the courage and wisdom of Tamar, may encourage those who have been victimized in our own time to give voice to their own experience, so that conspiracies of silence do not allow continued violence to be denied or ignored” (Birch 1998:1306). Birch se interpretasie neem die stem van Tamar in die verhaal ernstig op en meen dat haar stem ook ander kan bemagtig om patrone van geweld te ontmasker en te verbreek.

3.5.2 Feministiese interpretasies

Cheryl Exum (1990:46) maak die fokus van feministiese lesings van Bybelse verhale, en veral vroulike karakters in Bybelse verhale, duidelik wanneer sy meen: “I do not speak of these women’s stories in any absolute sense, as if by deconstructing the male voice, we will be closer to the ‘truth’ or ‘the real story’. To suggest that there is one proper way to read the text results in an authoritarianism characteristic of phallogocentric criticism – a position that feminist criticism rejects in its recognition (and celebration) of contradiction and multiplicity. A feminist reading will not be a neutral reading, ‘neutral’ or ‘objective readings’ usually bring terms for what turn out to be androcentric readings. The relation of reading to truth involves the issue of interests, and our interests determine the questions we ask to a text.” Feministiese lesings van die Tamar-teks probeer dus die androsentriese ideologie ontmasker en poog om ‘n stem te gee aan die slagoffer van hierdie teks. Vroue se reaksies op die teks en die uitspraak van hulle menings daaromheen, gee aan die slagoffers weer ‘n stem.

Opmerklik van feministiese lesings van dié spesifieke teks is die fokus wat daar geplaas word op die leefwêreld van die vroue wat die teks lees. Hoe die teks daardie vroue bemagtig en aanspreek, is dikwels die fokus van ‘n feministiese hantering van die teks.

Phyllis Trible behandel onder andere die verhaal van Tamar in 2 Samuel 13 in haar seminale werk, *Literary-Feminist readings of Biblical narratives. Texts of terror* (1984). Trible behandel die teks in drie episodes naamlik 1) Voor die misdaad, 2) Die misdaad – Amnon en Tamar, en 3) Ná die misdaad: “Episode one presents the characters and their circumstances; episode two reports a scheme devised for the prince by his advisor; and episode three enlists the authority of the king” (Trible 1984:37). Enkele leesaksente van Trible is belangrik. Sy merk onder andere iets besonders op oor die posisie van Tamar in die bekendstelling: “First named is

Absalom, the third son, whose presence hovers over the entire tale, though he himself appears only near the end. Last is Amnon, the firstborn, whose desire initiates the action. Between these two males stands the female who relates to each of them and also has her own identity” (Trible 1984:38). Die reaksie van Tamar wanneer Amnon se bedoelinge duidelik word, word ook duidelik deur Trible uitgelig en stel so haar wysheid in kontras met die slinksheid van Jonadab as Amnon se raadgewer: “In the presence of a rapist, Tamar panics not. In fact, she claims her voice” (Trible 1984:45).

Tracy Hansen sluit in ‘n besonder eerlike lesing van die teks aan by die punt wat deur Trible gemaak word. Sy meen dat Tamar alles in haar vermoë doen om Amnon tot ander insigte te bring. Hansen (1992:370) lees die teks op ‘n persoonlike manier: “It is a story that I found very helpful as I began to face up to the sexual abuse I had suffered as a child.” Hansen wys dan in die teks na talle ooreenkomste met verkragting wat binne gesinne/families plaasvind in die hedendaagse konteks. Die bekendheid van die gewelddoener, die stilte van gesagsfigure en die rouproses van die slagoffer is van die ooreenkomste wat in haar artikel uitgelig word. In Hansen se lesing sien ons ‘n besondere voorbeeld van ‘n identifiserende leeservaring.

Cheryl Exum (1993:170) maak in ‘n artikel met die treffende titel, “Raped by the pen”, enkele opmerkings oor die verkragting van vroue in Bybeltekste wat besonder relevant is vir die interpretasie van die Tamar-verhaal. Hierdie opmerkings van Exum beskou ek as besonder belangrik en ek gebruik dit ter opsomming.

Exum (1993:170) meen ten eerste: “There is no sense in which the damage that can be done by a literary text is comparable to the actual violence as experienced by women in the real world, to the trauma and pain inflicted on the body through an act of sexual aggression and hatred.” Ook in die geval van Tamar moet ons nie uit die oog verloor dat sy in liggaam die slagoffer van seksuele geweld was nie. Sy was dus in die eerste plek ‘n slagoffer van geweld aan die liggaam.

Ten tweede vind die verkragting van Tamar ook in die narratief plaas: “The narrated rape is perhaps the most gruesome and violent tale in the Bible” (Exum 1993:171). Deur die lees en herlees van hierdie verhaal vind die verkragting van Tamar in die gemoed van die leser telkens weer plaas.

Soos reeds opgemerk is deur die algemene kommentare, word Tamar se verhaal aangebied binne die magspel van Dawid se troonopvolging. Tamar en haar verhaal

dien dus 'n doel binne die patriargale intrige. Deur haar verhaal op dié manier uit te beeld, word Tamar ook, ten derde, deur die skrywer verkrag. Sy en haar ervaring word op dié manier verskraal tot bloot nog 'n boublok in die opbou van die 'ware verhaal', met ander woorde die verhaal waar mans en mag ter sprake is.

Tamar is dus volgens Exum op ten minste drie vlakke die slagoffer van verkragting in hierdie verhaal. Uit die opmerkings van vroulike akademiese lesers sien ons reeds dat die geweld wat teen Tamar gepleeg is, op 'n verskeidenheid vlakke ontgin word. Die sisteem, skrywer en fisiese geweld word onder die vergrootglas geplaas. Reeds in hierdie akademiese bydraes wat vloei vanuit diverse vroulike ervarings, sien ons dat daar 'n rykdom na die interpretasie van die teks gebring word.

3.5.3 Stemme uit Afrika

In hierdie afdeling verwys ek na 'n reeks studies wat onder leiding van Gerald West by die Universiteit van KwaZulu-Natal gedoen is met 2 Samuel 13 as fokusteks. Die eerste studie fokus op die praktyk van die konsep 'kontekstuele Bybelstudie' soos deur West ontwikkel en soos bespreek in Hoostuk 2 van hierdie proefskrif. 2 Samuel 13 is deur gewone lesers in hierdie studie van West gelees en daarna het die vraag oor seksuele geweld aan die orde gekom. Lesers is soos volg verdeel: "In each community we divided the participants into four small groups, one consisting of older women, one consisting of older men, one consisting of younger women, and one consisting of younger men" (West 2006:146). Die groepe is dan gevra om die teks saam met mekaar te lees en daaroor in gesprek te tree. "Our research showed quite clearly a measurable impact. First, all the groups have owned the issue of gender violence. This is most marked in the responses by the older men. This group was initially quite defensive in their responses. However, after the 'Contextual Bible Study' there was no hint of defensiveness at all among either the older or younger men. Indeed, these male groups were able to enter, without reservation, into the contours of a theology of those who have been raped. One of the remarkable features of the Bible study on 2 Samuel 13:1-22 is that it has the capacity to reach men in a way that bypasses their usual defensive response to the issue of gender violence. The ownership of the issue among the women was more nuanced, as one would expect. The men have had to move quite substantially, whereas the women were already committed to the issue of gender violence. For the older women the Bible study provided resources with which

to explore and analyse the social construction of gender, and this is an enduring aspect of their appropriation. For the younger women the Bible study clearly dispelled the notion that women who are raped 'were asking for it'. The impact of the Bible study for them is that they are able to move beyond having to defend women from such charges and into a more in-depth analysis of the effects of abuse on women" (West 2006:146).

West (2006:146-147) som die resultate van die studie soos volg op: "(1) The Tamar 'Contextual Bible Study' clearly provides a vocabulary with which to talk about a lived experience which is not normally talked about 'in church'; (2) Second, the Tamar 'Contextual Bible Study' has totally transformed the discourse of the churches. All the groups agreed that the church was a place in which 'these things' were never discussed. Not only was the church not a safe place to speak of these matters, if gender violence was discussed, it was to condemn the victim/survivor herself. By the end of our research process each church has not only become a site in which 'these things' can be discussed, it has become a safer place too; (3) Third, and closely related to the above points, the Tamar 'Contextual Bible Study' has given resources for a theological engagement with the issue of gender violence; (4) Fourth, an important impact of the Tamar 'Contextual Bible Study' was to move the groups to action."

Uit die omskrywing en bevindinge van bogenoemde studie is dit opmerklik dat die teks in die gemeenskap as 'n gespreksbasis gebruik word om te praat oor sake wat die gemeenskap raak¹³⁴. Seksuele geweld as dreigende realiteit in die Afrika-konteks word oopgevelek deur die verhaal van Tamar in die gemeenskap te lees.

Uit die bogenoemde studie is dit merkbaar dat die gemeenskap die sentrum van interpretasie is. Sake wat die gemeenskap raak, word ook die vertrekpunt van gesprekke oor die teks.

3.5.4 Interpretasie van hoop

Denise Ackermann doen vanuit haar besondere sosiale posisie 'n lesing van die verhaal van Tamar: "My reading of the Tamar story is done self-consciously from a woman's perspective. Women have distinctive questions about and insights into the

¹³⁴ West merk in dié verband op dat "(i)n our experience literary-type questions almost always lead into socio-historical-type questions; this is important, because it indicates the need ordinary readers have to locate faith in real concrete contexts." (West 2001b:607)

biblical texts derived for our life experiences. We know that the Bible, as the source book of our faith, is a powerful means for defining women's place in society and that it has been invoked to justify women's subordination to men. So our readings are suspicious, critical and questioning as we seek meaning for life. We also, in Teresa Okure's words 'read from this place'. 'Reading from this place' is about the relationship between the biblical text and the social location of the interpreter" (Ackermann 2001:6).

Ackermann sien in die verhaal van Tamar iemand wat nie net verkrag is nie, maar ook verwerp is en in die steek gelaat is deur haar familiesisteem. Haar posisie verander van 'my suster' na 'hierdie vrou' en sy word 'n slagoffer van 'n sisteem waarin manlike gesag dominant is. "Tamar lives in a world where men manipulate and coerce by using their power and in which her life is ruined by events she has no control over. Amnon uses his male power and privilege to destroy. In societies where the silence on sexual violence is not broken, abuse of power is not held accountable" (Ackermann 2001:8). Tamar se verhaal vorm dus, soos ook vanuit ander interpretasies bevestig, maar 'n onderafdeling van die verhaal van manlike mag.

Ackermann lees hierdie verhaal van Tamar dan teen die agtergrond van die HIV-pandemie asook die realiteit van geweld in die Suid-Afrikaanse samelewing. "Violence is an endemic reality in our society. The very fabric of our communities is fracturing as fear invades South African homes and lurks at our stop streets" (Ackermann 1996:145).

Ackermann (2001:16) bied vanuit haar kreatiewe lesing van Tamar se verhaal sekere "Clues for Resistance and Hope." Ek bespreek enkele van hierdie leidrade van hoop soos sy dit identifiseer. Ten eerste meen Ackermann dat Tamar se waagmoed om die geweld wat haar aangedoen is, 'n naam te gee en uit te spreek, ook in moderne kontekste die plek kan wees waar 'n mens kan begin teenstand bied. Deur onreg te identifiseer en aan die kaak te stel, begin prosesse van geregtigheid. Ten tweede meen Ackermann dat Tamar se verhaal belangrike sake oor narratief in die algemeen op die agenda plaas: "Human beings cannot survive without a narrative of identity. Telling stories is intrinsic to claiming one's identity and in this process finding impulses for hope. For those living with HIV/Aids there is a need to claim and to name their identities in order to move away for the victim status so often thrust upon them" (Ackermann 2001:18). Tamar se verhaal is 'n verhaal oor die liggaam van 'n vrou.

Hierdie fokus op die liggaam help gelowiges om nie te verval in die piëtistiese gees/vlees-dualisme nie. Maar om die liggaam in die sentrum van die teologiese debat te plaas, veral as dit gaan oor die beleving van geweld of Vigs. Ten slotte verwys Ackermann na Tamar se rou en weeklaag na afloop van haar trauma: “I suggest that the ancient language of lament offers a vehicle for expressing the raw emotions arising from situations such as Tamar’s. The language of lament also offers the Body of Christ the opportunity to say: “We are suffering, we stand in solidarity with all who suffer, we lament while we believe that there is hope for all in the Good news” (Ackermann 2001:25).

Ackermann se lesing van 2 Samuel 13 is dus ‘n lesing wat hoop moontlik maak in problematiese omstandighede, aangesien dit op ‘n besondere wyse die stem van ‘n dapper vrou hoor wat self vasgevang was in komplekse verhoudings en magstrukture.

3.6 Opsomming

Die verhaal van Tamar soos dit neerslag vind in 2 Samuel 13:1-22 is die primêre gespreksbron waarom interkulturele gesprek in hierdie studie ingerig gaan word. Die teks is gekies as gevolg van die narratiewe genre waarin dit bestaan en die moontlikhede van interpretasie wat daaruit moontlik word wanneer lesers vanuit diverse sosiale kontekste die teks saam lees. Die teks vertel die verhaal van Tamar ingebed in die intriges van die koningshuis van Dawid. Vanuit die ideologiese analise van die teks kom daar ‘n bewustheid van die skrywer se fokus op Dawid in die eerste plek, maar ook die oorkoepelende verhaal van troonopvolging waarbinne Tamar se verhaal ‘n onderafdeling vorm. Tamar word volgens hierdie ideologie gesien as ‘n gebeurtenis en nie ‘n persoon nie. Hierdie ideologiese posisie van Tamar vind ook neerslag in talle algemene kommentare oor die gedeelte.

Ten einde teen die grein van die teks in te lees en die unieke stem van Tamar te hoor, is ‘n multidimensionele eksegetiese strategie tot die benadering van die teks voorgehou. Ten eerste, as gevolg van die genre van die teks, is ‘n narratiewe analise gedoen. Die narratiewe analise van hierdie teks het die opbou en die struktuur van die verhaal beskou in terme van verskillende tonele wat saam die plot/storielyn vorm. Aandag is geskenk aan karakters, fokalisasie, die rol van die verteller en die funksionering van tyd in die verhaal. Ten tweede is die klassieke posisie van die leser ondersoek. Hierdie teoretiese besinnings kan later sinvol vergelyk word met die

posisie wat vlees en bloed-lesers (soos in die empiriese deel van hierdie studie vasgestel) met betrekking tot die teks inneem. Ten slotte het 'n ideologies-kritiese lesing van die teks die sosiale agtergrond waarbinne die teks ontstaan het, in kaart gestel sowel as retoriese dimensies van die teks bestudeer. Die sosiale wêreld van onsekerheid en transformasie wat die teks veronderstel en die monargiese ideologie wat in die teks neerslag vind, is op dié wyse in berekening gebring.

Die interpretasies wat ontwikkel het vanuit die verhaal en wat bespreek is aan die einde van die hoofstuk, verteenwoordig twee basiese benaderings tot die teks. Ten eerste, in lyn met die ideologiese beweging van die teks wat tot uitdrukking kom in die woorde van die verhaal, word Tamar se verhaal bloot gesien as 'n gebeurtenis wat as katalisator dien vir die werklike verhaal wat hier vertel word, naamlik die verhaal van Dawid se koningshuis en wie die troonopvolger sou wees. Absalom en Amnon, in ag genome hulle posisie tot die troon as die seuns van Dawid, word in hierdie interpretasies die hoofrolspelers en Tamar word 'n toevallige skadukarakter.

Die tweede benadering tot die verhaal van Tamar noodsaak die leser om teen die ideologiese grein van die teks in te lees vanuit die sosiale plek waarbinne die moderne leser hom-/haarself bevind. In hierdie lesings word die stem van Tamar gehoor en word haar stem selfs die bron van hoop vir moderne lesers, soos blyk uit Ackermann se kreatiewe lesing van die teks.

In die volgende afdeling word die empiriese komponent dan beskryf wat in hierdie studie van stapel gestuur word.

AFDELING C

Hoofstuk 4

Teoretiese onderbou van empiriese studie

4.1 Inleiding

In hoofstuk 2 het ons die dubbele hermeneutiese raamwerk van hierdie studie duidelik omskryf. Die Feminisme en Afrika-hermeneutiek dien as die stimulus vir die interkulturele gesprek en die verhaal van Tamar soos dit neerslag vind in 2 Samuel 13 word ontgin as gespreksdokument vir hierdie gesprekke. De Wit (2004:19) meen: “Religious stories stimulate the imagination, cause people to decide the question of how they stand in life, and may determine the behaviour of the reading community of faith.” Stories help ons dus om ons eie werklikheid te herbeskou. Stories tree ook, as gevolg van die universele aard daarvan, as medium op om gesprek te stimuleer of om ons lewenswyse uit te daag en te verander. “Stories are important to people because awareness, knowledge, culture, experience, community, and personal identity flow together in them. Between memory and anticipation, stories set the conversation in motion about tradition and the future, about where we came from and where we are going” (De Wit 2004:20). Die stories van ‘n geloofsgemeenskap is soveel te meer van belang aangesien daardie verhale ‘n sekere mate van gesag dra. “Religious stories are experienced by people as ground laying, as fundamental to their existence. Religious stories have authority; they belong to a canon. This quality means that the communities of faith, whether they want this or not, are lead back to these stories again and again” (De Wit 2004:20).

Die verhaal van 2 Samuel 13 word in hierdie studie dus gebruik as die teks wat die interkulturele gesprek fasiliteer. Die oogmerk van die interkulturele Bybelleesprojek is om interaksie tussen gewone lesers vanuit verskillende kultuurkontekste te bewerkstellig en om sodoende interkulturele gesprek te stimuleer.


In hierdie hoofstuk gee ek egter eers ‘n tree terug ten einde die sleutelkonsepte van die studie te omskryf. Hierdie konsepte dien as onderbou vir die navorsingsontwerp en is van deurslaggewende belang vir die interpretasie van die navorsing en die ontwikkeling van ‘n gevolgtrekking.

Die studie ondersoek die rol wat ideologie en mag speel in die interkulturele gesprek. Die konsep en praktyk van interkulturele Bybellees word op 'n paar maniere gekompliseer. Ten eerste veronderstel die konsep interkulturaliteit 'n dinamiese wisselwerking tussen verskillende kultuuragtergronde. In die eerste afdeling van die hoofstuk word 'n bruikbare kultuurdefinisie wat die interaksie van verskillende kultuurtradisies ten grondslag lê, ontwikkel. In afdelings 2 en 3 word daar onderskeidelik oor die konsepte van ideologie en mag besin en die implikasies vir die studie bespreek. Voordat daar egter aan hierdie sake aandag gegee word, is 'n hermeneutiese model waarmee ons die uniekheid van die interkulturele gesprek rondom die Bybel kan omskryf, noodsaaklik.

4.2 Hermeneutiese model vir interkulturele Bybelinterpretasie

Vanuit hierdie opmerkings oor die problematiek van die interkulturele gesprek is dit duidelik dat uitdagings gestel gaan word aan die tradisionele hermeneutiese model van Bybelinterpretasie. Rainer Kessler (2004:452) omskryf 'n nuwe hermeneutiese model wat ontwikkel in 'n interkulturele leeskonteks. Dié omskrywing ontwikkel uit die kontrastering van die tradisionele model teenoor die nuwe model. "The traditional hermeneutical model may be called bipolar. The centre of this model is always the text, which may be written or spoken, although biblical texts are, of course, written texts. One pole of the bipolar model represents the text's author... The second pole of the bipolar model represents the receiver of the text."

Skematies kan die model as volg voorgestel word (Kessler 2004:453):




Elk van die komponente van die tradisionele hermeneutiese model behels 'n verskeidenheid dimensies. "The author of the text may be either an individual or a group. Many biblical texts have a history (which might span centuries) of writing, rewriting, redaction and editing. All the writers, redactors, and editors over this time span constitute the author of the text" (Kessler 2004:453). Die tradisionele hermeneutiese model het oor die jare baie aandag geskenk aan die rol en bedoeling

van die skrywer/outeur. Dieselfde kan egter nie gesê word vir die teenoorstaande pool nie. “In reality, however, the reader or receiver in this model is an abstraction. Traditionally, scholars have engaged in little reflection on the historical conditions of concrete readers” (Kessler 2004:453). Die gemiddelde leser, of eerder verwagte leser, wat by die interpretasie van die Bybel betrokke was, was dus in die lig van hierdie model Wit Europese of Noord-Amerikaanse mans.

Hierdie dominante tradisionele model van Bybelinterpretasie is egter vanaf die 1960's vanuit verskillende oorde uitgedaag. Soos ook elders in die studie reeds bespreek, speel die bevrydingsteologie en Feminisme in hierdie verband 'n besonder belangrike rol. Albei dié bewegings vra dat die stem van die gemarginaliseerdes gehoor moet word in die proses van teksinterpretasie.

Die interkulturele Bybelleesprojek kan gesien word as 'n direkte uitvloeisel van hierdie beweging se pleidooi vir die verbreding van die interpretasiebasis. Hierdie nuwe benadering tot teksinterpretasie daag die tradisionele hermeneutiese model uit. “In the traditional model, the reader is understood to be singular – one reader... In contrast, within the process of Intercultural Bible reading, the position of the reader becomes plural. By definition, the reader is no longer an individual or a single group but multiple readers who are linked together. The receiver of the text is not a single pole in this hermeneutic model; it is a plurality of poles” (Kessler 2004:456).

Skematies gesproke sien hierdie model as volg daaruit (Kessler 2004:456):



Kessler (2004:456) maak ‘n aantal opmerkings ter verduideliking van die skematiese voorstelling: “(1) One must imagine a third dimension, because the position of the author is missing in the sketch. The author should be behind the text; (2) The model stresses the position of the reader. The influence of the text on the reader is marked by the arrows that run from reader to text and then back from text to reader... As in the classic bipolar models there is interaction between reader and text. What is new in the proposed model is that the single abstract reader is replaced by a plurality of concrete readers; (3) These readers do not simply have the text as object of interpretation; they have other readers with whom they communicate. Reading the text thus becomes a double communication. It is communication with the text, as in the traditional bipolar model. And by means of the text, it is communication with the author. However, reading also includes communication with other readers. This communication forms a

constitutive part of the process of understanding. Understanding the text is no longer possible without the communication with other readers; (4) Through intercultural Bible reading, these other readers are no longer readers who come from the same context. These readers are different from one another and they are global.” (Kessler 2004:457) Hierdie model daag die moderne Bybelleser uit om nie net meer vir en namens sy/haar eie groep te lees nie, maar om met ander in gesprek te tree in die interpretasieproses. Die oogmerk van die model is dus nie om een korrekte lesing van die teks daar te stel nie, maar eerder om aan lesers te illustreer dat hulle eie interpretasie een lesing naas ander interpretasies is. Die unieke aard van die lesing ontstaan vanuit die eiesoortige aard van die interpreteerder se omstandighede en verstaansraamwerk.

Kessler se hermeneutiese model stel kulturele diversiteit in kaart. “Intercultural hermeneutics therefore takes its point of departure in the interaction, the communication between different cultures” (Jonker 2007b:6). Die interkulturele momente van hierdie studie lê op twee vlakke. In die eerste plek, soos Jonker tereg opmerk, is enige interpretasie van die Bybel per implikasie interkultureel aangesien ons vanuit ons moderne kulturele konteks alreeds verwyder is van die kultuur en konteks waarbinne die teks ontstaan het. Daarbenewens fokus die studie veral op die volgende vlak van interkulturele kommunikasie: “However, when contemporary readers from different socio-cultural contexts read the Bible together (such as in global hermeneutics), it creates another level of intercultural encounter” (Jonker 2007b:6).

4.3 Kultuurteorie – Geert Hofstede

Ten einde die invloed van die lesers se kultuuragtergrond in berekening te bring in die interkulturele Bybelleesproses, is dit nodig om ‘n werkbare kultuurdefinisie as teoretiese onderbou daar te stel.

Kultuur word op 'n verskeidenheid maniere gedefinieer¹³⁵, maar in die afgelope paar dekades is dit tog opmerklik dat kultuurdefinisies 'n skuif ondergaan het na 'n meer dinamiese omskrywing¹³⁶. In ooreenstemming met hierdie verandering in denke

¹³⁵ As gevolg van 'n verskeidenheid denkraamwerke wat met die verloop van tyd hoogty gevier het, ontwikkel diverse kultuurdefinisies. Schreither (1986 :45-57) beskryf die verskillende strominge wat aanleiding gegee het tot 'n verskeidenheid kultuurdefinisies breedvoerig. Hy identifiseer onder andere die volgende strominge: (a) Funksionalistiese benadering tot kultuur: "Basically, functionalist approaches are concerned with how the various aspects of society are constituted and interrelated to form a cultural whole. They study the mechanisms whereby new data can be introduced into society, and how society resolves the tensions these data create and how equilibrium is restored", (b) Ekologiese en materialistiese benaderings: "Ecological and materialist approaches center their investigation on the relationship between society and its physical environment. Ecological approaches stress how certain cultural activities serve as homeostatic mechanisms to keep society in balance with its physical environment. Materialist approaches are more concerned with showing how the realities of the physical environment shape and direct the cognitive dimensions of culture. Materialist approaches overlap in many areas with Marxist approaches, which see the relationship of economic production as determinative of world-view and thought", (c) Strukturalistiese benaderings: "Structuralist study of culture is concerned with uncovering the unconscious structures that generate the patterns of culture, and control their transformations and permutations.

¹³⁶ Die dinamieser kultuuromskrywing hang saam met die ontstaan en ontwikkeling van semiotiek. "Semiotics is the study of signs. It sees a culture as a vast communication network, whereby both verbal and nonverbal messages are circulated along elaborate, interconnected pathways, which, together, create the systems of meaning...The movement of the messages through the pathways of the system is determined by a number of codes or sets of rules, which are important to the intelligibility of the message to the receivers of the message. The sharing of sets of rules makes it possible for signs to be understood correctly...The task of semiotics is to describe and explain the signs, their interaction, the rules that govern them, and the complex that we call culture which emerges from all of this" Schreiter (1986 :49-50). Geertz (1975:1-33) verteenwoordig 'n besondere stem in die semiotiese verstaansraamwerk en kan beskou word as die onderbou van Hofstede se kultuurteorie wat in hierdie studie gebruik word. Geertz meen dat die studie van kultuur behels 'n "thick description of culture." Hy omskryf dit onder andere soos volg: "Cultural analysis is guessing at meanings, assessing the guesses, and drawing explanatory conclusions from the better guesses, not discovering the Continent of Meaning and mapping out its bodiless landscape." Geertz meen dat kultuuranalise en -omskrywing ten doel het om die kompleksiteit van menslike gedrag in kaart te stel en te beskryf. Hy meen dat ons in kultuuranalise in die gesig gestaar word deur "a multiplicity of complex conceptual structures, many of them superimposed upon or knotted into one another, which are at once strange, irregular, and inexplicit, and which we must contrive somehow, first to grasp and then to render." Hierdie taak is kompleks en oneindig en die antwoord op die vraag wat kultuur is, is nie een enkele allesomvattende definisie nie, maar eerder 'n beskrywing van 'n kompleksiteit van dimensies. Geertz meen dat dit is

definieer Hofstede (2001:9) kultuur as volg: “I treat culture as the collective programming of the mind that distinguishes the members of one group or category of people from another.” Elke persoon se kultuurkognisie is deels uniek en op ‘n ander vlak ‘n gedeelde werklikheid¹³⁷. Daar kan onderskei word tussen drie vlakke van kultuurkognisie, naamlik die universele, die kollektiewe en die individuele. “The least unique but most basic is the universal level of mental programming that is shared by all, or almost all, humankind. This is the biological ‘operating system’ of the human body...” (Hofstede 2001:2). Die kollektiewe vlak van kognisie verwys na “the mental programming that is common to people belonging to a certain group or category, but different from people belonging to other groups or categories. The whole area of subjective human culture belongs to this level” (Hofstede 2001:2). Die derde individuele vlak van kultuurkognisie is uniek en eiesoortig: “no two people are programmed exactly alike... This is the level of individual personality, and it provides for a wide range of alternative behaviours within the same collective culture” (Hofstede 2001:2).

Kultuur word gemanifesteer in waardes en praktyke. “Values are held by individuals as well as by collectivities... A value is a broad tendency to prefer certain states of affairs over others” (Hofstede 2001:6). Omdat waardes by ons geprogrammeer word, is dit nie rasioneel nie. Waardes is verder onsigbaar tot dit uitdrukking vind in gedrag. Die visuele manifestasie van kultuur is praktyke wat gebore is vanuit waardes. Praktyke vind uitdrukking in simbole, helde en kulturele rituele. “Symbols are words,

soos om “ trying to read a manuscript – foreign, faded, full of ellipses, incoherencies, supercilious emendations, and tendentious commentaries, but written, not in conventionalized graphs of sounds, but in transient examples of shaped behaviour.”

¹³⁷ Die individuele en kollektiewe dimensies van kultuur wat by ‘n individu waarneembaar is, kan verklaar word vanuit die manier waarop ons ‘n kulturele raamwerk ontwikkel. “Every person carries with him or herself patterns of thinking, feeling and potential acting which were learned throughout their lifetime. Much of it has been acquired in early childhood, because at the time a person is not susceptible to learning and assimilating...The source of one’s mental programs lie within the social environments in which one grew up and collected one’s life experiences. The programming starts within the family; it continues within the neighborhood, at school, in youth groups, at the work place, and in the living community...Mental programs vary as much as the social environment in which they were acquired” (Hofstede 1991:4). Die individuele dimensie van ‘n persoon se kultuurraamwerk ontstaan dus in persoonlike ervarings en belewenisse, terwyl ons kollektiewe kultuurraamwerk ontwikkel vanuit ons sosiale sisteme.

gestures, pictures, and objects that carry often complex meanings recognized as such only by those who share the culture. Heroes are persons, alive or dead, real or imaginary who possess characteristics that are highly prized in a culture and thus serve as models for behaviour. Rituals are collective activities that are technically unnecessary to the achievement of desired ends, but that within a culture are considered socially essential, keeping the individual bound within the norms of the collectivity. Rituals are therefore carried out for their own sake” (Hofstede 2001:10).

Kultuur as ‘n universele, kollektiewe en individuele konsep is dus visueel waarneembaar as waardes uitdrukking vind in praktyke. Praktyke sluit bogenoemde begrippe soos simbole, helde en rituele in. Ten einde kultuur te bestudeer soos dit uitdrukking vind in waardes en praktyke, identifiseer Hofstede vyf universele dieptedimensies van kultuur: “... five independent dimensions of national culture differences, each rooted in a basic problem with which all societies have to cope: (1) Power distance, which is related to the different solutions to the basic problem of human inequality; (2) Uncertainty avoidance, which is related to the level of stress in a society in the face of an unknown future; (3) Individualism vs collectivism, which is related to the integration of individuals into primary groups; (4) Masculinity versus femininity, which is related to the division of emotional roles between men and women and (5) Long term versus short term orientation, which is related to the choice of focus for people’s efforts: the future or the present” (Hofstede 2001:29).

4.3.1 Hofstede se dieptedimensies van kultuur – ‘n teoretiese ontginning

Hofstede se dinamiese kultuurdefinisies sluit vyf dieptedimensies in wat dinamies-dialogies op ‘n kontinuum voorgestel kan word. Die vyf dieptedimensies, wat ook as uitgangspunt vir die kultuuromskrywing van hierdie studie gaan dien, sien as volg daaruit:

4.3.1.1 Magsafstand

Die eerste dieptedimensie ontwikkel na gelang van kulture se diverse reaksie op menslike ongelykheid. Ongelykheid tussen mense en groepe mense bestaan in alle samelewings. Prestasie, sukses, rykdom en mag is enkele dimensies waarvolgens ongelykheid in samelewings kan ontstaan. Ongelykheid word dikwels geformaliseer in maghebber-onderdaan-verhoudings. Magstrukture en die verspreiding van mag in

strukture is inherent aan organisasies en groeperinge mense. Die distribusie van mag word geformaliseer in hiërargieë waarin maghebbers en onderdane 'n gelyke aandeel het. "Differences in the exercise of power in a hierarchy relate to the value systems of both bosses and subordinates and not to the values of the bosses only, even though they are the more powerful partners. In the same way that patterns of inequality between groups in society are supported by both dominant and subordinate value systems, patterns of power inequality within organizations reflect the values of both parties" (Hofstede 2001:82).

Omdat ongelykheid oral bestaan, ook in die interkulturele Bybellees-proses, is daar magskonsekwensies vir die betrokke partye. Hierdie diepte dimensie van kultuur vra watter rol 'n persoon se sosio-ekonomiese toestand, vlak van formele onderrig en samelewingsrol wat die persoon vertolk, in die kommunikasie met ander persone speel.

4.3.1.2 Onsekerheidsvermyding

Onsekerheid oor die toekoms is 'n ononderhandelbare feit van die menslike toestand. "A basic fact of life is that time goes only one way. We are caught in a present that is just an infinitesimal borderline between past and future. We have to live with a future that moves away as fast as we try to approach it, but onto which we project our present hopes and fears" (Hofstede 2001:146). Onsekerheid oor die toekoms lei, volgens die aanhaling, tot spanning en angs. Samelewings het strategieë ontwikkel om hierdie spanning en angs te verwerk. "These ways (of dealing with uncertainty) belong to the domain of technology, law and religion. I use these terms in their broad senses: Technology includes all human artefacts; law, all formal and informal rules that guide social behaviour; religion, all revealed knowledge of the unknown" (Hofstede 2001:146). Tegnologie beskerm ons teen die onsekerhede van die natuur. Die geregtelike sisteem beskerm ons teen onsekerhede wat deur ander veroorsaak word en godsdiens beskerm ons teen die onbekende. Die tweede dieptedimensie van kultuur behels die mate waartoe samelewings hulself beroep op tegnologie, wette en rituele ten einde onsekerheid te ontkom. Die modus wat 'n individu aanhang om onsekerheid te beperk, sal vir daardie persoon kosbaar wees en sal ideologiese uitvloeisels hê.

4.3.1.3 Individualiteit teenoor kollektiwiteit

“The third dimension of national culture is called individualism as opposed to collectivism. It describes the relationship between the individual and the collectivity that prevails in a given society” (Hofstede 2001:209). Hierdie dieptedimensie van kultuur vind uitdrukking in die strukture waarbinne mense met mekaar saamleef, met ander woorde in gesinne, uitgebreide families of groter groeperinge en die waarde wat geheg word aan die belang van daardie strukture. Hierdie waarde-agting van strukture het noodwendige konsekwensies op die gedrag van die mense wat in daardie sisteme woon en ontwikkel. “In collectivist societies, people learn at a young age to form their opinion on the basis of others. Little value is attached to ‘personal opinions’. Opinions are derived from the group. In individualistic societies, people are instead encouraged to form their own opinions: you gain respect if you can express what you yourself stand for. In communication between people from these different types of societies, the differences may result in misunderstandings and problems” (Kool 2004:369).

Vir persone wat in ‘n meer kollektiewe sisteem ontwikkel, word die groep se belange bo persoonlike gewin gestel. Hiermee word nie bedoel dat die individu nie belangrik is nie, maar eerder dat die welstand van die groep die veiligheid van die individu verseker. In individualistiese kulture word die stem en eiesoortigheid van die individu hoog aangeskryf.

As individue van ‘n verskeidenheid kultuuragtergronde mekaar ontmoet, ly hierdie dimensie dikwels tot groot spanning aangesien dit op so ‘n primêre vlak ons gedrag en uitgangspunte bepaal.

4.3.1.4 Manlikheid teenoor vroulikheid

“The duality of the sexes is a fundamental fact with which different societies cope in different ways; the issue is what implications that biological differences between the sexes should have for the emotional and social roles of the genders” (Hofstede 2001:280). Die manier waarop daar oor die verskil tussen man en vrou gedink word en die neerslag wat dit vind in die strukture van verskillende kulture, het ‘n invloed op die rol wat die individue in die interkulturele gesprek speel. In sommige kulture het vroue geen regte of aanspraak op persoonlike opinies nie. Vir hierdie vroue sal interaksie met die teks en die deelname tot die gesprek ‘n ander proses wees as vir vroue wat vanuit ‘n geslagsgelyke sisteem afkomstig is. Kool verwys in dié verband

na 'n studie wat met interkulturele leesgroepe onderneem is wat Johannes 4 as basisteks gebruik het.¹³⁸ “This difference becomes apparent in intercultural Bible reading in the fact that certain women’s groups – for example, The Dalit women in India, women in El Salvador, and the group of former prostitutes in the Philippines – feel they are addressed much more directly by the Bible story than groups in a country such as the Netherlands. Especially for woman whose living conditions give them reason to identify themselves with the Samaritan woman, this story has an enormously liberating force. Women who are weighed down by the patriarchal structures of their society draw strength from the conversation between Jesus and the woman” (2004:370). Die vroue wat aan die studie deelneem, se posisie in die samelewing gaan dus 'n belangrike rol speel in die interkulturele ontmoeting.

4.3.1.5 Langtermyn- teenoor korttermyn-oriëntasie

Hierdie dimensie van kultuur sluit aan by die strategieë wat samelewings aanwend om onsekerheid te vermy soos dit onder punt 4.3.1.2 bespreek is. Die dieptedimensie ontwikkel vanuit 'n groeiende ontmoeting tussen Oosterse en Westerse kulture. Die waardes van 'n langtermyn-oriëntasie sou by eerste oogopslag vir Westersinge ontoereikend daar uitsien. Hierdie waardes groei vanuit die leringe van Confucius in die Ooste. “The following are key principles of Confucian teaching: (1) The stability of society is based on unequal relationships between people. (2) The family is the prototype of all social organizations. (3) Virtuous behaviour towards others consists of not treating others as one would not like to be treated yourself. (4) Virtue with regard to one’s tasks in life consists of trying to acquire skills and education, working hard, not spending more than necessary, being patient and preserving” (Hofstede 2001:354). Hoewel die dimensie die kulturele afstand tussen die Ooste en die Weste aksentueer, sou dit tog opmerklik wees om te probeer bepaal waar verskillende Afrika-kulture op die spesifieke skaal val.

Elkeen van hierdie bogenoemde dimensies het 'n impak op die interkulturele ontmoeting en gesprek. Blote ontmoeting van kulture impliseer nie groter begrip nie, maar kan dalk eerder die verskille tussen kulture groter prominensie gee.

¹³⁸ Sien vir 'n volledige bespreking van die studie De Wit (2004:3-52)

Elke kultuurgroepering in die wêreld het, volgens Hofstede se dieptedimensies van kultuurteorie, 'n unieke profiel. Dit is die geval aangesien verskillende kultuurgroeperinge volgens 'n eiesoortige patroon aangetoon kan word op Hofstede se vyf liniêre asse as visuele verteenwoordiging van die dieptedimensies van kultuur. Vanuit Hofstede se teorie kan daar dan afgelei word dat elke persoon wat deelneem aan die interkulturele gesprek, 'n unieke stel antwoorde verteenwoordig op die kultuurvrae. Hierdie antwoorde manifesteer, soos reeds genoem, in waardes en praktyke, maar informeer verder ook deelnemers se ideologiese raamwerk.

4.4 Ideologie in die interkulturele interpretasieproses¹³⁹

Partye wat hierdie interkulturele gesprek betree, doen dit egter nie onskuldig nie. “Readers, too, have ideological investments – in what they choose to read, how they incorporate or fail to incorporate what they read into their own structure of opinion, how they report on what they have read and how they recommend or insist to others that they read the same works” (Clines 1995:24). Ideologie bepaal dus lesers se mate van deelname aan die interkulturele leesproses. Maar verder ook: “...ideologies are not just sets of mental ideas, but ideas that influence people’s actions, and so the relations among people, in the world. Since there is almost always a dissymmetry of power in relations between people and groups of people, an ideology tends to support and enhance the power of its adherents” (Clines 1995:24). Ideologie speel dus 'n belangrike rol in die magsdinamika en diskoers tydens interkulturele gesprek: “All those with ideological positions – which means all of us – are interested parties in the sense that our power, our control, and our significance are upheld by our ideology, and a challenge to our ideology is a threat to our importance” (Clines 1995:24).

Dit is dan juis hierdie uitdaging van 'n individu se ideologie voorverstaan en die neerslag wat dit vind in die magsposisie binne die interkulturele gesprek, wat die fokusarea is van die empiriese been van hierdie navorsing. Onder die oppervlak van beide die teks en die leser is daar “issues of power, of self-identity and security, of

¹³⁹ In hoofstuk 3 is reeds aandag gegee aan die funksionering van ideologie, maar die primêre fokus van die bespreking daar was die neerslag wat ideologie vind in die teks en die funksionering daarvan. Vir 'n deeglike bespreking van die dimensie van die ideologiese besinning van hierdie proefskrif, sien 3.3.3. Ek gaan nou verder in hierdie bespreking en besin oor ideologie as moderne verskynsel en die neerslag wat dit vind in die interkulturele gesprek soos dit in hierdie studie ondersoek word.

group solidarity, of fear and desire, of need and greed” (Clines 1995:24) wat die interpretasieproses beïnvloed. Die studie vra die vraag of die leser ideologies ontmasker en uitgedaag word as sy (in die geval van die studie) in ‘n interkulturele gesprek met ander ideologiese standpunte gekonfronteer word en ‘n teks ontleed wat ook ‘n sekere ideologiese ondertoon het. Voorts vra die studie of daar dan na gelang van die ontmaskering en uitdaging enige verandering in die persoon se ideologiese raamwerk plaasvind.

4.4.1 Ideologie - ‘n teoretiese analise

Ideologie is ‘n komplekse term met ‘n verskeidenheid betekenisse wat afgelei kan word van die konteks waarbinne dit gebruik word en die denkraamwerk waarbinne dit ontstaan. “Broadly speaking, one can distinguish neutral or even positive uses and negative, also called pejorative, uses of the concept. When it is used in a neutral or positive way it becomes a kind of synonym for the whole network of ideas, the philosophy, the vision, that all-encompassing view of life that people have and must have in order to be able to live, to construct meaning and purpose... When it is, however, used in a negative or pejorative way, it usually forms part of ideology-critique, of an attempt to unmask, to criticise and if possible to transform and replace particular ideologies” (Smit 1991:280). Clines (1995:10-11) meen dat onder die woord ideologie die volgende verstaan kan word: “Ideology can mean (1) a more or less connected group of ideas, (2) a relatively coherent set of ideas amounting to a world-view, or outlook on life, (3) a set of such ideas special to a particular social class or group, (4) the set of ideas held by the dominant group in a society. Among the connotations of the term ideology are the following: (1) ideas that are shared with others; (2) ideas serving the interest of a particular group, especially a dominant group; (3) ideas that are wrongly passed off as natural, obvious or commonsensical; (4) ideas that are assumed rather than argued for; (5) ideas that are often unexpressed and unrecognised by those who hold them; (6) ideas oriented toward action, ideas controlling or influencing actions; (7) a representation of the imaginary relationship of individuals to their real conditions of existence...”

Positivistiese-modernistiese denkers poog om die konsep volledig te vermy aangesien dit volgens die denkraamwerk beskou word as ‘n ongeoorloofde inmenging met

persoonlike waardes of standpunte wat nie binne die akademie tuishoort nie.¹⁴⁰ Stratton (2000:120) verwys hiernaas na Marxistiese interpretasies waarin ideologie ook in 'n negatiewe lig beskou word en daarna verwys word as 'n sogenaamde 'valse bewustheid' wat dominante en onderdrukte groepe in 'n ongelyke klassistiese versterk en onderskryf. Hierdie sogenaamde 'valse bewustheid' word in 'n kultuurkonteks onderhou deur politiese, ekonomiese en natuurlike patrone. In hierdie denkraamwerk is die ontmaskering van 'valse bewustheid' van kardinale belang en word ideologiekritiek hiervoor ingespan.

Daar ontwikkel naas hierdie negatiewe beskouings van ideologie ook 'n meer neutrale generiese definisie van die konsep. Geertz¹⁴¹ sit sy fokus op 'n 'thick description of culture' voort as hy na ideologie verwys as 'n kulturele sisteem. Hy poog dus nie om 'n eenvoudige oppervlakkige definisie van ideologie daar te stel nie, maar eerder om die kompleksiteit van die term ook in kaart te stel en te bespreek. "Geertz and scholars who see ideology in this neutral way recognize that everyone's interpretation of reality is affected by the ideologies or modes of discourse that shape us" (Stratton 2000:120). Yee (1990:535) se definisie stem ook ooreen met dié van meer neutrale denkers soos Geertz: "In contemporary theory it usually refers to a complex system of ideas, values and perceptions held by a particular group that provides a framework for the group's members to understand their place in the social order. Ideology constructs a reality for people, making the bewildering and often brutal world intelligible and tolerable. Ideology motivates people to behave in specific ways and to accept their social positions as natural, inevitable and necessary."

Hierdie enkele konsep is dus vir sommiges iets wat totaal vermy moet word, maar vir ander iets wat oopgevelek en tot verantwoording gebring moet word. Vir ander is dit bloot 'n onvermydelike werklikheid. Hoe dit ook al sy, is dit opmerklik dat dit 'n

¹⁴⁰ Geertz verwys in sy bespreking van ideologie na Werner Stark se opmerking in dié verband. "Ideological thought is... something shady, something that ought to be overcome and banished from our minds. It is not quite the same as lying, for, where the liar at least attains to cynicism, the ideologue remains merely a fool. Both are concerned with untruth, but whereas the liar tries to falsify the thought of others while his own private thought is correct, while he himself knows well what the truth is, a person who falls for an ideology is himself deluded in his private thought, and if he misleads others, does so unwillingly and unwittingly" (Geertz 1975:196).

¹⁴¹ Sien Geertz, C. 1975. *Ideology as cultural system in The interpretation of cultures : selected essays/by Clifford Geertz.*

universele menslike realiteit is. “All people have an ideology (or, more correctly, ideologies) that organizes and directs their lives. These ideologies ‘resolve’ the contradictions and struggles in daily existence” (Yee 1995:148).

Ideologie ontwikkel vanuit die groep waartoe ‘n persoon behoort en is dikwels onuitgedaagde vanselfsprekende aannames: “most of ‘my’ ideology is inherited or acquired from others (from some group or other), my ideology serves my own interests and the interests of my group or groups, I tend to think of my ideology as natural and obvious, and I am not always fully aware of what and how much I am taking for granted” (Clines 1995:12).

4.4.1.1 Die ontwikkeling van die betekenis van die term

Thomson omskryf ideologie as volg: “to study ideology is to study the ways in which meaning (signification) serves to sustain relations of domination” (1984:131). Ten einde hierdie definisie waarlik te deurgrond, onderneem Thomson ‘n omvangryke historiese bespreking van die term.¹⁴² Die sleutelbydraes tot die omskrywing van die term soos deur Thomson beskryf word, sal hier aangedui word.

Die term word die eerste maal gebruik deur Destutt de Tracy in 1796 as ‘n term vir die wetenskap van idees. De Tracy was ‘n ryk en geleerde edelman wat tydens die Jacobynse verskrikking in gevangenskap aangehou is. Hy meen dat dit die doelwit van Robespierre was om die denke van die Verligting uit te wis. Na die val van Robespierre word De Tracy vrygelaat en verkry hy en van sy invloedryke vriende posisies van mag in die *Institut National* wat verskeie koninklike akademies vervang na die val van Robespierre. Die fokus van hierdie nuwe uitgangspunt sien as volg daaruit: “De Tracy argued that we cannot know things in themselves, but only the ideas formed by our sensations of them. If we could analyse these ideas and sensation in a systematic way, we could provide a firm basis for all scientific knowledge and draw inferences of a more practical kind. The name de Tracy proposed for this incipient and ambitious enterprise was ‘ideology’ – literally, the ‘science of ideas’. Ideology was to be positive, useful and susceptible of rigorous exactitude” (Thomson 1990:30). Deur ‘n noukeurige analise van die idees en sensasies sou dit dus moontlik wees om menslike gedrag te verstaan en om veranderings aan te bring aan politieke en

¹⁴² Sien vir hierdie breedvoerige historiese diskussie Thomson, J B. 1990. *Ideology and Modern culture*.

sosiale sisteme ten einde mense beter te akkommodeer. De Tracy en sy invloedryke vriende was sterk ondersteuners van die Republikeinse ideaal. Die sukses van De Tracy en die term 'ideologie' was tot 'n groot mate verbind met die sukses van die Republiek. In 1799 met sy terugkeer uit Egipte slaag die *coup d'etat* van Napoleon Bonaparte. Napoleon gebruik sommige van die idees van die *Institut* in die opstel van die grondwet en beloon selfs sommige van die lede met posisies van mag, maar oor die algemeen wantrou hy ook die geleerdes weens hulle sterk Republikeinse sentimente. Na die mislukking van die Russiese veldtog in 1812 vind Napoleon in De Tracy en sy *ideologues* 'n sondebok vir die situasie deur te wys daarop dat hulle die politiek van daardie tyd ondermyn met hulle idees en ideologie.

Met Napoleon se interpretasie van ideologie verskuif dit van 'n neutrale wetenskap van idees ná die evaluasie van die idees self. "It ceased to refer only to the science of ideas and began to refer also to the ideas themselves, that is, to a body of ideas which are alleged to be erroneous and divorced from the practical realities of political life" (Thomson 1990:32).

Thomson meen dat die tendens om negatief oor die term te oordeel reeds van die begin af aanwesig was. "Ideology qua positive and pre-eminent science, worthy of the highest respect, gradually gave way to ideology qua abstract and illusory ideas, worthy only of derision and disdain" (Thomson 1990:32).

Hoewel Karl Marx (1818-1883) se idees 'n sentrale posisie inneem in die ontwikkeling van ideologie as term, is daar in sy werk nie 'n konstante uniforme gebruik van die term nie. "For Marx's work offers us not so much a single coherent vision of the social-historical world and its constitution, dynamics and development, but rather a multiplicity of views which cohere in some respects and conflict in others..." (Thomson 1990:33). Hy sluit aan by Napoleon se negatiewe beskouing van die term en meen: "Ideology is a system of ideas which expresses the interests of the dominant class but which represents class relations in an illusory form" (Thomson 1990:37). Marx "shifts our attention away from the abstract ideas of philosophical and theoretical doctrines, focusing it instead on the ways in which symbols are used and transformed in specific social contexts" (Thomson 1990:44). Marx beweeg dus die studie van ideologie in die sosiale ruimte in en vra na die ontstaan en onderhoud van dominante strukture en groeperinge. Die analise van ideologie is hier 'n kritiese oefening wat mense in hulle sosiale konteks ontmoet.

Teenoor Marx se kritiese begrip van ideologie bly daar in ooreenstemming met De Tracy se aanvanklike suggestie ook denkers wat ideologie ontwikkel as 'n neutrale konsep. Karl Mannheim (1893-1947), die Hongaarse filosoof, se werk bied 'n voorbeeld van hierdie denke as hy die 'sosiologie van kennis' ontwikkel. Ideologie "refers essentially to systems of thought or ideas which are socially situated and collectively shared; and ideological analysis is the study of the way in which these systems of thought or ideas are influenced by the social and historical circumstances in which they are situated" (Thomson 1990:51). Alle sisteme word dus as objek van studie beskou, nie net, soos Marx sou voorstel, die sisteme wat lei tot oorheersing nie. Ideologiese besinning verloor dus volgens die model sy kritiese verantwoordelikheid en is meer 'n beskrywing en omskrywing van die waarneembare realiteite.

4.4.1.2 Ideologiese definisie: Thomson

Teen hierdie agtergrond loods Thomson dan sy eie omskrywing van ideologie. Hy meen dat 'n neutrale benadering tot ideologie die konsep beroof van sy kritiese potensiaal. Ideologie word volgens die neutrale benadering bloot 'n omskrywing van sisteme van geloof en idees wat eenvoudig 'n sosiologie van kennis impliseer. Neutrale omskrywings van ideologie misken die tendens tot dominasie wat konsepte of idees het. Hy stel teenoor die neutrale benadering eerder 'n meer kritiese uitgangspunt voor: "The analysis of ideology, according to the conception which I propose, is primarily concerned with the ways in which symbolic forms intersect with relations of power. It is concerned with the ways in which meaning is mobilized in the social world and serves thereby to bolster up individuals and groups who occupy positions of power... To study ideology is to study the ways in which meaning serves to establish and sustain relations of domination¹⁴³" Thomson (1990:56). Ons analiseer dus ideologie deur na simboliese vorms te kyk wat ingebed in die sosiale konteks is en waaruit dit ontspring. Ons ondersoek ook die dominante verhoudings wat dit poog om in stand te hou, al dan nie. Waar Marx hoofsaaklik gefokus het op oorheersing, wat tot uiting kom in die kllassesisteem, meen Thomson dat dit op geen manier die enigste

¹⁴³ Smit (2007:293) merk in sy bespreking van Thomson se teorie die volgende op in terme van die oorheersing- en magsverhoudings: "Domination is, of course, a very ambivalent term in itself, so that it must be seen here in a very broad, general way, to include different forms of the exercise of social power, propaganda, intimidation, indoctrination, false information, and so forth."

vorm van oorheersing en magmsmisbruik is nie en alle vorme van sosiale onderdrukking moet deur ideologie-kritiek in kaart gestel word.¹⁴⁴

Thomson (1990:59) omskryf die simboliese vorme as volg: “By ‘symbolic forms’ I understand a broad range of actions and utterances, images and texts, which are produced by subjects and recognized by them and others as meaningful constructs¹⁴⁵.” Hierdie simboliese vorme is altyd kontekstueel en dit gee aanleiding tot die magdimensie wat die primêre fokus is vir ideologiese kritiek. “Individuals situated within socially structured contexts have, by virtue of their location, different quantities of, and different degrees of access to, available resources. The social location of individuals, and the entitlements associated with their position in a social field or institutions endow them with varying degrees of power...We can speak of ‘domination’ when established relations of power are ‘systematically asymmetrical’, that is, when particular agents or groups of agents are endowed with power in a durable way which excludes, and to some significant degree remains inaccessible to other agents or groups of agents, irrespective of the basis upon which such exclusion is carried out’ (Thomson 1990:59).

Thomson identifiseer in vyf punte 'n algemene *modus operandi* van ideologie. Hierdie strategieë of funksioneringsmetodes van ideologie help om sin uit te maak van die manier waarop ‘betekenis’ bydra tot die ontstaan en ontwikkeling van dominante

¹⁴⁴ Aichele (1995:274) meen aangaande Thomson se waarneming: “Power must be associated here not just with issues of class dominance and what Marx calls ‘the economics of untruth’ but with a host of other material relations as well, including sexuality, race, ethnicity, and gender.”

¹⁴⁵ Thomson verwys hier dan veral na die belang van linguistieke uitdrukkings in sover dit uitgespreek word of neergeskryf word. Taal en woorde is sleutel simboliese vorme. Smit (2007:293) merk dienooreenkomstig op: “The difference is that analysts have become more aware of the fact that ideas do not exist as separate entities somewhere in the sky, but that they are existing-in-language. For that reason attention has been focused on the ways in which language functions ideologically. The use of language is not a neutral activity, but an essential part of human actions, of human behavior in general, and therefore also of human relations of power.” Pauw (2007:32) sluit hierby aan: “Human beings give meaning to their lives and the lives of others through symbolic forms – linguistic and non-linguistic expressions or utterances, meaningful actions, texts, images and objects that come to symbolise (or to ‘mean’) something. These forms are communicated to others in an attempt to share their ideas, beliefs and experiences.”

magspatrone. Die strategieë poog dus om simboliese vorme te produseer wat patrone van magsdominasie tot gevolg het.¹⁴⁶

- a. Die eerste ideologiese strategie wat deur Thomson bespreek word, is legitimasie. Volgens hierdie strategie wat aanvanklik deur Max Weber geïdentifiseer word, word dominante magsverhoudings ontwikkel en onderhou deur dit as ondersteuningswaardig voor te stel. Die grondslag waarop hierdie legitimasie plaasvind, is hoofsaaklik rasioneel, tradisioneel of charismaties. Die strategieë wat aangewend word om dominasie te legitimeer deur middel van legitimasie, is in die eerste plek rasionalisasie: “whereby the producer of a symbolic form constructs a chain of reasoning which seeks to defend or justify a set of social relations or institutions and thereby to persuade an audience that it is worthy of support” (Thomson 1990:61). As tweede strategie word universalisasie ingespan: “By means of this strategy, institutional arrangements which serve the interests of some individuals are represented as serving the interests of all” (Thomson 1990:61). Die derde strategie van hierdie *modus operandi* van ideologie is narrasie. Stories word vertel om gebruike voor te stel as tydloos en as ingebed in omstandighede. Tradisies word op dié manier soms selfs gefabriseer en in verhale omskep om mense te help sin maak van hulle plek in ‘n gemeenskap of van geskiedkundige gebeure.¹⁴⁷

¹⁴⁶ Thomson (1990:61) merk in verband met simboliese vorme op: “No strategy is intrinsically ideological. Whether a given strategy of symbolic construction is ideological, depends on how the symbolic form constructed by means of this strategy is used and understood in particular circumstances; it depends on whether the symbolic form so constructed is serving, in these circumstances, to sustain or subvert, to establish or undermine, relations of domination.” Simboliese vorme is dus altyd sosiaal ingebed en die mag konsekwensies daarvan is gekoppel aan die doel van die strategie.

¹⁴⁷ Hierdie strategie is besonder belangrik vir die doeleindes van hierdie spesifieke studie aangesien daar in die eerste plek in die interkulturele gesprek omgegaan word met ‘n narratiewe teks wat neerslag vind ‘n wêreld waarin die vertellers en hoorders probeer sin maak het van die omstandighede waarin hulle leef. Die ideologiese implikasies van die verhaal wat gelees word, kom dus aan die orde. In die tweede plek deel leser hulle stories en ervarings met mekaar. Die ideologiese konsekwensies van hierdie verhale moet dus ook in ag geneem word. Thomson (1990:62) meen in dié verband: “Stories are told, both by official chroniclers and by individuals in the course of their everyday lives which serve to justify the exercise of power by those who possess it and which serve to reconcile others to the fact that they do not...By telling stories and receiving the stories told by others, we may be drawn into

- b. Die tweede algeme *modus operandi* van ideologie is dissimulasie: “Relations of domination may be established and sustained by being concealed, denied or obscured, or by being represented in a way which deflects attention or glosses over existing relations or processes” (Thomson 1990:62). Die waarheid van onderdrukking word volgens hierdie strategie verbloem en die situasie kan as volg uitgebeeld word: die dominante klas word in staat gestel om onverhinderd aan te gaan met hulle alledaagse aktiwiteite. Strategieë wat onder dissimulasie aangewend word, word deur Thomson (1990:62) beskryf as: “Displacement is a term customarily used to refer to one object or individual used to refer to another, and thereby the positive or negative connotations of the term are transferred to the other object or individual. Euphemization: actions, institutions or social relations are described or redescribed in terms which elicit a positive valuation. Trope: the figurative use of language or, more generally, of symbolic forms.”¹⁴⁸
- c. ‘n Derde strategie van ideologie is unifikasie: “Relations of domination may be established and sustained by constructing, at a symbolic level, a form of unity which embraces individuals in a collective identity, irrespective of the differences and divisions that may separate them” (Thomson 1990:64). Die uitgangspunt van hierdie ideologiese strategie is dus om mense in ‘n kollektief te verenig en om individuele identiteit te misken.
- d. Die vierde ideologiese strategie is fragmentasie: “Relations of domination may be maintained, not by unifying individuals in a collectivity, but by fragmenting those individuals and groups that might be capable of mounting an effective challenge to dominant groups, or by orientating forces of potential opposition towards a target which is projected as evil, harmful or threatening” (Thomson 1990:65). Differensiasie is die sleutelinstrument wat gebruik word om te wys dat ‘n

a symbolic process which may serve, in some circumstances, to create and sustain relations of domination.”

¹⁴⁸ Dissimulasie as strategie van ideologie soos deur Thomson bespreek, is besonder relevant vir die Suid-Afrikaanse konteks. Aangesien die studie in post-Apartheid Suid-Afrika gedoen word, is dit van belang om bewys te wees van die implikasies van die strategie. In die Apartheid-konteks is dikwels na vyande of opposisie verwys as ‘kommuniste’ of ‘terroriste’. Die negatiewe konnotasies wat aan hierdie terme gekoppel is, is op dié manier aan vyande van die staat verbind. Ten tweede is gebruik gemaak van eufemismes, bv. deur te verwys na Apartheid as ‘onafhanklike ontwikkeling’.

individu/groep nie tot die kollektief behoort nie en so die geldigheid van die persoon/groep te ondermyn.

- e. Die vyfde *modus operandi* wat Thomson (1990:65) identifiseer is – om 'n nuwe Afrikaanse term te gebruik - verdingliking: “Reification: relations of domination may be established and sustained by representing a transitory, historical state of affairs as if it were permanent, natural, outside of time.” Verdingliking vind plaas as abstrakte konsepte wat ‘n verhouding of konteks beskryf, hanteer word as ‘n konkrete ‘ding’.

Deur hierdie diverse strategieë van ideologie te identifiseer, word daar ‘n ruimte geskep waarbinne daar oor die verhouding tussen betekenis en mag in ‘n sosiale konteks besin kan word. Die punt is egter dat die betekenis van simboliese objekte slegs begryp kan word in die sosio-historiese konteks waarin die gebruik word. “Strategies of symbolic construction are the tools with which symbolic forms capable of creating and sustaining relations of domination can be produced; they are symbolic devices, as it were, which facilitate the mobilization of meaning” (Thomson 1990:67).

In die lig van die ideologiese analise wat in hierdie studie onderneem word, verdien ‘n laaste waarneming van Thomson (1990:71) aandag. Die punt van ‘n ideologiese analise van simboliese vorme in ‘n besondere sosio-historiese konteks en die magskonsekwensies wat dit impliseer, is nie om ‘bewyse’ te bied van ideologiese funksionering nie, maar eerder om ‘n interpretasie te bied. “In analysing ideology, in seeking to grasp the complex interplay of meaning and power, we are not dealing with a subject matter that admits of incontestable demonstration (whatever that may be). We are in the realm of shifting sense and relative inequalities, of ambiguity and word-play, of different degrees of opportunity and accessibility, of deception and self-deception, of the concealment of social relations and of the concealment of the very process of concealment. To approach this realm in the expectation that one could provide incontestable analysis is like using a microscope to interpret a poem.”

Ter opsomming: Vir die doeleindes van hierdie studie word Thomson (1990:72) se definisie van ideologie onderskryf: “The concept of ideology calls our attention to the ways in which meaning is mobilized in the service of dominant individuals and groups, that is, the way in which the meaning constructed and conveyed by symbolic forms serves, in particular circumstances, to establish and sustain structured social relations from which some individuals and groups benefit more than others, and

which some individuals and groups have an interest in preserving while others may seek to contest.” Die definisie bepaal die fokus en parameters vir die studie van ideologie, naamlik simboliese vorme in ‘n spesifieke sosiale konteks. Die doel van die studie is dus dienooreenkomstig nie om bewyse te lewer van ideologiese vorme nie, maar eerder om ‘n interpretasie daarvan te bied. Daar is geen finale antwoord in die ideologiese analiseringsproses nie. Dit bly ‘n voortdurende ondersoek en verkenning van die betekenis van simboliese vorme in ‘n spesifieke sosiale konteks met magskonsekwensies.

4.4.1.3 Metodiese uitvloeiels van Ideologiese definisie

Thomson stel as metodiese uitvloeiels vanuit sy teoretiese nadenke oor ideologie ‘diepte hermeneutiek’ voor as instrument van analise. Hierdie benadering gee volgens hom genoegsame aandag aan die feit dat die objek van analise ‘n betekenisvolle simboliese konstruksie is wat interpretasie noodsaak. Hy baseer hierdie ‘diepte-hermeneutiek’ op die werk van die hermeneutiese filosowe van die twintigste eeu, nl. Dilthey, Heidegger, Gadamer en Ricoeur. Hierdie denkers “remind us that the study of symbolic forms is fundamentally and inescapably a matter of understanding and interpretation. Symbolic forms are meaningful constructions which call for interpretation, they are actions, utterances, texts which, *qua* meaningful constructions, can be understood” (Thomson 1990:274). Die objek van sosiale hermeneutiese ondersoek is egter besonder kompleks aangesien die objek daarvan opsigself alreeds ‘n geïnterpreteerde veld is. Thomson (1990:275) verduidelik dit so: “The social world is not just an object domain which is there to be observed; it is also a subject domain which is made up, in part, of subjects who, in the routine course of their everyday lives are constantly involved in understanding themselves and others, and in interpreting the actions, utterances and events which take place around them.” Die taak wat diepte-hermeneutiek dus in die sosiale wetenskappe voorstel, is een wat mense natuurlik doen aangesien hulle sosiaal funksioneer. Wetenskaplikes in die sosiale wetenskappe vind hulleself dus vanuit die staanspoor in ‘n komplekse situasie aangesien die objekte van hulle analise self ook in staat is tot interpretasie. Dit gee aanleiding tot ‘n ryk web van betekenis, interpretasie en herinterpretasie. Alle nuwe ervarings en interpretasies is verder ook ingebed in ‘n geskiedenis van menslike ervarings. Thomson (1990:227) omskryf hierdie historiese dimensie as volg: “Human

experience is always historical, in the sense that new experience is always assimilated to the residues of what is past, and in the sense that in seeking to understand what is new, we always and necessarily build upon what is already present.” Hierdie historiese dimensie dien nie net as basis vir enige nuwe interpretasie nie, maar kan ook in besondere omstandighede nuwe interpretasies onmoontlik maak oor die sterk neerslag wat dit vind.

Die diepte-hermeneutiek wat Thomson voorstel as analise-instrument vir ideologie het drie fases wat as volg daaruit sien:

- a. Die eerste fase impliseer ‘n sosio-historiese analise aangesien simboliese vorme nie in ‘n vakuum voorkom nie, maar geskep, oorgedra en ontvang word in ‘n spesifieke sosiale en historiese situasie. Die doel van ‘n sosio-historiese analise volgens Thomson (1990:284) is “to reconstruct the social and historical conditions of the production, circulation and reception of symbolic forms, to examine the rules and conventions, the social relations and institutions, and the distribution of power, resources and opportunities by virtue of which these contexts form differentiated and socially structured fields.”
- b. Die tweede stap in ‘n diepte-hermeneutiek is ‘n formele of diskursiewe analise. Thomson (1990:286) beskryf dit so: “Discursive analysis, that is, the analysis of the structural features and relations of discourse. I am using the term ‘discourse’ in a general way to refer to actually occurring instances for communication. Hence the object of discursive analysis is not some well-honed example designed to test our linguistic intuitions, but rather actual instances of everyday communications.” Navorsingsinstrumente wat gebruik word vir hierdie analise is onder andere: semiotiese analise, gespreksanalise, sintaktiese analise, narratiewe analise en argumentatiewe analise.¹⁴⁹
- c. Die derde en laaste stap van die diepte-hermeneutiek wat Thomson voorstel, is interpretasie/herinterpretasie. Waar die twee aanvanklike stappe van die proses ‘n analise van onderafdelings wat teenwoordig is in die diskoers impliseer, poog die laaste stap ‘n sintetiese kreatiewe konstruksie van betekenis. Die oogmerk van die analise is om die dele waaruit die proses bestaan, te deurgrond. Hierdie analise

¹⁴⁹ Bykans al die instrumente wat Thomson onder hierdie afdeling van diepte-hermeneutiek bespreek, word in hierdie studie aangewend om ‘n sinvolle interpretasie te probeer bied van die verhandeling van simboliese vorme in die spesifieke sosiale konteks wat vir die studie geskep is.

van die onderafdelings is egter nie die finale oogmerk van diepte-analise nie en kan nie die behoefte aan 'n kreatiewe konstruksie van betekenis ontken nie. Hierdie herinterpretasie van 'n reeds-geïnterpreteerde sosiale objek¹⁵⁰ is altyd 'n komplekse waagstuk wat maklik kan aanleiding gee tot “the *fallacy of reductionism*, by which I mean the fallacy of assuming that symbolic forms can be analysed exhaustively in terms of the social-historical conditions of their production and reception. And the fallacy of internalism, by which I mean the fallacy of assuming that one can read off the characteristics and consequences of symbolic forms by attending to the symbolic forms alone, without reference to the social-historical conditions and everyday processes within which and by means of which these symbolic forms are produced and received” (Thomson 1990:291).

4.4.1.4 Uitgangspunte van die studie van ideologie

Vanuit Thomson se definiëring van ideologie, asook sy bespreking van diepte-hermeneutiek, blyk die relevansie vir hierdie studie duidelik. Ter opsomming dan net enkele laaste opmerkings: “To interpret ideology is to explicate the connection between the meaning mobilized by symbolic forms and the relations of domination which that meaning serves to establish and sustain” (Thomson 1990:293). Smit (1991:283) sluit hierby aan: “(T)he study of ideology has been enriched and elaborated on through a reflection on language, by this growing awareness that to study ideology is to study language in the social world.” Taal, ingebed in 'n sosiale werklikheid, is dus die fokusarea van die studie. Die oogmerk van die studie is om vanuit 'n analise van die interkulturele konteks en die taalneerslag wat in die ontmoeting geïdentifiseer word, 'n interpretasie te waag van die ideologiese funksionering van elke deelnemer. Op hierdie wyse bereik ons die doel wat Thomson (1990:293) vir die studie van ideologie daarstel, naamlik: “The interpretation of ideology also has the role of synthesis in the sense that it seeks to draw together the results of social-historical and formal discursive analysis, showing how the meaning of symbolic forms serves to establish and sustain relations of domination.”

¹⁵⁰ Die interpretasie wat deur diepte-hermeneutiek moontlik gemaak word, sal altyd 'n her-interpretasie wees aangesien die objek van sosiale ondersoek ook subjekte van interpretasie is. Vir 'n breedvoerige verduideliking hiervan, sien Thomson (1975: 274-277).

4.5 Mag in die interkulturele gesprek

Vanuit hierdie bespreking is dit dus duidelik dat die gebruik van taal in die interkulturele ontmoeting, as spesifieke sosiale konteks, magsimplikasies het. As 'n tweede navorsingsvraag vir hierdie studie oor interkulturele Bybellees word die magsdinamika wat aan die werk is wanneer verskillende lesers aan die interkulturele gesprek deelneem, die fokus. In dié verband gaan die studie van die vertrekpunt af uit dat daar in enige proses van interkulturele Bybellees 'n sekere magsondertoon is. Die vraag wat dan in hierdie onderdeel van die studie na vore kom, is: Watter magstrukture kan in die proses van interkulturele Bybellees geïdentifiseer en geanaliseer word?

Foucault meen in hierdie verband “that one should never try to understand power divorced from the context in which it shows itself” (Flaskas & Humphreys 1993:40). Mag is, soos ons ook vroeër in Hofstede se opmerkings gesien het, altyd relasioneel. “The concept of power is an epistemological error, one individual cannot hold unilateral power over another, because people are always subject to the constraints of relationships” (Flaskas & Humphreys 1993:36). Hoewel mag as konsep so dikwels 'n negatiewe konnotasie oproep weens die misbruik daarvan deur maghebbers, kan dit tog ook positief aangewend word. “Power has positive potential, as a force that produces discourses, knowledge and subjectivities” (Flaskas & Humphreys 1993:40). Ons gaan dus kyk na die magsdinamika soos dit uitspeel in die diskoers van die interkulturele Bybellees-proses.

Vanuit Thomson se bespreking van ideologie en die funksionering daarvan in 'n spesifieke konteks is dit duidelik dat daar magskonsekwensies aan verbonde is. Thomson omskryf mag as volg: “In the most general sense, ‘power’ is the ability to act in pursuit of one’s aims and interests: an individual has the power to act, the power to intervene in the sequence of events and to alter their course. In so acting, an individual draws upon and employs the resources available to him or her. Hence the ability to act in pursuit of one’s aims and interests is dependent on one’s position within a field or institution” (Thomson 1990:151). Thomson beklemtoon dus die sosiale implikasies van mag en meen dat mag in die konteks waarin dit beoefen word, geanaliseer moet word. Ter staving van die asimmetriese magskonsekwensies van ideologie voer hy aan: “Individuals endowed with varying capacities of this kind, and hence with varying degrees of power, may stand in determinate social relations with

one another. When established relations of power are systematically asymmetrical, then the situation may be described as one of domination” (Thomson 1990:151). Magsverhoudings is voorts sistematies-asimmetries wanneer “particular individuals or groups of individuals are endowed with power in a durable way which excludes, and to some significant degree remains inaccessible to other individuals or groups of individuals, irrespective of the basis upon which such exclusion is carried out” (Thomson 1990:151).

Dit is duidelik vanuit hierdie paar verwysings na Thomson se werk dat ideologie en mag verbandhoudende konsepte is binne ‘n spesifieke sosiale konteks. Die fokus van Thomson se werk is egter nie om die funksionering van mag in die sosiale konteks te beskryf of verklaar nie. Ten einde mag in die sosiale konteks beter te begryp, word Michel Foucault se teorieë oor die konsep en funksionering van mag voorts ondersoek.

4.5.1 Foucault – ter inleiding¹⁵¹

“The work of the French philosopher Michel Foucault (1926-1984) has had a significant impact on the twentieth-century thought, and he is generally considered one of the prominent and influential figures in ‘postmodernism’. Foucault’s work dealt with topics ranging from philosophy, sociology, medicine, psychology, and psychiatry to prisons and prison reforms, architecture, geography and sexuality. His work in these fields challenged established notions and understandings within them, provoking both praise and condemnation from other scholars in those fields” (George 2000:91). Ten einde die werk van Foucault beter te begryp, moet dit kontekstueel

¹⁵¹ Hoewel Foucault se nadenke oor mag en die funksionering daarvan in ‘n spesifieke sosiale konteks sentraal staan tot die teoretiese onderbou van die proefskrif en instrumenteel is tot die analise van die data wat ingesamel is, is dit nie die fokus van hierdie afdeling om ‘n allesomvattende beskrywing van Foucault se werk te bied nie. Dit sou die parameters van die studie oorskry, asook grondig onmoontlik wees, in ag genome die omvang van die werk wat hy op ‘n verskeidenheid gebiede geproduseer het. Die algemene bespreking van Foucault dien as agtergrond om ‘n kriptiese beskouing van sy werk oor mag beter te begryp. Dit is volgens my onmoontlik om Foucault se werk oor mag te begryp sonder om iets van sy eie sosiale milieu te begryp. Sy persoon en die ontwikkelings wat hy in sy werk ondergaan het, dien as grondslag vir sy deurslaggewende werk oor mag. In die oorsig van sy werk maak ek gebruik van ‘n aantal sekondêre bronne. Waar dit egter gaan oor mag, word Foucault, in vertaling, eerstehands aangehaal.

beskou word. Een moontlike strategie is om sy werk te lees as ingebed in sy eie lewensverhaal.

Paul-Michel Foucault is gebore op 15 Oktober 1926 in Poitiers, Frankryk. Hy was die seun van 'n prominente chirurg en sy moeder was die dogter van 'n chirurg en hy geniet die voordeel van geleenthede wat 'n welgestelde familie hom bied. Na skool onderneem Foucault verdere studies in die sosiale wetenskappe. Naas die kwalifikasie in filosofie ontvang hy in 1952 ook 'n graad in die sielkunde wat hom in staat stel om "to research into psychiatric practice and mental illness" (Smart 1985:13) Foucault is in hierdie tyd (1950-1953) 'n lid van die Franse Kommuniste party, maar breek daarvan weg weens misnoë met die politiek en filosofie van die party. Na uitgebreide navorsing in die veld van psigopatologie¹⁵² beweeg hy na verskeie akademiese instansies in die buiteland waaronder Swede, Poland en Duitsland. In 1965 spandeer Foucault tyd aan die Universiteit van Tunisia waar hy 'The order of things' publiseer in ooreenstemming met die algemene opbloei van strukturalisme. Na die gebeure van Mei 1968 waarin studentebetogings en nasionale stakings byna die Franse nasionale sisteem lamgelê het, stig die regering 'n aantal eksperimentele universiteite. Foucault word aangestel as die eerste hoof van die departement by die Parys VIII Universiteit in Vincennes in 1968. Hy beklee die posisie vir 'n kort tyd, in "1970 Foucault moved to Paris, where he took up a position as professor at the College de France, France's premier academic institution. Foucault taught at the College de France until his death in Paris on June 25, 1984" (George 2000:91). Dit is hier waar hy deur die keuse van titel finaal aantoon dat sy werk nie in netjiese denkkaders ingedeel kan word nie: (H)e

¹⁵² Foucault maak 'n groot bydrae tot die studie van Sielkunde aangesien hy hier 'n nuwe moontlikheid vir kennis ontdek. Sheridan (1980:5) meen in die verband "At this point a new possibility opened up. Perhaps science, in particular the science of human behaviour, provided the access for an intellectual to the real world." Dit is na sy mening hierdie strewe na die 'ware wêreld' wat Foucault intellektueel voortdryf. Hy ontdek egter ook in hierdie lyn van ondersoek vinnig verkrummel tot 'n illusie. "Very soon the search for scientific understanding proved as illusory as the philosophical quest" (Sheridan 1980:6) Hy meen dienooreenkomstig dat "psychology can never fully grasp madness" (Gane 1986:7) Nadat sy eerste boek oor die tema *Maladie mentale et personalitie* uit druk uit gaan, herskryf hy die tweede deel in lyn met sy ontnugtering en word die hele uitgangspunt van die boek op sy kop gedraai as dit weer uitgegee word as *Maladie mentale et psychologie*. Hy meen in hierdie nuwe uitgawe dat "Mental pathology cannot be modeled on organic pathology, psychology cannot have the same scientific status as physiology, 'mental illness' is not analogous to physical illness, but a changing, historical conditioned notion" (Sheridan:1980:7).

deliberately constructed a designation, ‘Professor of the History of Systems of Thought’¹⁵³, so as to differentiate his work from the intellectual tradition of the history of ideas” (Smart 1985:13).

Op die vlak van persoonlike invloede noem Foucault “George Dumezil’s analyses of discourse, George Canguilhem’s distinctive approach to the history of science and, last, but not least, the work of Jean Hyppolite¹⁵⁴ on Hegel” (Smart 1985:13). Skrywers wie se werk deur Foucault aangehaal word, sluit veral in: Marx, Freud en Nietzsche.¹⁵⁵ Sy skryfwerk word egter nie in navolging van een van die genoemde skrywers se werk gedoen nie en kan daarom nie onder ‘n enkele denkskool bespreek word nie. Sy geweldige invloed is vermoedelik juis te danke aan die wye skopus van sy werk en aan die feit dat hy verskillende denkraamwerke met mekaar in gesprek bring. “Many of the commentaries on Foucault’s work try to argue that what makes it particularly valuable is that it successfully bridges the divides between structural and phenomenological approaches or between structural and historical analyses or between Marxist and critical theory” (Gane 1986:3). Hoewel dit duidelik is dat Foucault homself nie beperk het tot een dissipline of een veld van navorsing nie, beskryf hy die fokus van sy werk as volg: “concerned with three traditional problems: (1) knowledge and how that knowledge relates individuals to truth; (2) power (the

¹⁵³ Hierdie titel gee uitdrukking aan die idee dat Foucault nie aan homself bloot gedink het as ‘n filosoof of geskiedkundige nie. “Foucault described his work in terms of the history of thought because the question that interested him was revealing the ways by which Western European societies were organized” (George 2000:92).

¹⁵⁴ “Hyppolite was Foucault’s philosophy teacher at Henri IV and at the Sorbonne and was later to become the head of Ecole Normale. His main work had been on Hegel and, in addition to a commentary, he had produced a remarkable translation of the Phenomenology of Mind. Foucault presents Hyppolite’s relations with Hegel as a life-long struggle conducted on our behalf” (Sheridan 1980:3). Foucault verwerp die premise van Hegel se werk. “His rejection of Hegel took the form, not of confrontation – Marx, Fichte, Bergson, Kierkegaard, Husserl - but of circumvention, in the manner of the one thinker whose name is conspicuously absent from that list, Nietzsche” (Sheridan 1980:4).

¹⁵⁵ “The significance accorded to the respective works of Marx, Freud and Nietzsche by Foucault lies in their delimitation of the space within which modern social thought is located and their founding role in the cultivation of a new hermeneutics, and new order of interpretation. In Foucault’s view each of these thinkers recognized the existence of a relationship between power and knowledge. For Marx this took the form of a relation between forms of thought, ideas, and economic power; for Freud it was conceptualized in terms of a relation of desire and knowledge; and for Nietzsche all forms of thought and knowledge were considered to be expressions of a will to power” (Smart 1985:14).

relationships individuals have with others on the basis of that knowledge); and (3) self, the way in which individuals come to understand and speak about themselves in relation to knowledge and power” (George 2000:92). Al drie hierdie temas is in verskillende grade in al Foucault se werk teenwoordig. Hy fokus veral op die drie probleme en hulle ontwikkeling met die verloop van tyd.

4.5.2 Foucault – metodes en analise

“Archaeologist of ideas or genealogist of power?” (Smart 1985:47). ‘n Beskouing van Foucault se werk toon dat daar twee verskillende metodes van analise deur hom toegepas word.

4.5.2.1 Argeologie

Argeologie, in die sin waarin Foucault die woord gebruik, dui op ‘n manier waarop historiese analise gedoen word op ‘n sisteem van nadenke of ‘n diskoers: “Archaeology seeks to describe the archive, the term employed by Foucault to refer to ‘the general system of the formation and transformation of statements existent at a given period within a particular society’” (Smart 1985:48). Die doel van hierdie sogenaamde analise van diskoers is nie om verborge betekenis of ‘n diep waarheid te ontgin of om die ontstaan en ontwikkeling van ‘n diskoers te ondersoek nie,¹⁵⁶ maar eerder “to document its conditions of existence and the practical field in which it is deployed” (Smart 1985:49). Brown en Cousins (1986:33) meen in ooreenstemming hiermee oor argeologie: “What is to be investigated is the totality of all effective statements (whether spoken or written) in their dispersion as events and in the occurrences that is proper to them. Discourse is not expressed in statements; it is a group of statements. Central to this enterprise is the identification of regularities of

¹⁵⁶ Foucault se Argeologie het dus ‘n ander fokus as die algemene ‘geskiedenis van idees’. “For Foucault, history – and the ‘history of ideas in particular – is too deeply imbued with notions of continuity, causality and teleology, which stem from modern rationalism and ultimately from the Cartesian notion of constructive subject” (Sheridan 1980:14). Smart (1985:49) meen dienooreenkomstig “The history of ideas is an ill-defined and imprecise discipline which through the central themes of ‘genesis, continuity and totalization’ addresses the formation, development, and transformation of systems of thought. Foucault’s archeological analysis represent ‘and abandonment of the history of ideas, a systematic rejection of its postulates and procedures, and an attempt to practice a quite different history of what men have said.’”

statements by means of which it is possible to speak of a discursive formation, and at the same time the identification of statements themselves.” Foucault se argeologie fokus dus op die omstandighede wat ‘n bepaalde diskoers moontlik maak en wat daardie diskoers in stand hou. Dit gaan nie soveel om die beskrywing van ‘n allesomvattende enkele ‘waarheid’ nie, maar eerder om die beskrywing van wat die waarneembare realiteit moontlik maak en in stand hou. Hierdie benadering laat ruimte vir diskrepansie en oënskynlike teenstrydighede. “Within the history of ideas contradiction may either be regarded as a surface phenomenon concealing underlying coherences or as the organizing principle for the emergence of discourse. Whereas in the case of archaeological investigation contradictions constitute objects of analysis, objects to be described, and not appearances to be overcome, nor secret principles to be uncovered” (Smart 1985:49). Die effek van die argeologie soos Foucault dit voorstel is dus diversifiserend eerder as die voorstelling van ‘n universele geheel. ‘n Verdere onderskeiding wat gemaak kan word tussen Foucault se argeologie in kontras met die ‘geskiedenis van idees’ raamwerk is die omskrywing van die konsep van verandering. “Whereas temporal succession or the sequencing of events analysed in terms of evolutionary conceptions of change is a central feature in the traditional history of ideas, it seems to be entirely absent from archaeology, leaving it vulnerable to the change in that it neglects temporal relations and concentrates on synchrony” (Smart 1985:50). Verandering word in Foucault se raamwerk hanteer deur ‘n sisteem van transformasie te identifiseer en deur te beskryf wat verandering moontlik maak.

Hierdie metode van analise vind neerslag in onder andere die volgende werke wat deel uitmaak van die hoofkorpus van Foucault se werk: *Madness and Civilization*¹⁵⁷ (1961), *The Birth of the Clinic: An Archaeology of Medical Perception*¹⁵⁸ (1963), *The*

¹⁵⁷ Smart (1985:19) meen in verband met die teks: “(It) is a text that addresses the question of the historical conditions of emergence in the course of the seventeenth century of a distinction between reason and unreason, reason and madness. It examines the conditions of possibility for the emergence and development of the sciences of psychiatry and psychology...”

¹⁵⁸ Foucault se tweede werk is in die vorm van ‘n op die oog af, meer gespesialiseerde teks wat handel oor die verandering in die konsepsies, strukture en vorms van organisasie in die mediese wetenskap. Die teks, wat die sterkste strukturalistiese eienskappe vertoon, konsentreer veral op die skuif wat plaasvind in die mediese wetenskap waarvolgens die liggaam van die individu langsaam die fokus van mediese studie word Sheridan (1980:38) meen dienooreenkomstig: “The book turns around

*Order of Things: The Archaeology of the Human Sciences*¹⁵⁹ (1966) en *The Archaeology of Knowledge* (1969).

4.5.2.2 Genealogie

Die ontwikkeling van genealogie as metode van analise bring 'n verskuiwing van fokus in Foucault se werk. Argeologiese ontginning bly teenwoordig in Foucault se werk: "it retained a secondary presence and continued to serve as a methodology for isolating and analysing 'local discursivities' in a manner which was complementary to genealogy" (Smart 1985:54).

Foucault baseer hierdie nuwe benadering tot geskiedenis-analise op die werk van Nietzsche.¹⁶⁰ Tot die sentrum van hierdie benadering staan "a conception of historical analysis which stands in opposition to a pursuit of the origin of things on the grounds that such a search inevitably induces particular effects, namely an attempt to 'capture the essence of things'; a tendency to regard the moment of origin as the high point of a process of development; and finally an associated constitution of a field of knowledge emanating from an assumed origin which itself is to be retrieved" (Smart 1985:56). In kontras hiermee toon Foucault in sy genealogiese benadering "a disparity and dispersion behind the constructed identity of origin; it shows historical beginnings to be lowly, and beneath 'measured truth, it posits the ancient proliferation of errors'" (Smart 1985:56). Genealogie verwerp 'n beskouing van ononderbroke en stabiele ontwikkeling wat agter historiese gebeure lê en openbaar eerder 'n kompleksiteit van omstandighede. Historiese gebeurtenisse of konstruksies word ook nie gesien as die kulminasie van 'n proses van ontwikkeling nie, maar eerder as "a particular momentary manifestation of 'the hazardous play of dominations' or a stage of

the point – the last years of the eighteenth century – when the old classificatory medicine gave way to the anatomo-clinical method, to medicine as the 'science' we know today."

¹⁵⁹ Die strukturalistiese invloed in Foucault se werk is veral in hierdie teks sigbaar as hy daarna streef om die reëls en strukture bloot te lê wat verskillende denkraamwerke in die menslike wetenskappe begrond. "*The Order of Things* is a complex and challenging text which aims to uncover the laws, regularities, and rules of formation of systems of thought in the human sciences which emerged in the nineteenth century" (Smart 1985:32).

¹⁶⁰ "Foucault once again differentiated his work from traditional history and revealed his indebtedness to Nietzsche for a radically different conception of historical analysis, namely genealogy" (Smart 1985:56).

struggle between forces” (Smart 1985:57). Die uitvloeisel hiervan is: “Genealogy embraces the confrontations, the conflicts, and the systems of subjection of which emergent historical forms are but temporary manifestation, furthermore within the scheme of things there is no place for a constituting subject, for ‘no one is responsible for an emergence’, it is merely an effect of the play of dominations” (Smart 1985:57). Samelewings ontwikkel volgens hierdie model nie van primitiewe na meer komplekse sisteme nie, maar eerder van een vorm van dominasie na ‘n ander. “Genealogical analysis is thus synonymous with the endless task of interpretation for there is no hidden meaning or foundation beneath things, merely more layers of interpretation...” (Smart 1985:59). Foucault (1980a:117) omskryf die term as volg: “And this is what I would call genealogy, that is a form of history which can account for the constitution of knowledge, discourses, domains of objects, etc., without having to make reference to a subject which is either transcendental in relation to the field of events or runs in its empty sameness throughout the course of history.”

‘n Genealogiese analise het ten doel om:

- (1) die elemente wat in verhouding kom om ‘n historiese gebeurtenis te konstrueer, in kaart te stel;
- (2) die verhouding tussen die elemente te beskryf;
- (3) die domeine waarin die elemente funksioneer te bespreek.

Genealogie staan in kontras met die model van ‘wetenskaplike’ kennis.¹⁶¹ Foucault definieer die mag-kennis-verhouding as volg: “Knowledge is inextricably entwined with relations of power and advances in knowledge are associated with advances and developments in the exercise of power. Thus for Foucault there is no disinterested knowledge; knowledge and power are mutually and inextricably interdependent. A site where power is exercised is also a place at which knowledge is produced” (Smart 1985:64). Daar is dus ‘n intieme verhouding tussen mag en kennis. Kennis word moontlik gemaak deur mag en mag is effektief as gevolg van kennis. Genealogie is dus ontwerp “to excavate patterns of power: not who has power but rather the patterns of the exercise of power. Foucault’s genealogy was a method and project which rejected the search for origins and took as its object and subject the relations between

¹⁶¹ “Genealogy as critique stands in opposition to the scientific hierarchization of knowledge about human beings and social relations and the effects intrinsic to their associated technologies of power” (Smart 1985:62).

knowledge and power: The exercise of power perpetually creates knowledge and, conversely, knowledge constantly induces effects of power. In fact, the fused appellation power/knowledge has become associated with Foucault” (McNeil 1993:149).

Foucault se beweging na ‘n genealogiese metode van analise word sigbaar in die verskyning van *Discipline and Punishment* in 1975 en *The History of Sexuality* in drie bundels tussen 1976 en 1984. Vir die doeleindes van hierdie studie gaan ek kortliks fokus op *Discipline and Punishment* en op die magsomskrywing wat hierdie werk ten grondslag lê. Hoewel *The History of Sexuality* ook verdere verhelderende idees aangaande die tema bevat, meen ek dat die essensie van Foucault se gedagtes aangaande mag te vinde is in die semenale werk ten grondslag van hierdie tema, naamlik *Discipline and Punishment*.

Foucault keer terug na die omskrywing van verandering en groei in ‘n enkele diskoers terug soos dit neerslag vind in *Madness and Civilisation* en *The Birth of a Clinic*. Hy omskryf egter nie net die geboorte van ‘n tronk in die werk nie, maar ‘n verskuiwing in die lokus van kontrole en die magskonsekwensies daaraan verbonde. “With *Discipline and Punishment* conceptions of power-knowledge relations and of the body as the object of the exercise of technologies of power became explicit and, although Foucault’s discussion addresses the transformation in forms of punishment and the emergence of the modern penal institution, the prison, the principal focus of analysis falls upon the ‘power and knowledge relations that invest human bodies and subjugate them by turning them into objects of knowledge” (Smart 1985:43).

Discipline and Punishment begin op ‘n skokkende noot deur twee metodes van straf met mekaar te vergelyk. Die eerste vertel van die lot van Damiens wat ‘n onsuksesvolle aanslag op Louis XV se lewe gemaak het. Foucault (1995:3) verwys as volg daarna: “The flesh will be torn from his breast, arms, thighs and calves with red-hot pincers, his right hand, holding the knife with which he committed the said parricide, burnt with sulphur, and on those places where the flesh will be torn away, poured molten lead, boiling oil, burning resin, wax and sulphur melted together and then his body drawn and quartered by four horses and his limbs and body consumed by fire...”

Hierdie grusame uitbeelding van straf word gekontrasteer met die uittreksels uit die reëls van die Huis vir jong misdadigers in Parys. Foucault (1995:6) verwys as volg daarna: “At the first drum-roll, the prisoners must rise and dress in silence, as the supervisor opens the cell doors. At the second drum-roll, they must be dressed and make their bed. At the third, they must line up and proceed to the chapel for morning prayer. There is a five-minute interval between each drum roll...”

Die vraag waarmee die werk dan ten diepste omgaan, is wat hierdie radikale verandering in benadering tot straf tot gevolg gehad het. Hoewel die misdade waarop die bogenoemde strawwe toegepas is, hoegenaamd nie op dieselfde vlak is nie, is die punt wat Foucault maak dat die opsie van ‘n ander benadering tot straf nie bestaan het nie. Daar is dus ‘n volkome paradigmaskuif op te merk in die twee vertellings en Foucault vra wat as grondslag dien vir daardie skuive. Hy beweeg die fokus weg van ‘n suiwer regsbeskouing en meen dat die skuif eerder ‘n politieke strategie openbaar. Polities, nie net in die negatiewe sin van repressie van die slegte nie, maar ook in die positiewe sin van aanmoediging tot die goeie. Die fokus van straf beweeg dus weg van die ‘liggaam’ as primêre objek, na die ‘siel’ van die oortreder. “The shift of focus evident in penal history from the body as the immediate and direct object of the exercise of the power to punish to the ‘soul’ or ‘knowable’ man conceptualized in terms of psyche, subjectivity, personality, consciousness, and individuality represented the emergence of a new form of power and concomitant new forms of knowledge” (Smart 1985:81).

Foucault omskryf drie historiese tydperke waarin ‘n bepaalde mag/kennis-dinamika¹⁶² aan die werk is en dus ‘n bepaalde logistieke uitvloeit het. Mag is volgens hierdie beskrywings nie iets wat besit kan word nie, maar eerder iets wat uitgeoefen word. “It

¹⁶² Foucault (1995:27) se begrip van die verhouding tussen mag en kennis kom hier aan die orde: “Perhaps we should abandon the belief that power makes mad and that, by the same token, the renunciation of power is one of the conditions of knowledge. We should admit rather that power produces knowledge (not simply by encouraging it because it serves power or by applying it because it is useful); that power and knowledge directly imply one another; that there is no power relation without the correlative constitution of a field of knowledge, nor any knowledge that does not presuppose and constitute at the same time power relations. George (2000:94) som die verhouding goed op: “There is an intimate link between power and knowledge. Knowledge is made possible by power, and power is effective because of knowledge. Knowledge of an idea or subject is made possible only because of the particular, complex arrangement of power at work in a particular historical context.”

is not the 'privilege' of a dominant class, which exercises it actively upon a passive, dominated class. It is rather exercised through and by the dominated...Power in that sense does not exist: what exists is an infinitely complex network of 'micro-powers', of power relations that permeate every aspect of social life. For this reason, 'power' cannot be overthrown and acquired once and for all by the destruction of institutions and the seizure of the state apparatuses. Because 'power' is multiple and ubiquitous, that struggle against it must be localized. Equally, however, because it is a network and not a collection of isolated points, each localized struggle induces effects on the entire network" (Sheridan 1980:139).

Foucault omskryf in drie historiese tydperke hoe 'n spesifieke mag/kennis-dinamika die praktyk van 'straf' laat neerslag vind. Die drie tydperke sien as volg daaruit:

- (a) Marteling as boetedoening: "The first organization and procedure of punishment, that of torture, was associated with the monarchical law and the exercise of sovereign power. Punishment was excessively violent, ritualistic, public, and spectacular. An infringement of the law constituted a violation of the sovereign's will and redress took the form of punishment inflicted upon the body of the offender" (Smart 1985:81). Die publieke aard van straf was 'n manier om die waarheid van die oortreding aan die lig te bring en dit dan die gevolge daarvan op die liggaam van die oortreder te voltrek. Alle misdaad is gesien as hoogverraad en die monarg het absolute mag gehad om te straf. Die teenwoordigheid van 'n skare by 'n teregstelling was dus belangrik omdat die felheid van die gereg op dié manier bevestig is. Elkeen in die skare was terdeë bewus van die feit dat enige misstap teenoor die monarg nie verdra sou word nie en tot straf sou lei. Die skare het die mag van die monarg bekragtig deur bykans medepligtiges te word aan die teregstelling.
- (b) "In the second half of the eighteenth century protests against the legal system in general and public executions in particular began to mount not only among the philosophical spokesmen for the Enlightenment, but also from lawyers, politicians, and popular petitions" (Sheridan 1980:143). Die 'progressiewe hervormers' het gepleit vir meer menslike en genadige strawwe. Foucault meen egter dat die doel van die hervorming nie soveel menslikheid en genade was nie, maar eerder "a new economy of punishment, a greater efficiency in the application of penalty...The new order of punishment formulated by the

reformers was based upon a conception of crime as an offence not against the body or will of the sovereign but against society, against the social contract enjoining individuals together as a society” (Smart 1985:38). Sheridan (1980:145) som die uitgangspunte van die hervormers as volg op: “1) the penalty must suggest a little more interest in avoiding the penalty than in risking the crime; 2) dissuasion must act on the mind of the potential criminal – he must have a clear notion of the outcome of his act; 3) the penalty must have its most intense effects on those who have not committed the crime; 4) the potential criminal must be convinced that the crime will be detected and punished – hence the call for a thorough policing of society; 5) the verification of crime must obey the general criteria for all truth – the truth of the crime will be accepted only when completely proven; 6) crimes must be clearly set out in a code accessible to all and, since penalties do not have the same effect on all, account must be taken of the nature of the criminal himself, the presumable degree of his wickedness and the intrinsic quality of his will...” Straf moes volgens die nuwe benadering by die oortreding pas, nie net in die graad van die oortreding nie, maar ook in die aard daarvan.¹⁶³

- (c) “The emergence of the institution of the prison as the paradigmatic form of punishment was in consequence conceived by Foucault to be associated with the development of a disciplinary technology of power and related forms of knowledge” (Smart 1985:85) Dissiplinêre mag ontstaan nie van nuuts af nie en was reeds teen die begin van die negentiende eeu gegrondves in kloosters, die weermag en werkswinkels. Wat Foucault deur sy bespreking na die oppervlak bring, is dat hierdie dissiplinêre metodes die algemene formule vir dominasie word. Foucault meen dat daar vier voorwaardes vir die ontwikkeling van dissipline is: “First, it is cellular: the space in which individuals are subjected to discipline is divided and sub-divided into more or less self-contained units. Second, disciplines initiated a control in activity. Third, discipline was imposed upon the body in a temporal sense: the process of training could be broken down into stages with a view to the development of ever greater skills. The procedure used was that of exercise. Fourth, in order to obtain the combination of forces, it

¹⁶³ “Those who abuse public liberty should be deprived of their own; financial crime should be punished by fines, theft by confiscation, murder by death, etc.” (Sheridan 1980:146).

arranges ‘tactics’. The individual body becomes an element that may be placed, moved, combined with others” (Sheridan 1980:151) Hierdie vier dissiplinêre prosedures skep tesame iets van die droom, in ‘n historiese werklikheid, van ‘n volkome sosiaal-beheerde samelewing. Sheridan (1980:152) meen voorts: “Discipline ‘makes’ individual; it is the specific technique of a power that regards individuals both as objects and instruments of its exercise. This power is not triumphant, excessive, omnipotent, but modest, suspicious, calculating. It operates through hierarchical observation, normalizing judgment and their combination in examination.” In die eerste plek funksioneer dissipline dus deur ‘n hiërargiese observasie. Die perfekte dissiplinêre instrument sou een wees wat in ‘n enkele blik die som van alles wat gebeur gelyk sien en dit konsekwent doen. Foucault grond sy nadenke oor hierdie aspek van dissipline op ‘Bentham’s panopticon’¹⁶⁴. “Bentham’s plan, it seems, encapsulates a number of the general characteristics of power in modern society; its continuity and anonymity, for example. The one-way relation of visibility it sets up between the individual cells and the central tower places the prisoner in a position of feeling himself to be constantly under observation. Hence, by virtue of an architectural disposition, the effects of the power of surveillance are rendered continuous and automatic. Further, since this power may be applied equally to the hierarchy of surveillants, it becomes de-individualised. Anyone can fill the position in the hierarchy; the power of surveillance becomes an immanent property of the apparatus itself” (Patton 1979:131). Hierdie (moontlike) konstante observasie maak dat mag outomaties funksioneer. In hierdie nuwe sisteem word die uitdaging van die individu om nie uit te staan nie maar om binne die gemiddelde normaal te funksioneer. “Normalization functions perfectly within a system of formal equality, for not only does it impose homogeneity, it also individualizes, by making it possible to measure gaps by providing a measure of differentiation” (Sheridan 1980:154). Die laaste modus waarop dissipline as magsuitdrukking funksioneer, is deur die eksamenpraktyk. “It is not a normalizing gaze, a

¹⁶⁴ Die Panoptikon is ‘n tipe tronkgebou wat deur Jeremy Bentham, ‘n Engelse filosoof en sosiale wetenskaplike, ontwerp is in 1785. Volgens die ontwerp sou individuele selle in ‘n sirkel rondom ‘n wagtoring in die middel gekonstrueer word. Dit sou vanaf die wagtoring in die middel moontlik wees om al die selle te beskou, maar die aangehoudenes in die selle sou nie noodwendig weet of daar ‘n wag aan diens is nie. Die punt is eerder om die idee te skep dat daar iemand aan diens is.

surveillance that makes it possible to qualify, to classify and to punish. It establishes over individuals a visibility through which one differentiates them and judges them. That is why, in all the mechanisms of discipline, the examination is highly ritualized. In it are combined the ceremony of power and the form of experiment, the deployment of force and the establishment of truth. At the heart of the procedures of discipline, it manifests the subjection of those who are perceived as objects and the objectification of those who are subjected. The superimposition of the power relations and knowledge relations assumes in the examination all its visible brilliance” (Foucault 1995:184-185). Sheridan (1980:156) meen ter opsomming van die dissiplinêre sisteem die volgende: “In a disciplinary regime...individualisation is ‘descending’ as power becomes more anonymous and more functional, those on whom it is exercised tend to be more strongly individualized; it is exercised by surveillance rather than by ceremonies, by observation rather than commemorative accounts, by comparative measures that have the ‘norm’ as reference rather than genealogies giving ancestors a point of reference, by gaps rather than deeds.” Die tronk ontwikkel dus volgens hierdie model as instansie wat mag uitoefen op ‘n dissiplinêre wyse.

Foucault beskryf dus in hierdie studie hoe mag strategies funksioneer: “public torture in the eighteenth century reflected on arrangement of power, while daily timetables for prisoners in the nineteenth century reflect a different arrangement of power. In the eighteenth century, ideas about the monarchy and theories of law and crime combined in such a way so that public torture of capital criminals was required to respect the idea of the law and the monarch. In the nineteenth century, with the demise of the monarchy and changes in how society was governed and controlled, theories of law and crime combined with new moral and political ideas about the right to punish, the result of which was that torture was considered unnecessary, even abhorrent, and punishment required regimenting criminals’ lives through daily schedules and timetables” (George 2000:93).

4.5.3 Foucault se magsteorie

Teen die agtergrond van Foucault se eie historiese konteks en sy metodes van analise is dit nou moontlik om Foucault se magsteorie te omskryf. “When Foucault discusses power, he does not mean by this idea a fixed quantitative, or physical force, something innately possessed or held by individuals or institutions. He acknowledges

that power often is channelled through people or institutions, but this is not due to the inherent 'power' of such people or institutions. Rather, Foucault understands power as a force, something present throughout the world and in all people. Power is therefore something distinct from authority. Everyone has power, whether they exercise that power individually, in groups or through institutions" (George 2000:92). Smart (1985:77) sluit hierby aan: "power is not conceived as a property or possession of a dominant class, state, or sovereign but as a strategy; the effects of domination associated with power arise not from appropriation and deployment by a subject but from manoeuvres, tactics, techniques, functionings..." Foucault meen dat mag begin in die kleinste eenheid van die sosiale liggaam: "the family, sexual relations, but also: residential relations, neighbourhoods, etc. As far as we go in the social network we always find power as something that runs through it, that acts, that brings about effects. Power works then, from the bottom up and must be studied in this way" (Wickham 1986:152).

Oorsigtelik beskou Foucault nie mag as 'n instansie of struktuur nie, maar eerder as 'n komplekse strategiese situasie. Die strategiese funksionering van mag het ten doel om mag te vermeerder: "Power, whether individual or institutional, always seeks to become more powerful and influential in society, and thus there is constant interaction, negotiation, and competition among forces. Frequently, forces combine in particular, complex arrangement or configuration in order to achieve more power" (George 2000:93). As gevolg van die komplekse kombinasies en ontwikkeling van magsverhoudings word mag uitgeoefen deur sosiale instansies soos banke, die polisie, skole, mediese instansies en professionele organisasies. Wat Foucault egter duidelik stel, is dat hierdie mag nie iets inherent is wat 'n organisasie besit nie maar die resultaat is van spesifieke omstandighede en historiese situasies. "Because specific circumstances and conditions make these institutions possible, a change in those circumstances threatens, if not outright negates, the ability of these institutions to continue to exercise their power and to exist in the same way" (George 2000:93). Een van die primêre redes vir die verandering in die komplekse magsfaktore is die implisiete teenwoordigheid van weerstand op enige plek waar mag funksioneer: "There are no relations of power without resistances; that the latter are all the more real and effective to the extent that they are formed there where the relations of power are exercised resistance to power doesn't have to come from elsewhere in order to be

real, nor is it trapped because it is the compatriot of power. It exist all the more insofar as it is there where power is; it is therefore like power, multiple and integratable into global strategies”(Foucault 1980b:142) Of soos Smart (1985:77) dit opsom: “Where there is power there is resistance, that power depends for its existence on the presence of a multiplicity of points of resistance and that the plurality of resistance should not be reduced to an single locus of revolt or rebellion.”

Foucault meen ook dat mag nie bloot net negatief is nie. “If power were never anything but repressive, if it never did anything but to say no, do you really think one would be brought to obey it? What makes power hold good, what makes it accepted, is simply that fact that it doesn’t only weigh on us as a force that says no, but that it traverses and produces things, it induces pressure, forms of knowledge, produces discourse. It needs to be considered as a productive network which runs through the whole social body, much more than as a negative instance whose function is repression ” (Foucault 1980a:119).

Ten slotte beskryf Foucault sy teorieë oor mag as volg: “It seems to me that power is ‘always already there’ that one is never ‘outside’ it... I would suggest (i) that power is co-extensive with the social body; there are no spaces of primal liberty between the meshes of its network; (ii) that relations of power are interwoven with other kinds of relations (production, kinship, family, sexuality) for which they play at once a conditioning and a conditioned role; (iii) that these relations don’t take the sole form of prohibition and punishment, but are of multiple form; (iv) that their interconnection delineate general conditions of domination, and this domination is organised into a more-or-less coherent and unitary strategic form; that dispersed, heteromorphous, localised procedures of power are adapted, re-inforced and transformed by these global strategies, all this being accompanied by numerous phenomena of inertia, displacement and resistance; hence one should not assume a massive and primal condition of domination, a binary structure with ‘dominators’ on the one side and ‘dominated’ on the other, but rather a multiform production of relations of domination which are partially susceptible of integration into overall strategies; (v) that power relations do indeed ‘serve’, but not all because they are ‘in service of’ an economic interest taken as primary, rather because they are capable of being utilised in strategies; (vi) that there are no relations of power without resistances, that the latter

are all the more real and effective because they are formed right at the point where relations of power are exercised...” (Foucault 1980b:142).

Foucault stel vir die analise van mag die volgende stappe voor: “First, analysis is to address not centralized and legitimate forms of power but techniques which have become embodied in local, regional, material institutions. Second, analysis should concern itself with the exercise or practice of power, its fields of application and its effects, and not with the possession or conscious intention... Instead of concentrating attention on the motivation or interests of groups, classes, or individuals in the exercise of domination analysis is to be directed to the various complex processes through which subjects are constituted as effects of objectifying powers. Third, power is not a commodity or a possession of an individual, a group, a class, rather it circulates through the social body, functions in the form of a chain and is exercised through a net-like organization in which all are caught” (Smart 1985:79).

Hierdie sentrale punte vanuit Foucault se magsteorie dien as verwysingsraamwerk vir die bespreking van die magsdinamika in die interkulturele Bybelleesproses soos dit neerslag vind in hierdie studie.

4.6 Ter opsomming: mag en ideologie in die interkulturele Bybelleesproses

Die Interkulturele gesprek wat in hierdie studie ondersoek word daag die tradisionele model van Bybelinterpretasie uit aangesien daar nie net ‘n enkele leser/hoorder met ‘n unieke konteks veronderstel word nie, maar ‘n diversiteit van lesers in interaksie met mekaar. Kessler stel ‘n nuwe hermeneutiese model saam ten einde nadenke oor die interkulturele dinamika van Bybelinterpretasie te vergemaklik. Ten einde die invloed van die lesers se kulturele diversiteit in die interkulturele gesprek te begryp, moes ‘n bruikbare definisie van kultuur gevind word. Die dinamiese, dialogiese kultuurdefinisie soos uiteengesit in Hofstede se dieptedimensies van kultuur het in hierdie behoefte van die studie voldoen. Die interkulturele gesprek is egter nie ‘n eenvoudige of onskuldige onderneming nie. Geen deelnemer benader die interkulturele gesprek oor ‘n kultureel-verwyderde teks onskuldig nie. Elke leser het ook ‘n unieke ideologiese uitgangspunt wat ingebed is in die kulturele konteks van die leser en kom tot uiting in woorde met magskonsekwensies in ‘n spesifieke sosiale konteks. In die studie word daar gewerk met die ideologiese definisie van Thomson. Soos reeds genoem definieer hy ideologie as volg: “to study ideology is to study the

ways in which meaning (signification) serves to sustain relations of domination” (Thomson 1984:131). Een van die twee navorsingsvrae ontwikkel uit bogenoemde nadenke oor ideologie. Ten eerste word die daarstelling van ‘n ideologiese profiel van elke deelnemer geïmpliseer. Hierdie profiel word ontwikkel aan die hand van Hofstede se dieptedimensies van kultuur omdat daar, soos reeds genoem, aangedui is dat deelnemers se ideologiese raamwerk geïnformeer word deur hulle kulturele raamwerk. Die konsep van Hofstede se dieptedimensies van kultuur bied ook ‘n sinvolle instrument om deelnemers se eiesoortige ideologiese profiel te ontgin. Ten tweede word dan op die saak van uitdaging en verandering van die ideologiese profiel van deelnemers gefokus. Die vraag wat vanuit dié dimensie ontstaan is of deelnemers ideologies uitgedaag word en enige verandering ondergaan in die interkulturele gesprek met die kultureel-diverse ander en die kultureel-verwyderde teks.

Vanuit Thomson is dit verder ook duidelik dat die manier waarop taal gebruik word, in ‘n spesifieke sosiale konteks magiskonsekwensies het. Die tweede vraag waaroor dit dan gevolglik in hierdie navorsing moet gaan, is wat die magstrukture is wat geïdentifiseer en geanaliseer kan word in die interkulturele gesprek. Mag, soos duidelik vanuit Foucault se teorie blyk, is nie iets wat iemand besit nie, maar is relasioneel, strategies en dinamies en moet dienooreenkomstig ondersoek word.

Hierdie navorsingsvrae vind op ‘n formele vlak neerslag in die verdere verfyning van die probleemstelling van hierdie studie.

4.7 Probleemstelling – 'n verfyning

Mag en ideologie in die interkulturele Bybellees-proses is twee afsonderlike en tog verbandhoudende konsepte, wat die primêre fokus van hierdie studie uitmaak. Die studie gaan van die vertrekpunt af uit dat daar in enige interkulturele Bybellees-proses ‘n sekere magsondertoon is, aangesien dit mense vanuit verskillende kontekste is wat met mekaar kommunikeer. Die vraag is enersyds: Wat is die magstrukture wat ons kan identifiseer en analiseer in ‘n gesamentlike interkulturele lees van die Bybel? Die individuele belewenis van die magdinamika wat aan die werk is in die interkulturele Bybellees-proses, is dus die area van ondersoek.

Die tweede saak waarop dit aankom in die studie, val in die ideologiese kader. Die vraag is of die individuele deelnemer aan die gesprek se ideologiese selfverstaan

uitgedaag of verander word wanneer hy/sy gekonfronteer word deur die kultuur-verwyderde Bybelteks en ander individue wat vanuit diverse kultuur-ideologiese verwysingsraamwerke die gesprek betree.

Die ideologiese fokus van die studie lê dus op verkillende vlakke. Die neerslag van 'n persoon se ideologiese verstaansraamwerk dien as wegspringplek. In die gesprek gaan die persoon dan 'n teks tegemoet met 'n spesifieke ideologiese basis en met ander mense wat vanuit ander ideologiese raamwerk tot die gesprek toetree. Of, en indien wel hoe, 'n persoon se ideologiese selfverstaan uitgedaag of verander word deur die gesprek, is die fokus van hierdie studie.

Ten einde die vrae wat in die probleemstelling aan die orde kom te beantwoord moet 'n sinvolle navorsingsontwerp vir 'n empiriese studie nou saamgestel word. Hierdie navorsingsontwerp gebruik as basis die teoretiese bespreking wat in hierdie hoofstuk ontwikkel is.

Hoofstuk 5

Navorsingsontwerp vir empiriese studie

5.1 Inleiding

In ag genome die uitdagings wat in die probleemstelling neerslag vind aan die einde van die vorige hoofstuk, word die metodologiese oorwegings van die empiriese studie in hierdie hoofstuk bespreek en word die navorsingsontwerp ontwikkel. Kultuur, mag en ideologie is sosiale konstrakte en die manifestasie daarvan vind ons vir die doeleindes van hierdie studie in 'n baie spesifieke sosiale konteks, naamlik die interkulturele gesprek oor 'n spesifieke teks in die Bybel. Kultuur, mag en ideologie is nie kwantitatief-meetbare konsepte nie en die sosiale wêreld waarbinne hulle funksioneer, is kompleks en multidimensioneel. Die teoretiese onderbou van elkeen van hierdie konsepte bevestig die kompleksiteit van die funksionering daarvan in 'n spesifieke sosiale konteks. Die hoofkriterium vir die empiriese instrument wat in die studie gebruik word, is die vermoë om sinvol met hierdie kompleksiteit en diversiteit om te gaan. Kwalitatiewe data-analise word as empiriese instrument gebruik.

5.2 Kwalitatiewe data-analise as empiriese hulpmiddel

Om die magsdinamika inherent aan die groep en die ideologiese raamwerk van elke individu te identifiseer en te analiseer, word kwalitatiewe data-analise as instrument gekies. Die doel van kwalitatiewe data-analise is om die resultate van die studie so weer te gee dat dit wetenskaplik verstaanbaar en verantwoordbaar is.

Kwalitatiewe analise is: "The non-numerical examination and interpretation of observations for the purpose of discovering underlying meanings and patterns of relationships" (Babbie 2004:370). Onder die oorkoepelende term kwalitatiewe navorsing is daar 'n groot verskeidenheid genres en modusse van implementering. Algemeen gesproke is kwalitatiewe navorsers egter "intrigued by the complexity of social interactions expressed in daily life and by the meanings that the participants themselves attribute to these interactions. These interests take qualitative researchers into natural settings, rather than laboratories, and foster pragmatism in using multiple methods for exploring a topic" (Marshall & Rossman 2006:2). Marshall & Rossman

(2006:2) noem vyf karaktereieenskappe van kwalitatiewe navorsing en vier eienskappe van navorsers wat daarby betrokke raak: "... (Q)ualitative research (a) is naturalistic, (b) draws on multiple methods that respect the humanity of participants in the study, (c) focuses on context, (d) is emergent and evolving, and (e) is fundamentally interpretive. Qualitative researchers (a) view social worlds as holistic, (b) engage in systematic reflections on the conduct of the research, (c) remain sensitive to their own biographies/social identities and how these shape the study and (d) rely on complex reasoning that moves dialectically between deduction and induction."

5.2.1 Kwantitatief teenoor kwalitatief

Ten einde die beginsels van kwalitatiewe navorsing goed te begryp, sal dit voordelig wees om dit te vergelyk met die meer bekende, algemeen-toegepaste kwantitatiewe modus van navorsing. "(Q)ualitative and quantitative approaches are two different points of view – two unique groundings, two different ways of asking questions, two particular ways of thinking" (Hesse-Biber & Leavy 2006:5). Die verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing is dus nie bloot kosmeties en oppervlakkig nie. Dit is ook meer omvangryk as 'n blote verskil in data-inwinningstegnieke. Kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingspraktyke ontwikkel vanuit verskillende navorsingsparadigmas.

Kwantitatiewe navorsing is die uitvloeisel van 'n positivistiese paradigma. "Within the larger discussion of the history of science, positivism has come to mean objective inquiry bases on measurable variables and provable propositions. The positivist research orientation holds that science is or should be primarily concerned with the explanation and the prediction of observable events" (Maykut & Morehouse 1994:3). Navorsing vanuit hierdie paradigma word dikwels beskryf as 'harde' wetenskap waarin syfers en persentasies gebruik word om inligting weer te gee. "The dominant paradigm, or the positivist position, sees the world as simple or at least potentially simple if it can be examined properly and broken apart correctly" (Maykut & Morehouse 1994:3). Die uitgangspunte van kwantitatiewe navorsing is gegrond in 'n positivistiese epistemologie en 'n geloof in objektiviteit: "Positivism holds that there is a knowable reality that exists independent of the research process. The social world, similar to the natural world, is governed by rules, which result in patterns. Accordingly, casual relationships between variables exist and can even be identified,

proven, and explained” (Hesse-Biber & Leavy 2006:13). Die uitgangspunt is dus dat daar ‘n kenbare realiteit ‘êrens daarbuite’ bestaan wat waargeneem, gemeet en beskryf kan word. Die waarnemer of subjek, staan dus buite en op ‘n afstand van die waargeneemde of objek. Tussen die subjek en objek is daar ‘n duidelike onderskeid en selfs ‘n hiërargiese afstand. Die positivistiese epistemologie waaruit kwantitatiewe navorsing ontwikkel, hou in besonder ‘objektiwiteit’ as uitgangspunt voor. “Positivist epistemology assumes that there is an objective reality ‘out there’ which can be explained by objective value-free researchers through the use of objective replicable methods. In other words, reality is objective and can be empirically studied/tested by value-neutral researchers” (Hesse-Biber & Leavy 2006:14).

Kwantitatiewe navorsing beweeg op ‘n deduktiewe wyse van “the general to the specific. It moves from (1) a pattern that might be logically or theoretically expected to (2) observations that test whether the expected patterns actually occur” (Babbie 1998:36).

In teenstelling met bogenoemde uitgangspunte ontwikkel ‘n alternatiewe idee oor die aard van die sosiaal-waarneembare wêreld in die fenomenologiese epistemologie van interpretasie. “The interpretive epistemology is based on the interpretation of interaction and the social meaning that people assign to their interactions. This perspective epistemologically believes that social meaning is created during interaction. The implication is that different social actors may in fact understand social reality differently, producing different meanings and analyses” (Hesse-Biber & Leavy 2006:15). Kwantitatiewe navorsing fokus op “a close examination of people’s words, actions, and documents in order to discern patterns of meaning which come out of this data” (Maykut & Morehouse 1994:16). Die versameling van kennis geskied deur middel van waarneming en interaksie in ‘n sosiale netwerk. In teenstelling met die bogenoemde uitgangspunt van objektiviteit gaan dit juis in kwalitatiewe navorsing oor die verhouding tussen die navorser en die deelnemers aan die navorsingsprojek. Beide partye word op eiesoortige wyse medewerkers in die navorsingsprojek. Die sosiale wêreld wat bestudeer word, word nie beskou as iets wat van buite ontgin moet word nie, maar eerder as ‘n relasionele werklikheid waaraan alle partye deelneem.

Kvale (1996:3-5) vergelyk die proses van kennisversameling in die twee modelle met die volgende metafore: “...the interviewer as ‘miner’ or as ‘traveler’. The first model

(quantitative) assumes that the subject possesses specific information and that the interviewer's job is to dig out. By contrast, in the second model (qualitative), the interviewer wanders through the landscape and enters into conversation with the people encountered. The traveller explores the many domains of the country, as unknown territory or with maps, roaming freely around the territory... (T)he interviewer wanders along with the local inhabitants, asks questions that lead the subjects to tell their own stories of their lived world." Hieruit is dit duidelik dat "(t)he researcher is not assumed to be value neutral and 'objective' but rather an active participant, along with the research subjects, in the building of descriptive, exploratory and explanatory knowledge" (Hesse-Biber & Leavy 2006:15).

Die posisie van 'n kwalitatiewe navorser kan dus as volg omskryf word: "A qualitative researcher assumes the posture of indwelling while engaging in qualitative research. This means being at one with the person under investigation, walking a mile in the other person's shoes, or understanding the person's point of view from an emphatic rather than sympathetic position" (Maykut & Morehouse 1994:25). Ten einde die kompleksiteit van faktore te begryp wat 'n invloed het op mense en prosesse, word die kwalitatiewe navorser 'n mens-as-instrument in die omstandighede. "A human being can be an instrument of inquiry and thus explore idiosyncrasies and find patterns of behaviour because of ... human plurality. Human plurality, the basic condition of both action and speech, has the twofold characteristic of equality and distinction. If we were not equal we could not understand each other ... (I)f we were not distinct we would not need to understand each other" (Maykut & Morehouse 1994:27).

Kwalitatiewe navorsers beweeg vanaf die spesifieke na die algemene, deur 'n in diepte-analise te doen van enkele persone, groepe of prosesse. "Qualitative researchers are concerned with text and words as opposed to numbers. Thus, qualitative researchers build and analyze themes embedded within transcripts ... (T)his is because qualitative researchers are after meaning" (Hesse-Biber & Leavy 2006:8). In kwalitatiewe navorsing word 'n spesifieke individu of groep se ervaring of proses belig. "Qualitative research is particularly well suited to studying context. It also excels at illuminating process, whether this is organizational change or individual decision-making, since it allows us to examine how changes affect daily procedures and interactions" (Barbour 2008:13).

Hoewel daar soms voorkeur gegee word aan die kwalitatiewe navorsingsparadigma, sluimer daar dikwels soms nog verwagtings of voorveronderstellings vanuit die positivistiese epistemologiese paradigma in die beplanning, uitvoering en evaluering van die navorsing. Daarom is dit belangrik om die volgende punte te beklemtoon:

1. Waarheid is relatief: Die wetenskaplik-verantwoordbaarheid of korrektheid van inligting wat ingewin is tydens die kwalitatiewe proses, hang nie af van die feit of die inligting wat 'n persoon verskaf objektief waar of korrek is nie. "Qualitative researchers generally subscribe to the adage that 'if people believe things to be real, then they are real in their consequences'" (Barbour 2008:28). Die vraag is eerder na die persoon se begrip van die situasie of ervaring en hoe daardie begrip gedrag bepaal of verander en ontwikkel.
2. Meervoudige realiteite: In die ondersoek van 'n gedeelde ervaring of insident is daar nie net een waarheid wat uitgespreek kan word nie. "The role of qualitative research is not to determine which account is the more accurate or 'truthful', but is rather to use these accounts as a resource in order to understand how 'situated accounts' are told in a way that allow speakers to achieve a different purpose through emphasizing some aspects of their stories and de-emphasizing others" (Barbour 2008:28).
3. Standpunte is nie staties nie: Omdat navorsingsresultate ingewin word op verskillende stadiums as ondersoek van 'n proses, is dit natuurlik dat respondente se persepsies kan verander of selfs weersprekend kan voorkom. "Qualitative methods, by virtue of their immediacy and capacity to encourage respondents to question their ideas, may elicit contradictory remarks – even in the space of one interview or focus group discussion" (Barbour 2008:29). Omdat kwalitatiewe navorsing nie daarna streef om verteenwoordigend te wees nie, is weersprekende standpunte nie bedreigend vir die sukses van die navorsing nie.
4. Kwalitatiewe navorsing fokus op woorde, nie syfers nie: "Qualitative research places emphasis on understanding through looking closely at people's words, actions and records. The traditional or quantitative approach to research looks past these words, actions and records to their mathematical significance" (Maykut & Morehouse 1994:27). Omdat die uitgangspunt van kwalitatiewe navorsing die verstaan van die individu se persoonlike belewing van 'n insident of proses is, is woorde die fokus van die analise. Woorde is die manier waarop mense

uitdrukking gee aan hulle subjektiewe belewenis. Die neerslag van 'n persoon se beleving in woorde is die primêre data van kwalitatiewe navorsing.

5. Ontdekking as uitgangspunt: "The goal of qualitative research is to discover patterns which emerge after close observation, careful documentation, and thoughtful analysis of the research topic. What can be discovered by qualitative research are not sweeping generalizations, but contextual findings. This process of discovery is basic to the philosophic underpinning of the qualitative approach" (Maykut & Morehouse 1994:21). Die navorsingsresultaat word volgens hierdie beginsel primêr deur die proses bepaal. Die verlangde uitkoms is nie altyd so ooglopend by die aanvang van die proses nie, maar word ingeklee deur die interpretasie daarvan.

5.2.2 Keuse vir 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp

Die omskrywing van die magsdinamika in die interkulturele gesprek en die uitdaging van die ideologiese verwysingsraamwerk deur 'n diverse ander en 'n kultuurverwyderde Bybelteks, is die primêre fokuspunkte van hierdie studie. Die waarneembare interaksie in die interkulturele proses asook op die onsigbare resultate van daardie interaksie soos dit neerslag vind by die individu, word ondersoek. In die geval van die individu, asook die groep, is dit duidelik dat dit hier gaan oor prosesse wat plaasvind in 'n spesifieke konteks en die manier waarop individue sin maak van hierdie prosesse. Om dié rede word die keuse gemaak vir die kwalitatiewe navorsingsparadigma.

Die bogenoemde algemene filosofiese uitgangspunte van kwalitatiewe navorsing bepaal dan die werkswyse en parameters van hierdie studie. Die interkulturele gesprek wat plaasvind tussen diverse verteenwoordigers van verskillende kultuuragtergronde is die situasionele konteks van die studie.

5.3 Navorsingsuitgangspunte

Ten einde die navorsingsvrae, wat aan die einde van Hoofstuk 4 geïdentifiseer is, aan die hand van die teoretiese besinning te beantwoord, moet die navorsingsituasie optimaal ingerig word om genoegsame en verantwoordbare resultate op te lewer. Die hoofkriteria vir 'n optimale navorsingsituasie is die volgende:

- a) Interkulturaliteit: Die konteks waarbinne die gesprek van hierdie studie plaasvind, is interkultureel van aard. Interkulturaliteit word in die eerste plek bewerkstellig wanneer groepe, bestaande uit kultureel-diverse individue, vergader om 'n teks uit die Bybel te lees en te bespreek. Soos reeds vroeër in die studie genoem, is die Bybel en die ontstaanswêreld van die teks kultureel van ons verwyder. Die interaksie met die teks is dus reeds 'n interkulturele ervaring. Ten tweede moet die groepe so saamgestel word dat optimale kultuur-diversiteit gehandhaaf word. Omdat die fokus nie is op verteenwoordiging of objektiwiteit nie, maar op die mees sinvolle weergawe van die proses, is dit die uitgangspunt vir die samestelling van die groepe wat gaan deelneem aan die proses. Die individue wat die groepe opmaak moet dus so divers as moontlik daaruit sien sodat elke persoon waarlik deur 'n 'ander' ontmoet kan word. Genoegsame tyd en geleentheid moet ook geskep word in die interaksie sodat mense waarlik 'n sinvolle ervaring van die interkulturele dimensie kry. Groepslede moet gelei word tot dieptekontak met mekaar en die teks. Hoewel daar by die groepslede samebindende kommunale eienskappe bestaan, onder andere dat almal vroue is, almal van een plek af kom en almal ingestem het tot die gesprek, is dit nodig dat die vroue juis die diversiteit van hulle lewens ontdek.
- b) Almal wat tot die gesprek toetree, het ook een of ander verhouding met die Bybelteks. Hoewel die Bybel vir sommige vroue baie bekend en kosbaar is, is dit ook belangrik om hier die verwydering in konteks by die groepslede tuis te bring.
- c) In die praktiese dimensie van hierdie studie moet deeglike aandag gegee word aan die opstel van die situasie om interkulturele gesprek te stimuleer.
- d) Dieptekontak met die teks en met mekaar is van kardinale belang.
- e) Mag: Volgens Hofstede (2001:80) se kultuurteorie ontstaan ongelykheid in samelewings onder andere as gevolg van: "Difference in (a) Physical and mental characteristics; (b) Social status and prestige; (c) Wealth and (d) Laws, rights and rules." Hierdie ongelykhede in die samelewing lei tot die ontstaan van magstrukture en magsposisies as mense met mekaar in interaksie kom. Die studie stel hom ten doel om die magstrukture wat aan die werk is in die interkulturele Bybelleesproses, te identifiseer en analiseer. Omdat mag volgens Foucault se magsteorie, relasioneel is en gebonde is aan die strukture van interaksie tussen mense, word mag bestudeer soos dit neerslag vind binne die parameters van die gesprek. Individue word gevra om kommentaar te lewer oor die magstrukture wat

hulle in die teks tussen die onderlinge karakters opmerk. Hulle word dan ook gevra oor hulle ervaring van die magsdinamika wat hulle beleef in die interkulturele ontmoeting.

- f) **Ideologie:** Deelnemer aan die interkulturele Bybellees proses se ideologiese verwysingsraamwerke is nie staties nie, maar dinamies en word gedurig uitgedaag en ondergaan dienooreenkomstig veranderinge. Die studie ondersoek die rol wat die interkulturele gesprek speel in die uitdaging van 'n persoon se ideologiese selfverstaan en uitgangspunte. Dit is dus nodig om 'n idee te kry van elke individu se ideologiese raamwerk voordat die interkulturele gesprek plaasvind. In die gesprek ontmoet deelnemers diverse gespreksgenote rondom 'n ideologies-geïnformeerde teks. Die vraag waarop antwoorde in die navorsing gesoek word, is of die interaksie met ander ideologiese standpunte 'n uitwerking op die individu het. Genoegsame tyd en geleentheid vir interaksie is noodsaaklik aangesien die navorsingsvraag 'n dieptekontak tussen die deelnemers impliseer. Die studie van ideologie is volgens Thomson 'n studie van simboliese vorme, soos onder andere woorde, in 'n spesifieke sosiale konteks en die magsuitwerking wat daardie simboliese vorme het.
- g) **Etiese ontwerp met die oog op inklusiewe denke:** "In the extension of the capacity to change perspective lies the capacity for inclusive thinking. Inclusive thinking means that one experiences and approaches another as someone with the same human dreams and longings for a safe, happy, and full life" (Kool 2004:370). Vir deelnemers aan die gesprek om waarlik met mekaar in interaksie te tree en om op so 'n plek te kom in daardie interaksie dat daar 'n moontlikheid bestaan vir inklusiewe denke, is dit nodig om die ontmoeting sinvol te fasiliteer. Deelnemers moet veilig voel om hulle idees te deel. Daar moet genoeg spasie en tyd wees vir diepte-interaksie met die teks en mekaar sodat openheid en spontaneïteit kan ontwikkel. Om hierdie tipe gesprek te fasiliteer, is duidelike kommunikasie met die deelnemers nodig oor die doel en uitgangspunte van die studie. Beskerming van privaatheid en wetenskaplike verantwoordbaarheid in terme van die weergawe van navorsingsdata is ononderhandelbaar. Hierdie uitgangspunte groei vanuit 'n bewuste etiese keuse. "Ethical considerations include paying attention to the way in which the research is presented to potential participants, the likely impact of taking part in research, the effect of sampling strategies, engaging with the researcher and other participants and dissemination sessions" (Barbour 2008:66).

Ten einde 'n veilige spasie vir deelnemers te skep, word bogenoemde dimensies in ag geneem in die navorsingsontwerp.

Al vier hierdie uitgangspunte dien as onderbou vir die ontwikkeling van die navorsingsontwerp asook vir al die data-insamelingsinstrumente.

5.4 Fisiese navorsingsontwerp

In ag genome die navorsingsvrae wat neerslag vind in die navorsings-uitgangspunte, sien die ontwerp van die navorsing as volg daaruit:

5.4.1 Navorsingspopulasie

Die navorsing vind plaas in Grahamstad in die Oos-Kaap, 'n kultuurdiverse semi-plattelandse konteks. Die deelnemers aan die studie verteenwoordig hierdie streek. Ek het hierdie konteks gekies vanweë my eie posisie in die gemeenskap. Ek is vanaf 2006 voltyds een van die leraars in die NG Gemeente Albanie in Grahamstad. Weens my teenwoordigheid en posisie in die gemeenskap en my betrokkenheid by interdenominasionele bedieningsnetwerke op Grahamstad, is dit vir my moontlik om vroue te identifiseer en te nader om deel te neem aan die studie ten einde maksimum kulturele diversiteit te verseker. Leiers in die gemeenskap, met wie ek gereelde kontak het, word gevra om vroue te identifiseer wat bereid sou wees om aan die gesprek deel te neem en wat die diversiteit wat verlang word, verteenwoordig. Diversiteit word bewerkstellig deur vroue saam te bring wat verskil ten opsigte van bv. ras, vlak van onderrig, posisie in die samelewing, ouderdom, seksuele oriëntasie, sosio-ekonomiese stand, relasionele status en geloofstradisies.

Daar word gepoog om in elke groep 'n eweredige verspreiding van diversiteit te bewerkstellig. Elke groep bestaan uit agt lede. Die getal maak die moontlikheid vir diversiteit genoegsaam, maar staan niks af aan intimiteit en persoonlikheid nie. Die navorsingsproses word vier maal herhaal met verskillende groepe.

Die deelnemers vir die vier groepe wat aan die navorsing sal meedoen, word gekies om 'n spesifieke profiel te verteenwoordig. Hoewel nie een van die groepe presies dieselfde as die ander lyk nie, is daar tog gestreef na 'n ewekansigheid in die verskillende groepe sodat die prosesse wat in die groepe plaasvind, wel sinvol met mekaar vergelyk kan word en sodat diversiteit optimaal is in die groepe. Die agt verskillende profieltypes waarvoor gesoek is, kan as volg beskryf word:

Profielnummer	Omskrywing van profiel
Profiel 1	Die hoofeienskap waarna gesoek word, is gekoppel aan ouderdom. 'n Jong deelnemer, verkieslik iemand wat nog besig is met sekondêre skoolopleiding, word in dié profiel verlang.
Profiel 2	Aangesien die studie op geen manier die belang van sogenaamde 'skilled readers' wil onderskat nie, word in hierdie profiel tipe gesoek na iemand wat 'n mate van teologiese onderrig ondergaan het. Die vereiste is nie dat die persoon tersiêre onderrig in teologie moes ondergaan het nie, maar net 'n mate van skoling in Bybelinterpretasie.
Profiel 3	Hierdie profiel word saamgestel deur ouer vroue wat denominasioneel in die NG Kerk tuishoort.
Profiel 4	Deelnemers vir dié profielkwota word gekies vanuit die Anglikaanse tradisie.
Profiel 5	Swart of Xhosaspreekende vroue word vir hierdie profiel tipe gekies.
Profiel 6	Deelnemers wat nie-gelowig is of nie aan 'n spesifieke geloofstradisie behoort nie en wat daarom in 'n ander verhouding staan m.b.t. die Bybel, vorm deel van hierdie profiel tipe.
Profiel 7	Jonger vroue (28-40 jaar) vanuit die Afrikaanse gemeenskap word gekies vir dié profiel tipe. Hierdie deelnemers hoef nie noodwendig aan 'n kerkverband gekoppel te wees nie.
Profiel 8	Die laaste profiel tipe maak 'n ruimte vir enige ander vrou wat die diversiteit van die groep verder kan verruim. Seksuele oriëntasie, geloofstradisie, taal, ras of enige iets anders wat nie in die ander profiel tipes reeds verteenwoordig is nie, kom hier tot sy reg.

Uit die staanspoor moet gesê word dat die profiel tipes bloot dien as riglyne ten einde te poog om die groepe tot 'n mate te standaardiseer. Geen groep kan egter direk met 'n ander vergelyk word nie en in die finale keuse was daar soms 'n samestelling van

faktore in vroue se identiteit wat die diversiteit selfs verder bevorder het. Die hoofuitgangspunt was egter diversiteit en groepe is in die eerste plek daarvolgens gekies.

Die vroue wat gekies word na gelang van die profieltepes soos hierbo saamgevat, word dan telefonies genader om deel te neem aan die studie. Indien die persoon instem tot die gesprek, word 'n brief persoonlik aan hulle besorg waarin die doelwitte van die studie uitgespel word. 'n Duidelike uiteensetting van wat van hulle as deelnemers verwag word, word ook gegee. Deelnemers se privaatheid word weer eens verseker en hulle word byvoorbaat bedank vir hulle bereidheid om deel te neem. Die tyd, datum en plek vir die ontmoeting word duidelik aan elke deelnemer gekommunikeer. Sien Bylae A en B vir onderskeidelik die Afrikaanse en Engelse uitnodigingsbriewe.

5.4.2 Navorsingsmilieu

Die navorsingsgesprekke vind plaas by die Hillstraat-pastorie van die NG Gemeente Albanie in Grahamstad. Die pastorie is ruim en goed ingerig om groepe te hanteer vir hierdie tipe interaksie. Die verskillende ruimtes in die pastorie maak dit dus moontlik om die aktiwiteit van die dag sinvol in verskillende ruimtes aan te bied wat help om 'n gevoel van beweging en progressie te bewerkstellig. Dit is 'n privaatruimte waarin die moontlikhede tot onderbreking tot 'n minimum beperk kan word. Die uniekheid van die ruimte skep ook dadelik die indruk dat ons nie hier net bloot besig is met nog 'n intellektuele oefening nie, maar dat die fokus regtig op 'n interkulturele ontmoeting is. Verskillende ruimtes word ingerig om die verskillende aspekte van die proses te akkommodeer. Een ruimte word opgestel as 'n gemaklike plek vir die groepbespreking en die invul van die werkboek. 'n Ander ruimte word ingerig vir die saamluister-ervaring. Daar word ook ruimte geskep buite in die tuin vir nadenke en stilte. Verversings, koffie/tee en water word deurentyd vir die deelnemers aangebied om 'n warm gemoedelike ruimte te bevorder.

5.4.3 Posisie van die kwalitatiewe navorser en assistent

Die navorsingspan vir die studie bestaan uit twee lede: 'n primêre navorser en 'n navorsingsassistent.¹⁶⁵ Die navorsingsassistent is semi-deelnemend in dié sin dat sy

¹⁶⁵ Kim Barker tree as navorsingsassistent op in die studie.

die navorsingsproses lei en die groepbespreking bestuur. Die hoofnavorsers is 'n teenwoordige-waarnemer. By die geleentheid van data-insameling word gedetailleerde notas geneem oor die proses en waarneembare uitvloeisels daarvan. Hierdie notas dien as aanvullende inligting by die analise van die kwalitatiewe data na afloop van die insamelingsproses.

5.4.4 Navorsingsproses

Die fisiese navorsingsproses sien soos volg daaruit:

Fase 1: Ontmoeting en kennismaking – Vroue ontmoet mekaar in die pastorie om 'n koppie tee. Die deelnemers kry 'n werkboek, naamkaartjie en 'n pen en word aangemoedig om solank te begin met die demografiese vraelys. Nadat die vroue rustig in die ruimte aangekom het, word die navorsingsdoelwitte en die uitgangspunte deur die navorsingsassistent voorgelê vir deursigtigheidsdoeleindes. Die vroue word verseker van die beskerming van hulle privaatheid en word aangemoedig tot kreatiewe, onbevangen deelname. Die beperktheid van tyd en die omvang van die proses word ook sorgvuldig aan deelnemers verduidelik.

Fase 2: Invul van vraelys 1 – Afdeling A van hierdie vraelys dien as opname van die vroue se demografiese inligting wat onder andere die volgende aspekte insluit: ras, vlak van onderrig, posisie in die samelewing, ouderdom, seksuele oriëntasie, sosio-ekonomiese stand, relasionele status en geloofstradisies.

Afdeling B poog om die ideologiese voorverstaan van die deelnemende vroue weer te gee. Die ideologiese onderbou van vroue word sigbaar gemaak deur 'n vrye-assosiasie skryfoefening te onderneem. Tien beelde of woorde, gekies met Hofstede se kultuurdimensies as onderbou,¹⁶⁶ word geflits op 'n oorhoofse skerm. Die vroue word dan een minuut per beeld/woord gegun om weer te gee wat hulle onmiddellike gevoel of reaksie is met die aanskou van die stimulus. Die aanname is dat hierdie eerste

¹⁶⁶ Die spesifieke detail van hierdie komponent van die navorsing is afgelei vanuit die teoretiese bespreking in Hoofstuk 4. Hofstede se dieptedimensies van kultuur soos dit neerslag vind in liniêre asse wat die kontinuum tussen twee pole aandui, dien as grondslag vir hierdie oefening. Aangesien deelnemers se ideologiese verwysingsraamwerk in kultuur ontspring en neerslag vind in simboliese vorme, moes 'n manier gevind word om hierdie simboliese vorme in 'n spesifieke sosiale konteks waar te neem en te omskryf. Die vrye-assosiasie skryfoefening gebaseer op Hofstede se liniêre asse as neerslag van sy dieptedimensies van kultuur, is volgens hierdie kriteria ontwikkel.

onbewaakte reaksie 'n idee sal gee van 'n persoon se ideologiese voorverstaan. Die antwoorde van hierdie vraelys dien as die kontrole-inligting waarteen die volgende stel antwoorde later in die proses gemeet sal word. Vroue word aangemoedig om nie te lank te dink of om die 'regte' antwoord te probeer gee nie, maar om eerder net 'n eerlike eerste respons te gee wat hulle ware respons uitdruk.

Fase 3: Tydlynoefening - ten einde die gelyktydige diversiteit en gebondenheid van die groep bloot te lê, word daar 'n oefening met die groep gedoen wat 'n temporele en kontekstuele verband aantoon. 'n Tydlyn word teen die muur aangebring met belangrike datums daarop aangedui. Dit is datums wat gebeurtenisse aandui wat kollektief belangrik is in die Suid-Afrikaanse konteks. Die vroue word dan gevra om belangrike gebeurtenisse van hulle eie lewe te gaan aandui op die tydlyn en om daardie gebeure vir die groep te belig met 'n kort verduideliking. Op dié manier word dit duidelik dat elke persoon wat aan die gesprek deelneem, dit vanuit 'n ander leef- en ervaringswêreld doen, maar dat tyd en dalk konteks gemeenskaplike faktore is. Aangesien die tydsduur van die oefening so beperk is, is besluit om vroue in te perk tot drie beskrywingspunte gelei deur die volgende suggestie: Die vroue moet in die eerste plek aantoon in watter jaar hulle gebore is. Ten tweede moet hulle aandui waar hulle hulself bevind het in die waterskeidingsjaar van 1994. Ten slotte moet hulle aandui wanneer hulle die eerste maal bewus geword het van geweld teen vroue as 'n realiteit. Die eerste kaartjie plaas mense dus temporeel, die tweede plaas mense op 'n spesifieke tyd en plek in 'n meestal kollektiewe gebeurtenis en die derde bring die hooftema van die gesprek na die oppervlak en berei die vroue voor op wat gaan volg.

Fase 4: Lectio divina – Die teks, 2 Samuel 13, word aan die vroue bekendgestel in 'n stadige en kontemplatiewe lesing daarvan. Die teks word een maal in Afrikaans en een maal in Engels gelees. Vroue vind in hulle werkboek ook meer as een vertaling van die teks wat hulle rustig op hulle eie kan deurlees. Hierdie metode help die hoorders van die teks om langamerhand verskillende dimensies daarin raak te sien. Die doelwit op hierdie stadium is om 'n persoonlike ontmoeting tussen die individu en die karakters van die verhaal te bewerkstellig. Die vroue kry na afloop van die lesing die geleentheid om 'n paar notas te maak oor hulle eerste onbevange lesing van die teks.

Fase 5: Bybelse tydlyn – Ten einde die verhaal van Tamar in 'n kulturele raamwerk te plaas, word die eerste tydlyn in verband gebring met die tydlyn van die verhaal. Die

ontstaanswêreld van die teks word belig en die ideologiese motiverings word breedweg onder die aandag van die hoorders gebring. Hierdie agtergrondinligting word aan die vroue gebied in die werkboek. Hulle werk kan rustig deur hierdie aantekeninge werk indien hulle die tyd gebruik om op hulle eie weer oor die verhaal te lees en om rustig daarvoor na te dink.

Fase 6: Persoonlike interaksie – Die deelnemers word ‘n paar minute van persoonlike refleksie en internalisering aan die hand van ‘n paar inleidende vrae gebied. Hierdie tyd gee aan die groepslede die gevoel van spasie en ‘n geleentheid tot besinning voor die groeps gesprek. Die doel is ook om vroue die geleentheid te gee om hulle eie storie in verband te bring met die verhaal van Tamar.

Fase 7: Een-tot-een luisterervaring – Voor die aanvang van die groeps gesprek word deelnemers in pare verdeel vir ‘n luisteroefening. Die verdeling word vooraf bepaal deur kultureel-diverse individue saam te groepeer. Albei die persone kry dan die geleentheid om in ‘n paar minute hulle reaksie op die teks met die ander persoon te deel. Geen bespreking word op hierdie stadium toegelaat nie. Vrae kan wel gevra word ter verheldering van opmerkings, maar die doel is om bloot na mekaar te luister. Die oefening word wederkerig gedoen. Die doel van die oefening is om blootgestel te word aan die interpretasie van ‘n ander en om geen waarde-oordeel te maak nie, maar bloot net te luister.

Fase 8: Groepsbespreking – ‘n Algemene groepsbespreking onder leiding van ‘n navorsingsassistent vind tydens dié fase plaas. Vrae word deur die navorsingsassistent gebruik om die gesprek te stimuleer en om die gesprek weer op koers te bring indien dit sou ontspoor. Die rol van die navorsingsassistent is nie om die gesprek te domineer nie, maar bloot om te verseker dat dit in ‘n sinvolle rigting beweeg. Die interaksie tussen die groepslede moet sover moontlik spontaan en onbevangen wees. Die waarneembare dinamika van die groeps gesprek, soos dit neerslag vind in die notas van die navorser, en die refleksie van die deelnemers na afloop van die gesprek, dien as die bykomende materiaal waarmee die magsdinamika van die groep ontleed word. Hoewel oudio-opnames van gesprekke en die interpretasie wat plaasvind in die transkribering daarvan die rykheid van gespreksdata radikaal inperk, dien dit as die primêre bron van data vir die analise van die magsdinamika wat in die groep uitspeel.

Fase 9: Invul van vraelys 2. Afdeling A van hierdie vraelys lei deelnemers om iets weer te gee van die magsdinamika wat hulle in die teks opmerk. Daarna word hulle ook gevra na die magsdinamika wat hulle opgemerk het in die groepsbespreking en wat na hulle mening die faktore is wat daardie dinamika beïnvloed. Hierdie data dien ter verheldering van die magsdinamika-analise wat uitgevoer word op die transkripsies van die oudio-gesprekke.

In Afdeling B van die vraelys word die ideologiese toetsing soos in die eerste vraelys gedoen is, herhaal. Die antwoorde wat tydens hierdie fase ingewin word, word dan met die kontrole-antwoorde van Fase 2 vergelyk om te sien of daar enige waarneembare ideologiese verandering plaasgevind het na gelang van die interkulturele ontmoeting.

Fase 10: Afsluiting en bedanking – Die bespreking word afgesluit met 'n paar samevattende opmerkings deur die navorsingsassistent en die deelnemers word bedank vir hulle bydrae.

5.4.5 Tydskedulering van die navorsing

Die navorsing word geskeduleer om twee sessies per dag te akkommodeer. Die tydsverspreiding vir die oggendsessies sien as volg daaruit:

Aktiwiteit	Tydsduur	Fisiese tyd
Ontmoeting (Vraelys 1A+Admin)	10 min.	9:00-9:10
Vraelys 1B	15 min.	9:10-9:25
Tydlynoefening	30 min.	9:25-9:55
Lectio	20 min.	9:55-10:15
Persoonlike refleksie	20 min.	10:15-10:35
1vs1	15 min.	10:35-10:50
Groepsbespreking	40 min.	10:50-11:30
Vraelys 2	30 min.	11:30-12:00

Daarteenoor is die tydsverspreiding vir die middagsessie die volgende:

Aktiwiteit	Tydsduur	Fisiese tyd
Ontmoeting (Vraelys 1A+Admin)	10 min.	14:00-14:10
Vraelys 1B	15 min.	14:10-14:25
Tydlynoefening	30 min.	14:25-14:55
Lectio	20 min.	14:55-15:15
Persoonlike refleksie	20 min.	15:15-15:35
1vs1	15 min.	15:35-15:50
Groepsbespreking	40 min.	15:50-16:30
Vraelys 2	30 min.	16:30-17:00

Die proses soos beskryf in die uiteensetting van die fisiese navorsingsontwerp het ten doel om die optimale hoeveelheid en kwaliteit kwalitatiewe data in te win. Die volgende afdeling omskryf die instrumente wat ontwikkel is ten einde die inwinning van die data te optimaliseer.

5.5 Hulpmiddels vir data-inwinning

Die navorsingsontwerp het ten doel om die fisiese navorsing so te struktureer dat die optimale hoeveelheid data ingewin kan word. Ten einde rou data vir die studie in te win, is twee navorsingsinstrumente gebruik. Die data met betrekking tot die ideologiese verstaansraamwerk van deelnemers word aangetref in die werkboek wat geskep is vir die studie. 'n Spesiale vrye-assosiasie skryfoefening word vir hierdie doel ontwerp, asook 'n instrument waarmee hierdie inligting geïnterpreteer en vergelyk kan word. Die vraag na die magimplikasies van die interkulturele gesprek word ondersoek deur gespreksanalise toe te pas op die getranskribeerde gesprekke. Die ontwikkeling van die data-inwinningshulpmiddels word in die volgende afdeling bespreek.

5.5.1 Ontwikkeling van werkboek vir saamleeservaring

Ten einde die inwinning van data moontlik te maak in die saamleeservaringsgeleentheid is 'n werkboek ontwikkel om die proses se logistiek te vergemaklik. Al die inligting wat deelnemers nodig gehad het vir die verskillende stappe in die proses is in die werkboek saamgevat. Al die vraelyste, tekste en gespreksdokumente is in die werkboek ingesluit. 'n Voorbeeld van die werkboek wat in Afrikaans en Engels aan deelnemers voorsien is, is in onderskeidelik Bylae C vir Afrikaans en D vir Engels beskikbaar.

5.5.1.1 Afdelings van saamleeswerkboek – omskryf

- a. Die werkboek begin met 'n verwelkomingsbrief wat die oogmerk het om die deelnemers op hulle gemak te stel deur 'n breë vooruitskouing van die proses daar te stel asook die waardes van die studie te omskryf. Deelnemers word aangemoedig om gemaklik deel te neem aan die proses en om spontaan na goedgesindheid te reageer. Die belangrikheid van vertroulikheid word weer beklemtoon. Die doel van die werkboek as data-insamelingshulpmiddel word verduidelik en deelnemers word aangemoedig om soveel as moontlik te skryf gedurende die proses aangesien die werkboekinligting en die getranskribeerde gesprekke dien as die rou data vir die empiriese studie.
- b. 'n Diagram word verskaf waarin deelnemers notas kan maak oor die ander persone wat deel vorm van die gespreksgroep. Notas van persone se name en 'n

kort beskrywing van elke persoon kan in dié afdeling gemaak word as deelnemers dit nodig vind.

- c. Die derde komponent van die werkboek is 'n demografiese vraelys waarin deelnemers primêre demografiese inligting weergee in 'n invulformaat of deur die toepaslike opsie te kies.
- d. Die vierde afdeling bied genoegsame spasie vir die voltooiing van die vrye-assosiasie skryfoefening waarin deelnemers spontaan reageer op beelde wat gekies is na gelang van Hofstede se dieptedimensies van kultuur.¹⁶⁷
- e. Ten einde deelnemers te help om na te dink oor belangrike lewensmomente vir die tydlyn oefening word 'n diagram ingevoeg wat grafies belangrike lewensgebeurtenisse uitbeeld. Deelnemers ontvang vir hierdie oefening drie kaartjies waarop hulle kriptiese leidrade skryf oor die drie gebeurtenisse waarna hulle gevra word.
- f. Twee Afrikaanse en twee Engelse vertalings van die Bybelteks word in die werkboek ingesluit.¹⁶⁸ Deelnemers kan dit dan tydens die voorlees van die tekste in die Lectio-proses in die werkboek volg, asook daarna terugverwys as bron tydens die gesprek of nadink-geleentheid oor die teks.
- g. 'n Spasie word gelaat vir persoonlike notas van die deelnemer ná die lees van die teks. Bloot die weergee van eerste gewaarwordings word hier van deelnemers verwag.
- h. Ten einde deelnemers bewus te maak van die wêreld waarbinne die verhaal afspeel, asook die historiese konteks waarbinne die verhaal neerslag vind in die Bybelse teks, word 'n paar notas ter toeligting in die werkboek ingesluit. Die notas dien bloot as kantaantekeninge om deelnemers te help om iets te verstaan van die wêreld waarin die teks ontstaan. Die doel van die aantekeninge is nie om 'n finale

¹⁶⁷ Die keuse van beelde na gelang van Hofstede se dieptedimensies van kultuur word in die volgende afdeling (5.5.1.2) breedvoerig bespreek.

¹⁶⁸ Die vertalings van die teks wat gebruik is in die werkboek poog om in Afrikaans sowel as in Engels 'n weergawe te bied wat 'n direkte vertaling vanuit die oorspronklike Hebreeus bied sowel as 'n meer idiomatiese vertaling daarnaas. In die Afrikaans het ek dus gebruik gemaak van die 1933/53 vertaling sowel as die 1983 vertaling. In die Engels het ek gekies vir die King James weergawe (1769) en die New International weergawe (1978). Vir die Lectio prosesse soos hierbo verduidelik is die idiomatiese weergawe in beide die Afrikaans sowel as in die Engels gebruik.

akademiese waarde-oordeel oor die teks uit te spreek nie. Dit dien bloot as konteksskeppende kantaantekeninge.

- i. Vrae word ingevoeg as riglyn vir deelnemers se persoonlike refleksie aangaande die teks. Die vrae help deelnemers om sistematies deur die verhaal te dink en duidelikheid te begin kry oor hulle persoonlike beleving van die verhaal. Die vrae help ook die deelnemers om die verhaal in verband te bring met hulle eie persoonlike verhaal.
- j. Vir die een-tot-een luisterervaring word spasio gebied om notas te maak oor hulle eie respons sowel as oor dit wat hulle gehoor het by hulle gespreksgenoot.
- k. 'n Blad word ingevoeg om notas op te maak tydens die gesprek. Dinge wat opvallend is of wat deelnemers dalk wil onthou vir die toekoms, word hier aangeteken.
- l. Na afloop van die gesprek kry deelnemers kans om in stilte te reflekteer oor die magdinamika wat hulle opmerk in die teks, die gesprek en hulle eie lewe. 'n Vraelys word in die werkboek geplaas om deelnemers te help om na te dink hieroor.
- m. Genoegsame spasio word weer gebied vir die invul van die vrye- assosiasie skryfoefening waarin deelnemers spontaan reageer op beelde wat gekies is na gelang van Hofstede se kultuurdimensies. Dieselfde vraelys soos in afdeling (d) hierbo bespreek, word herhaal.
- n. Die werkboek sluit af met 'n woord en beeld van dank vir die deelnemers wat hulle tyd prysgegee het om deel te word van die saamleesgroepe.

5.5.1.2 Ontwikkeling van vrye-assosiasie skryfoefening

In die werkboek is onder andere, soos reeds genoem, spasio gelaat vir die voltooiing van die vrye-assosiasie skryfoefening wat ontwikkel is vir die studie na gelang van Hofstede se dieptedimensies van kultuur.¹⁶⁹ Ten einde 'n idee te kry van die uitdagings

¹⁶⁹ In Hoofstuk 4 wat die teoretiese onderbou vir die empiriese studie breedvoerig uiteensit word die samehang tussen kultuur (as 'n dinamiese dialogiese konsep) en ideologie (as die gebruik van simboliese vorme in 'n spesifieke sosiale konteks met 'n bepaalde magsuitvloei) aangedui. Ideologie ontspring vanuit 'n kulturele raamwerk en kom tot uitdrukking in simboliese vorme in 'n spesifieke konteks met 'n bepaalde maguitvloei. Die vrye assosiasie skryf oefening gebruik Hofstede se dinamiese kultuur dimensies as uitgangspunt, maar bied aan deelnemers die geleentheid om in simboliese vorme te reageer op die stimulus. Die premis is dat deelnemers woorde so sal gebruik in

en skuiwe wat plaasvind in deelnemers se ideologiese¹⁷⁰ raamwerk, moes 'n instrument ontwikkel word wat verandering of die gebrek daaraan kon aantoon. Aangesien die data wat verlang word in hierdie studie kwantitatief van aard is, moes die instrument aan deelnemers die geleentheid gee om vrylik hulle ervarings te verwoord en te beskryf. Die oogmerk was egter nie om intens-deurdagte response van die deelnemers te kry nie, maar eerder 'n soort instinktiewe respons. Die doel van die vrye-assosiasie skryfoefening is om 'n eerlike instinktiewe respons by die deelnemers uit te lok. Deur die tyd vir die respons te beperk, word deelnemers gedring daartoe om nie die 'regte antwoord' te probeer gee wat hulle dink die navorser verwag nie, maar eerder 'n persoonlike refleksie te gee. Ten einde 'n akkurate, eiesoortige, dog instinktiewe respons te kry, is besluit op die vrye-assosiasie skryfoefening. Tien beelde na gelang van Hofstede se kultuurdimensies is gekies om te dien as stimulus. Ten einde die deelnemers se ideologiese raamwerk te identifiseer, word daar aan elke beeld 'n liniêre as-diagram gekoppel. Hofstede se vyf dieptedimensies is in alle kulture teenwoordig, maar word by elke kultuurgroep verskillend gemanifesteer. Hofstede dui verskillende kultuurgroepe op 'n kontinuum aan waarop die mees ekstreme uiterstes as parameters dien.

respons tot die fotobeelede om hulle eie verstaan te verwoord. Hierdie verwoording dien as 'n uitdrukking van deelnemers se ideologiese onderbou. Vanuit deelnemers se reaksie op die tien fotobeelede word 'n ideologiese profiel saamgestel aan die begin van die proses wat dan vergelyk word met deelnemers se profiel aan die einde van die gesprek. Die ideologiese profiel wat van deelnemers gevorm word is bloot 'n instrument wat vir die studie ontwikkel is in 'n poging om verandering visueel voor te stel. Die profiel is geen waardeoordeel of finale woord wat oor deelnemers uitgespreek word nie, maar bloot 'n temporele data analise instrument wat temporele interpretasie moontlik maak.


¹⁷⁰ Die vrye assosiasie skryf oefening en die instrument wat ontwikkel word om die data te analiseer is konkrete uitdrukkings van Thomson (1990:284-291) se diepte hermeneutiek. Thomson se diepte hermeneutiek behels die volgende: Ten eerste moet die studie van ideologie ingebed word teen die sosio-historiese konteks waarbinne dit manifesteer. Die tweede fase behels 'n diskursiewe analise waarin simboliese vorme en die maksimplikasies van die gebruik daarvan ondersoek word. Ten slotte poog 'n diepte hermeneutiek om 'n interpretasie/her-interpretasie daar te stel. Die spesifieke sosiale konteks van die studie is reeds omskryf in die bespreking van die interkulturele aard van die ontmoeting. Die instrument wat in hierdie afdeling ontwikkel word het ten doel om die diskursiewe analise van ideologie moontlik te maak in hierdie spesifieke sosiale konteks. Die derde vlak van die diepte hermeneutiek vind plaas in die ontwikkeling van 'n gevolgtrekking.

Vir elke dieptedimensie van kultuur is twee beelde gekies om deelnemers se ideologiese raamwerk te verken. Ten einde die respons van deelnemers visueel weer te gee vir analise-doeleindes, word 'n liniêre as met parameters vir die respons aan elke beeld gekoppel, in ooreenstemming met dié wat Hofstede self gebruik. Met die analise van die data word die twee response van dieselfde deelnemer op 'n liniêre as aangedui. Op dié manier word 'n visuele instrument beskikbaar vir die analise van die data.

Die keuse van beelde vir vrye-assosiasie skryfoefening soos afgelei vanuit Hofstede se diepte dimensies van kultuur sien soos volg daaruit:

- a. Magsafstand: “Power distance can therefore be defined as the extent to which the less powerful member of institutions and organizations within a country expect and accept that power is distributed unequally” (Hofstede 1991:28). Die strukturering van ‘baas-onderdaan’ verhoudings in ‘n spesifieke sosial konteks gee ‘n klassieke uitdrukking van hierdie dimensie. Daar is ongelykheid in alle samelewings. Die aanvaarbare gebruik van mag in ongelyke verhoudings verskil egter van kultuur tot kultuur. Die twee beelde wat gekies is om iets sigbaar te maak van die deelnemers se magsafstand-konsep moes dus style van leierskap of maginstrumente vergestalt.

As eerste beeld is besluit op:



Beeld 1¹⁷¹

¹⁷¹ Beelde word in hierdie afdeling genommer soos dit in die dataprojeksie-aanbieding aan deelnemers voorgehou is. Alle beelde wat in die studie gebruik is, is gekry vanaf www.google-image.com en is nie aan enige vorm van kopiereg onderworpe nie.

Die beeld is gekies omdat dit 'n sekere leierskapstyl uitbeeld: 'n sterk patriargale beeld wat 'n wit man met mag voorstel. Die beeld hou iets van 'n bo-na-onder leierskapstyl in wat outokraties is en nie veel gespreksruimte laat nie.

Hofstede se kontinuum vir hierdie dieptedimensie sien skematies as volg daaruit:



Hofstede (1991:27) beskryf die verskil tussen die twee ekstreme pole as volg: “In small power distance countries there is limited dependence of subordinates on bosses, and a preference for consultation, that is interdependence between boss and subordinate. The emotional distance between them is relatively small: subordinates will quite readily approach and contradict their bosses. In large power distance countries there is considerable dependence of subordinates on bosses. Subordinates respond by either preferring such dependence or rejecting it entirely, which in psychology is known as counterdependence: that is dependence, but with a negative sign. Large power distance countries thus show a pattern of polarization between dependence and counterdependence. In these cases, the emotional distance between subordinates and their bosses is large: subordinates are unlikely to approach and contradict their bosses directly.”

In terme van Beeld 1 kan die verskil skematies as volg voorgestel word:



As tweede beeld is besluit op:




Beeld 2

Die tweede beeld is gekies in ooreenstemming met die breë tema van die teks. Magafstand word beskryf vanaf die oogpunt van die persoon met mindere mag.¹⁷² Deur middel van hierdie beeld word verkragting as magsinstrument van iemand met meer mag (al is dit dan nou ook net bloot fisiese mag) oor iemand met mindere mag ondersoek. Oor die algemeen sal vroue in die geval van verkragting tel onder dié met minder mag. In 'n groot magafstand-kultuur sal verkragting dan gesien word as 'n magsinstrument wat diegene wat magtiger is, kan gebruik om mag te laat geld. Die verband tussen mag en verkragting sal dus duidelik sigbaar wees in die respons en vroue se kwesbaarheid sal na die oppervlak kom. Vroue sal dus hulleself sterk identifiseer as slagoffers, terwyl mans as die misbruikers van mag beskou sal word. Vroue wat persoonlik sterk as slagoffers met die beeld identifiseer, wys op die feit dat hulle ingebed is in 'n groot magafstand-kultuur. Hierdie individualistiese benadering maak van verkragting 'n persoonlike en nie-sistemiese probleem. Daarteenoor word verkragting in 'n klein magafstand-kultuur nie gesien as bloot die misdaad van een individu teenoor 'n ander nie, maar eerder as sistemiese geweld. Omstandighede en realiteite wat aanleiding gee tot die verkragtingsituasie word ook in berekening gebring. Verkragting sal steeds gesien word as die misbruik van mag, maar nie uitsluitlik in die sin van een persoon met mag wat dit laat geld teenoor 'n ander nie. Die medepligtigheid van 'n samelewing wat hierdie tipe geweld toelaat, sal in berekening gebring word. Die misbruik van mag in klein magafstand-kulture is onwenslik en maniere moet gevind word om dit uit te skakel.¹⁷³ Die verantwoordelikheid vir die uitskakeling van die probleem is hoofsaaklik gesetel in die kollektief en politieke of massaprotes sou vermoedelik die gewenste instrument wees.

¹⁷² Hofstede maak in die verband die volgende opmerking: "Power distance is thus explained from the value systems of the less powerful members. The way power is distributed is usually explained from the behaviour of the more powerful members, the leaders rather than those led. Popular management literature on 'leadership' often forgets that leadership can only exist in a complement to 'subordinateship'. Authority serves only where it is matched by obedience."


¹⁷³ Hofstede (1991:39) merk in dié verband op dat "in small power distance society a feeling dominates that the use of power should be legitimate and subject to the judgment between good and evil. Inequality is considered basically undesirable; although unavoidable, it should be minimized by political means."

Skematies sien dit as volg daaruit.



b. Individualiteit teenoor kollektiwiteit: “Individualism pertains to societies in which the ties between individuals are loose: everyone is expected to look after him/herself and his or her immediate family. Collectivism as its opposite pertains to societies in which people from birth onwards are integrated into strong, cohesive groups, which throughout people’s lifetime continue to protect them in exchange for unquestioning loyalty” (Hofstede 1991:51).

Hofstede se kontinuum vir hierdie dieptedimensie sien skematies as volg daaruit:



Twee beelde is gekies om hierdie dieptedimensie van kultuur te ondersoek.

Ten eerste is besluit op die Suid-Afrikaanse nasionale vlag. Na 1994 is die nasionale vlag in Suid-Afrika ‘n sterk gelaaide simbool wat eenheid te midde van diversiteit beklemtoon. Die ekstreme parameters wat hierdie dimensie sal verteenwoordig, is aan die een kant ‘n sterk identifisering met die vlag as ‘n simbool wat ons kollektiwiteit beklemtoon. Indien ‘n persoon hom/haar egter nie met die nasionale kultuur vereenselwig nie, sal daar ‘n minder mate van ‘n identifikasie wees met die vlag as simbool van nasionale eenheid.¹⁷⁴

¹⁷⁴ Hierdie simbool vir die toetsing van individualiteit/kollektiwiteit veronderstel ‘n Suid-Afrikaanse konteks. Vir ‘n Suid-Afrikaanse konteks is die nasionale vlag immers die primêre kollektiewe simbool. As ‘n deelnemer egter van elders afkomstig is en ‘n ander nasionaliteit verteenwoordig, is die beeld nie verteenwoordigend nie. Die groep se kollektiewe respons tot die beeld mag ‘n baie goeie aanduiding gee van die sukses van die transformasie van simbole in Suid-Afrika ná 1994.

Skematies sien dit as volg daaruit:

Manlikheid

Vroulikheid

← Skryfwyse sal vreemd of onverstaanbaar wees as gevolg van groot geslagsdifferensiasie.

→ Skryfwyse sal bekend en verstaanbaar wees as gevolg van groter geslagsrol vloeibaarheid.

Die tweede beeld wat onder hierdie afdeling gekies is, beeld 'n man uit in 'n opset wat gewoonlik as 'n vroulike opset beskou word. In 'n dominant-manlike kultuuropset sou deelnemers in die eerste plek die persoon vreemd en uit sy plek beskou. Aan die ander kant kan deelnemers bloot uit die staanspoor aanneem dat dit 'n vrou is, aangesien dit 'n rol is wat oor die algemeen deur 'n vrou vertolk word.¹⁷⁵ Aangesien die respons op die beeld instinktief is, mag deelnemers dalk nie eers opmerk dat dit 'n man in 'n tradisioneel-vroulike rol nie is.



Beeld 8

Skematies sou die beeld as volg geanaliseer kon word:

Manlikheid

Vroulikheid

← Man sou vreemd of uit gewone konteks wees./Persoon sou bloot as 'n vrou geïdentifiseer word.


→ Dit sou as natuurlik beskou word om 'n man in hierdie rol te sien.

¹⁷⁵ Aangesien die beeld gekies is uit die styl van die 1970's moes deelnemers sterk oplet na die geslag van die persoon wat die huiswerk doen. Die beeld is juis so gekies sodat deelnemers uitgedaag sou word op die vlak van dominante verwagting.

1991:164). Confucius se lering is praktiese etiese lering sonder 'n religieuse onderbou. Dit is dus nie 'n godsdiens nie, maar pragmatiese lewensreëls vir 'n daaglikse bestaan. In 4.2.1.5 is die uitgangspunte van Confucius voorgehou. Hieruit word die onderskeid tussen lang- en korttermyn-oriëntasie as volg afgelei: “Long-term orientation consist of the following values: persistence/perseverance, ordering relationships by status and observing this order, thrift, having a sense of shame. On the opposite pole a short term orientation consists of: personal steadiness and stability, protecting your ‘face’, respect for the tradition, reciprocation of greetings, favours and gifts....The values on one pole (Long term orientation) is more orientated towards the future; they are more dynamic. The values on the opposite pole are more orientated towards the past and present; they are more static” (Hofstede 1991:166).

Volgens Hofstede se navorsing leun Oosterse kulture meer na 'n langtermyn-oriëntasie,¹⁷⁶ terwyl Westerse kulture oorwegend korttermyn-oriëntasie het.

Skematies kan Hofstede se vyfde dieptedimensie as volg voorgestel word:



Vanuit die omskrywing van Afrika-hermeneutiek in Hoofstuk 2 is daar 'n opmerklieke oorvleueling tussen die waardes van 'n langtermyn-oriëntasie en dié van Afrika-kulture. Die dieptedimensie wat ondersoek word deur die beelde wat gekies is, is nie 'n Ooste teenoor Weste-aangeleentheid nie, maar eerder Westerse waardes teenoor Afrika-waardes. Die eerste beeld wat gekies is vir dié dimensie van die studie is:




Beeld 9

¹⁷⁶ Die top vyf posisies van Hofstede se langtermyn-oriëntasie indeks word ingeneem deur Oosterse lande, nl. China, Hong Kong, Taiwan, Japan en Suid-Korea (Hofstede 1991:167).

Die liniêre asse poog om skuiwe wat plaasgevind het na afloop van die gesprek, grafies voor te stel.


Elke as, soos reeds genoem tydens die bespreking van die ontwikkeling van die instrument, dui die kontinuum aan tussen die twee ekstreme pole wat elke dieptedimensie van Hofstede se kultuurteorie verwoord.

Grafies kan dit as volg voorgestel word:



Na gelang van die kriteria wat ontwikkel is as navorsingsinstrument is daar dan 'n A- en B-respons op die as geplot vir elke deelnemer. Die beoordeling van die respons van elke deelnemer is gedoen deur die navorser self. Die doel van die analise was nie om finale klinkklare numeriese indrukke te kry van elke deelnemer se voor- en na-respons nie, maar eerder om 'n idee te gee van die beweging of gebrek daaraan wat by elke deelnemer opgemerk is. Die visuele voorstelling van elke deelnemer se respons bly egter net 'n interpretasie gebaseer op primêre inligting wat deur die deelnemer gebied is. Soms het deelnemers nie 'n respons gebied nie of nie regtig 'n waarde-oordeel uitgespreek nie en dit het die interpretasie selfs meer kompleks gemaak.


Grafies kan die A- en B-respons aanduiding as volg voorgestel word:



Die resultate van die analise wat gedoen is op die inligting wat deelnemers gebied het op Afdeling B van Vraelys 1 en 2 kan op die volgende drie maniere grafies voorgestel word:


- A. Indien daar geen verandering plaasgevind het na afloop van die gesprek nie, sou die A- en B-respons op dieselfde plek aangedui word.

Dieptedimensie van kultuur volgens Hofstede




- B. Indien daar 'n ekstreme skuif in standpunt is na afloop van die gesprek, sal die B-respons 'n verwydering toon op die as in die rigting wat die nuwe respons gestand doen.

Dieptedimensie van kultuur volgens Hofstede



- C. Die mees algemene patroon wat opgemerk is in die analise van die data is dat daar egter nie 'n ekstreme skuif tussen die A en B respons plaasvind nie, maar dat daar wel in die B respons 'n groter bewustheid getoon is na gelang van die temas wat in die gesprekke na die oppervlak gekom het. Dit is grafies as volg voorgestel:

Dieptedimensie van kultuur volgens Hofstede



'n Diagram is ontwerp waarop die resultate van die analise vir elke deelnemer aangetoon is. Aangesien die prosesse wat by elke deelnemer plaasgevind het, die primêre fokus van die studie is, is daar 'n ruimte gelaat in die diagram om opmerkings te maak oor elke respons van die deelnemer. As daar dus iets opvallend uit die deelnemer se respons geblyk het, is dit as kantaantekeninge in die diagram aangeteken. Soos reeds genoem, is die beelde in pare gekies om die dieptedimensies te toets wat Hofstede voorstel. Na afloop van die twee asse wat vir elke

dieptedimensie as grafiese voorstelling dien, is daar 'n ruimte gelaat om 'n gevolgtrekking te maak vanuit die respons van die deelnemer. Die diagramme wat gebruik is om die analise van hierdie afdeling te doen, word aangeheg in Bylaag F.

Die data wat ingewin is vanuit die werkboeke, is besonder ryk en kan analities vir meer as een doel aangewend word. Die fokus van die studie, soos dit uitdrukking vind in die probleemstelling, moet egter telkens in gedagte gehou word en as parameter vir die interpretasieproses dien. Die hoofarea van ondersoek met betrekking tot die analise van die vrye-assosiasie skryfoefening is die ideologiese profiel van deelnemers en die vraag of daar enige verandering by deelnemers opgemerk kan word. Die doel is egter nie om redes vir die verandering te soek of om die verandering te kwantifiseer nie. Hoewel dit 'n besonder interessante ondersoek sou kon wees, is die voetangels gekoppel aan so 'n onderneming legio. Die fokus van hierdie studie is dus bloot om aan te dui of daar ideologiese skuiwe by lesers voorkom na afloop van 'n interkulturele leesproses. Dit is om hierdie rede dat die vrye-assosiasie skryfoefening ontwikkel is en ingespan word in hierdie studie.

5.5.2 Gespreksanalise

Die eerste navorsingsvraag van die studie, naamlik na die ideologiese profiel en verandering daarvan in die interkulturele gespreksproses, is ondersoek deur gebruik te maak van 'n navorsingsinstrument wat ontwikkel is vanuit Hofstede se dieptedimensies van kultuur vir hierdie studie. Die tweede vraag waarmee die studie omgaan, is die omskrywing van die magsdinamika wat in die gespek opgelet word.

Die magsanalise van hierdie studie berus teoreties op die werk van Michel Foucault. Sy werk is reeds breedvoerig in die vorige hoofstuk bespreek, maar met die oog op die gespreksanalise is die volgende punte belangrik:

Volgens Foucault se teoretiese besinning oor mag is dit duidelik dat mag nie 'n kommoditeit is wat mense besit nie. Mag is 'n strategie wat in 'n spesifieke sosiale konteks funksioneer. Die bestudering van mag impliseer 'n sosiale konteks en die netwerk van verhoudings wat daarbinne funksioneer. Mag kan voorts nie in een komponent van die sosiale netwerk gevind word nie, maar is eerder teenwoordig in die komplekse wisselwerking van verskillende onderlinge dimensies. In die eerste plek is mag dus relasioneel. In die tweede plek is mag strategies. Die strategiese funksionering van mag het ten doel om mag te vermeerder. Die doel van 'n

magsanalise is dus om die komplekse konfigurasies van verskillende dimensies in 'n sosiale netwerk te identifiseer en te ontgin ten einde 'n meer omvangryke begrip te ontwikkel vir die magsdinamika wat funksioneer. Ten derde impliseer mag weerstand. Geen sisteem funksioneer sonder die uitdaging van mag in weerstand nie. Vierdens is mag nie altyd negatief en destruktief nie. Mag is ook positief en dit stel ons in staat om goed te doen en om verandering teweeg te bring. Ten slotte is dit belangrik om Foucault se mag/kennis-konsep in gedagte te hou. Mag en kennis impliseer mekaar wedersyds. Kennis het magskonsekwensies in 'n sosiale netwerk en mag onderbou die legitimiteit van kennis in sosiale omstandighede.

Ten einde die komplekse magsdinamika te identifiseer en te analiseer wat aan die werk is in die interkulturele Bybelleesproses, moes 'n instrument gesoek word wat reg sou laat geskied aan die dinamiese aard van gesprek en die implikasies wat gesprek het in die sosiale omgewing. Die doel van die instrument sou in ooreenstemming met Foucault se magsteorie wees om die sosiale netwerk in kaart te stel. Mag, in die interkulturele Bybelleesproses, is nie in een individu gesetel nie. Die doel van die magsanalise is dus nie om een individu te identifiseer wat mag besit nie. Dit is immers onmoontlik, volgens Foucault se teorie, om mag in 'n enkele element of persoon te identifiseer. Die doel van die magsanalise van die studie is eerder om die sosiale dinamika te analiseer wat aan die werk is in die interkulturele proses. Omdat die interkulturele moment van hierdie studie in gesprek¹⁷⁷ gesetel is, moes die instrument wat gekies word, fokus op die dinamika van gesprek.

Ten einde die magsdinamika te identifiseer en analiseer wat aan die werk is in die interkulturele Bybelleesproses, is gespreksanalise, vanuit die kwalitatiewe navorsingskader, gekies as empiriese instrument.

5.5.2.1 Gespreksanalise – omskryf

“Conversation analysis is an approach to the study of talk in interaction which grew out of the ethnomethodological tradition in sociology developed by Harold Garfinkle (1964, 1967, 1988). Ethnomethodology as a field of sociology studies the common sense resources, practices and procedures through which members of a society

¹⁷⁷ Die interkulturele gesprek vind plaas tussen vroue vanuit 'n verskeidenheid kontekste en met die Bybelteks wat kultureel van die deelnemers verwyder is. Daar is dus 'n dubbele interkulturele gespreksmoment: ten eerste die gesprek met die Bybelteks en ten tweede die gesprekke met mekaar.

produce and recognize mutually intelligible objects, events and courses of action” (Liddicoat 2007:2). Liddicoat meen voorts dat die oogmerk van Garfinkel se werk was: “to study the social structure of everyday lived experience and to develop an understanding of how structures of everyday activities are ordinarily and routinely produces and maintained.” Dit is hierdie omskrywing van die alledaagse sosiale kader wat gespreksanalise ‘n ideale instrument maak met die oog op die omskrywing van die magsdinamika wat aan die werk is in die interkulturele Bybelleesproses. In die meer onlangse sin kan die ontwikkeling van gespreksanalise as dissipline gekoppel word aan die naam van Erving Goffman wat in die 1960’s by die sosiologie departement van Berkeley Universiteit in Kalifornië navorsing gedoen het. “Goffman in particular drew attention to the need to study ordinary instances of speaking, which had in his view been neglected ... He argued that the study of speaking was not simply a matter of narrowly focused linguistic descriptions of language, but rather that interaction had its own system of rules and structures which were not intrinsically linguistic in nature” (Liddicoat 2007:4). Deur die werk van studente van Goffman, naamlik Harvey Sacks, Emmanuel A. Schegloff en Gail Jefferson begin gespreksanalise teen die laat 1960’s ontwikkel as ‘n onafhanklike area van ondersoek wat gerig is op die verstaan van die dinamika van gesprek wat sentraal staan in verskeie aspekte van die sosiale wetenskappe. Goffman se studente was egter nie net bloot navolgers nie en Harvey Sacks doen merkwaardige werk van sy eie in die gespreksanalise-veld. Vir Sacks ontwikkel “(t)wo themes quite early: categorization and sequential organization. The first followed from Sacks’ previous interests in practical reasoning and was not essentially bound up with these materials as interactional. The second, however, was in essence ‘new’ and specific to talk-in-interaction as such. It can best be summarized briefly as the idea that what a doing, such as an utterance, means practically, the action it actually performs, depends on its sequential position. It was the ‘discovery’ that led to conversation analysis *per se*” (Ten Have 1999:6). Vir Sacks is “strategic use of talk not a set of rules or recipes by which actions are accomplished, but rather the production of interactional effects which are achieved through the use of talk in a particular context” (Liddicoat 2007:4). Vir gespreksanalise word deelnemers beskryf as “active participants who produce and orient to social order as they interact with one another and engage in ongoing, interpretative, meaning making work” (Speer 2005:18). Dit is dan ook juis hierdie kontekstuele en deelnemende gerigtheid van gespreksanalise wat goed aansluit by

Foucault se teorie dat magstrategieë in 'n spesifieke sosiale konteks ondersoek moet word.

Liddicoat (2007:5) meen die basiese uitgangspunte van gespreksanalise is die volgende:

1. "Order is produced orderliness. That is, order does not occur of its own accord nor does it pre-exist the interaction, but rather the result of the coordinated practices of the participant who achieve orderliness and then interact.
2. Order is produced, situated and occasioned. That is, order is produced by the participants themselves for the conversation in which it occurs. The participants themselves orient to the order being produced and their behaviour reflects and indexes that order.
3. Order is repeatable and recurrent. The patterns of orderliness found in conversation are repeated, not only in the talk of an individual speaker, but across groups of speakers."

Vanuit punt 2 is dit dus belangrik dat ons sal opmerk dat gespreksanalise 'n akademiese aktiwiteit is. Die orde wat in die gesprek opgemerk word, is nie 'n ekstern ontwikkelde konsep wat geskep is en dan op die gesprek oorgedra word nie, maar dit word van binne ontwikkel deur die deelnemers aan die gesprek. Gespreksanalise is die omskrywing van die orde wat in die gesprek aanwesig is en sigbaar word. "It is clear that conversation analysis assumes that there is overwhelming order in conversation. Conversation is neither random nor unstructured; however, the order observable in conversation does not imply an overarching uniformity in conversational structure which is generalizable across conversation. Instead the participants themselves construct conversation in orderly ways" (Liddicoat 2007: 5).

Een manier waarop deelnemers in 'n gesprek orde bewerkstellig, is deur 'n respons te struktureer dat dit vir die hoorder aanvaarbaar of verstaanbaar is. Hierdie tegniek staan bekend as die 'ontvanger-ontwerp': "Recipient design refers to the idea that participants in talk design their talk in such a way as to be understood by an interlocutor, in terms of the knowledge that participants assume they share" (Liddicoat 2007:5). Die doel van gespreksanalise is dus om die orde wat in 'n gesprek bestaan, na die oppervlak te bring en om dit te beskryf. Hierdie beskrywing is altyd gegrondves in 'n spesifieke sosiale konteks. Gesprek kan nie los van die konteks waarbinne dit plaasvind, geanaliseer word nie. Gesprek word deur konteks gevorm in

dié sin dat elke persoon wat deelneem aan ‘n gesprek dit doen in respons tot ‘n ander en ten einde ‘n respons te ontlok. Elke nuwe bydrae tot ‘n gesprek word dus gesien in die lig van wat dit voorafgaan en terselfdertyd in wat dit tot gevolg het.¹⁷⁸

5.5.2.2 Gespreksanalise – uitgangspunte

Die gespreksanalise-benadering is daarop gefokus om patrone wat in die gesprek bestaan, te identifiseer en te omskryf. Vanuit die spesifieke patrone word dan ‘n beskrywende analise van die resultate gebied. Gespreksanalise is ‘n kwalitatiewe data-ontginningsinstrument en die resultate word nie numeries weergegee nie, maar eerder as beskrywing van die waarneembare werklikheid. “The analytical approach is an inductive one which seeks to build an understanding of regularities in the way talk is organized from the study of actual instances of interaction. The analyst, however, does not stop at a description of regularities, but rather is required to show that regularities are methodically produced and orientated by participants” (Liddicoat 2007:11)

¹⁷⁸ Liddicoat (2007:7) vewys na hierdie kontekstuele dimensie van gesprek in die volgende terme: “Talk is context-shaped in that talk responds to the context in which it is created. What participants say is shaped by and for the context in which it occurs and each next bit of talk is understood in the light of what has preceded it...At the same time talk is context-renewing because talk shapes the context as each next bit of talk constrains and effects what follows and influences how further talk will be heard and understood.”

5.5.2.3 Gespreksanalise – prosedure¹⁷⁹

Die doel van gespreksanalise is om gesprek te analiseer wat plaasvind in 'n spesifieke sosiale konteks. “It is clear that conversation analysis is in the business of studying aspects of ‘social life’ in the sense of ‘people doing things together’” (Ten Have 1999:28).

Die eerste stap in gespreksanalise is dus om data in te win in die vorm van gesprekke wat in 'n spesifieke sosiale konteks gesetel is en ten tweede dan 'n transkripsie van daardie gesprekke daar te stel vir analise. “The basic data for conversation analysis is naturally occurring talk.¹⁸⁰ If such talk is to be used for detailed analysis it must first be recorded and then transcribed” (Liddicoat 2007:13).

¹⁷⁹ Speer (2005:19) meen: “Conversation Analysis is not an explicitly feminist orientation. However, there is a long tradition of feminist work utilizing ideas...to study a variety of topics relevant to feminist concerns.” Feministiese denkers waarsku egter teen 'n lukrake benadering tot taal in gespreksanalise aangesien “(f)ew feminist would dispute that discourse is often gendered, and that it forms one of the primary means through which patriarchy and oppressive norms and social practices are instantiated and reproduced. Indeed, we are, as feminists, increasingly aware of the fundamentally political nature of discourse. When we use discourse to communicate we ‘naturalize’ and perpetuate oppressive understandings of gender and ‘gender role behavior’ – that is, we present them as timeless, rational and natural. These understandings become regarded as normative and expectable. Likewise, we’re aware that the politics of discourse is not one-dimensional. Discourse can be used to expose and ‘denaturalize’, commonsense understanding of gender and to challenge ideas which create and sustain sexist and heterosexist social practices.” Gespreksanalise kan dus 'n sinvolle instrument wees, mits die voetangels van taal ingedagte gehou word. Die politiese dimensies wat aan woorde gekoppel is, moet telkens weer ontmasker word en aan die kaak gestel word ten einde hierdie instrument 'n bruikbare en bevrydende een te maak. Die gevaar wat aan woorde gekoppel is, word nie net aan die deelnemers aan gesprekke gekoppel nie. Ook in die opskryf van navorsingsresultate is dit belangrik dat taal op 'n sinvolle wyse gebruik sal word. “When researchers write about women’s lives, whatever our methods of collecting and analyzing interview data, we confront the dangers of mislabeling that can result from the use of language that does not fit. A feminist strategy in sociology, then, must extend to the language of our texts: we must choose words carefully and creatively, with attention to the consequences of naming experience” (De Vault 2002:105).

¹⁸⁰ Dit is belangrik om op te merk dat die basiese data wat in gespreksanalise geanaliseer word, die fisiese gesprek self is. Transkripsies van gesprekke is bloot 'n instrument of hulpmiddel om die analise te vergemaklik.

Na die inwinning van die data en die transkribering van die gesprekke is dit moontlik om 'n analise van die data te doen. Gespreksanalise poog om patrone te vind en die logika van die gesprekke te omskryf.

Ten Have (1999:110-119) stel voor dat daar in die analise van 'n gesprek aandag geskenk moet word aan drie moontlike strategieë waarvolgens orde in 'n gesprek manifesteer. Die orde in gesprekke kan as volg ontgin word:

- a) "Turn taking organization: The idea of turn taking as an organized activity is one of the core ideas of conversation analysis. As Sacks has observed, the basic fact about conversation is that, overwhelmingly, there is one and only one person speaking at a time, while speaker change recurs with minimal gap and minimal overlap." Sprekers sluit dus by mekaar aan en die oorgange tussen sprekers is bykans organies. Daar is drie basiese maniere waarop die oorgang tussen verskillende sprekers bewerkstellig kan word: "(A) next speaker can be selected by the previous one, a speaker can self select, or the present speaker can continue speaking"(Ten Have 1999:112) Liddicoat (2007:69-72) verwys in groter besonderhede na die werk van Sacks *et al* oor die eienskappe van beurt-deelname in gesprekke. Ter opsomming word die volgende genoem: "(i) Speaker change recurs, or at least occurs, (ii) One person talks at a time and occurrences of more than one speaker at a time are common but brief, (iii) Transition with no gap or no overlap are common, (iv) Turn order varies and the relative distribution of turns is not specified in advance, (v) Turn size is not fixed, but varies, (vi) Numbers of parties can vary, (vii) Talk can be continuous or discontinuous."
- b) "Sequence organization: Utterances in interactional talk are sequentially organized. The idea of 'sequence' refers to the common experience that one thing can lead to another. For conversation, this means that any utterance in interaction is considered to have been produced for the place in the progression of the talk where it occurs, especially just after the preceding one, while at the same time it creates a context for its own next utterance." Vanuit hierdie tipe analise sou 'n tematiese skets van 'n gesprek moontlik wees, aangesien 'n tema uitgebou en ontwikkel word soos wat deelnemers tot die gesprek 'n bydrae lewer.
- c) "Repair organization: organized ways of dealing with various kinds of trouble in the interaction's progress, such as problems of (mis)hearing or understanding."

Maniere waarop deelnemers in 'n gesprek foute of misverstande korrigeer, word onder die analitiese dimensie bespreek.

Nadat die patrone met behulp van die bogenoemde tegnieke ontgin en bespreek is, poog gespreksanalise om algemene tendense in kaart te stel na gelang van die navorsingsvraag wat aan die data gestel is. Daar is geen regte of absolute metode ten einde gespreksanalise toe te pas nie. Daar is 'n verskeidenheid maniere om data te benader. Die punt is om op kreatiewe wyse die patrone vanuit die gesprek na die oppervlak te bring en om verantwoordbare afleidings daaruit te maak.

Na 'n deeglike oorweging van die navorsingsuitgangspunte het die navorsingsontwerp van hierdie studie ontstaan. Die navorsingsinstrumente is ontwikkel ten einde die inwinning van data na gelang van die ontwerp te optimaliseer. Met al die navorsingsinstrumente in plek was dit moontlik om die fisiese navorsing van stapel te stuur.

5.6 Omskrywing van fisiese navorsing

Die navorsingsgroepe het vergader en die prosesse is deurloop op 23 en 30 Mei 2009. Om die vier groepe op hierdie twee dae te akkommodeer, is daar twee sessies per dag hanteer. 'n Oggendssessie van 9:00-12:00 en weer 'n sessie in die namiddag van 14:00-17:00. Elke groepe het bestaan uit agt lede wat gekies is volgens die profiel soos uiteengesit by 5.4.1. Die eerste groep het egter een meer deelnemer gehad as gevolg van 'n kommunikasiemisverstand. Die deelnemer is egter met gemak in die gesprek geakkommodeer. Al die deelnemers was betyds sodat die navorsing glad volgens skedule kon verloop en al die deelnemers het die hele proses deurloop. Die fisiese navorsing is sinvol afgehandel binne die paramaters van die tydskedulering. Na afloop van elke sessie het die deelnemers hulle voltooide werkboeke ingelewer. Die voltooide werkboeke en die bandopnames van die gesprekke dien as die rou data vir die analise wat die volgende fase in die proses is.

5.7 Kodering van data in rekenaarformaat

Die eerste stap in die proses van die verwerking van die data was om die vier gesprekke wat die groepe onderskeidelik gehad het te transkribeer asook om die nodige inligting vanuit die werkboeke om te sit in rekenaarformaat en te tabelleer om

sodoende die analise te vergemaklik. Vanuit die werkboeke is elke deelnemer se respons op Vraelys 1 A en B en Vraelys 2 A en B as rou data geneem. Hierdie data samel die demografiese inligting van elke deelnemer in, die respons voor en na afloop van die gesprek op die tien beelde, asook die resultaat op die vraelys wat oor mag handel na afloop van die gesprek. Vir die getranskribeerde gesprekke van die vier groepe, sien Bylaag K tot N en vir die eerste rondte data vanuit die werkboeke sien Bylaag E en W.

Al die data is deur die kwalitatiewe navorser self verwerk ten einde 'n beter greep daarop te verkry en die interpretasieproses dianooreenkomstig te vergemaklik.

5.8 Gevolgtrekking

Die navorsingsinstrumente wat gekies en ontwikkel is vir die analise van die data is gefundeer vanuit die teoretiese onderbou van die empiriese studie. Die werkboek, en in besonder die vrye-assosiasie skryfoefening, asook die gespreksanalise word gefundeer vanuit kwalitatiewe data-analise. Die uitgangspunt van hierdie benadering is om empiriese data te gebruik om prosesse te identifiseer en te analiseer, om sinvolle patrone te ontdek en te omskryf wat gevolglik tot 'n ryker verstaan van 'n besondere sosiale dinamika sal lei.

Hierdie kwalitatiewe instrumente word ondersteun deur sowel die teorie van Thomson aangaande diepte-hermeneutiek, asook Foucault se teorie aangaande die funksionering van mag in 'n spesifieke sosiale konteks. In die volgende hoofstuk word 'n analise gemaak van die navorsingsresultate soos dit neerslag vind in die kwalitatiewe data wat tydens die navorsingsproses ingewin is.

Hoofstuk 6

Analise van navorsingsresultate

6.1 Inleiding

Die verhaal van Tamar soos dit opgeneem is in 2 Samuel 13 staan in die sentrum van die interkulturele gesprekke wat in hierdie studie ondersoek word. Die interkulturele gesprekke word nagestreef as uitvloeiing van die gesamentlike uitdagings wat die Feminisme en Afrika-hermeneutiek aan standaard Bybelwetenskaplike praktyk stel. Die Feminisme bepleit die belang van die individuele stem, terwyl Afrika-hermeneutiek 'n konteks skep, naamlik die kollektief, waarbinne diverse individuele stemme tuishoort. Hoewel interkulturele gesprek op die oog af aan die uitgangspunte van beide die Feminisme en 'n Afrika-hermeneutiese raamwerk voldoen en dus aan gemarginaliseerde stemme 'n ruimte bied waarbinne hulle gehoor kan word, vra die studie na die rol wat mag en ideologie speel in die interkulturele gesprek. Beide mag en ideologie kom tot uitdrukking in die gebruik van simboliese vorme in 'n spesifieke sosiale konteks. In 'n poging om sin te maak van simboliese vorme wat in die interkulturele gesprek neerslag vind, word twee kwalitatiewe data-analise-instrumente aangewend. Die studie funksioneer doelbewus vanuit 'n kwalitatiewe raamwerk aangesien mag en ideologie beide tot uiting kom in die proses van interkulturele gesprek soos dit ontwikkel aan die hand van die verhaal in 2 Samuel 13.

In hoofstuk 5 is die ontwikkeling van die data-insamelingsinstrumente duidelik omskryf. Die werkboek en veral die vrye-assosiasie skryfoefening word ontwikkel ten einde deelnemers se ideologiese profiel te bepaal en om aan te toon of die interkulturele gesprek enige uitdagings aan deelnemers stel op hierdie vlak. Gespreksanalise dien as instrument om die magstrukture te identifiseer en te analiseer wat aanwesig is in die interkulturele gesprek.

Na afloop van die twee data-insamelingsgeleenthede is die werkboek-data deur die kwalitatiewe navorser verwerk en die vier gesprekke getranskribeer. In die vorige hoofstuk is die instrument wat ontwikkel is om die vrye-assosiasie skryfoefening mee te analiseer, sowel as die uitgangspunte van gespreksanalise bespreek. Die resultate van die data-analise word voorts sistematies in hierdie hoofstuk voorgehou soos dit

uitdrukking vind in kwalitatiewe interpretasies. Die doel van kwalitatiewe navorsing is nie om 'finale' antwoorde of analises te bied nie, maar eerder om prosesse, algemene tendense en waarnemings te omskryf. Die teoretiese onderbou van die empiriese studie verskuif ook telkens die fokus van beperkende definisies na 'n groter vloeibaarheid van terme. Kultuur, ideologie en mag word dienooreenkomstig in hierdie studie beskou as dinamies-dialogiese terme wat uitdrukking vind in 'n spesifieke sosiale diskoers.

6.2 Ideologiese data-analise

Die eerste afdeling van die bespreking van die navorsingsresultate handel oor die ideologiese dimensie wat ondersoek is in die interkulturele Bybelleesproses.

6.2.1 Algemene tendense in respons op tien fotobeelde

Hoewel die primêre vraag wat aan hierdie gedeelte van die data gevra word, handel oor die ideologiese skuif of gebrek daaraan wat by elke deelnemer individueel plaasgevind het, bied 'n omskrywing van die algemene tendense wat opgemerk word vanuit die hele studiepulasie 'n kritieke kultuurdefinisie vir die kollektief. Hofstede gebruik die dieptedimensies van kultuur om 'n kultuurprofiel te skep vir onderlinge groeperinge of nasionaliteite. Hierdie kultuurprofiel wat Hofstede skep¹⁸¹, word dan vergelykend aangewend tussen diverse kultuurgroeperinge.¹⁸²

Vanuit die deelnemers se respons op die tien fotobeelde wat gekies is, kan ons 'n bepaalde kultuurraamwerk aflei. Hierdie kultuurraamwerk is nie 'n absolute of statiese weergawe nie, maar wel die waarneembare aanduiding van die kultuurdinamika binne die groepe wat deelgeneem het aan die studie in die temporele konteks waarin dit plaasgevind het.

Die algemene kultuurprofiel van die studiepulasie gee uitdrukking aan die spesifieke sosiale omstandighede waarbinne die navorsing plaasvind. Hierdie beskrywing is van deurslaggewende belang vir beide 'n diepte-hermeneutiese


¹⁸¹ Hoewel Hofstede se kultuur teorie ontwikkel vanuit sy bestudering van groepe, word dit in hierdie studie aangewend om die ideologiese/kulturele posisie van individue te ondersoek. Die breë kultuur tendense wat Hofstede omskryf word die agtergrond waarteen individue se respons verstaan word.

¹⁸² Sien hoe die vergelyking daaruit sien in Hofstede (1991).

ontginning van ideologie soos deur Thomson (1990: 278-291) voorgestel, asook vir die analise van mag volgens Foucault se magsteorie.

Ek gaan dus nou voort met 'n kort bespreking van die algemene tendense wat opgemerk is by die analise van die deelnemers se respons op die tien fotobeelde.

Beeld 1



Die oorgrote meerderheid van respondente identifiseer die persoon in die fotobeeld as een met mag. Hierdie sterk magsidentifikasie getuig volgens Hofstede se teorie van 'n groot magafstandkultuur. Hoewel die meeste respondente die persoon as 'n gesagsfiguur tipeer, is hulle beoordeling van die leierskapstyl wat die fotobeeld uitbeeld, negatief van aard.

Deelnemers #2, 5 en 6 toon radikale skuiwe van hulle A- na B-respons. In die A-respons identifiseer hulle telkens bloot op 'n neutrale wyse die figuur as een met mag. Na afloop van die gesprek toon hulle 'n sterk voorkeur vir 'n meer kollektiewe benadering tot leierskap waarin mag in die groep gesetel is.

Beeld 2



Uit die 33 toon 21 respondente as respons op hierdie fotobeeld 'n oorwegend individuele respons en beoordeling van die probleem. Hierdie interpretasie dui in ooreenstemming met die resultaat van Beeld 1 op 'n groot magafstandsrealiteit. Ses uit die 33 respondente sien verkragting as 'n sistemiese probleem en leun daarom tot 'n klein magafstandinterpretasie. Volgens hierdie beskouing is mag nie soseer iets wat

individue uitoefen nie, maar eerder dit wat in die groep gesetel is. Vyf deelnemers toon radikale skuiwe tussen hulle A- en B-respons. Deelnemers #2 en 9 skuif van 'n A- respons wat getuig van 'n persoonlike identifikasie na 'n bewustheid van die feit dat die probleem ingebed lê in 'n komplekse sisteem. Deelnemers #15, 17 en 27 beweeg van 'n sistemiese interpretasie na 'n meer persoonlike identifikasie.

Vanuit die saamgestelde resultate van die respondente se respons op Beeld 1 en 2 is dit waarneembaar dat deelnemers bewus is van die groot magafstand-konteks waarbinne hulle funksioneer. Hoewel nie almal positief reageer op hierdie dimensie van die kultuuruitdrukking nie en sommige selfs 'n voorkeur uitspreek vir die teenpool, is dit duidelik dat respondente ingebed is in 'n groot magafstand-kulturomgewing.

Beeld 3



Die meeste deelnemers identifiseer met die Bybelteks as simbool vir godsdiens as instrument van onsekerheidsvermyding. Hierdie identifikasie is te verwagte, aangesien die oorgrote meerderheid van respondente aandui dat hulle aktief-deelnemend betrokke is in 'n kerk of geloofsgroep. Opmerklik is dat daar 'n hele aantal lesers is wat identifiseer met die Bybelteks en tog 'n hermeneutiek van suspisie openbaar, naamlik lesers #3, 10, 19, 26 en 28. Drie van die vyf lesers wat hierdie profiel openbaar is verteenwoordigers van Lesersprofiel 2 soos hierbo bespreek. Lesers van hierdie profiel bestaan uit geskoolde of sogenaamde 'skilled readers'. Deelnemer #19 se reaksie is opmerklik aangesien sy nie identifiseer met 'n geloofstradisie nie, maar eerder 'n akademiese belangstelling in die Bybel toon. Twee deelnemers, #1 en 25, identifiseer glad nie met die Bybelteks as instrument van onsekerheidsvermyding nie. Albei hierdie deelnemers identifiseer nie met hoofstroom religieuse instansies of beleving nie.

Beeld 4



Uit die 33 respondente identifiseer 26 met die internet as simbool vir tegnologie as instrument van onsekerheidsvermyding. Nege van hierdie 26 respondente wat wel met die internet identifiseer, laat hulle egter sterk uit oor die problematiek wat die instrument ook kan inhou, aangesien dit 'n ongesensorde en onbeperkte hoeveelheid inligting vrylik beskikbaar stel. Nege respondente verwys na die besondere potensiaal wat die internet het as instrument om 'n groter bewustheid aangaande geweld teen vroue te kweek, asook 'n plek waar vroue kan soek na hulp. Deelnemers #5 en 33 identifiseer negatief op tegnologie en #31 toon geen bewustheid van die bestaan of funksionering van die internet nie. Deelnemer #10 se respons verdien 'n laaste opmerking. Die deelnemer val onder leserprofiel 2 en is 'n 'skilled reader'. Sy is opmerklik krities teenoor die Bybel en toon 'n besondere bewustheid van die magimplikasies van teksinterpretasie. Haar respons teenoor fotobeeld 4 toon egter 'n baie sterk identifikasie met die internet. Sy omskryf haar gevoel teenoor die tegnologiese instrument as een van vryheid en eindelose geleentheid. Daar bestaan 'n opvallend kontras tussen hierdie respons en die pynlike beleving van die magdinamika wat met die Bybel geassosieer word.

Vanuit die saamgestelde resultate van die respondente se respons op Beeld 3 en 4 is dit waarneembaar dat die deelnemers oor die algemeen met beide godsdiens en tegnologie identifiseer as instrumente van onsekerheidsvermyding. In 'n poging om angs en onsekerheid oor die toekoms te verwerk, word beide dié instrumente dus ingespan.¹⁸³

¹⁸³ Hofstede meen dat daar drie algemene instrumente is om onsekerheid oor die toekoms mee te bekamp. Tegnologie dien as instrument vir die bekamping van onsekerheid wat veroorsaak word deur die natuur. Godsdiens dien as instrument as dit kom by die onbekende. Die gereg dien as instrument wat ons beskerm teen die onsekerheid wat ontstaan vanuit die gedrag/optrede van ander mense. In die

Beeld 5



Uit die 33 respondente identifiseer 30 deelnemers met die Suid-Afrikaanse vlag as simbool van nasionale eenheid. Deelnemer #17 gee geen waarde-oordeel nie en deelnemers #18 en 23 identifiseer nie met die simbool nie. Die rede vir die twee deelnemers se gebrek aan identifikasie is vermoedelik aangesien hulle beide van Zimbabwe afkomstig is en nog nie vir 'n lang tydperk in Suid-Afrika woon en werk nie.¹⁸⁴ 15 uit die 33 respondente maak pertinente opmerkings oor die pynlike problematiek wat die Suid-Afrikaanse konteks inhou en 9 vroue maak 'n spesifieke opmerking oor die realiteit van verkragting in die Suid-Afrikaanse konteks. Al 9 hierdie verwysings na verkragting kom voor in die B-respons wat duidelik op groter bewustheid dui na afloop van die gesprek. Verkragting word volgens hierdie respondente as 'n besondere Suid-Afrikaanse probleem beskou. Nege deelnemers gebruik 'hoop' in hulle respons op hierdie fotobeeld. Twee deelnemers maak die

studie is daar net getoets vir twee van die drie instrumente van onsekerheidsvermyding. Vanuit die twee fotoeelde se resultaat is dit duidelik dat vroue sterk identifiseer met die instrumente wat onsekerheid oor die toekoms beveg. Die hoë identifikasie maak ons egter ook verder bewus van die klimaat van onsekerheid waarin die vroue hulle bevind. Dit is jammer dat, weens die beperktheid van die studie, dit nie moontlik was om vir die derde instrument te toets nie. Dit sou, veral in die lig van die onsekerheid wat aan die orde kom in die bespreking en die algemene tema van die studie, interessant gewees het om te sien hoe sterk vroue identifiseer met die gereg en of hulle hoegenaamd daarin veiligheid vind.

¹⁸⁴ Die gebrek aan identifikasie met die Suid-Afrikaanse nasionale vlag deur die twee deelnemers van Zimbabwe wys op die beperktheid van die beeld in die toetsing van kollektiwiteit. In terme van 'n dominante Suid-Afrikaanse deelnemerspopulasie is dit 'n sinvolle beeld, maar die twee deelnemers se respons moet teen die agtergrond van dié tekortkoming gesien word. Indien daar 'n vlag van Zimbabwe op die skerm verskyn het, sou daardie vroue dalk baie sterk daarmee geassosieer het. Daar kan dus geen afleiding gemaak word oor die vroue se kollektiewe identifikasie vanuit die navorsingsvraag nie.

opmerking dat hulle ‘trots Suid-Afrikaans’ is, naamlik deelnemers #7 en 20. Opmerklik van hierdie twee deelnemers wat dieselfde gevoel jeens die land uitspreek, is dat hulle demografies wêreld van mekaar verwyder is. Deelnemer #7 is ‘n 33-jarige, Xhosasprekende swart vrou met ‘n sekondêre opleiding, terwyl Deelnemer #21 ‘n 31-jarige, Afrikaanssprekende, wit vrou met ‘n tersiêre opleiding is. Hoewel hulle lewensrealiteite radikaal verskil, het hulle beide sterk ingekoop in die Suid-Afrikaanse kollektiewe projek.

Beeld 6



Die beeld is gekies as verteenwoordigend van individuele sukses as strewende of persoonlike beleving. 27 uit die 33 respondente identifiseer die beeld as een wat sukses impliseer. 5 uit die 33 toon ‘n negatiewe identifikasie met die beeld. 12 uit die 33 respondente se opmerkings toon dat hulle die beeld as problematies beleef aangesien hulle die koste verbonde aan die sukses wat die beeld uitbeeld, bevraagteken. Oor die algemeen beskou die vrou die beeld as een wat sukses vergestalt, maar hulle assosieer dikwels nie hulle eie deurleefde realiteite met die beeld nie. Deelnemer #28 toon ‘n radikale skuif in haar respons op die beeld. In die A-respons identifiseer die deelnemer sterk met die beeld. Na afloop van die gesprek distansieer sy haar egter volledig van die beeld en die implikasies wat die beeld vergestalt.

Vanuit die saamgestelde resultate van die respondente se respons op Beeld 5 en 7 is dit waarneembaar dat deelnemers sterk met die kollektief identifiseer en inkoop in die kollektiewe projek. Die identifikasie met die Suid-Afrikaanse vlag as simbool van nasionale eenheid is oorweldigend. Deelnemers se respons op fotobeeld 7 wys egter dat kollektiewe identifikasie nie die potensiaal van persoonlike sukses uitsluit nie. Dit wil blyk dat die kontekstuele raamwerk van die vroue wat aan die studie deelgeneem het, 'n interessante wisselwerking tussen individualiteit en die kollektiwiteit vergestalt.

Beeld 7



Beelde 6 en 8 toets die realiteitsbeleving van deelnemers in 'n spesifieke kultuurkonteks met betrekking tot die wisselwerking tussen die verskillende geslagte. Die skryfwyse wat in Beeld 6 vertoon word, bied 'n uitdrukking van geslagsgelykheid en groter vloeibaarheid in terme van geslagsrolle. 26 uit die 33 respondente het nie die gelykheid van gender-aangeleentheid wat die skryfwyse impliseer, begryp nie. Hierdie respondente het bloot aangeneem dat die woord as 'woman' lees en nie 'wo/man' nie. Uit die 26 respondente is daar 'n aantal wat tog iets begryp van die konsekwensies van die skryfwyse, maar wat geen persoonlike belewenis daarvan toon nie. Sewe uit die 33 respondente dui aan dat hulle die konsekwensies van die skryfwyse begryp of 'n persoonlike beleving daarvan het, naamlik deelnemers #4, 7, 11, 15, 19, 25 en 26. Ses van die 7 bogenoemde respondente is wit vroue, waarvan slegs 2 getroud is. Dit wil dus blyk of die ongetroude wit vroue wat aan die studie

deelnemeer het, 'n groter bewustheid het van die gender-implikasies wat die beeld versinnebeeld.

Beeld 8



Beeld 8 het gesorg vir baie opwindende terugvoer vanaf die respondente. Dit dateer uit die 1970's en beeld 'n man uit wat besig is met huiswerk en kinderopvoeding. Deelnemers het, soos in elk van die ander gevalle, net 'n minuut gehad om reaksie te lewer op die beeld. 27 uit die 33 deelnemers beskou die man as buite tradisionele konteks of beskou die persoon in die beeld bloot as 'n vrou. 16 van die respondente verwys in reaksie op die beeld na moederskap. Opmerklik is dus die feit dat die vroue wat aan die studie deelgeneem het, oor die algemeen 'n vrou in daardie konteks verwag en dit as tradisioneel 'n vroulike rol beskou. Ses deelnemers identifiseer met die beeld as 'n neutrale realiteit of persoonlike ervaring en getuig dus van groter vloeibaarheid in die geslagsrolle naamlik deelnemers #1, 12, 13, 14, 18 en 23. Van die 6 respondente is 4 swart en bruik vroue wat almal getroud is. Opmerklik is die feit dat beide die deelnemers wat van Zimbabwe afkomstig is, onder hierdie 6 respondente val. Deelnemer #14 lewer die sterkste getuigenis van 'n persoonlike beleving.

Een deelnemer se respons noodsaak 'n verdere opmerking. Deelnemer #29 identifiseer nie net die persoon in die fotobeeld as 'n vrou nie, maar sien haar as 'n huishulp. Sy vra kritiese vrae oor die vrou as huishulp se posisie in die samelewing en die uitbuiting wat daar dikwels van dié vroue plaasvind.

Vanuit die saamgestelde resultate van die respondente se respons op Beelde 6 en 8 is dit waarneembaar dat vrou hulleself ingebed vind in 'n manlik-dominante kultuurraamwerk. Daar is groot differensiasie tussen die verskillende geslagte en die tradisionele rolle wat verteenwoordigers van die geslagte in die kultuurraamwerk vertolk. Dit is duidelik uit veral deelnemers se respons op Beeld 8 dat moederskap en familie-versorging primêr deur vroue vertolk word.

Beeld 9



Beeld 9 druk 'n tradisioneel 'Westerse' kultuurgebruik uit, in dié sin dat dit 'n prentjie bied van hoe huwelikeremonies tradisioneel daaruit sien in 'n Westerse kultuurkonteks. 30 uit die 33 respondente identifiseer met die fotobeeld. Uit die 30 maak 7 in die B-respons 'n opmerking oor die problematiek wat die beeld impliseer - in die sin dat die huwelik gesien word as 'n verhouding met magskonsekwensies. Vier uit die 30 deelnemers maak 'n opmerking oor hierdie magsproblematiek van die huweliksverhouding in beide die A- en B-respons. 11 van die 30 wat dus met die beeld identifiseer, is bewus van die problematiek wat die verhouding wat deur die beeld geïmpliseer word, potensieel inhou nie. Oor die algemeen identifiseer respondente positief met die wonderlike geleentheid en viering wat die beeld voorhou, maar beskou die alledaagse realiteite van die beeld as problematies.

Drie respondente identifiseer glad nie met die fotobeeld nie, naamlik deelnemers #1, 10 en 26. Al drie hierdie deelnemers is wit vroue wat nie in 'n huweliksverhouding verbind is nie. Deelnemers #10 en 26 is albei 'skilled readers.'

Beeld 10



Die sterkste identifikasie van al die beelde wat in die studie gebruik is, vind plaas in respons op Beeld 10 wat poog om 'n Afrika-realiteit te vergestalt. 32 uit die 33 respondente identifiseer met hierdie fotobeeld as eie deurleefde realiteit, persoonlike voorkeur of verlangde werklikheid. Nege uit die 32 respondente maak 'n opmerking oor die verlore HIV-generasie wat dien as onderbou vir die beeld. 12 uit die 32 respondente maak 'n opmerking oor die problematiek wat die beeld onderlê. Temas soos korrupsie van leierskap, armoede, geweld en HIV word na die oppervlak gebring as respons op die fotobeeld.

Een deelnemer se respons is egter hier opmerklik en verdien 'n verdere analise. Deelnemer #8 is 'n 38-jarige wit onderwyseres wat slegs gedeeltelik met die beeld assosieer. In haar A-respons beskou sy die beeld as 'n uitdrukking van die prysenswaardige dinge wat te vinde is in die 'swart' kultuur. Sy verwys in haar respons na 'hulle' en kontrasteer dit met haar eie belewing. Sy identifiseer dus met die beeld, maar sien dit nie as haar eie kultuuruitdrukking nie. In haar B-respons toon sy egter 'n groter identifikasie en sluit haarself ook in as sy verwys na die belangrike rol wat 'vroue' oor die algemeen in die Afrika-kultuurkonteks speel.

Vanuit die saamgestelde resultate van die respondente se respons op Beeld 9 en 10 is dit waarneembaar dat die vroue wat aan die studie deelneem, hulleself bevind in 'n dinamiese kultuurkonteks wat waardes en rituele vanuit die Westerse sowel as Afrika-sisteme gebruik en as realiteit beskou. Vroue wat aan die studie deelneem, toon dus elemente van beide 'n lang- en korttermyn-oriëntasie.

6.2.2 Dominante kultuurskrywing op grond van Hofstede se dieptedimensie van kultuur

Vanuit die bogenoemde bespreking van Hofstede se dieptedimensies van kultuur kan die algemene kultuurkonteks van die respondente wat aan die studie deelgeneem het, dominant as volg omskryf word:

Respondente wat aan die studie deelgeneem het, is ingebed in 'n groot magafstand-kultuurkonteks. Beide godsdiens en tegnologie dien onder andere as instrumente vir onsekerheidsvermyding. Die dominante kollektiewe raamwerk waarin deelnemers hulleself bevind, sluit nie die strewe of verkryging van individuele sukses en vooruitgang uit nie. Vroue bevind hulleself in 'n sterk manlik-dominante kultuurraamwerk waarbinne die differensiasie tussen die verskillende geslagte hoog is en daar baie spesifieke geslagsrolle aan die verskillende geslagte toegeken word. Huiswerk en kinderversorging word as dominant-vroulike take beskou. Die kultuurkonteks waarbinne die vroue funksioneer, laat ruimte vir beide tradisioneel Afrika- en Westerse gebruike en waardes. Hoewel die langtermyn-oriëntasie wat deur die Afrika-beeld geïmpliseer word, die sterkste vlak van identifikasie uitlok, is daar 'n bewustheid van die problematiek en tekortkominge van die kultuuringesteldheid.

Die dominante kultuurskrywing van die vroue wat aan die studie deelgeneem het, dien voorts ook as 'n omskrywing van die spesifieke sosiale situasie waarteen die individuele ideologiese profiel, soos dit sigbaar word in simboliese vorme, verstaan moet word. Die dominante kultuurprofiel van die vroue word kollektief die agtergrond waarteen vroue se individuele ideologiese profiele verstaan moet word.

6.2.3 Individuele analise teen die agtergrond van die dominante kultuurraamwerk

Die primêre vraag waarmee die studie omgegaan het, is egter of daar enige ideologiese skuiwe by individue opgemerk kan word na afloop van die interkulturele interaksie. Teen die agtergrond van die dominante kultuurraamwerk wat deur die studie bepaal is, is verder gegaan en is daar 'n resultaatblad vir elke respondent saamgestel wat persoonlike ideologiese voorkeure na die oppervlak gebring het. 'n Ideologiese profiel is dus van elke deelnemer geskep deur elke deelnemer se respons te vergelyk met die dominante kultuurraamwerk. Sien Bylaag G vir hierdie ideologiese resultaatblad van elke deelnemer.

Na afloop van hierdie ideologiese profiel is gepoog om aan te dui hoe respondente se reaksie na afloop van die gesprek verskil het van hulle eerste respons. Hierdie resultaat is verkry na gelang van die interpretasie van elke deelnemer se profiel, wat verkry is uit die navorsingsinstrument soos ontwikkel vanuit Hofstede se dieptedimensies van kultuur. Vir elke deelnemer is daar dan 'n numeriese waarde toegevoeg om 'n aanduiding te gee van die skuiwe wat deelnemers gemaak het na afloop van die gesprek. Die maksimum hoeveelheid skuiwe wat 'n persoon kon maak na afloop van die gesprek, is 10 en die minimum is 0 en die getalle korrespondeer met die aantal fotobeelde wat gebruik is. Skuiwe, soos reeds bespreek, kon impliseer dat die deelnemer radikaal verskillende antwoorde gegee het voor en na afloop van die gesprek, of dat daar bloot 'n groter bewustheid by die deelnemer ontwikkel het oor sake wat uit die interaksie met die teks en ander lesers na die oppervlak gekom het. Die resultaat van elke deelnemer kan gevind word in Bylaag G.¹⁸⁵

6.2.4 Ideologiese navorsingsresultaat

Dit is duidelik na afloop van die data-analise dat daar wel skuiwe by die deelnemers plaasvind na afloop van die interaksie met die teks en ander diverse deelnemers. 'n Beduidende aantal¹⁸⁶ van die deelnemers toon 'n skuiw na afloop van die interkulturele ontmoeting met die teks en ander lesers. Hoewel die skuiwe wat deelnemers maak oor die algemeen nie radikaal van aard is nie, is daar 'n opmerklike 'bewustheid van kompleksiteit' op te merk in deelnemers se respons op die fotobeelde na afloop van die interkulturele gesprek. Deelnemers toon oor die algemeen 'n groter bewustheid

¹⁸⁵ Dit moet egter duidelik gestel word dat hierdie resultaat nie absoluut, verteenwoordigend of staties is nie. Die doel van kwalitatiewe data-analise is om die proses te probeer verduidelik wat in spesifieke individue plaasgevind het binne 'n bepaalde temporele konteks. Die numeriese waarde wat die aantal skuiwe by elke deelnemer uitdruk, dien nie in hierdie studie as 'n kwantitatiewe waarde-oordeel nie. Die diverse deelnemers aan die studie betree die interkulturele gesprek met 'n variërende mate van blootstelling. Die aanvangsposisies van deelnemers is nie gelyk nie en daarom is die hoeveelheid skuiwe wat 'n persoon ondergaan, nie beduidend nie. Die vraag is nie na die hoeveelheid skuiwe nie, maar eerder na die proses wat by elke deelnemer individueel plaasgevind het.

¹⁸⁶ 30 uit die 33 deelnemers (90%) van deelnemers toon 'n skuiw in bewustheid na afloop van die gesprek. Kwalitatiewe dataresultate neig egter weg van die gebruik van numeriese uitdrukkings aangesien kwantiteit nie ter sprake kom nie. "In conversation analysis quantification is usually expressed by adjectival means (commonly, overwhelmingly, regularly, typically, etc.) rather than numerically, as totals, frequency counts or percentages" (Liddicoat 2007:11).

van komplekse ondertone wat in die fotobeelde teenwoordig is. Dit wil dus blyk asof deelnemers ideologies uitgedaag word in die interkulturele gesprek en 'n groter bewustheid toon van die kompleksiteit wat simboliese vorme inhou. Die ontmoeting van die ander in die interkulturele gesprek wat rondom die Bybel plaasvind, lei dus tot groter bewustheid by 'n oorwegende aantal deelnemers.

Hierdie finale resultaat van elke deelnemer word in 'n tabel aangedui wat die resultaat en die demografiese detail van elke deelnemer langs mekaar voorstel. Sien Bylaag H vir hierdie finale resultaat. Die interkulturele ontmoeting wat plaasgevind het tussen die verskillende lesers het in groepsverband geskied. In Bylaag H word die resultate van die vrye-assosiasie skryfoefening egter in individuele formaat weergegee. Ten einde 'n idee te kry van die verandering wat daar plaasgevind het in die onderskeie groepe, word dit getabelleer en die resultaat kan gevind word in Bylaag J. Vanuit hierdie tabel is dit duidelik dat daar in elke groep mense is wat in 'n meerdere of 'n mindere mate geskuif het na afloop van die interkulturele interaksie. Geen demografiese afleiding kan gemaak word vanuit die tabelle in Bylaag J nie. Dit wil dus blyk of die rede vir skuiwe nie demografies verantwoordbaar is nie.

Hoewel hierdie studie nie ten doel het om redes te bied vir die skuiwe wat daar in deelnemers plaasvind nie, kan dit tog sinvol wees om net enkele opmerkings te maak oor die redes vir skuiwe, die mate waarin mense skuif, of die gebrek aan skuiwe.

In 'n teoretiese bespreking van die faktore wat aanleiding gee tot transformasie in die interkulturele gespreksarena, bied Marleen Kool (2004:364) 'n stel voorvereistes wat 'n aanduiding kan wees van die moontlikheid van transformasie.¹⁸⁷ Ten eerste meen sy dat deelnemers se houding teenoor die proses van interkulturele gesprek deurslaggewend is vir die sukses daarvan: "The most important condition for successful intercultural communication is the attitude people have when they enter the process. This attitude can make or break the process..." (Kool 2004:363). Vir interkulturele gesprekke om 'n wenslike gevolg te hê, naamlik dat deelnemers tot 'n ander insig kom of hulle perspektief verruim, is dit nodig dat hulle 'n oop,

¹⁸⁷ Kool se navorsing vorm deel van 'n studie waarin Bybelstudie-groepe van verskillende kultuurkontekste met mekaar in gesprek gebring is om te kyk wat die resultaat is van die interkulturele ontmoeting. Vir 'n volledige bespreking van die studie, asook die resultate daarvan sien: De Wit, H. Jonker, L. C. Kool, M. & Schipani, D (eds.) 2004. *Through the Eyes of Another. Intercultural reading of the Bible*.

ontvanklike houding tot die proses openbaar. Drie faktore dra veral by tot die moontlikheid van verandering by deelnemers, naamlik kennis, motivering en vaardigheid. “Knowledge refers to the awareness of one’s own cultural positiveness, the insight that one must gain knowledge of one’s own cultural positiveness if one is to understand someone else to some degree. Motivation consists of the entirety of feelings, intentions, needs, and factors that move people to participate in this form of intercultural Bible reading. Skill is the capacity to communicate effectively and appropriately with the other...” (Kool 2004:365). Ten slotte verwys Kool na die vermoë om inklusief te dink as voorvereiste vir verandering na gelang van interkulturele gesprek: “Inclusive thinking means that one experiences and approaches another as someone with the same human dreams and longings for a safe, happy and full life” (2004:371).

Dieselfde tendense kan waargeneem word in hierdie studie. Wanneer deelnemers oop en eerlik was en bereid was om te waag in die gesprekke, het hulle ‘n verandering getoon na afloop van die gesprek. Deelnemers wat met sterk vooropgestelde, onbuigbare verwysingsraamwerke na die studie gekom het, het min of weinig verandering getoon.¹⁸⁸ Leerbaarheid is dus ‘n voorvereiste vir verandering.

Deelnemers se ingesteldheid tot die proses en hulle verwagting het ook ‘n groot invloed gehad op hulle persoonlike uitkomst. Die belang van persoonlike voorbereiding met die oog op die interkulturele gesprek is dus van ononderhandelbare waarde. As deelnemers gereed was en met die verwagting gekom het om iets besonders te beleef, het dit in die resultaat sigbaar geword.

Verandering korreleer nie noodwendig met die hoeveelheid insette wat ‘n persoon in die gesprek lewer nie. Deelnemers wat minder gesê het, het dikwels groter skuiwe getoon. ‘n Openheid en bereidheid om te luister was dus ‘n voorvereiste vir verandering.

Heelparty deelnemers het nie ‘n groot aantal skuiwe getoon in die individuele analise nie. Die doel van die studie is egter nie om numeries ‘n waarde-oordeel te maak deur verskillende tellings met mekaar te vergelyk nie. Dit sou onmoontlik wees om dit te

¹⁸⁸ Hierdie gevolgtrekking word gemaak op grond van my posisie as waarnemer tot die proses van interkulturele Bybelinterpretasie wat in die studie ondersoek is. My kennis in die verband word gefundeer uit my persoonlike kennis van die deelnemers.

doen, aangesien die wegspringplek van verskillende deelnemers van mekaar verskil. Sommige deelnemers kom na die gesprek nadat hulle alreeds 'n langer proses van interkulturele gesprek en verandering deurleef het. Vir ander was hierdie gesprek hulle eerste naby ervaring van die 'ander.' Die grootte en aard van die skuiwe wat mense maak, kan dus nie teen mekaar opgeweeg word nie. Die doel van die studie is ook nie om 'n rede te gee vir die verandering wat plaasgevind het in deelnemers nie, maar eerder om te bepaal of deelnemers wel 'n verandering toon vanuit die interkulturele gesprek.

Die probleemstelling wat vanuit die teoretiese raamwerk ten grondslag van die empiriese studie ontwikkel is, vra die vraag na die uitdaging van die individu se ideologiese posisie. Vanuit die probleemstelling¹⁸⁹ lui dit as volg: "Die ideologiese fokus van die studie lê dus op verskillende vlakke. Die neerslag van 'n persoon se ideologiese verstaansraamwerk dien as wegspringplek. In die gesprek word die persoon dan ontmoet deur 'n teks met 'n spesifieke ideologiese basis en met ander mense wat vanuit ander ideologiese raamwerke die gesprek betree. Of, en indien wel, hoe 'n persoon se ideologiese selfverstaan uitgedaag of verander word deur die gesprek, is die fokus van die studie." Vanuit die bestudering en analisering van die data wat ontgin is, is dit duidelik dat deelnemers ideologies uitgedaag word in die interkulturele gesprek. Hoewel deelnemers oor die algemeen nie radikale veranderings ondergaan nie, is daar 'n beduidende groei in bewustheid van die kompleksiteit wat simboliese vorme impliseer. Deelnemers ontwikkel hierdie groei in bewustheid vanuit die interkulturele ontmoeting met die ander en die kultuurverwyderde teks.

In die volgende afdeling van die hoofstuk word die resultate van die gespreksanalise van die interkulturele gesprekke wat in die vier groepe plaasgevind het, beskou. Hierdie interkulturele gesprekke dien, soos reeds genoem, as die agtergrond waarteen bogenoemde ideologiese data gelees en verstaan moet word.

¹⁸⁹ Vir die volledige probleemstelling sien Hoofstuk 4.7.

6.3 Gespreksanalise

6.3.1 Bespreking van prosedure

6.3.1.1 Fisiese gesprekke

Die uitgangspunt van gespreksanalise, soos reeds bespreek, is om 'n analise toe te pas op 'n ware gesprek wat tussen mense plaasvind in 'n spesifieke sosiale konteks. Die gesprekke wat in hierdie studie bespreek word, vind plaas in 'n spesifieke sosiale konteks met persone vanuit verskillende kulturele agtergronde. Deelnemers tree tot die studie toe met die agtergrondinligting wat aan hulle voorgehou is en wat aandui dat dit 'n gesprek is wat handel oor die bespreking van 'n spesifieke Bybelteks. Deelnemers word deur 'n proses van voorbereiding gelei ten einde hulle te bemagtig vir die interkulturele gesprek. Die deelnemers aan die gesprek ken mekaar nie noodwendig nie en dit is vir baie 'n eerste ontmoeting met die ander. Die vier gesprekke is telkens op oudioband opgeneem terwyl notas deur die navorser gemaak is van opmerklieke aspekte van die interaksie.

6.3.1.2 Transkripsie van gesprekke

Hoewel die transkripsie van die gesprekke 'n omslagtige oefening was, is dit deur die navorser self gedoen ten einde 'n beter begrip van die data te ontwikkel.¹⁹⁰ Getranskribeerde gesprekke is volgens die ontwerp van die gespreksanalise tweedehandse data. Die getranskribeerde gesprekke kan nooit die ware gesprek vervang nie aangesien soveel inligting verlore gaan in die interpretasie daarvan.¹⁹¹ Vir navorsingsdoeleindes is daar egter geen alternatief nie en word dit as 'n sinvolle

¹⁹⁰ Ten Have (1999:77) verwys as volg na die noodsaaklikheid van die navorser se deelname in die transkripsieproses: "Therefore, it is generally recommended that an analyst makes his or her own transcriptions. Even if the work is tedious, and just because it is tedious, it gives one a kind of access to the 'lived reality' of the interaction that is not available in any other way. In other words, because, for making a transcription, a researcher is forced to attend to details of the interaction that would escape the ordinary listener, transcription works as a major noticing device."

¹⁹¹ In getranskribeerde gesprekke vind ons 'n verbatim neerslag van 'n gesprek wat die woorde wat deur deelnemers gebruik is, weergee. Liggaamstaal, gebare, nuansering, die respons van ander deelnemers en die invloed van die spasie op deelnemers kan nie in die verbatim interpretasie weergegee word nie en dit gaan dus ongelukkig verlore.

weergawe van die gesprekke wat op die dag tussen die deelnemers plaasgevind het, beskou.

Transkripsie, volgens die teorie van gespreksanalise, is 'n hoogs tegniese oefening met omvangryke praktyke.¹⁹² Tog was 'n verbatim transkripsie vir die doel van hierdie studie genoegsaam. Die verbatim transkripsie van die vier groepe se gesprekke kan gevind word in Bylaag K tot N.

6.3.1.3 Beurt-gespreksanalise

Die resultaat van die beurtanalise van die vier groepe is opgeneem in Bylaag K tot N. Die beurtanalise van die gesprekke vind neerslag in die onderskeie bylae, soos aangedui, as volg:

- a) In die eerste kolom word die verbatim transkripsie van die gesprek opgeneem. Temas wat na die oppervlak kom tydens elke inset van 'n deelnemer, word onderstreep in die transkripsie en weergegee in die laaste kolom waarin die temas uitgelig word. Ten einde die kodering van die verbatimverslag te begryp, kan die volgende standaardtabel gebruik word:

Kleur	Verklaring
Teks	Emosionele respons
Teks	Persoonlike verhaal
Teks	Opmerking tot teksinterpretasie
<i>Teks</i>	Eksplisiete verwysing na 'n ander deelnemer

- b) In die middelkolom word analitiese opmerkings aangaande die gesprek gemaak. Ten eerste word die aantal woorde deur die deelnemer in die gespreksbeurt in beslag geneem, aangedui. Opmerkings word daarnaas gemaak oor die inhoud van die deelnemer se bydrae, asook kontekstuele opmerkings oor hoe die bydrae van die deelnemer aansluit by die voorafgaande of die weg baan vir dít wat daarna sal volg.

¹⁹² Sien in dié verband die werk van Tan Have (1999: 75-98) en Liddicoat (2007: 13-50).

- c) In die laaste kolom word die temas wat in die gespreksbeurt na die oppervlak gekom het, aangedui.

6.3.1.4 Meganiese gespreksanalise

Vanuit die resultaat wat neerslag gevind het in die beurt-gespreksanalise soos dit vervat is in Bylaag K tot N, kon meganiese afleidings van elke gesprek gemaak word. Die meganiese analyses van elke groep word saamgevat in Bylaag P. Die rasionaal agter die tabel wat gebruik is om die meganiese analise sigbaar te maak, sien as volg daaruit: Ten einde 'n visuele beeld te bied wat die uitslae van die ideologiese data met die gespreksanalise vergelyk, is die tabel in rye verdeel wat die mate van verandering op grond van die ideologiese data vergestalt. Deelnemers se posisies is dan op die tabel aangedui na gelang van die ideologiese verandering wat hulle ondergaan het. Die kolomme van die tabel het die gespreksanalise-data weergegee in onder andere: aantal spreekbeurte, aantal woorde gebruik deur elke deelnemer en 'n opmerking oor die mate van deelname deur elke deelnemer. Die deelname van elke deelnemer is bereken deur die aantal gespreksbeurte en aantal woorde met mekaar in verband te bring. Vlakke van deelname is in 'n rangorde gekategoriseer en gekodeer. Ten einde die kodering van die meganiese analise te begryp, kan die volgende standaardtabel gebruik word:

Kleur	Mate van deelname
	Hoogste mate van deelname
	Hoë mate van deelname
	Gemiddelde deelname
	Mindere/Lae deelname
	Laagste mate van deelname

6.3.1.5 Tematiese gespreksanalise

In bylaag Q tot T word vloeiagramme gebruik om elke tema wat ontwikkel het en die deelnemers wat tot die tema bygedra het, sigbaar te maak. Volgens gespreksanalise-praktyk word die opeenvolging van deelnemers nie net aangedui deur die standaardpraktyk van beurtopeenvolging nie, maar volg deelnemers mekaar ook kontekstueel op deur hulle opmerkings te laat aansluit by iets wat reeds gesê is. Die doel van die tematiese analise, soos dit neerslag vind in vloeiagramme, is om die kontekstuele opeenvolging sigbaar te maak. Elke gesprek word na gelang van temas in verskillende dele verdeel. Die persoon wat die gesprek inlei, asook almal wat daarby aanhaak, word dan in die diagram aangedui. Die verskillende temas van die gesprek word op unieke wyse gekodeer en in 'n omskrywende tabel naas die diagram uiteengesit.

6.3.2 Gespreksanalise – resultaatbespreking

Die vraag wat primêr beantwoord moet word vanuit die gespreksanalise, is: Wat is die magstrukture wat geïdentifiseer en geanaliseer kan word in die interkulturele Bybelleesproses? Vanuit die bespreking van Foucault se magsteorie, wat as basis dien vir die hantering van mag in die studie, word die volgende kategorieë vir die bespreking gebruik:

- a) Mag is relasioneel en gesetel in 'n spesifieke sosiale konteks: Die waarneembare magsdinamika word onder hierdie afdeling bespreek. Elke gesprek word as 'n spesifieke sosiale geleentheid beskou en dus afsonderlik bespreek. Dominante deelnemers word geïdentifiseer en binne die sosiale konteks omskryf. Die sosiale

omstandighede waarin sekere deelnemers dominant vertoon, terwyl ander meer op die agtergrond van die gesprek funksioneer, word in oënskou geneem.

- b) Die implikasie van die mag/kennis-verhouding: die besondere kennis of insig wat deelnemers na die gesprek bring, word in die afdeling bespreek.
- c) Waar mag funksioneer, is weerstand sigbaar: die funksionering van weerstand in die gesprek word bespreek.
- d) Positiewe implikasies van magsbeoefening: die laaste afdeling ondersoek die positiewe uitvloeisels wat magsuitoefening vanuit die gesprek moontlik maak.

Al die resultaatafleidings word gemaak vanuit die gesamentlike inligting soos vervat in Bylae K tot W. Die bylae word as deel van die studie aan die leser beskikbaar gestel, aangesien die resultaatbespreking wat volg, nie die laaste woord oor die aangeleentheid is nie. 'n Diversiteit van interpretasies is moontlik vanuit die data en die data kan vir 'n verskeidenheid ander doeleindes aangewend word. Die omskrywing van 'n magsdinamika is verder 'n omvangryke en multidimensionele oefening. Die onderstaande bespreking dien suiwer as verhelderende opmerkings met die oog op die navorsingsvrae wat in hierdie studie aan die orde kom.

6.3.2.1 Gespreksanalise – resultaatbespreking Groep 1

Mag is relasioneel en gesetel in 'n spesifieke sosiale konteks: Die eerste kultureel-diverse groep het mekaar op Saterdag 23 Mei 2009 van 9:00-12:00 ontmoet. Daar was nege groepslede in die groep wat die kriteria verteenwoordig het soos dit deur die navorsingsontwerp bepaal is. Na voltooiing van die tydlynoefening waarin die groepslede onderling openhartig inligting oor hulleself met mekaar gedeel het, en die afhandeling van die proses van ontdekking wat rondom die teks ingerig is, het deelnemers plaasgeneem vir die gesprek. Die gespreksleier (aangedui as Kim in die bylae) het verseker dat almal wat tot die gesprek toegetree het, bewus was van die feit dat almal gelyke geleentheid het tot deelname. Al nege deelnemers het aan die gesprek deelgeneem. Deelnemers se mate van deelname is uiteengesit in Bylaag P. Deelnemer #3 toon die hoogste mate van deelname in terme van die gesprekstyl wat sy in beslag geneem het. Haar bydrae tot die gesprek vind egter primêr plaas in die vorm van twee lang redes, die eerste daarvan redelik in die begin van die gesprek en die tweede reg aan die einde van die gesprek. Tematies omarm deelnemer #3 se bydraes die gesprek. Die temas wat deelnemer #3 in die gesprek aanraak, getuig tot 'n

groot mate van haar sosiale lokasie. Haar demografiese profiel soos vervat in Bylaag E, informeer haar bydraes. Sy getuig vanuit haar posisie as ‘n swart, Xhosasprekende, geskeide vrou wat in die kerk werk, en van haar weerloosheid binne haar bepaalde kulturele konteks. Sy verwoord haar gemarginaliseerde ervaring in terme van haar posisie as vrou (binne ‘n manlik-dominante kultuur), ras (as swart vrou in die teenwoordigheid van wit vroue en die sosiale implikasies wat dit behels), kultuur (waar mans en meerderes die gesag dra) en huwelikstatus (as geskeide wat nou alleen vir die welstand van haar kinders moet sorg, veral in terme van sekondêre onderrig). Hierdie opmerkings van Deelnemer #3 omarm die gesprek en maak haar ‘n dominante figuur in die gesprek. Deelnemer #6 sluit telkens by haar aan en verteenwoordig ‘n jonger stem met ‘n baie soortgelyke demografiese profiel.¹⁹³

Vier deelnemers vertoon prominent in die middelste gedeelte van die gesprek, nl. deelnemers #1, 4, 8 en 9. Hierdie deelnemers ontwikkel bykans ‘n gesprek binne die gesprek. Hoewel dit meestal ‘n ander deelnemer is wat die aanvanklike onderwerp op die tafel sit, word die gesprek hoofsaaklik ontwikkel tussen hierdie vier deelnemers. Opmerklik is die ooreenkoms in demografiese profiel van die vier deelnemers: vier wit vroue, tussen die ouderdom van 38 en 56 jaar, met ‘n tersiêre vlak van onderrig. Hoewel daar ook noemenswaardige verskille tussen die vroue op te merk is, is daar meer eienskappe wat hulle aan mekaar bind as wat hulle van mekaar verwyder. Die verwysingsraamwerke wat die vroue deel, is sprekend in die aard van die gesprek. Die wisselwerking tussen die vroue verleen verder ‘n dinamiese energie aan die gesprek in die sin dat hulle mekaar vinnig opvolg met minimale poses tussen die bydraes. Bydraes deur die deelnemers getuig telkens van hulle sosiale lokasie en hulle

¹⁹³ Hoewel die gesprek tussen deelnemers #3 en 6 nie in die groeps gesprek volledig ontwikkel het nie, vermoed ek dat dit ‘n baie relevante gesprek is en verdere navorsing verdien. Ons sien in die beperkte interaksie tussen die twee deelnemers voorbeelde van verskillende posisies binne ‘n gedeelde kulturele raamwerk. Deelnemer #3, as ouer vrou, verteenwoordig ‘n meer behoudende stem en spreek haar kritiek, maar ook vrese en ang uit in verband met haar kulturele raamwerk. Deelnemer #6 daarteenoor verteenwoordig ‘n jonger stem wat poog om sin uit te maak van die ontmoeting tussen Afrika- en Westerse waardes. Die verwysing na die Model C-skoolkonsep lok reaksie uit van deelnemers #1, 3 en 6. Opmerklik in dié verband is Deelnemer #1 se respons op die beeld van die nasionale vlag (Beeld 5 van die vrye-assosiasie skryfoefening): “We have come so far; yet have so far to go. (Struck by the bitterness regarding model C schools and the feeling of powerlessness surrounding that.)” Hierdie dimensie demonstreer die verskeidenheid van posisies verteenwoordig in die interkulturele gesprek baie duidelik.

beleving van 'n daaglikse werklikheid. Die deelnemers beleef klaarblyklik iets van 'n ervaring van 'gehoor word' of 'na geluister word' en dat hulle bydraes van waarde is. Die dinamiese wisselwerking wat daar tussen die deelnemers ontstaan, getuig van 'n positiewe beleving in die gesprek. Hierdie positiewe ervaring word bevestig deur al vier deelnemers se respons oor hulle ervaring van die magsdinamika in Bylaag W. Drie van die vier deelnemers noem die feit dat hulle geen ervaring van magteloosheid beleef het nie.

Noemenswaardig van die eerste gesprek is twee lang persoonlike verhale wat deur onderskeidelik deelnemers #2 en 5 vertel word. Uit die verhaal wat Deelnemer #2 vertel, ontwikkel daar 'n mate van interaksie. Die uitdaging van die verhaal was dat vroue in die samelewing betrokke moes raak en standpunt moes inneem teen onderdrukking en onreg. Deelnemers #4, 8 en 9 ontwikkel hierdie tema verder. Deelnemer #2 het die ervaring gehad dat gespreksgenote tydens die gesprek werklik geluister het na haar en dit vind neerslag in haar respons soos vervat in Bylaag W. Geen gesprek ontwikkel egter vanuit Deelnemer #5 se verhaal nie. Benewens die feit dat dit 'n baie lang bydrae was en dit byna die indruk geskep het dat die gesprek gekeer word deur die deel van die verhaal, het die gebrek aan reaksie ook vermoedelik iets te make met die sterk emosionele karakter daarvan. Deelnemer #5 het haar persoonlike trauma gedeel as haar poging om wel onreg aan te spreek. Die sterk persoonlike en emosionele aanslag het egter respons daartoe belemmer. Daar vind 'n kort 'herstel' tot die gesprek plaas as die gespreksleier met empatie reageer. Die daaropvolgende deelnemer haak egter nie by enige temas vanuit die verhaal aan nie, maar spring terug na die onderwerp wat deur Deelnemer #3 aangeroei is.

Deelnemer #7 toon die laagste vlak van deelname aan die gesprek. In terme van demografie is sy vermoedelik die mees eiesoortige deelnemer aan die gesprek. Sy is 'n jong, swart, Xhosa-sprekende vrou vanuit 'n Afrika-tradisionele agtergrond. Daar was in die groep nie vir haar voor die hand liggende bondgenote nie.

Ten slotte kan in terme van die dimensie van die magsdinamika die volgende gesê word: Daar was nie een spesifieke persoon wat die gesprek gedomineer het nie. Die strategiese dimensie van mag het eerder sigbaar geword in die dominansie van 'n groep vroue vanuit 'n soortgelyke agtergrond. Daar het tussen die vroue 'n dinamiek ontstaan, omdat hulle met gemak by mekaar kon aansluit en dieselfde taal gepraat het.

Hierdie dominante dinamiek was egter nie uitsluitend nie, maar is eerder opgevang in die omarmende bydrae van 'n deelnemer uit 'n radikaal ander kulturele raamwerk.

b) Mag/kennis-verhoudingsimplikasie: Deelnemer #3 se eiesoortige kennis van haar bepaalde kulturele raamwerk het veroorsaak dat sy met gesag problematiek kon aanroer. Haar besondere kennis het haar in staat gestel om 'n unieke bydrae te lewer. Haar eiesoortige posisie vind 'n besondere neerslag in Bylaag W waarin sy as volg reageer op die vraag oor haar ervaring van die magsdinamika in die gesprek: "It is easy for a white woman to understand, but us black women, yes we understand, but how can we be helped – because even if we come forward, you still go back to your community where this culture/tradition exists and they treat you like you are betraying your culture." Deelnemers #1, 4, 8 en 9 se kennis van 'n bepaalde styl van gesprek het hulle in staat gestel om die dinamiek te domineer in die middel van die gesprek. Die feit dat al vier hierdie deelnemers 'n tersiêre kwalifikasie besit, impliseer dat hulle goed onderleg is in akademiese kennis in hulle eiesoortige rigtings. Hierdie kennis vind vanuit die analise van die gesprek neerslag in die interkulturele gesprek.

c) Waar mag funksioneer, is weerstand sigbaar: Deelnemer #5 annekseer tot 'n mate die gesprek met 'n emosioneel-persoonlike verhaal. Die groep toon weerstand teen hierdie lyn deur nie te reageer of die temas verder te ontgin nie. Deelnemer #7 beperk vermoedelik haar bydrae aangesien sy nie heeltemal gemaklik en tuis voel in die gesprek nie. Sy is kultureel die mees eiesoortige deelnemer aan die gesprek met min moontlikheid tot alliansies. By haar, in teenstelling met die ervaring van die dominante groep, is daar vermoedelik iets van 'n vreemdheidsbeleving, dalk 'n ervaring dat sy nie gehoor sou word nie. Hierdie vermoede word sterk bevestig deur die deelnemer se respons in Bylaag W op die vraag na haar ervaring van die magsdinamika in die groep: "Feeling of powerlessness: Yes, it is my first day to attend and I feel empty sometimes."

d) Positiewe implikasies van magsbeoefening: Die positiewe uitvloeisels van die magsdinamika binne die gesprek is dat dit mense se inherente standpunte uitgedaag het en mense gebring het tot 'n groter bewustheid. Hierdie uitvloeisels is duidelik uit die mate van verandering wat ons by die deelnemers opmerk in respons op die ideologiese toetsingsinstrument en wat onder andere sigbaar word in Bylaag P.

e) Rol van die Bybel in die interkulturele gesprek: Daar is weinig gesprek oor die verhaal/teks self in die eerste gesprek. Deelnemer #9 poog telkens om die gesprek terug te stuur na die teks, maar die groep is eerder daarop ingestel om die relevansie daarvan te bespreek in die lig van die moderne konteks. Deelnemer #9 se refrein van interpretasie, “he did not listen/they did not listen”, bied ‘n sleutel vir die groep tot die interpretasie van die teks. Deelnemers identifiseer sterk met Tamar se weerloosheid en dit bied ‘n aanknopingspunt vir persoonlike verhale wat in die gesprek voorkom.

Die manier waarop deelnemers met die teks omgaan of wat hulle as belangrik ag vanuit die gesprek rakende die Bybelteks, word tot ‘n groot mate geïnformeer deur die klassieke aard van die geloofsgemeenskappe waartoe hulle behoort. Deelnemer #4 wat vanuit ‘n evangeliese tradisie kom, maak sterk aansprake op die waarheid en op die verlossing in Christus. Sy het vervolgens spesifieke opvattinge oor sonde, verlossing, reg/verkeerd en geregtigheid. Deelnemer #8, vanuit ‘n gereformeerde agtergrond, verwys na die kontekstuele aard van Bybelinterpretasie as sy verwys na die Joodse kultuur as verstaansraamwerk vir Paulus se nadenke of Jesus se gedrag. Deelnemer #1 se alternatiewe geloofsbenadering plaas ook haar meer uitdagende opmerkings in perspektief. In haar persoonlike refleksie oor die magsdinamika wat sy beleef het in die gesprek, vervat in Bylaag W, som sy die beleving vanuit haar alternatiewe geloofsbeleving soos volg op: dit het haar nie magteloos gelaat het nie, maar sy het tog gevoel dat sy op plekke moet stilbly ten einde nie ander deelnemers te na te kom nie.

f) Respons van deelnemers in magsdinamika-vraelys: Deelnemers identifiseer Tamar oor die algemeen as iemand wat ‘n brose, magtlose slagoffer is in die verhaal. Die mans word as die magtiges in die verhaal geïdentifiseer en die komplotmatige gedrag van die mans val die deelnemers op. Die feit dat Tamar as magteloos en die mans as deelnemers aan ‘n magtige komplot beskou word, word ook sigbaar in die fisiese verwysings na die teks in die gesprek.

6.3.2.2 Gespreksanalise – resultaatbespreking Groep 2

a) Mag is relasioneel en gesetel in ‘n spesifieke sosiale konteks: Die tweede kultureel-diverse groep het mekaar op Saterdag 23 Mei 2009 van 14:00-17:00 ontmoet. Daar was agt lede in die groep wat die kriteria verteenwoordig het soos dit deur die navorsingsontwerp bepaal is. Na ‘n sinvolle voltooiing van die tydlinoefening, waarin

deelnemers weer die vrymoedigheid getoon het om persoonlike verhale met mekaar te deel, en die afhandeling van die proses van ontdekking wat rondom die teks ingerig is, het deelnemers plaasgeneem vir die gesprek. Die gespreksleier (Kim) het verseker dat almal wat tot die gesprek toegetree het, bewus was van die feit dat almal gelyke geleentheid het tot deelname. Al agt deelnemers het aan die gesprek deelgeneem. Deelnemers se mate van deelname is uiteengesit in Bylaag P.

Die gesprek word deurentyd oorheers deur deelnemers #10, 11, 14 en tot 'n mindere mate #15. Die soortgelyke demografiese profiel van die deelnemers is weereens opmerklik. Die drie mees dominante vroue in die gesprek is wit vroue tussen die ouderdom van 37 en 56, met 'n tersiêre kwalifikasie. Die meganiese analise van die gesprek in Bylaag P bevestig die feit dat die gesprek bykans in 'n tweegesprek tussen deelnemers #10 en 14 ontwikkel. Die rede vir die dominante interaksie tussen die twee deelnemers kan vermoedelik gevind word in die mag/kennis-dinamika wat aan die werk is. Deelnemer #14 is 'n baie sterk leiersfiguur in die gemeenskap en terdê bewus van die problematiek wat die gemeenskap in die gesig staar in terme van onreg, geweld en misbruik van vroue en kinders. Sy kon telkens met gesag temas inlei en bykans oor elke onderwerp sinvolle bydraes lewer. Deelnemer #10 is die sogenaamde 'skilled reader' in die groep en kon met gesag praat oor die teks en die interpretasie daarvan. Die wisselwerking tussen hierdie twee deelnemers en die dinamiek wat ontstaan met die bydraes van Deelnemer #11¹⁹⁴ en 15 het die gesprek gedomineer. Dié deelnemers het duidelik die ervaring gehad dat hulle stem gehoor word en dat hulle menings van belang is. Daar is telkens op insette kommentaar gelewer en dit het die gesprek in 'n nuwe rigting gestuur. Die vier deelnemers praat 'n soortgelyke religieuse taal as gevolg van die feit dat hulle 'n baie gelyksoortige religieuse agtergrond ten grondslag het. Opmerklik is die feit dat die gesprek bykans hoofsaaklik handel oor teksinterpretasie van die gelese Bybelgedeelte en oor hoe daardie interpretasie die sosiale realiteite aanspreek. Die rigting van die gesprek is dus sterk geïnformeer deur die kennisvelde van Deelnemer #10 en 14.

¹⁹⁴ Hoewel Deelnemer #11 dominant was in die gesprek, spreek haar respons op Bylaag W se vraelys oor die beleving van die magsdinamika van 'n ander beleving. Die deelnemer dui aan dat sy magteloos gevoel het om haar eie gebrokenheid en pyn te deel en daarom soms maar eerder net stil gebly het.

Dit is tog opvallend dat nuwe gesprekstemas 'n paar maal ingelei is deur Deelnemer #15. Hoewel sy die jongste deelnemer aan die gesprek is, het sy telkens nuwe moontlikhede in die gesprek ontgin deur nuwe temas in te lei.

Hoewel al die deelnemers tot die gesprek toegetree het, is elke nuwe gesprekstema deur 'n persoon vanuit die dominante groep ingelei. Deelnemers #12 en 13 lewer 'n minimale bydrae tot die gesprek, maar is nie onbetrokke nie. Deelnemer #16 onttrek egter uit die gesprek en lewer net kommentaar as dit eksplisiet van haar verlang word deur die gespreksleier. Dit is duidelik vanuit die gespreksanalise dat deelnemers wat buite die dominante groep geposisioneer is, 'n beperkte bydrae tot die gesprek lewer. Die vermoede bestaan tog dat hierdie deelnemers dalk 'n vreemdheid beleef het of die ervaring gehad het dat hulle nie gehoor word nie of dat die taal wat hulle praat, nie soveel byval vind nie.

Ten slotte kan oor die magsdinamika in die gesprek dus die volgende afleidings gemaak word. Die primêre gesprekstemas word binne die kennisvelde van die twee dominante deelnemers gehou. Dit laat 'n tweegesprek binne die oorkoepelende gesprek ontwikkel wat vermoedelik uitsluitend is en selfs daartoe bydra dat deelnemers hulle aan die gesprek onttrek. Die groep laat egter tot 'n groot mate die tweegesprek toe. Sommige deelnemers vind aanklank by die temas en die taal wat gebruik word en lewer 'n bydrae tot die verruiming van die gesprek. Ander word egter bloot passasiers wat óf eenvoudig meegesleur word óf hulleself onttrek aan die gesprek.

b) Mag/kennis-verhoudingsimplikasie: Soos reeds bespreek, is die mag/kennis-implikasies van deelnemers #10 en 14 duidelik sigbaar in die gesprek. Deur die interaksie wat ontwikkel tussen die twee deelnemers, word die gesprek in 'n bepaalde kenniskader gehou. Deelnemer #10 is 'n 'skilled reader' en haar kennis aangaande die funksionering van die Bybelteks maak haar 'n dominante figuur in die gesprek. Sy bevestig hierdie interpretasie in haar eie nadenke oor die magsdinamika van die gesprek: "I struggled not to dominate the discourse with my own knowledge and opinions. I wanted to take up so many more issues than I did – and I did speak a lot anyway. I find myself dominating and wanting to argue." Deelnemer #15 is 'n prominente gemeenskapsleier wat bewus is van die uitdagings wat die gemeenskap op 'n sosiale vlak in die gesig staar. Haar insette word dus dienooreenkomstig na waarde geskat. Deelnemer #11 is ook iemand wat betrokke is by die sosiale ontwikkeling van

die gemeenskap en kan daarom ook met gesag saampraat. Die agtergrondkennis van die deelnemers vorm die onderbou van hulle dominante posisies in die gesprek.

c) Waar mag funksioneer, is weerstand sigbaar: Deelnemers #12 en 13 toon 'n mate van weerstand deur hulle bydraes tot 'n minimum te beperk. Die opvallendste weerstand wat egter in die groep waargeneem kan word, is Deelnemer #16 se onttrekking aan die gesprek.

d) Positiewe implikasies van magsbeoefening: Die positiewe uitvloeisels van die magsdinamika binne die gesprek is dat dit mense se inherente standpunte uitgedaag het en mense gebring het tot 'n groter bewustheid. Hierdie uitvloeisels is duidelik uit die mate van verandering wat ons by die deelnemers opmerk in hulle respons op die ideologiese toetsingsinstrument en wat onder andere sigbaar word in Bylaag P.

Ook opvallend is die positiewe rigtings waarin Deelnemer #15 se opmerkings die gesprek telkens stuur. Te midde van die feit dat sy die jongste deelnemer tot die gesprek was, het sy telkens nuwe areas in die gesprek ingelei. Sy bevestig hierdie waarneming deur haar persoonlike refleksie in Bylaag W: "Feelings of powerlessness: At the beginning, I felt aware of my age, but I think my personality allowed me to speak openly."

e) Rol van die Bybel in die interkulturele gesprek: Soos reeds uit die gespreksanalise duidelik word, funksioneer die verhaal van Tamar soos dit neerslag vind in die Bybelteks, baie sterk in hierdie gesprek. Deelnemer #10, die 'skilled reader' in die groep, se mag/kennis-beoefening bepaal tot 'n groot mate die omgang met die verhaal in die teks. Die teksbenadering wat die gesprek oorheers, is vraend en ondersoekend van aard. 'n Hermeneutiek van suspisie word op die teks toegepas. Dit lei tot lewendige diskussies. Deelnemers wat gemaklik voel met die styl, het spontaan aan die gesprek deelgeneem. Deelnemers met 'n minder kritiese styl van Bybelinterpretasie, soos deelnemers #12, 13, 16 en 17, onttrek egter soos die gesprek vorder.¹⁹⁵

¹⁹⁵ Die rol wat die gesag van die Bybel vir deelnemers speel, kom in die gesprek na die oppervlak. Deelnemers se siening oor die inherente gesag van die Bybel, en die manier waarop deelnemers gevolglik die teks benader, sou besonder sinvol met verdere navorsing ontgin kon word. Bogenoemde opmerkings in dié verband is al wat hierdie studie bied, maar dit blyk steeds 'n prominente saak te wees in die interkulturele Bybellees proses.

f) Respons van deelnemers om magsdinamika-vraelys: Deelnemers identifiseer Tamar oor die algemeen as 'n brose, magtelose slagoffer in die verhaal. Die mans word as magtiges in die verhaal geïdentifiseer en die komplotmatige gedrag van die mans val die deelnemers op. Hierdie identifikasie van Tamar as magteloos en die mans as deelnemers aan 'n magtige komplot, word ook sigbaar in die fisiese verwysings na die teks in die gesprek.

6.3.2.3 Gespreksanalise – resultaatbespreking Groep 3

a) Mag is relasioneel en gesetel in 'n spesifieke sosiale konteks: Die derde kultureel-diverse groep het mekaar op Saterdag 30 Mei 2009 van 9:00-12:00 ontmoet. Daar was agt groepslede in die groep wat die kriteria verteenwoordig het soos dit deur die navorsingsontwerp bepaal is. Na 'n sinvolle voltooiing van die tydlynoefening, waarin deelnemers weer die vrymoedigheid getoon het om persoonlike verhale met mekaar te deel, en die afhandeling van die proses van ontdekking wat rondom die teks ingerig is, het deelnemers plaasgeneem vir die gesprek. Die gespreksleier (Kim) het verseker dat almal wat tot die gesprek toegetree het, bewus was van die feit dat almal gelyke geleentheid het tot deelname. Slegs sewe van die deelnemers het aan die gesprek deelgeneem. Deelnemers se mate van deelname is uiteengesit in Bylaag P. Deelnemers #22 en 23 was die dominante figure in die gesprek in die sin dat hulle die hoogste hoeveelheid gesprekstyd in beslag geneem het. Wat egter opmerklik van die groep is, is dat daar 'n groter aantal deelnemers is wat bygedra het tot die gesprek met 'n hoë aantal gespreksbeurte. Hoewel Deelnemer #22 die meeste tyd in beslag geneem het en ook die meeste gespreksbeurte gebruik het, word haar insette goed uitgebalanseer deur die breë-spektrumdeelname van deelnemers #20, 21, 23, 24 en 25. Geen enkele deelnemer of alliansie van deelnemers oorheers die gesprek nie. Deelnemer #24 is die 'skilled reader' in die groep, maar bied haar insigte aan ter stimulasie van die gesprek, nie om met haar kennis 'n monopolie te veroorsaak nie. Hoewel die gesprek 'n paar maal terugkeer na die teks, word alledaagse sosiale werklikhede eerder as die hoofarea van gesprek hanteer. Deelnemers neem vrylik deel aangesien daar 'n gemeenskaplike belewing is van onreg, geweld, familiedinamika en die prys van standpunt-inneem teen geweld.

Een van die mees opmerklike dimensies van die gesprek is egter die volledige onttrekking van Deelnemer #19. Hoewel sy waarnemend in die gesprek teenwoordig

bly, neem sy hoegenaamd nie daaraan deel nie. Sy word telkens deur die gespreksleier aangemoedig om deel te neem, maar kies om nie betrokke te raak nie. Opmerklik vanuit die demografiese profiel van die deelnemer is die hoë vlak van tersiêre onderrig. Die deelnemer deel in Bylaag W haar gevoel van magteloosheid in die gesprek: “Feeling of powerlessness: Yes, as someone with a more impersonal and academic interest in the text, it didn’t seem appropriate to change the direction of the discussion away from current personal and social stories.” In lyn met Foucault se mag/kennis-teorie sou die verwagting wees dat die deelnemer die gesprek sou kon oorheers. Weens die spesifieke aard van haar kennis en die algemene gesprekskarakter van die gesprekke het die teendeel egter plaasgevind.

b) Mag/kennis-verhoudingsimplikasie: Deelnemers wat ‘n bydrae kon maak as gevolg van hulle begrip van sosiale problematiek, het sterk gefunksioneer in hierdie spesifieke gesprek. Die mag/kennis-konfigurasie wat hier die botoon gevoer het, was nie akademies of teologies van aard nie, maar eerder sosiaal en relasioneel. Deelnemer #23 se sterk sosiale kennis vanuit haar beroep het aan haar insigte ekstra stukrag verleen. Hoewel Deelnemer #19 ‘n sterk akademiese mag/kennis-profiel het, het dit haar nie veel gebaat in terme van die gesprek nie.

c) Waar mag funksioneer, is weerstand sigbaar: seker die sterkste uitdrukking van weerstand in die hele studie is waarneembaar in hierdie gesprek met Deelnemer #19 se keuse om nie aan die gesprek deel te neem nie. Die algemene rigting wat die gesprek ingeneem het, was meer sosiaal van aard, die deelnemer het nie daarby aanklank gevind nie en het gekies om nie betrokke te raak nie. In stilte sien ons die grootste weerstand teenoor die algemene diskoers.

d) Positiewe implikasies van magsbeoefening: Die positiewe uitvloeisels van die magsdinamika binne die gesprek is dat dit mense se inherente standpunte uitgedaag het en mense gebring het tot ‘n groter bewustheid. Hierdie uitvloeisels is duidelik uit die mate van verandering wat ons by die deelnemers opmerk in respons op die ideologiese toetsingsinstrument en wat onder andere sigbaar word in Bylaag P.

e) Rol van die Bybel in die interkulturele gesprek: Soos reeds genoem, is dit opvallend dat ‘n groot aantal deelnemers deelnemend betrokke bly by die Bybelverhaal. Die manier waarop die verhaal van Tamar gebruik word in die gesprek dra, myns insiens, in ‘n groot mate by tot die hoë mate van betrokkenheid deur die

groepslede. Tamar se verhaal word aangehaal en gebruik as sleutel tot die oopsluit van persoonlike verhale en as die interpretasie van sosiale werklikhede. Deelnemers identifiseer met Tamar of met die omstandighede soos dit in die verhaal geskets word en gebruik die interpretasies om die gesprek te dryf na eie sosiale werklikhede en probleme.

f) Respons van deelnemers op magsdinamika-vraelys: Hoewel die meerderheid deelnemers Tamar beskou as 'n magtelose slagoffer, is dit opmerklik dat beide Deelnemers #20 en 21 aanvoer dat niemand in die verhaal sonder mag is nie, maar dat Tamar dalk net nie toegelaat word om haar mag volledig uit te oefen nie. Dit wil blyk of hierdie interpretasie van die Tamar-gebeure moderne lesers help om te ontdek dat hulle die mag/potensiaal het om omstandighede wat hopeloos lyk, te verander. Dit is veral sigbaar vanuit Deelnemer #21 se respons, "Powerlessness in own life? Ja, maar hoe nader ek aan God kom, hoe 'magtiger' voel ek word ek" en in 'n verdere hoopuitspraak: "Ja, maar ek glo daar is altyd hoop."

6.3.2.4 Gespreksanalise – resultaatbespreking Groep 4

a) Mag is relasioneel en gesetel in 'n spesifieke sosiale konteks: Die vierde kultureel-diverse groep het mekaar op Saterdag 30 Mei 2009 van 14:00-17:00 ontmoet. Daar was agt lede in die groep wat die kriteria verteenwoordig het soos dit deur die navorsingsontwerp bepaal is. Na 'n sinvolle voltooiing van die tydlynoefening, waarin deelnemers weer die vrymoedigheid getoon het om persoonlike verhale met mekaar te deel, en die afhandeling van die proses van ontdekking wat rondom die teks ingerig is, het deelnemers plaasgeneem vir die gesprek. Die gespreksleier (Kim) het verseker dat almal wat tot die gesprek toegetree het, bewus was van die feit dat almal gelyke geleentheid het tot deelname. Slegs sewe van die deelnemers het aan die gesprek deelgeneem. Baie soortgelyke tendense as wat na die oppervlak gekom het in die bespreking van Groep 3 se magsdinamika, is ook aanwesig in Groep 4. Hoewel Deelnemer #28 die meeste tyd in beslag geneem het in die gesprek, asook die grootste aantal gespreksbeurte benut het, was haar posisie nie dominant nie. Daar was weer eens 'n breë spektrum deelname sigbaar waartoe 'n hele aantal deelnemers bydra. Ses uit die agt deelnemers vertoon 'n hoë mate van deelname tot die interkulturele gesprek. Die gesprek sentreer weereens rondom sosiale aangeleenthede en mense se ervaring/belewing van hierdie realiteite stel hulle in staat om sinvol aan die gesprek

deel te neem. Deelnemers #26 en 30 is albei 'skilled readers'. Hulle oorheers egter nie een die gesprek vir akademiese ontginning nie, maar stuur eerder opmerkings aangaande die teks na die sosiale wêreld van die res van die lesers. Tog opmerklik is die verantwoordelikheid wat Deelnemer #30 voel vir die rigting en sukses van die gesprek. In Bylaag W druk sy dit as volg uit: "Feeling of powerlessness: A little, not being able to invite Deelnemer #27 into the discussion – but I suppose that is her choice and that is what the facilitator thought." Deelnemer #26 bied verder 'n sinvolle verduideliking van haar eie posisie in die gesprek wanneer sy noem dat mag in die gesprek uitgeoefen is as: "Not so much power 'over' but power 'along with' others. Together we experienced different responses to the text."

Deelnemer #32 toon die minste mate van deelname naas Deelnemer #27 wat kies om glad nie aan die gesprek deel te neem nie. In refleksie oor haar beleving van die magsdinamika dui sy egter aan dat sy nie bedreig gevoel het as gevolg van haar ouderdom nie: "I felt comfortable and content with most of the exercises and I didn't feel intimidated by anyone, regardless of my age." Hierteenoor kies Deelnemer #27 om nie deel te neem aan die gesprek nie en oefen so weerstand uit.

Opmerklik is die spontane deelname van Deelnemer #31 hoewel sy van 'n totaal verskillende geloofstradisie afkomstig is. Die feit dat die gesprek hoofsaaklik oor die sosiale realiteite gegaan het, het ook vir haar 'n ruimte geskep om deel te wees van die gesprek.

b) Mag/Kennis-verhoudingsimplikasie: Deelnemers wat 'n bydrae kon maak as gevolg van hulle begrip van sosiale problematiek het sterk gefunksioneer in hierdie spesifieke gesprek. Die mag/kennis-konfigurasie wat hier die botoon gevoer het, was nie akademies of teologies van aard nie, maar eerder sosiaal en relasioneel.

c) Waar mag funksioneer, is weerstand sigbaar: Deelnemer #27 kies om nie aan die gesprek deel te neem nie. In haar respons op die vrae in Bylaag W bied sy ook geen verduideliking vir haar keuse om nie deel te neem nie. Haar stilswye is egter 'n uitdrukking van weerstand en dienooreenkomstig in ooreenstemming met Foucault se teorie in dié verband.

d) Positiewe implikasies van magsbeoefening: Die positiewe uitvloeisels van die magsdinamika binne die gesprek is dat dit mense se inherente standpunte uitgedaag het en mense gebring het tot 'n groter bewustheid. Hierdie uitvloeisels blyk duidelik

uit die mate van verandering wat by die deelnemers in respons op die ideologiese toetsingsinstrument opgemerk word en wat onder andere sigbaar word in Bylaag P.

e) Rol van die Bybel in die interkulturele gesprek: Soos reeds genoem, is dit opvallend dat ook in hierdie gesprek 'n groot aantal deelnemers deelnemend betrokke bly by die Bybelverhaal. Die manier waarop die verhaal van Tamar in die gesprek gebruik word, dra, myns insiens, tot 'n groot mate by tot die groepslede se hoë mate van betrokkenheid. Tamar se verhaal word aangehaal en gebruik as sleutel tot die oopsluit van persoonlike verhale en as die interpretasie van sosiale werklikhede. Deelnemers identifiseer met Tamar of met die omstandighede soos dit in die verhaal geskets word en gebruik die interpretasies om die gesprek te lei na eie sosiale werklikhede en probleme.

f) Respons van deelnemers op magsdinamika-vraelys: Deelnemers identifiseer Tamar oor die algemeen as 'n brose, magtelose slagoffer in die verhaal. Die mans word as magtiges in die verhaal geïdentifiseer en die komplotmatige gedrag van die mans val die deelnemers op. Hierdie identifikasie van Tamar as magteloos en die mans as deelnemers aan 'n magtige komplot, word ook sigbaar in die fisiese verwysings na die teks in die gesprek.

6.3.3 Gespreksanalise – Slotopmerkings oor magsdinamika

Die interkulturele gesprekke rondom 2 Samuel 13 is in hierdie studie ingerig om ten eerste te toets of deelnemers se ideologiese verstaansraamwerk uitgedaag of verander word as hulle met ander deelnemers in gesprek tree. Hierdie navorsingsvraag is positief beantwoord deurdat die studie aangetoon het dat 'n beduidende hoeveelheid lesers 'n skuif toon in hul ideologiese posisie na afloop van die gesprek. Die skuif was egter nie radikaal nie, maar die studie toon aan dat deelnemers na afloop van gesprek met die ander 'n groter bewustheid toon van problematieke en die komplekse aard daarvan. Die studie gee dus 'n positiewe antwoord in terme van die eerste navorsingsvraag deur aan te dui dat deelnemers 'n skuif in bewustheid toon na afloop van die interkulturele gesprek.

Die tweede vraag wat in hierdie navorsing ondersoek is, is wat die magstrukture is wat geïdentifiseer en geanaliseer kan word in die interkulturele gesprek. As basis vir die magsbeskouing van die interkulturele gesprek is Foucault se magsteorie aangewend. Die voorafgaande bespreking het die magsdinamika in die gesprekke

ondersoek volgens Foucault se magsteorie. Vanuit die dieptebespreking van die vier gesprekke kan die volgende algemene opmerkings gemaak word:

Elke gesprek het 'n eiesoortige dinamika gehad, toegeskryf aan die deelnemers wat in die groep opgeneem is. Hoewel die kriteria vir elke groep konstant was, was die veranderlikes van die deelnemers in terme van persoonlikheid, kommunikasiestyl en religieuse verwysingsraamwerk, om slegs enkele voorbeelde te noem, radikaal verskillend. Die dinamika van die groep is bepaal deur die deelnemers wat tot die groep behoort het.

In elke gesprek waar daar dominante individue/alliansies/diskoerse is, is hierdie dominansie ontwikkel vanuit die groep en moes dit ook in daardie lig geïnterpreteer word. Veralgemenende stellings oor dominante individue val buite die magsteorie wat in hierdie studie gebruik word. Dominansie word verklaar vanuit die dinamika in die groep. Dit wat in die groep gebeur, word deur die groep toegelaat. Waar daar egter mag uitgeoefen word, bestaan daar die moontlikheid dat weerstand uitgeoefen sal word. Dit word sigbaar in die onttrekking van sekere deelnemers en selfs die volledige stilswye van ander.

Die bydrae van deelnemers is tot 'n groot mate geïnformeer vanuit hulle sosiale lokasie. Die sake waarvoor deelnemers sou praat en die onderwerpe wat deur deelnemers aangeroei is, is bepaal deur hulle sosiale konteks.

Onderlinge alliansies tussen deelnemers ontstaan na gelang van die mate waarin gemeenskaplikheid bestaan en onderling herken word. Dit blyk dat dié betrokke individue dan in die gesprek bemagtig word en dit daartoe kan lei dat ander gespreksdeelnemers uitgesluit word. Hierdie alliansies is voorspelbaar in die lig van Foucault se magsteorie. Hy meen immers dat mag strategies verbind ten einde meer mag te bekom. Vanuit die eerste twee gesprekke is hierdie alliansies duidelik, asook die invloed wat dit op die dinamika van die interkulturele gesprek het. In die eerste twee gesprekke ontwikkel daar telkens gesprekke binne gesprekke. Lede wat deel vorm van so 'n alliansie, dra gemaklik by tot die gesprek, terwyl ander op die periferie bly. In hulle stilswye bied laasgenoemdes weerstand teen die dominansie van die alliansie. Die gesprek verloor 'n dieptegang as deelnemers onttrek.

Deelnemers se religieuse stylonderbou beïnvloed die manier waarop hulle by die gesprek betrokke raak. Dit veroorsaak dat die gesprek dikwels nie so maklik vlot nie,

aangesien deelnemers mekaar nie goed hoor/begryp nie. Alliansies word versterk en bekragtig omdat deelnemers die gevoel het dat hulle gehoor en verstaan word en dat hulle stem belangrik is. Daar ontwikkel dus 'n dinamiese energie tussen die deelnemers, wat moontlik uitsluitend is van ander.

Die invloed van mag/kennis-konstruksies is van kardinale belang vir die verstaan van die dinamika van interkulturele gesprekke. In die tweede gesprek het 'n tweegesprek ontwikkel te midde van die groter gesprek, omdat die twee deelnemers wat daarby betrokke was 'n sterk mag/kennis-profiel gehad het. Die gespreksonderwerp is deur die twee deelnemers in 'n spesifieke kader gehou wat ander uitgeskakel het. In die laaste twee gesprekke is die onderwerpe vir gesprek so ontwikkel dat meer deelnemers tot die gesprek kon toetree. Die teks het in die laaste twee gesprekke gedien as 'n weg na die moderne sosiale konteks. Aangesien al die deelnemers 'n ervaring het van die hedendaagse sosiale realiteite, het dit 'n groter groepsgesprek tot gevolg gehad.

Die teenwoordigheid van 'skilled readers' in elke groep het 'n interessante dinamika aan die gesprekke verleen. Die rol wat die lesers in die groep gespeel het, het weer eens afgehang van die groep waartoe die leser behoort het. Vanuit die navorsing wil dit blyk asof die aanwesigheid van 'skilled readers' in 'n groep die dinamika op een van twee maniere kan beïnvloed: Ten eerste kan 'n 'skilled reader' die mag/kennis dinamika so gebruik dat dit die rigting van die gesprek bepaal. Die gesprek bly, met ander woorde, binne die bespreking van die teks of Bybelwetenskaplike kaders en minder-geskoolde deelnemers word daardeur vervreem. Die tweede moontlikheid is goed geïllustreer in die laaste gesprek waar een van die 'skilled readers' die gevoel gehad het dat sy mede-verantwoordelik is vir die 'sukses' van die gesprek en dit daartoe bygedra het dat die temas in die gesprek so hanteer is dat soveel as moontlik mense aan die gesprek kon deelneem. Die 'skilled reader' se persoonlike verstaan van haar rol binne die gesprek het vermoedelik 'n groot invloed gehad op hoe sy dit voltrek het in die gesprek.

Hoewel die uitgangspunt van die interkulturele gesprek die diversiteit van die deelnemers is, is dit tog opmerklik dat 'n groot mate van diversiteit mense soms geïsoleerd gelaat het. Dit het veral na die oppervlak gekom vanuit die opmerkings van deelnemers wat 'n groter weerstand in die gesprek getoon het. Alliansies is

onafwendbaar in gesprek, maar dit is juis die krag van hierdie alliansies wat die diepte van die interkulturele gesprek kan strem.

6.4 Samevatting

Met die uiteensetting van die resultate soos dit neerslag vind in hierdie hoofstuk, word die empiriese deel van die studie afgesluit. Thomson se voorgestelde proses van diepte-hermeneutiek is deurloop en die resultaat soos dit daaruit sien in die hoofstuk, bied 'n herinterpretasie van die ideologiese data wat aanvanklik ontgin is in 'n bepaalde sosiale konteks. Ten tweede is die proses van gespreksanalise sinvol deurloop en deurdagte gevolgtrekkings gemaak uit die getranskribeerde gesprekke van die vier groepe. In die laaste gevolgtrekkende hoofstuk van die studie word die proses wat deurloop is, oorsigtelik beskou, algemene gevolgtrekkings word vir die studie gemaak en areas vir verdere ontginning word geïdentifiseer.

AFDELING D

Hoofstuk 7

Gevolgtrekking

7.1 Inleiding

Die metafoor wat gebruik is met die aanvang van hierdie studie om die ontstaan daarvan te omskryf (in Hoofstuk 1), was die interseksie van stories. 'n Aantal stories is omskryf waaruit hierdie studie as't ware ontspring het. Die hoop op die ontwikkeling van 'n nuwe storie is ook in die eerste hoofstuk uitgespreek. Hoewel verskillende momente van die verhaal van die studie alreeds vertel is in die afgehandelde hoofstukke, bied hierdie gevolgtrekkende hoofstuk aan my die geleentheid om die afsonderlike momente met mekaar in gesprek te bring. Dit is nie my oogmerk in hierdie slothoofstuk om weer al die lyne van die gesprek breedvoerig te behandel nie. Ek sou eerder deurslaggewende momente van die studie wou bespreek en opmerklike verbande wou uitwys.

7.2 Die ontwikkeling van die probleemstelling

Hoewel die algemene area van studie in Hoofstuk 1 bespreek is en die strategie vir die navorsing uiteengesit is, is die amptelike probleemstelling eers in Hoofstuk 4 finaal omskryf. Die rede vir hierdie uiteensetting is as gevolg van die besondere ontwikkeling wat die probleemstelling ten grondslag lê. In Hoofstuk 2 is die hermeneutiese raamwerk van die studie omskryf. Feminisme en Afrika-hermeneutiek lê die fondament vir die ontwikkeling van die probleemstelling. Die Feminisme beklemtoon die eiesoortige en unieke stem van die individu wat ontspring vanuit die belewing van 'n bepaalde sosiale konteks. Afrika-hermeneutiek bied in die aandrag op die kommunale spasie 'n ruimte waarbinne individuele stemme tot hulle reg kan kom. Die metafoor van omhelsing soos Volf (1996:141-145) dit uiteensit, aangevul deur die uitdaging van gasvryheid wat Vosloo (2004:71) beskryf, het gedien ter beskrywing van die aard van hierdie kommunale ruimte waarin diverse stemme tot hulle reg kom.

Die interkulturele ruimte het in die lig van bogenoemde kriteria ontwikkel tot die teoretiese spasie waarbinne individue, vanuit diverse kulturele agtergronde en met 'n

spesifieke realiteitsbeleving, tot hulle reg kon kom in die kommunale. Beide die uitgangspunte van Feminisme en 'n Afrika-hermeneutiese raamwerk word in die teoretiese spasie geakkommodeer.

In hierdie studie is die teoretiese interkulturele ruimte egter geïdentifiseer deur te vra na die funksionering van mag en ideologie in 'n konkrete vergestaltung van die teoretiese ruimte. Drie sleutel terme is geïdentifiseer en in Hoofstuk 3 van hierdie studie omskryf. Ten eerste impliseer die interkulturele aard van die studie 'n duidelike, werkbare kultuurdefinisie. Die dinamies-dialogiese kultuurdefinisie van Geert Hofstede is in die studie aangewend. Hofstede (2001:9) omskryf kultuur as volg: "I treat culture as the collective programming of the mind that distinguishes the members of one group or category of people from another" en ontwikkel sy teorie na gelang van vyf dieptedimensies van kultuur wat in kontinuum by alle kultuurgroepe waarneembaar is. Kultuur is volgens Hofstede dus nie 'n konstante of statiese konstruksie, maar eerder 'n dialogiese profiel wat dinamies van aard is.

Twee verdere konsepte is omskryf soos dit genoodsaak is vanuit die algemene aard van hierdie studie, naamlik, die konsep van ideologie en daarnaas mag. Ideologie word in die studie hanteer na gelang van die definisie van Thomson wat dit soos volg omskryf: "(T)o study ideology is to study the ways in which meaning (signification) serves to sustain relations of domination" (1984:131). Vanuit hierdie definisie kon enkele afleidings gemaak word. Ten eerste impliseer die studie van ideologie die studie van woorde (as uitdrukking van betekenis) soos dit aangewend word in 'n bepaalde sosiale konteks. Ten tweede impliseer die aanwending van woorde in 'n bepaalde sosiale konteks 'n sekere magsuitvloei. Ten derde word ideologie, as gevolg van die kontekstuele aard daarvan, in verhouding met kultuur omskryf. Ideologie ontspring dus vanuit 'n bepaalde kulturele raamwerk en vind neerslag in woorde met bepaalde magsimplikasies. Die studie van ideologie impliseer dus die studie van woorde, wat gebruik word om betekenis uit te druk, in 'n spesifieke sosiale konteks.

Die derde verbandhoudende konsep wat ontgin is, is dié van mag. Mag word in hierdie studie hanteer aan die hand van Foucault se magsteorie. Mag is volgens Foucault relasioneel en strategies en funksioneer in 'n bepaalde sosiale konteks.

Die mag- en ideologiedefinisies wat hierdie studie aangeneem het, was dinamies en kontekstueel genoeg om sin te maak van die interkulturele gespreksruimte en die dinamika wat die ruimte impliseer. Vanuit die onderbou van hierdie definisies en die wisselwerking daarvan met die hermeneutiese raamwerk, kon 'n sinvolle navorsingsontwerp ontwikkel, toegepas word en geanaliseer word.

7.3 Bespreking van die resultate

7.3.1 Teksinterpretasie

In Hoofstuk 3 van die studie is 'n multidimensionele eksegetiese strategie beskryf en toegepas op die narratiewe teks, 2 Samuel 13:1-22, wat in die sentrum van hierdie studie staan. In dié hoofstuk is drie verskillende strategieë van interpretasie bestudeer. Die interpretasie van algemene kommentare oor die teks is in die eerste plek bespreek. Dit het geblyk vanuit die bespreking van hierdie kommentare dat, in ooreenstemming met die ideologiese bedoeling van die teks, Tamar primêr gesien word as 'n gebeurtenis en nie as 'n persoon nie. Tamar se verhaal vorm volgens hierdie interpretasie bloot 'n onderafdeling van 'n groter, belangriker verhaal oor die Koningshuis van Dawid en oor wie waardig sou wees om hom op te volg as die koning van Israel. Volgens hierdie interpretasie is die verhaal 'n onderafdeling van Absalom se verhaal, wat weer op sy beurt 'n onderafdeling van Dawid se verhaal vorm. Hierdie is 'n besonder geldige interpretasie, aangesien verskeie faktore in die opbou van die narratiewe eenheid dit beklemtoon en die ideologies-kritiese analise ook hierdie ideologiese neerslag bevestig.

Twee ander posisies van interpretasie is ook bespreek. Vanuit beide die Feminisme en Afrika-hemeneutiek was dit opmerklik dat die teks telkens benader is uit die unieke lewensomstandighede van die leser/s. Lesings teen die grein ontwikkel vanuit beide hierdie posisies en die stem van Tamar word op dié manier gehoor in die eietydse konteks van die leser.

Ten slotte in Hoofstuk 3 is verwys na die merkwaardig interpretasie van hoop soos dit neerslag vind in die werk van Denise Ackermann (2001:1-33). Sy lees ook die teks vanuit haar spesifieke sosiale lokasie, maar met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse realiteite van geweld en HIV/Vigs. Sy vind in Tamar se gedrag 'n model vir die beoefening van hoop te midde van uitdagende omstandighede.

Vanuit die vroue wat aan hierdie studie deelgeneem het se persoonlike reaksie op die teks (Bylaag W) en hulle kommunale interpretasie soos dit neerslag gevind het in die gespreksanalises (Bylae K-N) is 'n analise gedoen waarvan die neerslag sigbaar is in Bylaag U. Hierdie bylaag bring die empiriese data in verband met die eksegetiese bespreking soos dit in Hoofstuk 3 vervat is.

Ter opsomming kan die volgende tendense vanuit die vroue se interpretasie afgelei word:¹⁹⁶

Vroue spreek telkens hulle verbasing uit oor die feit dat dit 'n antieke teks is wat ten opsigte van tyd en afstand ver van hulle verwyder is. Hierdie reaksie vloei moontlik uit hulle beleving dat die verhaal so eietydse en relevant is. Die verhaal eggo hulle eie ervarings sowel as hulle beleving van die sosiale konteks waarbinne hulle beweeg. Die vroue beleef die verhaal as relevant en dit gee aanleiding tot die primêr sosiale interpretasie wat by die vroue opgemerk kan word. Die interpretasieproses word telkens in die vier groepe gekenmerk as 'n tweegesprek tussen die omstandighede van die teks en die sosiale konteks van die deelnemers. Deelnemers vind die herkenning van hulle eie omstandighede merkwaardig en vra waarom die teks nie meer gereeld gebruik word in die kerklike tradisie nie.

Die vroue toon 'n bewustheid van die manlike stem wat die verhaal vertel en vra kritiese vrae om die stem van hierdie verteller bloot te stel. Dit is vir die vroue duidelik dat dit 'n manlik-gedomineerde teks is en dat die verhaal van Tamar bloot ingebed is in 'n verhaal wat deur manlike intriges oorheers word. Die deelnemers toon egter hulle verbasing met die feit dat die teks in die Bybel opgeneem is en dat haar stem deur die samestellers toegelaat is om voort te bestaan.

In terme van die narratief bespreek deelnemers hoofsaaklik die gedrag van die karakters. Amnon word beskou as 'n man wat deur sy eie begeertes voortgedryf word en wat selfsugtig geen ontsag vir 'n ander het nie. Tamar word as die onskuldige slagoffer beskou wat deur die manlike sisteem waarbinne sy funksioneer, verrai is. Haar reaksie aan die einde van die verhaal word as dapper beskou, maar deelnemers wonder hoe dit moontlik is dat sy nie uit die staanspoor onraad vermoed het nie.

¹⁹⁶ Ek bied slegs 'n algemene bespreking van die tendense wat opmerkbaar is vanuit die vroue se interpretasies. Vir 'n meer spesifieke bespreking van elke groep kan Bylae U beskou word of die gespreksanalise soos vervat in Bylaag K-N.

Sommige hou haar onskuld voor as rede en ander meen die feit dat Amnon haar (half)broer was, die situasie onvoorstelbaar gemaak het. Wat opmerklik was, was die baie kritiese interpretasie van Jonadab. Een van die groepe gaan selfs so ver as om te sê dat Jonadab 'n deurslaggewende rol gespeel het. Sy ondermynende raad en bystand aan Amnon word in 'n besondere kritiese en negatiewe lig beskou. Ook Dawid se gebrek aan reaksie aan die einde van die verhaal word negatief beoordeel. Absalom se wraakgierige gedrag word as verstaanbaar beskou in die lig van die trauma wat Tamar aangedoen is, maar deelnemers meen dat die hele situasie vermy kon gewees het as die familiesisteem nie vir Tamar in die steek gelaat het nie. Deelnemers merk die ongenoemde karakters in die verhaal op, naamlik Tamar se moeder of susters. Hulle beskou die gebrek aan vroulike karakters in die verhaal as aanduidend van die dominante manlike perspektief waaruit die verhaal vertel word. Die gebrek aan ingrype deur enige van die karakters in die verhaal word deur die deelnemers as skokkend beskryf.

Die bespreking van die narratiewe dimensie van die teks en in besonder die gedrag van die karakters veroorsaak dat deelnemers soortgelyke situasies in hulle eie omstandighede raaksien en beskryf. Sommige deelnemers toon 'n baie sterk identifikasie met Dawid en Absalom en hul oënskynlike onvermoë om sinvol op Tamar se vernedering te reageer. Deelnemers meen dat daar dikwels dinge is wat gebeur wat van onreg getuig en hoewel hulle daarvoor kwaad raak, doen hulle niks om die situasie te beredder nie. Die prys wat optrede teenoor onreg kos, is dikwels hoog en deelnemers getuig van hulle persoonlike ervaring in dié verband. Die deel van persoonlike verhale en ervarings is opvallend in reaksie op die verhaal van Tamar en ontwikkel vermoedelik vanuit die identifikasie van ooreenkomste tussen die teks en vroue se eie beleving van sosiale realiteite.

Die refrein wat in die Bybelverhaal opgemerk word, naamlik die woorde 'nie na haar geluister nie', word 'n belangrike interpretasie-instrument - veral in Groep 1 se lesing van die teks. Hulle meen dat dit dikwels steeds die geval is dat vroue stilgemaak word en dat hulle verhale uitgedoof word.

Ter opsomming wil dit dus blyk asof vroue die verhaal benader vanuit die ervaring van hulle persoonlike realiteite. Die vroue identifiseer met die verhaal van Tamar en dit stel hulle in staat om hulle eie verhale te vertel of om met hoop te reageer. Van die vrou meen dat die omstandighede baie verander het van Tamar se tyd af en dat dit nou

moontlik is vir vroue om hulleself te bemagtig. Hoewel daar enkele stemme van hoop is, is dit nie die oorwegende gevoel nie aangesien 'n beduidende hoeveelheid vroue steeds onderdrukkende realiteite beleef in hulle eie sosiale/kulturele kontekste. Die interkulturele gesprek het egter 'n ruimte gebied waarin die vroue hulle verhale kon deel.

Dit wil dus blyk of die vroue, in ooreenstemming met die uitgangspunte van die Feminisme en Afrika-hermeneutiek, die teks benader vanuit hulle persoonlike lewensomstandighede en of daar 'n kreatiewe wisselwerking ontwikkel tussen die teks en die konteks van die leser. Sommige vroue lees teen die grein van die teks in deur 'n basiese hermeneutiek van suspisie toe te pas. Enkele vroue is egter huiwerig om so krities met die Bybelteks om te gaan. Die rede vir die huiwering hou verband met vroue se skrifbeskouing en hulle konsep van die gesag van die Skrif. Die verband tussen teksgebruik en gesagsbeskouing van die Bybelteks kan 'n besonder sinvolle area van verdere studie wees.

7.3.2 Ideologiese analise

Ter opsomming word bondig verwys na die resultaat van die ideologiese analise van die teks waarna enkele gevolgtrekkende opmerkings gemaak word.

Beide mag en ideologie kom tot uitdrukking in die gebruik van simboliese vorme in 'n spesifieke sosiale konteks. In 'n poging om sin te maak van simboliese vorme wat 'n uitdrukking bied aan die ideologiese in die interkulturele gesprek, is 'n navorsingsinstrument ingespan wat ontwikkel is met die oog op die analise van die data wat in die studie versamel is.

Vanuit 'n analise van die data is dit in die eerste plek moontlik om 'n algemene kultuurdefinisie daar te stel wat geld vir die vroue wat aan die studie deelgeneem het. Hierdie algemene kultuurdefinisie bied die agtergrond waarteen deelnemers se persoonlike ideologiese profiel verstaan moet word. Die algemene kultuurkonteks van die respondente wat aan die studie deelgeneem het, kan soos volg omskryf word: Respondente wat aan die studie deelgeneem het, is ingebed in 'n groot magafstand-kultuurkonteks. Beide godsdiens en tegnologie dien onder andere as instrumente vir onsekerheidsvermyding. Die dominante kollektiewe raamwerk waarin deelnemers hulleself bevind, sluit nie die strewe of verkryging van individuele sukses en vooruitgang uit nie. Vroue bevind hulleself in 'n sterk manlike kultuurraamwerk

waarbinne die differensiasie tussen die verskillende geslagte hoog is en daar baie spesifieke geslagsrolle aan die verskillende geslagte toegeken word. Huiswerk en kinderversorging word as oorwegend vroulike take beskou. Die kultuurkonteks waarbinne die vrou funksioneer, laat ruimte vir beide tradisioneel Afrika- en Westerse gebruike en waardes. Hoewel die langtermyn-oriëntasie wat deur die Afrika-beeld geïmpliseer word, die sterkste vlak van identifikasie uitlok, is daar 'n bewustheid van die problematiek en tekortkominge van die kultuur-ingesteldheid.

Die primêre vraag waarmee in die studie omgegaan is, was egter die skuif of gebrek daaraan wat by die individue opgemerk word na afloop van die interaksie met die Bybelteks en die ander diverse deelnemers. 'n Beduidende getal van die deelnemers toon 'n skuif na afloop van die interkulturele ontmoeting met die teks en ander lesers. Hoewel die skuiwe wat deelnemers maak, oor die algemeen nie radikaal van aard is nie, is daar 'n opmerklieke 'bewustheid van kompleksiteit' opgemerk in deelnemers se respons op die fotobeelde na afloop van die interkulturele gesprek.

Die gevolgtrekking vanuit die data-analise is dus dat die deelnemers aan die interkulturele gesprek 'n ontmoeting beleef het met die 'ander' en vanuit hierdie ontmoeting 'n groter bewustheid toon van die kompleksiteit van simboliese vorme. Interkulturele gesprek is dus 'n instrument wat sinvol gebruik kan word ten einde 'n groter bewustheid van sosiale problematiek by individuele deelnemers te kweek. Die ontdekking van die ander en die unieke lewensomstandighede van die ander veroorsaak by deelnemers 'n groter bewustheid van hulle eie posisies, veral as daardie posisie een van voordeel/gemak/gerief is. Interkulturele gesprek is dus 'n sinvolle instrument vir die kweek van groter sosiale bewustheid.

7.3.3 Funksionering van die magsdinamika

Die tweede vraag wat in die navorsing aan die orde kom, is wat die magstrukture is wat geïdentifiseer en geanaliseer kan word in die interkulturele gesprek. As basis vir die magsbeskouing van die interkulturele gesprek is Foucault se magsteorie aangewend. Geen veralgemenende afleidings kan gemaak word vanuit die gesprekke soos dit plaasgevind het in spesifieke groepe nie. Elke gesprek het 'n eiesoortige dinamika na gelang van die deelnemers wat in die groep opgeneem is. Hoewel die kriteria vir elke groep konstant was, is die veranderlikes tussen deelnemers in terme van persoonlikheid, kommunikasiestyl en religieuse verwysingsraamwerk, om slegs

enkele voorbeelde te noem, radikaal verskillend. Die dinamika van die groep is bepaal deur die deelnemers wat tot die groep behoort het.

In elke gesprek was daar dominante individue/alliansies/diskoerse. Hierdie dominansie ontwikkel vanuit die groep en moet ook in daardie lig geïnterpreteer word. Veralgemene stellings oor dominante individue val buite die magsteorie wat in hierdie studie gebruik word. Dominansie word verklaar vanuit die dinamika in die groep. Waar daar egter mag uitgeoefen word, is daar die moontlikheid vir weerstand. Dit word sigbaar in die onttrekking van sekere deelnemers en selfs die volledige stilswye van ander.

Die gevolgtrekking vanuit die gespreksanalise is dus dat interkulturele gesprek nie die funksionering van 'n magdinamika kan vryspring nie. Mag funksioneer in sosiale kontekste en die vorming van alliansies is onafwendbaar. Alliansies word hoofsaaklik gevorm as gevolg van 'n onderlinge ervaring van gemeenskaplikheid tussen individuele deelnemers. Deelnemers wat in alliansies betrokke raak, het die ervaring dat hulle stem gehoor word en dit veroorsaak dinamiese energie wat deelname tot die gesprek verhoog. Buitestaanders tot alliansies voel dikwels geïsoleerd en dit kan daartoe bydrae dat die deelnemers weerstand toon deur gedeeltelik of volkome aan die gesprek te onttrek.

Met die oog op die inrig van interkulturele gesprek blyk dit dus belangrik om nie net die diversiteit van deelnemers as kriteria voorop te stel nie, maar om ook bewus te wees van die gemeenskaplikheid wat daar tussen deelnemers bestaan en die moontlikheid van uitsluitende alliansies wat dit kan inhou. Radikaal diverse individue verloor maklik hulle stem in die interkulturele gesprek as hulle opinies/leefwêreld te ver verwyderd is van die gemiddeld ervaringsrealiteit wat in die groep vergestalt word.

Hoewel die positiewe waarde van die interkulturele gesprek dus deur die studie bevestig word, bly dit 'n komplekse ruimte waarbinne gewone mense in interaksie met mekaar kom. Hierdie ruimte is dus ook blootgestel aan die komplekse funksionering van mag in 'n relasionele sisteem. Die moontlikheid van dominasie en uitsluiting bly dus ook in hierdie ruimte 'n werklikheid wat in berekening gebring moet word.

Die interkulturele gesprek soos dit prakties daaruit sien, is 'n besonder kreatiewe ruimte waarin diverse individue kan tuis kom. Die funksionering van die groep moet egter herhaaldelik geëvalueer word ten einde te verseker dat dominante en uitsluitende magsdiskoerse nie oorheers nie. Ook die ruimte van interkulturele gesprek moet telkens met suspisie bejeën word ten einde die konkrete funksionering daarvan in lyn te bring met die teoretiese besinning.

7.4 Implikasies vir die interkulturele Bybellees-proses

Dit is 'n algemene gevolgtrekking van hierdie studie in die lig van die analise van die empiriese data dat die interkulturele gespreksruimte, wat teoreties deur beide Feminisme en Afrika-hermeneutiek onderskryf word, 'n sinvolle kommunale ruimte is waarin die stem van die individu tot sy/haar reg kom. Individue word verder ideologies uitgedaag in hierdie ruimte en toon 'n groter bewustheid van die komplekse aard van simboliese vorme in 'n spesifieke sosiale konteks. Die sosiale bewussyn van deelnemers aan die interkulturele gesprek word beïnvloed deur die ontmoeting met die kultureel-verwyderde ander en die kultureel-verwyderde Bybelteks.

Die interkulturele gesprek is egter 'n komplekse ruimte in die sin dat daar altyd 'n bepaalde magsdinamika funksioneer binne die gesprek. Hierdie dinamika kan nie voorspel word nie aangesien dit bepaal word deur die deelnemers aan die spesifieke gesprek.

Die diversiteit van deelnemers is nie die enigste faktor wat 'n sinvolle interkulturele gesprek verseker nie. Die gemeenskaplikheid van deelnemers en die moontlikheid van dominante alliansies wat dit inhou, moet ook in berekening gebring word in die opstel van interkulturele gespreksituasies. Hoewel diversiteit belangrik is, kan die ekstreme aanwending daarvan maklik lei tot die vervreemding van radikaal-diverse deelnemers.

Interkulturele gesprek is dus 'n besondere sinvolle ruimte waarbinne sosiale transformasie gefasiliteer kan word, maar dit bly 'n komplekse dinamiese ruimte waarin diverse individue mekaar ontmoet. Die sukses van die gesprek kan deels bepaal word deur sinvolle groepsamestelling, maar ten slotte bly die gesindheid waarmee individue die gesprek benader, van deurslaggewende belang.

Die praktyk van interkulturele gesprek wat ingerig word met die oog op Bybelinterpretasie moet telkens krities met suspisie bejeën word ten einde dominansie en uitsluiting te voorkom en om die praktyk te versoen met die teorie.

7.5 Areas vir verdere studie

Met die afronding van hierdie studie het daar by my die bewustheid ontstaan dat daar 'n oneindige hoeveelheid onbeantwoorde vrae steeds tussen die lyne van die argument funksioneer. Hierdie studie poog op geen manier om die laaste woord oor die praktyk van interkulturele Bybellees te wees nie. Areas wat myns insiens sinvol verder ondersoek sou kon word is onder andere die volgende:

- a) Die manier waarop Bybelleesers die gesag van die Skrif verstaan, het 'n radikale invloed op die manier waarop die Bybelteks gelees, geïnterpreteer en aangewend word. Dit sou besonder sinvol wees om gesprekke tussen Bybelleesers op te stel wat vanuit verskillende gesagsposisie oor die Bybel dink. In die lig van talle moderne debatte oor kontroversiële aangeleenthede is dit duidelik dat hierdie area van studie nog baie ruimte bied vir ontginning.
- b) Vanuit die onderwerp van die Tamar-tek sou dit besonder sinvol wees om mans en vroue met mekaar in interaksie te bring in 'n interkulturele Bybellees-proses. Die vroue wat aan die gesprekke deelgeneem het, het met redelike vrymoedigheid intieme detail van hulle leefwêreld met mekaar bespreek. Dit sou merkwaardig wees om te sien hoe die gesprek daaruit sien as beide mans en vroue verteenwoordig word.
- c) Hoewel dit nie die fokus van hierdie studie was nie, sou dit sinvol kon wees om 'n ondersoek te loods na hoe die funksionering van mag in die teks die magsdinamika wat in die groep aanwesig is, beïnvloed en of dit hoegenaamd 'n invloed het. (Hierdie aspek sou juis ook interessant wees wanneer manlike en vroulike deelnemers gelyktydig betrek word, soos in die vorige punt voorgestel. Sal manlike deelnemers 'n andersoortige aansluiting by die magsdinamika in die teks vind as vroulike deelnemers?)
- d) Die mate waarin mense deelgeneem het in die groep het neergekom op 'n keuse. Dit sou besonders sinvol wees om ondersoek in te stel na waarom mense kies/nie kies om deel te neem aan interaksie met die 'ander' nie en wat die kriteria is vir onbevangende deelname aan die proses.

e) Vanuit die praktiese ervaring van die interkulturele gespreksproses in my eie konteks en die bewuswording van die positiewe ervarings wat deelnemers gehad het, vermoed ek dit sou sinvol wees om die proses ook met ander groepe te herhaal. Die bewuswording wat die proses vir deelnemers ingehou het, is na afloop van die gesprek as baie kosbaar beskryf. In die aanwending van interkulturele gesprek as 'n instrument van bewusmaking, sou dit egter sinvol wees om aan die einde 'n praktiese komponent in te bou sodat deelnemers vanuit die gesprek uitgedaag word om anders te gaan leef in hulle eie konteks. Hierdie komponent sou deelnemers instaat stel om die tree te gee vanaf die gestruktureerde interkulturele gespreks ruimte na die interkulturele realiteit wat die Suid-Afrikaans konteks kenmerk. Die instrument leen homself daartoe om 'n besonder sinvolle praktiese uitvloeisel tot gevolg te hê, indien die proses voorsiening daarvoor maak. Die ontwikkeling van 'n proses van interkulturele Bybellees en die toepassing daarvan in die alledaagse Suid-Afrikaanse konteks hou besondere sinvolle moontlikhede in vir nie net die verruiming van individue nie, maar ook vir sosiale transformasie.

Bibliografie

Abogunrin, S.O. 1986. Biblical research in Africa: The task ahead. *African Journal of Biblical Studies*, 1(1):7-24.

Ackermann, D.M. 1993a. Liberating the word: Some thoughts on feminist hermeneutics. *Scriptura*, 44:1-18.

Ackermann, D.M. 1993b. Meaning and power: some key terms in Feminist liberation theology. *Scriptura*, 44:19-33.

Ackermann, D.M. 1996. 'For such a thing is not done in Israel': Violence against women, in Hully, L., Kretzschmar, L. & Pato, L.L. (eds.). *Archbishop Tutu. Prophetic Witness in South Africa*. Johannesburg: Human & Rousseau. 145-155.

Ackermann, D.M. 2001. *Tamar's cry: Re-reading an ancient text in the midst of an HIV/AIDS pandemic*. Johannesburg: Ecumenical Foundation of Southern Africa.

Ackermann, D.M. 2006. From mere existence to tenacious endurance. Stigma, HIV/AIDS and a Feminist theology of praxis, in Phiri, I.A. & Nadar, S.(eds.) *African Women, Religion, and Health: Essays in Honor of Mercy Amba Ewudiziwa Oduyoye*. 221-242.

Aichele, G. 1995. *The postmodern Bible: The Bible and culture collective*. New Haven: Yale University Press.

Akper, G.I. 2005. The role of the 'ordinary reader' in Gerald O. West's hermeneutics. *Scriptura*, 88:1-13.

Akper, G.I. 2006. From multiculturalism to interculturalism? Locating the ongoing African agency discourse in the debate. *Scriptura*, 91:1-11.

Alberty, R. 2000. In search of the Deuteronomist. A first solution to a historical riddle, in Römer, T (ed.). *The future of the Deuteronomistic History*. Leuven: Leuven University Press. 1-19.

Alter, R. 1981. *The art of Biblical narrative*. New York: Basic Books.

Alter, R. 1992. *The world of Biblical literature*. New York: Basic Books.

Anderson, A.A. 1989. *2 Samuel*. *Word Biblical Commentary: Volume 11*. Texas: Word Books Publishers.

Armour, E.T. 1999. *Deconstruction, feminist theology and the problem of difference: Subverting the race/gender divide*. Chicago: University of Chicago Press.

Babbie, E. 1998. *The practice of social research*. 8th edition. New York: Wadsworth Publishing Company.

- Babbie, E. 2004. *The practice of social research*. 10th edition. New York: Wadsworth Publishing Company.
- Bal, M. 1979. *Mensen van papier: Over personages in de literatuur*. Assen: Van Gorcum.
- Bal, M. 1987. *Lethal love: Feminist literary readings of biblical love stories*. Indianapolis: Indiana University Press.
- Bal, M. 1988. *Narratology: Introduction to the theory of narrative*. Toronto: University of Toronto Press.
- Baldwin, J.G. 1988. *1 and 2 Samuel: An introduction and commentary*. Leicester: Inter-Varsity Press.
- Barbour, R.S. 2008. *Introducing qualitative research: A student's guide to the craft of doing qualitative research*. London: Sage Publications.
- Bar Efrat, S. 1989. *Narrative art in the Bible*. Sheffield: Almond Press.
- Barton, J. 1984. *Reading the Old Testament: Method in biblical study*. London: Darton, Longman & Todd.
- Bergen, R.D. 1996. *1 and 2 Samuel* (The new American commentary 7). New York: Broadman & Holman.
- Berlin, A. 1983. *Poetics and interpretation of Biblical narrative*. Sheffield: The Almond Press.
- Birch, B.C. 1998. The first and second book of Samuel, in Keck, L.E. (eds.). *The new interpreter's Bible: Volume II*. Nashville: Abingdon Press. 949-1307.
- Bledstein, A.J. 1994. Tamar and the 'coat of many colors', in Brenner, A. (ed.). *Samuel and Kings: A feminist companion to the Bible*. 2nd series. Sheffield: Sheffield Academic Press. 65-79.
- Bray, G. 1996. *Biblical interpretation: Past and present*. Leicester: Apollos.
- Brown, B. & Cousins M. 1986. The linguistic fault: The case of Foucault's archaeology, in Gane, M. (ed.). *Towards a critique of Foucault*. London: Routledge & Kegan Paul. 33-60.
- Brueggemann, W. 1990. First and second Samuel, in Mays, J.L. (ed.). *Interpretation: A Bible commentary for teaching and preaching*. Louisville: John Knox.
- Carroll, R.P. 1994. On representation in the Bible: An ideologiekritik approach. *Journal of Northwest Semitic Languages*, 20(2):1-15.

- Carroll, R.P. 1995. An infantry of traces: On making an inventory of our ideological holdings. An introduction to ideologiekritik in Biblical studies. *Journal of Northwest Semitic Languages*, 21(2): 25-43.
- Carroll, R.P. 2001. (South) Africa, Bible, criticism: Rhetorics of a visit, in West, G.O. & Dube, M. (eds.). *The Bible in Africa: Transactions, trajectories and trends*. Leiden: Brill Academic Publishers. 184-202.
- Clines, D.J.A. 1995. *Interested parties: The ideology of writers and readers of the Hebrew Bible*. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Conroy, C. 1978. *Absalom! Absalom! Narrative and language in 2 Samuel 13-20*. Rome: Biblical Institute Press.
- Conroy, C. 1983. *1-2 Samuel, 1-2 Kings with an Excursus on Davidic Dynasty and Holy City Zion*. Wilmington: Michael Glazier.
- De Beauvoir, S. 1949. *The Second Sex*. New York: Everyman's Library.
- De Gruchy, J.W. 2006. *Being human: Confessions of a Christian humanist*. London: SCM Press.
- De Vault, M.L. 2002. Talking and listening from women's standpoint: Feminist strategies for interviewing and analysis, in Weinberg, D. (ed.). *Qualitative research methods*. Oxford: Blackwell Publishers. 88-111.
- De Villiers, P.G.R. 1993. The Bible and the struggle (for power). *Scriptura*, 45:1-28.
- De Wit, H. 2004. Through the eyes of another, in De Wit, H., Jonker, L.C., Kool, M. & Schipani, D. (eds.). *Through the eyes of another: Intercultural reading of the Bible*. Indiana: Institute of Mennonite Studies. 3-54.
- Draper, J.A. 1996. Confessional Western text-centered biblical interpretation and oral or residual-oral context. *Semeia*, 73:59-78.
- Dube, M.W. 2000. *Postcolonial feminist interpretation of the Bible*. St Louis: Chalice Press.
- Dube, M.W. 2002. Villagising, globalising and biblical studies, in Ukpong, J.S., Dube, M.W., West, G.O., Masoga, A., Gottwald, N.K., Punt, J., Maluleke, T.S. & Wimbush, V. L. (eds.). *Reading the Bible in the global village: Cape Town*. Atlanta: SBL. 41-64.
- Du Toit, C. 1998. African hermeneutics and understanding the dynamics of African theology. *Scriptura*, 67:363-385.
- Exum, J.C. 1990. Murder they wrote: Ideology and the manipulation of female presence in Biblical narrative, in Bach, A. (ed.). *The pleasure of her text: Feminist readings of Biblical and historical texts*. Philadelphia: Trinity Press International. 45-67.

- Exum, J.C. 1993. *Fragmented women: Feminist (sub)versions of Biblical narratives*. Sheffield: JSOT Press.
- Farley, M.A. 1985. Feminist consciousness and the interpretation of scripture, in Russel, L.M. (ed.). *Feminist interpretations of the Bible*. Philadelphia: Westminster. 41-54.
- Flaskas, C. & Humphreys, C. 1993. Theorizing about power: Intersecting the ideas of Foucault with the 'problem' of power in family therapy. *Family Process*, 32(1):35-47.
- Fokkelman, J.P. 1981. *Narrative art and poetry in the books of Samuel: A full interpretation based on stylistic and structural analyses*. Assen: Gorcum.
- Foucault, M. 1980a. Truth and power, in Gordon, C. (ed.). *Power/knowledge: Selected interviews and other writings. 1972-1977*. Sussex: The Harvester Press. 109-133.
- Foucault, M. 1980b. Power and strategies, in Gordon, C. (ed.). *Power/knowledge: Selected interviews and other writings. 1972-1977*. Sussex: The Harvester Press. 134-145.
- Foucault, M. 1995. *Discipline and punish: The birth of the prison (2nd Edition)*. New York: Vintage Books.
- Fowler, R.M. 1985. Who is 'the reader' in reader response criticism? *Semeia*, 31:5-26.
- Gane, M. 1986. Introduction: Michel Foucault, in Gane, M. (ed.). *Towards a critique of Foucault*. London: Routledge & Kegan Paul. 1-14.
- Geertz, C. 1975. *The interpretation of cultures: Selected essays by Clifford Geertz*. London: Hutchinson.
- George, M.K. 2000. Foucault, in Adam, A.K.M. (ed.). *Handbook of postmodern Biblical interpretation*. Missouri: Chalice Press. 91-98.
- Green, E.E. 1993. Woman's words: Sexual difference and Biblical hermeneutics. *Feminist Theology*, 4(Spring):64-78.
- Goslinga, C.J. 1962. *Het tweede boek Samuël*. Kampen: Uitgeversmaatschappij J. H. Kok.
- Gunn, D.M. 1987. New directions in the study of biblical Hebrew narrative. *Journal for the Study of the Old Testament*, 39:65-75.
- Gunn, D.M. 1999. Narrative criticism, in McKenzie, S.L. & Haynes, S.R. (eds.). *To each its own meaning: An introduction to Biblical criticisms and their application*. Louisville: Westminster John Knox Press. 201-229.
- Halkes, C.J.M. 1984. *Zoekend naar wat verloren ging: Enkele aanzetten voor een feminisistische theologie*. Ten Have: Baarn.

- Hamar, A.K. 1996. Some understandings of power in feminist liberation theologies. *Feminist theology*, 12:10-20.
- Hansen, T. 1992. My name is Tamar. *Theology*, Jan/Feb:370-377.
- Hertzberg, H.W. 1964. *I & II Samuel: a commentary*. London: SCM Press.
- Hess, C.L. 1998. Becoming midwives to justice: A feminist approach to practical theology, in Ackermann, D.M. & Bons-Storm, R. (eds.). *Liberating faith practices: Feminist practical theologies in context*. Peeters: Leuven. 52-73.
- Hesse-Biber, S.N. & Leavy, P. 2006. *The practice of qualitative research*. London: Sage Publications.
- Hinga, T.M. 2002. African feminist theologies, the global village, and the imperative of solidarity across borders: The case of the circle of concerned African woman theologians. *Journal of Feminist Studies in Religion*, 18(1):79-86.
- Hofstede, G.H. 1991. *Cultures and organizations: Software of the mind*. London: McGraw-Hill.
- Hofstede, G.H. 2001. *Culture's consequences: Comparing values, behaviours, institutions, and organisations across nations*. Thousand Oaks, California: Sage Publications.
- Holter, K. 2000. *Yahweh in Africa: Essays on Africa and the Old Testament*. New York: Peter Lang.
- Holter, K. 2001. Old Testament scholarship in sub-Saharan Africa, North of the Limpopo River, in West, G.O. & Dube, M.W. (eds.). *The Bible in Africa: Transactions, trajectories and trends*. Leiden: Brill Academic Publishers. 54-71.
- hooks, b. 1984. *Feminist theory from margin to center*. Boston: South End Press.
- Isherwood, L. & McEwan, D. 1993. *Introducing feminist theology*. Sheffield: Sheffield Academic press.
- Jones, S. 2000. *Feminist theory and Christian theology: Cartographies of grace*. Minneapolis: Fortress Press.
- Jonker, L.C. 1996. *Exclusivity and Variety. Perspectives on Multidimensional Exegesis*. Kampen: Kok Pharos.
- Jonker, L.C. 2005a. 'Contextuality' in (South) African exegesis: Reflections on the communality of our exegetical methodologies. *Old Testament Essays*, 18(3):637-650.
- Jonker, L.C. 2005b. Approaches focusing on the production of texts, in Jonker, L.C. & Lawrie, D. (eds.). *Fishing for Jonah (anew): Various approaches to Biblical interpretation*. Stellenbosch: Sun Press. 27-58.

- Jonker, L.C. 2006. From multiculturalism to interculturalism: Can intercultural Biblical hermeneutics be of any assistance? *Scriptura*, 91: 19-28.
- Jonker, L.C. 2007a. On becoming a family: Multiculturalism and interculturalism in South Africa. *The Expository Times*, 118(10):480-487.
- Jonker, L.C. 2007b. The global context and its consequences for Old Testament interpretation. Ongepubliseerde referaat gelewer by die 19th Congress of the International Organization for the Study of the Old Testament. 15-22 Julie. Ljubljana, Slovenia.
- Kessler, R. 2004. From bipolar to multipolar understanding, in De Wit, H., Jonker, L.C., Kool, M. & Schipani, D. (eds.). *Through the eyes of another: Intercultural reading of the Bible*. Indiana: Institute of Mennonite Studies. 452-459.
- King, U. 1994. Introduction, in King, U. (ed.). *Feminist theology from the Third World: A reader*. London: SPCK. 1-23.
- Kool, M. 2004. Intercultural Bible reading as a practical setting for intercultural communication, in De Wit, H., Jonker, L.C., Kool, M. & Schipani, D. (eds.). *Through the eyes of another: Intercultural reading of the Bible*. Indiana: Institute of Mennonite Studies. 360-376.
- Kvale, S. 1996. *Interviews: An introduction to qualitative interviewing*. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Lategan, B.C. 1996. Scholar and ordinary reader: More than a simple interface. *Semeia*, 73:243-255.
- Lategan, B.C. 1997. Possible future trends from the perspective of hermeneutics. *Journal of Theology for Southern Africa*, 99:116-121.
- Lawrie, D.L. 2005a. Approaches focusing on the texts themselves, in Jonker, L.C. & Lawrie, D. (eds.). *Fishing for Jonah (anew): Various approaches to Biblical interpretation*. Stellenbosch: Sun Press. 67-108.
- Lawrie, D.L. 2005b. Approaches focusing on the reception of texts, in Jonker, L.C. & Lawrie, D. (eds.). *Fishing for Jonah (anew): Various approaches to Biblical interpretation*. Stellenbosch: Sun Press. 109-146.
- Lawrie, D.L. 2005c. The hermeneutics of suspicion: The hidden worlds of ideology and the unconscious, in Jonker, L.C. & Lawrie, D. (eds.). *Fishing for Jonah (anew): Various approaches to Biblical interpretation*. Stellenbosch: Sun Press. 167-219.
- Liddicoat, A.J. 2007. *An introduction to conversation analysis*. London: Continuum.
- Maluleke, T.S. 2002. What if we are mistaken about the Bible and Christianity in Africa?, in Ukpong, J.S., Dube, M.W., West, G.O., Masoga, A., Gottwald, N.K., Punt, J., Maluleke, T.S. & Wimbush, V. L. (eds.). *Reading the Bible in the global village: Cape Town*. Atlanta: SBL. 151-173.

- Marshall, C. & Rossman, G.B. 2006. *Designing qualitative research*. London: Sage Publications.
- Maykut, P. & Morehouse, R. 1994. *Beginning qualitative research: A philosophic and practical guide*. London: The Falmer Press.
- Mazamisa, W. 1995. Orality, literacy and the Bible. *Journal of Black Theology in South Africa*, 9(2):1-26.
- McCarter, P.K. 1984. *II Samuel: A new translation with introduction, notes and commentary*. New York: Doubleday & Company.
- McFague, S. 1982. *Metaphorical theology: Models of God in religious language*. London: SCM.
- McKnight, E.V. 1999. Reader-response criticism, in McKenzie, S.L. & Haynes, S.R. (eds.). *To each its own meaning. An introduction to Biblical criticisms and their application*. Louisville: Westminster John Knox Press. 230-253.
- McNeil, M. 1993. Dancing with Foucault: Feminism and power-knowledge, in Ramazanoğlu, C. (ed.). *Up against Foucault: Explorations of some tensions between Foucault and feminism*. London: Routledge. 147-179.
- Middleton, D.F. 1990. Feminist interpretation, in Coggins, R.J. & Houlden, J.L. (eds.). *A dictionary of Biblical interpretation*. London: SCM Press. 231-234.
- Mohanty, C.T. 1991. Under Western eyes: Feminist scholarship in colonial discourse, in Mohanty, C.T., Russo A. & Torres, L. (eds.). *Third world women and the politics of feminism*. Bloomington: Indiana University Press. 51-80.
- Nadar, S. 2006. 'Hermeneutics of transformation?' A critical exploration of the model of social engagement between biblical scholars and faith communities. *Scriptura* 93: 339-351.
- Nadar, S. 2009. 'The Bible says!' Feminism, hermeneutics and neo-pentecostal challenges. *Journal of Theology for Southern Africa*, 134:131-146.
- Oduyoye, M.A. 1986. *Hearing and knowing: Theological reflections on Christianity in Africa*. Maryknoll: Orbis.
- Oduyoye, M.A. 1994. Reflections from a Third World woman's perspective: Women's Experience and Liberation Theologies, in King, U (ed.). *Feminist Theology from the Third World: A reader*. London: SPCK. 23-35.
- Oduyoye, M.A. 1995. Biblical interpretation and the social location of the interpreter: African women's reading of the Bible, in Segovia, F.F. & Tolbert, M.A. (eds.). *Reading from this place: Volume II. Social location and Biblical interpretation in global perspectives*. Minneapolis: Fortress Press. 33-51.

- Okure, T. 1995. Reading from this place: Some problems and prospects, in Segovia, F.F. & Tolbert, M.A. (eds.). *Reading from this place: Volume II. Social location and Biblical interpretation in global perspectives*. Minneapolis: Fortress Press. 52-66.
- Parratt, J. 1987. Introduction, in Parratt, J. (ed.). *A reader in African Christian theology*. London: SPCK. 1-11.
- Patte, D. 1995. *Ethics of Biblical interpretation: A re-evaluation*. Louisville: Westminster.
- Patte, D. 1999. Structural criticism, in McKenzie, S.L. & Haynes, S.R. (eds.). *To each its own meaning: An introduction to Biblical criticisms and their application*. Louisville: Westminster John Knox Press. 183-201.
- Patton, P. 1979. Of powers and prisons, in Patton, P. & Morris M. (eds.). *Michel Foucault: Power, truth, strategy*. Sydney: Federal Publications. 109-147.
- Pauw, J.C. 2007. Anti-apartheid theology in the Dutch Reformed family of churches: A depth-hermeneutical analysis. Ongepubliceerde doktrale proefskrif. Amsterdam: Vrije Universiteit.
- Pears, A. 1995. Women's experience and authority in feminist theology. *Feminist Theology*, 9:108-119.
- Peterson, R. 1994. Theological and religious pluralism, in De Gruchy, J.W. & Villa-Vicencio, C. (eds.). *Doing theology in context: South African perspectives*. Maryknoll: Orbis. 219-228.
- Phiri, A. & Nadar, S. 2006. Treading softly but firmly: African women, religion and health, in Phiri, A. & Nadar, S. (eds.). *African women, religion and health: Essays in honor of Mercy Amba Ewudizwa Oduyoye*. Pietermaritzburg: Cluster Publications. 1-16.
- Pobee, J.S. 1996. Bible study in Africa: A passover of language. *Semeia*, 73:161-188.
- Pui-lan, K. 2005. *Postcolonial imagination and feminist theology*. Louisville: Westminster John Knox Press.
- Punt, J. 2002. From re-writing to re-reading the Bible in post-colonial Africa: Considering the options and implications. *Missionalia*, 30(3):410-442.
- Ridout, G. 1947. The rape of Tamar: A rhetorical analysis of 2 Samuel 13:1-22, in Jackson, J.J. & Kessler, M. (eds.). *Rhetorical criticism: Essays in honor of James Muilenburg*. Pittsburgh: The Pickwick Press. 75-83.
- Römer, T. 2007. *The so-called Deuteronomistic History: A Sociological, Historical and Literary Introduction*. London: T&T Clark.
- Rost, L. 1982. *The succession to the throne of David*. Sheffield: Almond Press.

- Ruether, R.R. 1983. *Sexism and God-talk: Towards a feminist theology*. Boston: Bacon Press.
- Ruether, R.R. 1985. Feminist interpretation: a method of correlation, in Russell, L. (ed.). *Feminist interpretation of the Bible*. Philadelphia: Westminster. 111-124.
- Ruether, R.R. 2002. The emergence of Christian feminist theology, in Parsons, S. F (ed.). *The Cambridge companion to feminist theology*. Cambridge: Cambridge University Press. 3-22.
- Russell, L. 1985. Authority and the Challenge of Feminist Interpretation, in Russell, L. (ed.) *Feminist interpretation of the Bible*. Philadelphia: Westminster. 137-146.
- Russo, A. 1991. 'We cannot live without our lives': White women, anti-racism and feminism, in Mohanty, C.T., Russo A. & Torres, L. (eds.). *Third world women and the politics of feminism*. Bloomington: Indiana University Press. 296-311.
- Schreiter, R.J. 1986. *Constructing local theologies*. Marynoll: Orbis.
- Schüssler-Fiorenza, E.S. 1985. The will to choose or to reject: Continuing our critical work, in Russell, L. (ed.). *Feminist interpretation of the Bible*. Philadelphia: Westminster. 125-136.
- Schüssler-Fiorenza, E.S. 1986. *In memory of her: A feminist theological reconstruction of Christian origins*. New York: Crossroad.
- Schüssler-Fiorenza, E.S. 1993. *Searching the scriptures: A feminist introduction*. New York: Crossroad.
- Schüssler-Fiorenza, E.S. 1999. *Rhetoric and ethic: The politics of biblical studies*. Minneapolis: Fortress Press.
- Sheridan, A. 1980. *Michel Foucault: The will to truth*. London: Tavistock Publications.
- Ska, J.L. 1990. 'Our fathers have told us': *Introduction to the analysis of Hebrew narratives*. Rome: Editrice Pontificio Istituto Biblico.
- Smart, B. 1985. *Michel Foucault*. London: Travistock Publications.
- Smit, D.J. 1991. The demythologisation of ideology, in Nürenberger, K. (ed.). *The democratic vision for South Africa: Political realism and Christian responsibility*. Pietermaritzburg: Encounter Publications. 280-296.
- Smit, D.J. 2007. The symbol of reconciliation and ideological conflict in South-Africa, in Conradie, E. M. (ed.). *Essays in public theology: Collected essays I*. University of the Western Cape: Sun Press. 287-308.
- Smith, J. 1990. The discourse structure of the rape of Tamar (2 Samuel 13:1-22). *Vox Evangelica*, XX:21-42.

- Speer, A. 2005. *Gender talk: Feminism, discourse and conversation analysis*. London: Routledge.
- Sternberg, M. 1985. *The poetics of Biblical narrative: Ideological literature and the drama of reading*. Bloomington: Indiana University Press.
- Stratton, B.J. 2000. Ideology, in Adam, A.K.M. (ed.). *Handbook of postmodern Biblical interpretation*. Missouri: Chalice Press. 120-127.
- Sugirtharajah, R. S. 1998. Biblical studies after the Empire: From a Colonial to a Postcolonial mode of interpretation, in Sugirtharajah, R. S. (ed.). *The Postcolonial Bible*. Sheffield: Sheffield Academic Press. 12-23.
- Ten Have, P. 1999. *Doing conversation analysis: A practical guide*. London: Sage Publication.
- Thiselton, A.C. 1992. *New horizons in hermeneutics*. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.
- Thomson, J.B. 1984. *Studies in the theory of ideology*. Cambridge: Polity Press.
- Thomson, J.B. 1990. *Ideology and modern culture*. California: Stanford University Press.
- Tolmie, D.F. 1999. *Narratology and Biblical narratives: A practical guide*. Bethesda: International Scholars Publication.
- Tracy, D. 1987. *Plurality and ambiguity: Hermeneutics, religion, hope*. San Francisco: Harper & Row.
- Trible, P. 1984. *Texts of terror: Literary-feminist readings of Biblical narratives*. Philadelphia: Fortress Press.
- Trible, P. 1999. Bible in the round, in Farley, M.A. & Jones S. (eds.). *Liberating eschatology: Essays in honor of Letty M. Russell*. Louisville: Westminster John Knox Press. 47-54.
- Ukpong, J.S. 1995. Re-reading the Bible with African eyes: Interculturation and hermeneutics. *Journal of Theology for Southern Africa*, 91:3-14.
- Ukpong, J.S. 1996. The parable of the shrewd manager (Luke 16:1-13): An essay in the inculturation Biblical hermeneutic. *Semeia*, 73:189-212.
- Ukpong, J.S. 2000. Developments in Biblical interpretation in Africa: Historical and hermeneutical directions. *Journal of Theology for Southern Africa*, 109:3-18.
- Ukpong, J.S. 2001a. Developments in Biblical interpretation in Africa: Historical and hermeneutical directions, in West, G.O. & Dube, M.W. (eds.). *The Bible in Africa: Transactions, trajectories and trends*. Leiden: Brill Academic Publishers. 11-26.

- Ukpong, J.S. 2001b. Popular reading of the Bible in Africa and implications for academic readings, in West, G.O. & Dube, M.W. (eds.). *The Bible in Africa: Transactions, trajectories and trends*. Leiden: Brill Academic Publishers. 582-594.
- Ukpong, J.S. 2002. Reading the Bible in a global village: Issues and challenges from African readings, in Ukpong, J.S., Dube, M.W., West, G.O., Masoga, A., Gottwald, N.K., Punt, J., Maluleke, T.S. & Wimbush, V. L. (eds.). *Reading the Bible in the global village: Cape Town*. Atlanta: SBL. 9-40.
- Van der Merwe, C.H.J. Naudé, J.A. & Kroeze, J.H. 1997. *Bybels-Hebreeuse Naslaangrammatika*. Kaapstad:Nasionale broekdrukkerye-groep.
- Volf, M. 1996. *Exclusion and embrace: A Theological exploration of identity, otherness and reconciliation*. Nashville: Abingdon Press.
- Von Rad, G. 1962. *Old Testament Theology*. London: Oliver and Boyd.
- Vosloo, R. 2003. Public morality and the need for an ethos of hospitality. *Scriptura*, 82:63-71.
- Vosloo, R. 2004. Identity, otherness and the triune God: Theological groundwork for a Christian ethic of hospitality. *Journal of Theology for Southern Africa*, 119:69-89.
- Vorster, W.S. 1986. Readings, readers and the succession narrative: An essay on reception criticism, in Van Wyk, W.C. (ed.). *Studies in the succession narrative: Old Testament Essays*. 339-353.
- West, G.O. 1993. *Contextual Bible study*. Pietermaritzburg: Cluster Publications.
- West, G.O. 1994. The Bible and theology, in De Gruchy, J.W. & Villa-Vicencio, C. (eds.). *Doing theology in context: South African perspectives*. Maryknoll: Orbis books. 15-25.
- West, G.O. 1996. Reading the Bible differently: Giving shape to the discourses of the dominated. *Semeia*, 73:21-41.
- West, G.O. 1997. Finding a place among the posts for post-colonial criticism in Biblical studies in South Africa. *Old Testament Essays*, 10(2):322-342.
- West, G.O. 1999. *Biblical hermeneutics of liberation: Modes of reading the Bible in the South African context*. Pietermaritzburg: Cluster Publications.
- West, G.O. 2001a. Mapping African Biblical interpretation: A tentative sketch, in West, G.O. & Dube, M.W. (eds.). *The Bible in Africa: Transactions, trajectories, and trends*. Leiden: Brill Academic Publishers. 29-53.
- West, G.O. 2001b. Contextual Bible study in South Africa: A resource for reclaiming and regaining land, dignity and identity, in West, G.O. & Dube, M.W. (eds.). *The Bible in Africa: Transactions, trajectories and trends*. Leiden: Brill Academic Publishers. 595-610.

West, G.O. 2002a. Unpacking the package that is the Bible in African Biblical scholarship, in Ukpong, J.S., Dube, M.W., West, G.O., Masoga, A., Gottwald, N.K., Punt, J., Maluleke, T.S. & Wimbush, V. L. (eds.). *Reading the Bible in the global village: Cape Town*. Atlanta: SBL. 65-94.

West, G.O. 2002b. The Bible as bola: Amongst the foundations of African Biblical apprehensions. *Journal of Theology for Southern Africa*, 112:23-37.

West, G.O. 2005. Shifting perspectives on the comparative paradigm in (South) African Biblical scholarship. *Religion & Theology*, 12(1):48-72.

West, G. O. 2006. Contextual Bible reading: A South African case study. *Analextra Bruxellensia*, 131-148.

Whybray, R.N. 1968. *The succession narrative: A study of II Samuel 9-20 and I Kings 1 and 2*. London: SCM Press.

Wickham, G. 1986. Power and power analysis: Beyond Foucault? in Gane, M. (ed.). *Towards a critique of Foucault*. London: Routledge & Kegan Paul. 149-179.


Yamada, F. M. 2008. *Configurations of rape in the Hebrew Bible: A literary analysis of three rape narratives*. New York: Peter Lang Publishing Inc.

Yee, G. A. 1990. Discovering Eve: Ancient Israelite women in context. *Catholic Biblical Quarterly*, 52(3):530-535.

Yee, G.A. 1995. Ideological criticism: Judges 17-21 and the dismembered body, in Yee, G.A. (ed.). *Judges and methods: New approaches in Biblical studies*. Minneapolis: Fortress Press. 146-152.

Yee, G.A. 1999. Ideological criticism, in Hayes, J.H. (ed.). *Dictionary of Biblical interpretation: A-J*. Nashville: Abingdon Press. 534-537.

**Ideologie en mag in Bybelinterpretasie:
Op weg na 'n kommunale lees van 2 Samuel 13**



Charlene van der Walt

BYLAE

Promotor:

Prof. L.C. Jonker

Inhoudsopgawe

Bylaag A Inligtingsbrief aan deelnemer – Afrikaans	1
Bylaag B Inligtingsbrief aan deelnemer – Engels	5
Bylaag C Werkboek vir saamleeservaring - Afrikaans.....	9
Bylaag D Workbook for joint reading experience - Engels	43
Bylaag E Basis data vanuit werkboeke	77
Bylaag F Ideologiese data-analise diagram vir individuele deelnemers	113
Bylaag G Ideologiese resultaatblad vir individuele deelnemers	159
Bylaag H Demografiese en ideologiese vergelyking.....	195
Bylaag J Skematiese voorstelling van ideologiese skuiwe	209
Bylaag K Gespreksanalise Groep 1	215
Bylaag L Gespreksanalise Groep 2	235
Bylaag M Gespreksanalise Groep 3	257
Bylaag N Gespreksanalise Groep 4	277
Bylaag P Meganiese gespreksanalise.....	295
Bylaag Q Tematiese gespreksanalise Groep 1.....	301
Bylaag R Tematiese gespreksanalise Groep 2.....	307
Bylaag S Tematiese gespreksanalise Groep 3.....	313
Bylaag T Tematiese gespreksanalise Groep 4	321
Bylaag U Teksanalitiese waarnemings vanuit gespreksanalise	327
Bylaag W Respons van deelnemers op magsdinamika-vraelys	337

Bylaag A

Inligtingsbrief aan deelnemer – Afrikaans

Algemene inligtingsbrief

Leeservaring

Datum:	
Tyd:	
Plek:	Hillstraat 42 (Reg langs die NG Kerk in Hillstraat)

Geagte leser

Die leeservaring waartoe u as deelnemer ingestem het, vorm die navorsingskomponent van 'n PhD proefskrif in die Teologie (Ou Testament) aan die Universiteit van Stellenbosch. Die navorsing poog om 'n bydrae te maak tot 'n beter begrip van die prosesse wat plaasvind wanneer lesers van verskillende kulturele agtergronde saam 'n teks lees. Een van die primêre uitgangspunte van die navorsing is dat elke leser iets besonder tot die gesprek rondom teks bring, aangesien ons mense is wat elkeen 'n besondere en unieke verhaal het. 'n Tweede uitgangspunt is dat die individuele stem tuis hoort in 'n gemeenskaplike gesprek. Die oogmerk van die studie is dus om individue 'n geleentheid te gee tot dinamiese gesprekvoering, gefasiliteer rondom 'n spesifieke Bybelse teks.

U bydrae tot die navorsing is onontbeerlik en daarom wil ek u uit die staanspoor bedank. Baie dankie dat u bereid is om my op dié manier te help. Ek weet dat tyd vir almal kosbaar is en dat u deelname nie sonder moeite geskied nie. Tog hoop ek dat ons gesamentlike gesprek en die resultate daarvan 'n bydrae gaan maak tot die voortgaande nadenke oor die aard en rol wat interkulturaliteit in gesprek speel. Nie net in die akademie nie, maar ook vir die gemeenskap waarvan ons almal deel is. Elkeen van u verteenwoordig 'n besondere deel van hierdie gemeenskap waaraan ons behoort. Mag u tydens die lees- en gesprekservaring iets beleef van u gemeenskap met ander, desondanks die diversiteit wat verteenwoordig word.

Daar word geen voorbereiding van u vereis vir die leesoefening nie. Die proses gaan egter vermoedelik redelik intens wees en daarom sal dit wenslik wees as u goed uitgerus en ontspanne by die geleentheid opdaag. Ons gaan as groep na die teks luister, na mekaar luister en nadink oor hoe die verhaal wat ons saam lees, ons persoonlike lewe raak.

Die drie uur-lange byeenkoms is 'n afgeslote proses en daar sal geen opvolgssessies van u verwag word nie. Daar word egter van u verwag om die volledige proses in die groep te deurloop op die dag. Ten einde optimale kontak met mekaar en die teks te verseker, sou ons graag onderbrekings tot 'n absolute minimum wou beperk. Laat dus maar liefs u selfoon tuis.

Die groepsindeling poog om 'n verteenwoordigende interkulturele gespreksituasie te skep. U deelname aan die groep bepaal dus tot 'n mate die profiel van die groep. Onttrekking van enige individu sou die wetenskaplike

verantwoordbaarheid van die studie in gevaar stel en daarom vra ek dat u stiptelik op die dag van u lesing by die lokaal sal opdaag. Elke individu word verreken en is belangrik vir die sukses van die studie. U teenwoordigheid is dus van kardinale belang.

Die proses sal op die dag waarop u aan die lesing deelneem, duidelik aan u gekommunikeer word. Geen buitensporige eise sal aan u gestel word nie. Dis eenvoudig 'n saamlees-en-dinkgeleentheid. Daar is dus geen rede vir u om gespanne te wees oor wat op die dag gaan gebeur nie. Mag u eerder 'n gevoel van opgewondenheid beleef, soos die gevoel wat mens ervaar voordat jy 'n besondere reis onderneem. Ten einde almal wat aan die gesprek deelneem te akkommodeer, sal die gesprek in die gemeenskaplike taal plaasvind wat vooraf deur die groep bepaal sal word. Die gesprekke word deur 'n opgeleide persoon gefasiliteer en vir navorsingsdoeleindes op band opgeneem. Al die skriftelike bydraes wat deur u as individu gemaak word, kan in die taal van u keuse gedoen word.

U hoef niks saam te bring nie. Alles wat u nodig het, sal aan u voorsien word. Daar sal ook ligte verversings met tee/koffie vir u aangebied word.

Ten slotte, 'n woord van gerusstelling. Streng vertroulikheid word in die navorsingsproses gehandhaaf en u identiteit sal op geen manier in gedrang kom nie. Die navorsingsresultate sal gepubliseer word as addenda tot die proefskrif, maar met geen eksplisiete verwysing na spesifieke individue nie. U kan dus met groot vrymoedigheid eerlik deelneem aan die interkulturele gesprek wat vir u gefasiliteer sal word.

Nogmaals baie dankie vir u bereidheid om my op hierdie manier te help. Dit beteken vir my eindeloos baie. Ek hoop dat die proses vir u 'n besondere sinvolle een sal wees.

Ds Charlene van der Walt

Bylaag B

Inligtingsbrief aan deelnemer – Engels

Information letter

Reading experience

Date:	
Time:	
Place:	42 Hill Street (Next to the Dutch Reformed Church in Hill Street)

Dear reader

The reading experience which you as participant have agreed to, forms the research component of a PhD thesis in Theology (Old Testament) at the University of Stellenbosch. The research aims to make a contribution to our understanding of the processes that take place when readers of different cultural backgrounds meet with each other around text. The primary premise of the research is that every reader brings something special to the discourse on text, seeing that we each have our own unique story. A further point of departure is the view that the individual voice fits in a communal discourse. The aim of this study is thus to provide individuals with a platform for dynamic discourse, facilitated by a specific Biblical text.

Your contribution to the research is of central importance and I therefore want to thank you from the start. Thank you very much for agreeing to take part. I know that time is valuable to everyone and that your participation is not without sacrifice. Still, I hope that our conversation, and the results thereof, will make a contribution to the ongoing discussion about the nature of and role of interculturality in discourse, not only in the academic debate, but also for the community of which we are part. Each of you represents a specific part of our community. May you experience something of this community with each other during the reading and discourse experience, in spite of the diversity that is represented.

You do not need to prepare for the reading experience. The process may, however, be reasonably intense and it will, therefore, be best if you arrive well rested and relaxed at the start of the event. We are going spend time listening to text, listening to each other and consider how the story we read together, affect our personal lives. The three hour long meeting is a closed process and no follow-up attendance will be expected of you. You are, however, expected to participate in the entire process with the group on the day. To ensure optimal contact with each other and the text, we would like to limit interruptions to the absolute minimum. Therefore, preferably, leave your cell phones at home.

The group selections aim to create a representative intercultural discourse situation. Your participation influences the profile of the group to a large extent. Withdrawal of any individual will threaten the accountability of the study and I therefore ask that you arrive on time at the venue on the day of

your reading. Each individual is calculated and is essential to ensure the success of the research. Your presence is thus vital.

The process will be carefully explained to you on the day of the reading. No extreme demands will be made by the research team. It is simply a joint reading and thinking experience. There is thus no reason for you to be tense about the proceedings of the day. On the contrary, I hope that this will be a positive experience, similar to the feeling of excitement one feels before undertaking a special journey. In an attempt to accommodate all the participants, the discourse will take place in the mutually inclusive language decided upon beforehand by the group. The discourse will be facilitated by a skilled person and an audio-recording will be made for research purposes. All written contributions made by you as an individual may be completed in a language of your choice.

You do not need to bring anything along. Everything you may need will be provided. There will also be light refreshments with tea/coffee.

Strict confidentiality will be maintained throughout the research process and your identity will in no way be jeopardised. The research results will be published as an appendix to the thesis, without explicit reference to any specific individual. You can, therefore, feel completely comfortable to participate in the facilitated intercultural discourse.

Once again, thank you very much for your willingness to assist me in this fashion. It means a great deal to me. I hope the process is a particularly meaningful one for you.

Yours sincerely

Rev. Charlene van der Walt

Bylaag C

Werkboek vir saamleeservaring -

Afrikaans

Werkboek vir saamleeservaring



Groep.....
Naam.....

Geagte leser



Baie welkom by hierdie besondere saamlees-en-deel-ervaring. Dankie vir u bereidwilligheid om deel te neem aan hierdie projek. Sonder u unieke bydrae sou dit nie moontlik gewees het om hierdie navorsingsprojek te onderneem nie.

Vergun my enkele inleidende opmerkings voor die aanvang van ons gesamentlike proses van die volgende paar uur:

- Die lewe is so dikwels 'n dolle gejaag van die een ding na die volgende. Ons kry so selde kans om 'n oomblik stil te sit en waarlik iets eenvoudigs te beleef. Om teenwoordig te wees, is dus 'n uitdaging. Mag u gedurende die drie uur-lange lees-en-deel-ervaring regtig teenwoordig wees. Wees oop en ontvanklik vir die ervaring wat hierdie gemeenskaplike tyd bied.
- Daar is geen regte of verkeerde antwoorde in die proses ons vandag gaan onderneem nie. Wees dus eerlik oor u ervaring en deel spontaan dit wat by u opkom in die proses.
- Geen opvolgessies word van u verwag na afloop van vandag se gesprek nie. Die proses wat u nou gaan onderneem, is 'n afgeslote een wat geen verdere eise aan u gaan stel nie. Neem dus so vry en spontaan as wat vir u moontlik is, daaraan deel.
- U privaatheid word op geen manier in gedrang gebring deur u deelname aan vandag se studie nie. Streng vertroulikheid word in die navorsingsproses gehandhaaf. Die navorsingsresultate sal gepubliseer word as addenda tot die proefskrif, maar met geen eksplisiete verwysing na spesifieke individue nie. U kan dus met groot vrymoedigheid eerlik deelneem aan die interkulturele gesprek wat vir u gefasiliteer sal word.

Verduideliking van prosedure

Soos met enige reis wat ons onderneem, is dit belangrik dat ons weet waarheen ons onderweg is en wat die roete is wat ons gaan neem om veilig by ons bestemming aan te kom.

Die doel van hierdie samekoms is derhalwe om optimale kontak met mekaar, onself en die teks te fasiliteer in die drie uur tot ons beskikking. Elkeen van die onderafdelings wat deel vorm van die oorhoofse proses dra by tot die poging om hierdie doel te bereik. Die verskillende fases sal deeglik aan u verduidelik word terwyl ons met die proses vorder.

Die proses word gefasiliteer deur 'n opgeleide navorsingsassistent. Die gespreksleier se doel is nie om die proses te manipuleer nie, maar eerder om dit sinvol te bestuur. Indien daar enige onduidelikheid in die oefening ontstaan, kan u dit met groot vrymoedigheid met die gespreksleier opklaar. Tydens die gesprekke is daar ook 'n nie-deelnemende navorser teenwoordig. Hierdie persoon is bloot daar om waarnemings te maak oor die proses en is nie by magte om enige bydraes te maak tot die gesprek nie.



Doel van die werkboek






Hierdie werkboek is soos u dagboek vir die reis wat u nou saam met die groep gaan onderneem. U kan aantekeninge maak van dit wat u waarneem in u omgang met die teks en met u gespreksgenote. Dit is u reisdokument en u kan dit met vrymoedigheid gebruik. Die werkboek het al die informasie wat u nodig het om die verskillende fases van die proses deur te gaan. Probeer om nie vooruit te werk nie, maar om bloot by die oefening te bly soos deur die gespreksleier aangetoon. U werkboek word aan die einde van die proses ingeneem en vorm deel van die rou data vir die navorsingsprojek. Gebruik dit egter met groot vrymoedigheid. Dit is immers waarvoor dit saamgestel is.

Die belangrikste los ek egter vir laaste: Geniet die saamwees wat hierdie ervaring bring. Reis met vrymoedigheid saam en deel dit wat by u opkom tydens die proses. Hierdie navorsingsgesprekke is 'n jarelange droom wat vandag werklikheid word. Mag dit vir elkeen van u sinvol wees.

Charlene van der Walt

Ontmoeting en kennismaking

U word vandag in die leesproses deur 'n aantal reisgenote vergesel.
Maak gebruik van die geleentheid om mekaar te ontmoet.
Langtermyn-oriëntasie/ Korttermyn-oriëntasie	<p>Langtermyn-oriëntasie</p> <p>Korttermyn-oriëntasie</p> <p>← →</p>	Getuig van identifisering met beide Afrika- en Westerse sisteme. Sien problematiek in Afrika-sisteme.

Deelnemer #33

Beeld	Liniêre as	Opmerking
	<p>← AB →</p> <p>Deelnemer identifiseer figuur as een met mag./ Deelnemer verwerp styl van leierskap ten sterkste.</p> <p>Deelnemer identifiseer nie die figuur as een met mag nie./Mag gesetel in 'n ander styl.</p>	Negatief teenoor leierskapstyl wat in fotobeeld uitgebeeld word. Verwysing na mag in B-respons.
	<p>← AB →</p> <p>Sterk verband tussen mag en verkragting, word gesien as 'n individu se magsuitoefening.</p> <p>Word beskou as 'n sistemiese probleem.</p>	Beskryf verkragting i.t.v persoonlike beleving.
Magafstand	<p>Groot magafstand</p> <p>Klein magafstand</p> <p>← →</p>	Respons toon groot magafstand-kultuuronderbou.
	<p>← AB →</p> <p>Identifiseer met Bybel as bron van troos en sekuriteit.</p> <p>Geen identifikasie met Bybel.</p>	
	<p>← AB →</p> <p>Identifiseer met internet as bron van inligting en sekuriteit.</p> <p>Geen identifikasie met internet.</p>	
Onsekerheidsvermyding	<p>Sterk onsekerheidsvermyding</p> <p>Swak onsekerheidsvermyding</p> <p>← →</p>	Godsdien as bron van onsekerheidsvermyding.
	<p>← AB →</p> <p>Identifiseer sterk met die vlag as simbool van nasionale eenheid.</p> <p>Identifiseer glad nie met die vlag nie.</p>	Identifiseer met vlag as simbool van nasionale eenheid, maar is baie skepties en agterdogtig.
	<p>← AB →</p> <p>Identifiseer glad nie met die persoon of die definisie van sukses nie.</p> <p>Identifiseer vrou as toonbeeld van sukses.</p>	Skepties teenoor vrou in fotobeeld. Wantroue.
Individualiteit/ Kollektiwiteit	<p>Kollektiwiteit</p> <p>Individualiteit</p> <p>← →</p>	Kollektiewe identifikasie. Dog agterdogtig teenoor die kollektief.
	<p>← AB →</p> <p>Skryfwyse sal as vreemd of onverstaanbaar wees a.g.v. groot geslagsdifferensiasie.</p> <p>Skryfwyse sal bekend en verstaanbaar wees a.g.v. groter geslagsrol vloeibaarheid.</p>	

	<p style="text-align: center;">← AB →</p> <p>Man sou vreemd of uit gewone konteks wees./ Persoon sou bloot as 'n vrou geïdentifiseer word</p> <p style="text-align: right;">Dit sou as natuurlik beskou word om 'n man in hierdie rol te sien.</p>	<p>Sien persoon in fotobeeld as vrou en moeder.</p>
<p>Manlikheid/ Vroulikheid</p>	<p style="text-align: center;">← Manlik → Vroulik →</p>	<p>Respons toon sterk manlike kultuur- onderbou.</p>
	<p style="text-align: center;">← AB →</p> <p>Vroue identifiseer nie met die kultuuruitdrukking nie.</p> <p style="text-align: right;">Vroue beskou die ritueel as die norm.</p>	<p>Skepties teenoor norm.</p>
	<p style="text-align: center;">← AB →</p> <p>Vroue identifiseer sterk met met die beeld as 'n eie realiteit.</p> <p style="text-align: right;">Vroue identifiseer nie die beeld.</p>	<p>Sterk positiewe identifikasie.</p>
<p>Langtermyn-oriëntasie/ Korttermyn-oriëntasie</p>	<p style="text-align: center;">← Langtermyn-oriëntasie → Korttermyn-oriëntasie →</p>	<p>Getuig van identifisering met beide Afrika- en Westerse sisteme. Bewus van verhoudingsproblematiek.</p>

Bylaag G

Ideologiese resultaatblad vir individuele deelnemers

Ideologiese profiel – Resultaatblad Deelnemer # 1

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Deelnemer ervaar die realiteite van 'n groot magafstand-kultuur, maar haar persoonlike voorkeur leun meer na 'n klein magafstand-dinamika. Sy het dus 'n voorkeur vir 'n deelnemende styl van leierskap waarin mag in die kollektief gesetel is.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Deelnemer toon 'n voorkeur vir tegnologie as bron van onsekerheidsvermyding, maar is bewus van die problematiek gekoppel in die instrument.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Deelnemer toon 'n sterk kollektiewe bewustheid. Sy is egter krities teenoor die tekortkominge wat in die kollektiewe sisteem opgesluit lê.
4. Manlik/Vroulik-as: Deelnemer toon 'n sterk bewustheid van gender-aangeleenthede te midde van 'n dominante manlike kultuur.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer toon 'n sterk voorkeur vir 'n Langtermyn-kultuuroriëntasie-raamwerk. Die Deelnemer is egter opmerklik krities teenoor die sosiale magkonsekwensies van beide die fotobeelde wat die dimensie getoets het. Hoewel die Deelnemer dus kies vir 'n Afrika-realiteit vs. 'n dominante Westerse beleving, is sy nie blind vir die tekortkominge in die bestel nie.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer # 1 se respons is: hoewel die Deelnemer sterk leun na 'n langtermyn-oriëntasie, is sy bewus van die problematiek van die sisteem. Daar bestaan dus 'n kritiese bewustheid van die tekortkominge van haar voorkeurstyl soos reeds by punt 5 hierbo bespreek.

Opsommend kan dus van Deelnemer # 1 gesê word: **dat sy by 4/10 van die beelde 'n skuiw getoon het na afloop van die gesprek. Hierdie skuiwe wys op 'n groter bewustheid van die problematiek wat na die oppervlak gekom het na afloop van die gesprek. Die Deelnemer is telkens in hierdie vier responsgeleenthede meer skepties en agterdogtig. Die Deelnemer toon oor die algemeen 'n groter bewustheid.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad Deelnemer # 2

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Deelnemer toon radikale verandering na afloop van die gesprek. Hoewel Deelnemer se A-respons telkens wys op 'n Groot magafstand-realiteit, toon haar respons na afloop van die gesprek 'n voorkeur vir 'n meer kollektiewe leierskap-ervaring waarin mag in die groep gesetel is.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Godsdien dien as primêre bron vir onsekerheidsvermyding. Na afloop van die gesprek word die nut van tegnologie ook as bron van onsekerheidsvermyding beskou.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Deelnemer identifiseer met kollektief, maar is pynlik bewus van die tekortkominge en problematiek van die bestel. Kollektiewe identifikasie sluit nie individuele sukses vir die Deelnemer uit nie.
4. Manlik/Vroulik-as: Deelnemer se respons toon 'n sterk manlike kultuuronderbou.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer identifiseer met beide Afrika- en Westerse elemente binne eie kultuurraamwerk. Deelnemer toon egter 'n groter bewustheid van verhoudingsproblematiek na afloop van die gesprek.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #2 se respons is: die redelike radikale skuiwe na afloop van die gesprek op die magafstand-as. Dit getuig van die feit dat die Deelnemer bewus is van haar eie dominante kultuurstyl, maar tog 'n voorkeur uitspreek vir 'n alternatief.

Die Deelnemer toon ook 'n groot skuif op die onsekerheidsvermyding-as, as sy na afloop van die gesprek tegnologie sien as hulpmiddel om probleme op te los, eerder as iets om te vrees of om te vermy.

Opmerklik ook hoe sterk haar beleving is van 'n dominant manlike kultuurraamwerk.

Opsommend kan dus van Deelnemer #2 gesê word: **dat sy by 6/10 van die beelde 'n skuif getoon het na afloop van die gesprek. Hierdie skuiwe wys op 'n groter bewustheid van die problematiek wat na die oppervlak gekom het na afloop van die gesprek. Die Deelnemer is telkens in hierdie 6 responsgeleenthede meer skepties en agterdogtig teenoor die status quo. Die Deelnemer toon oor die algemeen 'n groter bewustheid na afloop van die gesprek.**


Ideologiese profiel – Resultaatblad

Deelnemer #3

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Deelnemer se respons getuig van 'n sterk beleving van 'n groot magafstand-kultuur. Na afloop van die gesprek is die Deelnemer meer bewus van die problematiese konsekwensies van die status quo.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Beide godsdiens en tegnologie dien as instrumente van onsekerheidsvermyding. Deelnemer bejeën egter Bybelteks met groter suspisie na afloop van die gesprek, wat dui op 'n groter bewustheid van die problematiek van Bybelse teks.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Deelnemer identifiseer met die kollektief, maar nie sonder om die problematiek te besef nie. Individuele sukses dien byna as nastreefbare ideaal.
4. Manlik/Vroulik-as: Deelnemer se respons toon 'n sterk manlike kultuuronderbou.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer identifiseer met beide Westerse en Afrika-sisteme. Daar is egter by die Deelnemer 'n groter bewustheid van die problematiek na afloop van die gesprek.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #3 se respons is: Die skuif wat opgemerk kan word in terme van die Bybel voor en na afloop van die gesprek. Voor die gesprek word daar baie sterk met die Bybel geïdentifiseer as bron van lewe en krag. Na afloop van die gesprek is die Deelnemer meer bewus van die problematiek van Bybelse teks en die toepassing en gebruik daarvan in 'n moderne konteks.

Die Deelnemer identifiseer ook in 'n groot mate met die kollektief, maar is nie onbewus van die kompleksiteit van die sisteem nie. Hierdie groeiende bewustheid word ook opgemerk in die Deelnemer se kommentaar op die laaste fotobeeld. Ook hier identifiseer die Deelnemer met die langtermyn-oriëntasie, maar nie sonder kritiek en skeptisisme nie.

Opsommend kan dus van Deelnemer #3 gesê word: **dat sy by 5/10 van die beelde 'n skuif getoon het na afloop van die gesprek. Hierdie skuiwe wys op 'n groter bewustheid van problematiek wat na die oppervlak gekom het na afloop van die gesprek. Die Deelnemer is telkens in hierdie 5 responsgeleenthede meer skepties en agterdogtig teenoor die status quo. Die Deelnemer toon oor die algemeen 'n groter bewustheid na afloop van die gesprek.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad Deelnemer #4

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Die Deelnemer vertoon 'n sterk beleving van 'n groot magafstand-realiiteit.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Toon 'n sterk identifikasie met beide godsdiens en tegnologie as instrumente van onsekerheidsvermyding.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Sterk kollektiewe beleving. Sien problematiek in fotobeeld wat individuele sukses uitbeeld aangesien sy die prys agter daardie sukses bereken na afloop van die gesprek.
4. Manlik/Vroulik-as: Die Deelnemer begryp gender-aangeleenthede, maar is ingebed in 'n manlike kultuursisteem.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer identifiseer met beide Afrika- en Westerse sisteme. Daar is egter by haar 'n groter bewustheid van magsproblematiek in beide hierdie sisteme na afloop van die gesprek.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #1 se respons is: Die Deelnemer het 'n bewustheid van die problematiek van die sisteme waarbinne sy haarself bevind.


Opsommend kan dus van Deelnemer #4 gesê word: **sy skuif in 3/10 beelde. Die skuiwe is egter nie radikaal nie. Die Deelnemer is meer behoudend in terme van haar eie standpunt maar is tog meer bewus van die problematiek van sisteme na afloop van die gesprek.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad Deelnemer #5

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Ons merk 'n radikale verandering op in die persoon se respons tot die eerste fotobeeld. In die eerste respons identifiseer sy bloot die persoon as een met mag. In haar B-respons spreek sy 'n sterk voorkeur uit vir 'n gedeelde styl van leierskap waarin almal 'n deel het.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Godsdienst dien as basis vir onsekerheidsvermyding.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Hoewel sy identifiseer met die kollektief en 'n sterk sin vir verantwoordelikheid teenoor die kollektief uitspreek, sluit dit vir haar nie die sukses van die individu uit nie.
4. Manlik/Vroulik-as: Haar respons getuig van 'n sterk manlike kultuuronderbou.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Getuig van identifisering met beide Afrika- en Westerse sisteme. Groter bewustheid van problematiek gesetel in 'n Afrika-fotobeeld na afloop van die gesprek.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #5 se respons is: haar radikale skuif in reaksie tot fotobeeld 1. Daar is by die Deelnemer 'n sterk ontdekking van die mag wat in die kollektief gesetel is. Haar sterk roepingsgevoel in terme van die kollektief is ook duidelik in haar respons op fotobeeld 5 (SA vlag). Hoewel sy inkoop in die kollektief, is sy bewus van die uitdagings wat dit impliseer.

Opsommend kan dus van Deelnemer #5 gesê word: **sy skuif haar posisie radikaal in 1/10 fotobeeld en oor die algemeen sien ons 'n verandering in respons in 2/10 beelde. Hoewel dit nie 'n substansiële skuif in terme van getalle is nie, is daar 'n sterk patroon in die manier waarop die Deelnemer reageer. Sy openbaar 'n sterk geloof in die kollektief en in individue se verantwoordelikheid in die kollektief. Haar tweede respons dui in twee gevalle op 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van die gesprekstemas.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad Deelnemer #6

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Ons merk 'n radikale verandering op in die persoon se respons tot die eerste fotobeeld. In die eerste respons identifiseer sy bloot die persoon as een met mag. In haar B-respons spreek sy 'n sterk voorkeur uit vir 'n gedeelde styl van leierskap waarin almal 'n deel het.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Identifiseer godsdiens en tegnologie as instrumente van onsekerheidsvermyding. Opmerklik is egter haar baie positiewe identifikasie met die internet as instrument.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Hoewel sy identifiseer met die kollektief, sluit dit vir haar nie die sukses van die individu uit nie. Sy toon 'n bewustheid van die problematiek gesetel in die kollektief. Opmerklik is haar eksplisiete verwysing na verkragting as 'n bedreiging vir die kollektief. Hierdie respons is sprekend van 'n groter bewustheid van die implikasies van die gesprekstemas vir die kollektief.
4. Manlik/Vroulik-as: Respons toon dat die persoon ingebed is in 'n manlike kultuurraamwerk.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Getuig van identifisering met beide Afrika- en Westerse sisteme. Groter bewustheid van problematiek na afloop van gesprek

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #1 se respons is: haar radikale skuif in reaksie tot fotobeeld 1. Daar is by die Deelnemer 'n sterk ontdekking van die mag wat in die kollektief gesetel is. Dit blyk verder dat daar veral in terme van sisteme by haar 'n groter bewustheid is van die problematiek met verloop van die gesprek. Ook sprekend is haar sterk identifikasie met tegnologie as instrument van onsekerheidsvermyding. Die rede vir hierdie baie sterk identifikasie is vermoedelik gesetel in haar ouderdom wat aan die jonger kant van die spektrum lê.

Opsommend kan dus van Deelnemer #6 gesê word: sy skuif in 3/10 beelde. Hoewel dit nie 'n substansiële skuif in terme van getalle is nie, is daar 'n sterk patroon in die manier waarop die Deelnemer reageer. Sy openbaar 'n sterk geloof in die kollektief en in individue se verantwoordelikheid in die kollektief. Haar tweede respons dui in twee gevalle op 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van die gesprekstemas.

Ideologiese profiel – Resultaatblad Deelnemer #7

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Deelnemer se respons dui op 'n groot magafstand-kultuur realiteit. Die probleem van verkragting word egter as 'n kollektiewe een beskou. Die verantwoordelikheid en die mag van die kollektief word dus ook na hoë waarde geskat.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Godsdien en tegnologie word as instrumente van onsekerheidsvermyding beskou.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: 'n Sterk kollektiewe identifikasie sluit nie individuele sukses uit nie.
4. Manlik/Vroulik-as: Hoewel Deelnemer haarself in 'n sterk manlike kultuur bevind spreek sy die verlanse na gelykheid tussen geslagte uit.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer identifiseer met beide Afrika en Westerse kultuurwaardes.

Deelnemer toon geen noemenswaardige veranderinge in haar respons van A na B in enige van die fotobeelde nie. Een beeld wat egter opmerkbare reaksie uitlok is:



Opmerklik van Deelnemer #7 se respons is: haar sterk uitspraak vir gelykheid tussen geslagte en haar bewustheid van gende- konsekwensies. Haar reaksie op die tweede fotobeeld wat manlikheid/vroulikheid toets, nl. Beeld 8 dui egter dat sy ingebed is in 'n dominante manlike kultuurervaring. Dit maak die uitspraak van haar verlanse na gelykheid tussen geslagte soveel meer beduidend.

Opsommend kan dus van Deelnemer #7 gesê word: **dat sy geen noemenswaardige skuif ondergaan in terme van haar reaksie tot die fotobeelde nie.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad

Deelnemer #8

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Deelnemer is ingebed in 'n groot magafstand-kultuur maar toon 'n sterk voorkeur vir meer kommunale style van leierskap. Sterk negatiewe respons op leierskapstyl soos uitgebeeld in Beeld 1.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Beide geloof en tegnologie word gesien as instrumente van onsekerheidsvermyding.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Kollektiewe identifikasie sluit nie die moontlikheid van individuele sukses en vooruitgang uit nie. Deelnemer sien egter tekortkominge in kollektief en individuele sisteme.
4. Manlik/Vroulik-as: Deelnemer se respons toon 'n sterk manlike kultuuronderbou.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer se respons toon 'n neiging tot korttermyn-oriëntasie te midde van die herkenning van Afrika-ideaal.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #8 se respons is: Hoewel sy hoop uitspreek in die kollektiewe projek, is sy diep bewus van die problematiek opgesluit in die sisteem en die uitdagings wat dit inhou. Verder toon die Deelnemer geen noemenswaardige veranderinge in haar respons van A na B in enige van die ander fotobeelde nie. Een beeld wat egter opmerkbare reaksie uitlok is:



Deelnemer identifiseer gedeeltelik met die beeld, maar verwys na die realiteit van 'swart vroue' en nie na haar eie persoonlike ervaring nie. Sy beskou die beeld as besonder positief en iets om na te streef, maar kan dit nie as eie werklikheid beskryf nie.

Opsommend kan dus van Deelnemer #8 gesê word: **dat sy geen noemenswaardige (1/10) skuif ondergaan in terme van haar reaksie tot die fotobeelde nie.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad Deelnemer #9

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Hoewel Deelnemer in 'n groot magafstand-kultuur funksioneer, sluit dit nie die verantwoordelikheid van die individu uit nie. Daar is 'n radikale skuif in posisie met verloop van Beeld 2 waarin die Deelnemer aandrang op groter deelname van die kollektief in 'n sogenaamde strategie van 'na mekaar luister'.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Beide godsdienste en tegnologie dien as instrumente van onsekerheidsvermyding.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Kollektiewe identifikasie sluit nie individuele sukses en vooruitgang uit nie.
4. Manlik/Vroulik-as: Deelnemer is sterk ingebed in 'n manlike kultuurraamwerk.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer getuig van identifisering met beide Westerse en Afrika-kultuurraamwerke.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #9 se respons is: die redelike radikale skuif na afloop van die gesprek op die magafstand-as. Dit getuig van die feit dat die Deelnemer bewus is van haar eie dominante kultuurstyl, maar tog 'n voorkeur uitspreek vir 'n alternatief. Die Deelnemer dring aan op 'n groter sin vir verantwoordelikheid en onderlinge gebondenheid.

Opsommend kan dus van Deelnemer #9 gesê word: **dat sy geen noemenswaardige (1/10) skuif ondergaan in terme van haar reaksie tot die fotobelede nie.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad Deelnemer #10

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Deelnemer se respons getuig van 'n beleving van 'n groot magafstand-kultuur. Deelnemer beskou die figuur in Beeld 1 as een met mag, maar reageer negatief teenoor die styl.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Deelnemer identifiseer negatief met die Bybel as beeld wat godsdienste verteenwoordig, as gevolg van die misbruik van mag wat aan die teks gekoppel is. Deelnemer toon 'n sterk identifikasie met tegnologie as bron van onsekerheidsvermyding.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Deelnemer identifiseer met die kollektief, maar dit sluit nie individuele sukses en vooruitgang uit nie. Deelnemer is ook nie blind vir die problematiek wat opgesluit is in die kollektief nie.
4. Manlik/Vroulik-as: Deelnemer se respons getuig van 'n sterk manlike kultuurraamwerk. Deelnemer is egter tog bewus van gender-aangeleenthede.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer se respons toon 'n identifikasie met beide Afrika- en Westerse sisteme. Die respons na afloop van die gesprek toon egter in beide fotobeelde 'n groter bewustheid van die problematiek wat ook na die oppervlak gebring is.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #10 se respons is: Hoewel die Deelnemer identifiseer met die kollektief is sy pynlik bewus van die problematiek wat daarin gesetel is. Dit is duidelik uit haar respons op Fotobeeld 5 en 10. Sy kies dus om in te koop in die kollektief, maar is krities teenoor die sisteem. Haar respons op fotobeeld 9 is egter merkwaardig. In die A-respons beskou sy die beeld as die norm. Na afloop van die gesprek distansieer sy haarself van die beeld en is meer skepties en agterdogtig teenoor die sisteem wat dit uitbeeld.

Verder is die Deelnemer se respons op fotobeeld 4 ook opmerklik. Die persoon spreek haar skeptisisme en afstand van die Bybel uit. My gevoel is egter nie dat die persoon nie van godsdienste as instrument vir onsekerheidsvermyding gebruik maak nie, maar dat sy eerder onder geen illusie verkeer aangaande die magdinamika waarin die Bybel baie dikwels verkeer nie.


Opsommend kan dus van Deelnemer #10 gesê word: **Dat sy 'n skuif toon in 3/10 van die fotobeelde. Die beelde waarop sy skuif en 'n groter mate van kritiek lewer hou verband met sisteme wat die kollektief raak. Oor die algemeen toon sy 'n groter bewustheid vir die problematiek van hierdie sisteme na afloop van die gesprek.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad Deelnemer #11

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Deelnemer se respons getuig van die beleving van 'n groot magafstand-kultuur. Sy verwerp die leierskapstyl soos uitgebeeld in Beeld 1 uit die staanspoor en die negatiewe beleving word selfs meer akueel na afloop van die gesprek.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Deelnemer identifiseer met godsdiens en tegnologie as instrumente van onsekerheidsvermyding.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Deelnemer het 'n sterk kollektiwistiese identifikasie. Sy is egter na afloop van die gesprek meer bewus van die problematiek gesetel in die kollektief. Sy spreek veral kommer uit oor die leierskap.
4. Manlik/Vroulik-as: Deelnemer is ingebed in 'n manlike kultuurkonteks, maar is bewus van gender-aangeleenthede en konsekwensies.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer identifiseer met beide Westerse en Afrika-sisteme. Haar bewustheid van die problematiek in 'n Afrika-realiteit is selfs meer intens na afloop van die gesprek.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #11 se respons is: Deelnemer toon 'n breë reeks van veranderinge in die B-respons. Sy spreek groter kritiek uit teenoor die leierskapstyl soos uitgebeeld in Beeld 1 en sy toon 'n groter bewustheid van die problematiek van die kollektief na afloop van die gesprek soos 'n mens kan sien in haar tweede respons op Beeld 5 en 10. Op beide die gender-beelde skuif haar respons na afloop van die gesprek en toon 'n groter bewustheid van die kompleksiteit wat gender-sake impliseer.

Opsommend kan dus van Deelnemer #11 gesê word: **dat sy in 5/10 fotobeelde 'n skuif maak na afloop van die gesprek. Sy toon oor die algemeen 'n groter bewustheid van die kompleksiteite wat na die oppervlak gebring is tydens die gesprek.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad Deelnemer #12

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Deelnemer bevind haarself ingebed in 'n groot magafstand-kultuur, maar toon 'n groter bewustheid van kompleksiteit met verloop van gesprekstema.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Godsdiens en tegnologie dien as instrumente van onsekerheidsvermyding. Die tweede respons by beide fotobeelede toon 'n groter bewustheid van sake soos dit in die gesprek na die oppervlak gekom het.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Deelnemer identifiseer sterk met die kollektief, maar dit sluit nie individuele sukses in beginsel uit nie. Deelnemer is ook bewus van die uitdagings wat die kollektief inhou. Eksplisiete verwysing na verkragting in terme van die kollektief is opmerklik.
4. Manlik/Vroulik-as: Deelnemer toon 'n besondere voorkeur vir vloeibaarheid in terme van geslagsrolle. Hoewel die oorgrote meerderheid van die respondente in die studie getuig van 'n oorwegend manlike dominante kultuurraamwerk, neig die Deelnemer se reaksie op beide gender-beelde na die vroulike kant. Die Deelnemer toon 'n groter bewustheid van gender-sake na afloop van die gesprek.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer identifiseer met beide Afrika- en Westerse sisteme. Na afloop van die gesprek is die Deelnemer meer bewus van die problematiek wat opgesluit is in 'n Afrika-raamwerk.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:




Opmerklik van Deelnemer #12 se respons is: Hoewel sy in 'n groot magafstand-kultuur funksioneer, is sy krities oor die konsekwensies van die leierskapstyl wat hierdie kultuurraamwerk impliseer. Na afloop van die gesprek toon die Deelnemer 'n groter bewustheid van sake wat in die gesprek na die oppervlak gekom het en dit word goed weerspieël in haar respons tot beeld 3 en 4. Hoewel die algemene tendens van die navorsing wys op 'n manlike dominante kultuurrealiteit, verkies die Deelnemer groter vloeibaarheid tussen die geslagsrolle. Die Deelnemer ondersteun die kollektiewe sisteem, maar is meer bewus van die uitdagings en tekortkominge van die sisteem na afloop van die gesprek. Opsommend kan dus van Deelnemer #12 gesê word: **dat die Deelnemer op 6/10 beelde 'n skuif toon in die B-respons. Sy toon oor die algemeen 'n groter bewustheid van die kompleksiteite wat na die oppervlak gebring is tydens die gesprek.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad Deelnemer #13

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Deelnemer se respons getuig van die bewustheid van 'n groot magafstand-kultuur, maar dit sluit nie die rol of verantwoordelikheid van die gemeenskap uit nie. Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van temas wat bespreek is in die groep.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Beide godsdiens en tegnologie dien as instrumente vir onsekerheidsvermyding.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Kollektiewe identifikasie sluit nie die potensiaal vir individuele sukses uit nie. Na afloop van die gesprek toon die Deelnemer groter bewustheid van vroue se kwesbaarheid.
4. Manlik/Vroulik-as: Hoewel die Deelnemer volgens die algemene tendens in 'n oorwegende manlike kultuurkonteks funksioneer, spreek sy 'n voorkeur uit vir meer vloeibare geslagsrolle. B-respons by beeld 6 toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van die bespreking.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer identifiseer met beide Westerse en Afrika-sisteme.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #13 se respons is: Deelnemer identifiseer positief met die leierskapstyl soos uitgebeeld in Beeld 1 en glo dat dit positief aangewend kan word om sake aan te spreek wat na die oppervlak gekom het in die gesprek. Beide in terme van beeld 6 en 7 toon die Deelnemer 'n groter bewustheid van die problematiek van die kwesbaarheid van vroue wat in die gesprek na die oppervlak gekom het.

Opsommend kan dus van Deelnemer #13 gesê word: **dat die Deelnemer 'n skuif vertoon na afloop van die gesprek in 3/10 beelde. Die respons van die Deelnemer wys telkens op 'n groter bewustheid van die problematiek wat die beelde inhou, veral in terme van die weerloosheid van vroue in sosiale sisteme.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad Deelnemer #14

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Deelnemer se respons weerspieël 'n groot magafstand-kultuur-belewing.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Deelnemer identifiseer beide godsdiens en tegnologie as instrumente van onsekerheidsvermyding.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Deelnemer toon 'n sterk kollektiewe identifikasie.
4. Manlik/Vroulik-as: Deelnemer se respons toon 'n persoonlike vloeibaarheid in terme van geslagsrolle te midde van 'n dominant manlike kultuuruitdrukking. Hierdie dominante manlike kultuur is duidelik sigbaar uit die oorwegende respons van Deelnemers.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer identifiseer met beide Westerse en Afrika-sisteme.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #14 se respons is: dat die Deelnemer besonder negatief reageer op beeld 6, wat selfs meer akuit raak na afloop van die gesprek. Deelnemer het dienooreenkomstig 'n sterk kollektiewe identifikasie en hierdie beeld van individuele sukses en die bagasie wat dit impliseer laat haar koud.


Opsommend kan dus van Deelnemer #14 gesê word: **dat sy in 1/10 beelde 'n skuif vertoon. Die Deelnemer wys geen beduidende skuif na afloop van die gesprek nie.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad Deelnemer #15

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Die Deelnemer beleef die realiteit van 'n groot magafstand-kultuur, maar haar persoonlike voorkeur leun sterker na 'n klein magafstand-kultuur.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Godsdiens en tegnologie dien as instrumente van onsekerheidsvermyding. Deelnemer het 'n besondere positiewe beskouing van tegnologie, maar is nie blind vir die gevare wat dit inhou nie en sy toon 'n groter bewustheid van die problematiek wat vanuit die gesprek na die oppervlak gekom het.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Kollektiewe identifikasie sluit nie persoonlike sukses en vooruitgang uit nie. Die Deelnemer is ook pynlik bewus van die problematiek wat die kollektief inhou.
4. Manlik/Vroulik-as: Deelnemer is bewus van gender-aangeleenthede te midde van sterk manlike kulturomgewing.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer identifiseer met beide Westerse en Afrika-kultuursisteme. Deelnemer toon 'n sterk identifikasie met die Afrika-beeld soos in Beeld 10 voorgestel. Sy is egter ook bewus van die broosheid en kwesbaarheid wat die sisteem inhou en wat belig is vanuit die gesprek.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #15 se respons is: dat hoewel die Deelnemer in 'n groot magafstand-kultuur funksioneer, sy te kenne gee dat haar persoonlike voorkeur eerder na 'n klein magafstand-styl neig. Die Deelnemer identifiseer sterk met die kollektief, maar is pynlik bewus van die uitdagings wat dit bied en toon 'n groter bewustheid van die problematiek wat in die gesprek na die oppervlak gekom het. Dit is ook opmerklik dat die Deelnemer sterk met die internet identifiseer en dit kan vermoedelik in verband gebring word met haar ouderdom.

Opsommend kan dus van Deelnemer #15 gesê word: **dat sy in 5/10 beeld 'n skuif vertoon na afloop van die gesprek. Hoewel die skuif nie beduidend is nie, getuig dit van 'n groter bewustheid wat teweeg gebring is vanuit haar deelname aan die gesprekke.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad

Deelnemer #16

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Deelnemer se respons getuig van 'n groot magafstand-kultuur.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Geen waarde-oordeel is uitgespreek in respons.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Kollektiewe identifikasie sluit nie persoonlike sukses uit nie.
4. Manlik/Vroulik-as: Deelnemer se respons dui op 'n manlike dominante kultuurraamwerk.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer identifiseer met beide Afrika- en Westerse sisteme.

Deelnemer toon geen skuif na afloop van die gesprek.

Opsommend kan dus van Deelnemer #16 gesê word: **dat sy geen skuif maak na afloop van die gesprek.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad

Deelnemer #17

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Hoewel Deelnemer haarself in 'n groot magafstand-kultuur tuis voel, spreek sy kritiek uit teenoor die leierskapstyl soos openbaar in Beeld 1. In Beeld 2 skuif die Deelnemer radikaal deur in haar tweede respons te fokus op 'n individuele belewe eerder as 'n kollektiewe ervaring. Albei bogenoemde response getuig van 'n groot magafstand-kultuur.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Spreek geen waarde-oordeel uit nie.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Spreek geen beduidende waarde-oordeel uit nie.
4. Manlik/Vroulik-as: Deelnemer se respons getuig van 'n dominant manlike kultuurraamwerk.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Respondent identifiseer met beide Afrika- en Westerse sisteme.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #17 se respons is: dat sy in haar eerste respons op beeld 2 na verkragting verwys as 'n sistemiese probleem. In haar tweede respons verwys sy baie sterker na persoonlike beleving van individue. Sy noem pertinent dat beide mans en vroue slagoffers van verkragting kan wees.

Opsommend kan dus van Deelnemer #17 gesê word: **dat sy in 1/10 van die beelde 'n skuif toon. Die Deelnemer skuif dus nie beduidend na afloop van die gesprek nie.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad

Deelnemer #18

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Deelnemer se respons getuig van 'n groot magafstand-kultuurraamwerk.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Deelnemer identifiseer godsdiens as instrument van onsekerheidsvermyding.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Geen beduidende resultaat. Hoewel die Deelnemer nie positief reageer op Beeld 5 nie, kan dit toegeskryf word aan die feit dat die Deelnemer nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie. Die beeld blyk dus sinvol te wees om kollektiwiteit te toets vir Suid-Afrikaanse burgers, maar nie noodwendig vir diegene wat van elders afkomstig is nie.
4. Manlik/Vroulik-as: Deelnemer se respons toon 'n voorkeur vir groter vloeibaarheid in geslagsrolle. Deelnemer toon na afloop van die gesprek 'n groter bewustheid van temas wat tydens die gesprek na die oppervlak gekom het.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer identifiseer met beide Westerse en Afrika-sisteme.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #18 se respons is: dat sy 'n groter bewustheid van problematiek toon wat vanuit die gesprek na die oppervlak gekom het. Daar is by haar in terme van beeld 6 'n duideliker verwysing na die magsimplikasie in gender-aangeleenthede.



Dit blyk uit die respondent se reaksie op Beeld 5 dat hierdie beeld 'n goeie toets vir die kollektief is in 'n Suid-Afrikaanse konteks, maar tog problematies blyk indien die Deelnemer van 'n ander land afkomstig is. Die Deelnemer se Individualiteit/Kollektiwiteit-as indikasie is dus nie beduidend nie.


Opsommend kan dus van Deelnemer #18 gesê word: **dat sy in 1/10 van haar response 'n skuif toon na afloop van die gesprek. Hoewel dit nie 'n beduidende skuif is nie, toon die verandering wat sy wel ondergaan, van haar insig in die magsimplikasies in verhoudings-aangeleenthede.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad Deelnemer #19

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Die Deelnemer se respons dui op haar bewustheid van 'n groot magafstand-dinamika. Hoewel sy die figuur in Beeld1 as een beskou met mag is sy krities teenoor die styl.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Godsdien en tegnologie word geïdentifiseer as instrumente van onsekerheidsvermyding.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Kollektiewe identifikasie sluit nie persoonlike sukses uit nie.
4. Manlik/Vroulik-as: Hoewel die Deelnemer in 'n manlik dominante konteks funksioneer, toon sy begrip vir gender-aangeleenthede.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer identifiseer met beide Afrika-en Westerse sisteme. Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek na afloop van gesprek.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #19 se respons is: dat in reaksie op Beeld 3 toon die respondent 'n toegeneentheid tot Bybelse teks in die A-respons, hoewel dit sterker van akademiese belang getuig. In die B-respons dui die Deelnemer 'n sterk sin van suspisie wat groei vanuit die gewaarwordings in die gesprek. Die Deelnemer se B-respons op beeld 5 getuig ook van 'n groter bewustheid van die problematiek wat die kollektief in die gesig staar na afloop van die gesprek. Die Deelnemer toon 'n groter bewustheid van die gender-aangeleenthede na afloop van die gesprek soos blyk uit Beeld 7, 8 en 9.

Opsommend kan dus van Deelnemer #19 gesê word: **dat sy 'n beduidende skuif maak in 6/10 van die geleenthede. Haar B-respons getuig telkens van 'n groter bewustheid van die problematiese konsekwensies van die sake wat aangeraak is in die gesprek. Haar B-respons getuig ook van 'n groter suspisie en bewustheid van die magdinamika in sisteme en veral gender-aangeleenthede.**


Ideologiese profiel – Resultaatblad

Deelnemer #20

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Deelnemer toon 'n bewustheid van die groot magafstand-kultuurkonteks waarbinne sy funksioneer, maar spreek haar voorkeur uit vir die teenpool.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Godsdiens en tegnologie dien as instrumente van onsekerheidsvermyding.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Deelnemer toon 'n sterk kollektiwistiese identifikasie.
4. Manlik/Vroulik-as: Deelnemer se respons getuig van die feit dat sy ingebed is in 'n oorwegend' manlike kultuurkonteks.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer identifiseer met beide Afrika- en Westerse sisteme.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #20 se respons is: Deelnemer identifiseer persoon in Beeld 1 as een met mag. Sy vertoon egter na afloop van die gesprek 'n groter bewustheid van die magskonsekwensies wat die styl inhou. Haar posisie skuif ook in terme van beeld 3 en sy toon na afloop van die gesprek 'n ryker verstaan van die gebruik/nuttigheid van Bybelse teks in eietydse situasies. Die mees opmerkbare skuif in die Deelnemer se respons is egter op Beeld 9. In haar eerste respons reageer sy positief teenoor die beeld as 'n natuurlike kultuurgebruik. Na afloop van die gesprek is die Deelnemer meer bewus van die magsverhoudings wat daar binne die huwelik geld. Sy is meer bewus van die problematiek wat die beeld ook inhou.

Opsommend kan dus van Deelnemer #20 gesê word: **dat sy 'n verandering toon in haar respons op 3/10 van die beelde. Hoewel dit nie 'n besondere beduidende verkil is nie, toon haar B-respons in al drie die geleenthede 'n groter bewustheid van die problematiek soos dit in die gesprek na die oppervlak gekom het. Haar verandering dui deurgaans op 'n groter bewustheid na afloop van die gesprek.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad Deelnemer #21

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Deelnemer se respons toon 'n sterk bewustheid van die groot magafstand-kultuur waarin sy funksioneer.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Beide godsdiens en tegnologie word deur die Deelnemer geïdentifiseer as instrumente van onsekerheidsvermyding.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Kollektiewe identifikasie sluit nie persoonlike sukses uit nie.
4. Manlik/Vroulik-as: Deelnemer se respons dui daarop dat sy ingebed is in 'n sterk manlike kultuurraamwerk.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer identifiseer met beide Afrika- en Westerse kultuurraamwerke. Deelnemer toon 'n groter bewustheid van verhoudingsproblematiek na afloop van die gesprek.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #21 se respons is: dat sy na afloop van die gesprek 'n groter bewustheid toon van verhoudingsproblematiek wat in die huwelik geld. Haar A-respons getuig van 'n sterk positiewe identifikasie met die kultuuruitdrukking. Na afloop van die gesprek is sy meer bewus van die magsdinamika in verhoudings.

Opsommend kan dus van Deelnemer #21 gesê word: **sy toon 'n skuif in posisie op 1/10 van die fotebeelde. Dit is nie werklik 'n beduidende verskil nie. Tog is haar respons in terme van mag in verhoudings 'n belangrike een wat dui op groter bewustheid na afloop van die gesprek.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad Deelnemer #22

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Deelnemer se respons dui op haar bewustheid van die groot magafstand-kultuur waarin sy haarself bevind. Haar persoonlike voorkeur leun egter na 'n klein magafstand-kultuur identifikasie.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Godsdiens en tegnologie dien as instrumente van onsekerheidsvermyding. Sy spreek egter 'n seker mate van skeptisisme uit teenoor albei bg. instrumente.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Kollektiewe identifikasie sluit nie individuele sukses uit nie. Sy toon egter in respons tot beide fotobeelde 'n groter bewustheid van die problematiek na afloop van die gesprek.
4. Manlik/Vroulik-as: Deelnemer se respons dui op 'n persoonlike voorkeur van groter vloeibaarheid in geslagsrolle, dit te midde van die feit dat die oorwegende tendens in die navorsing daarop wys dat die Deelnemers in 'n oorwegend manlike dominante kultuur funksioneer.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer identifiseer met beide Afrika- en Westerse kultuurraamwerke.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #22 se respons is: haar negatiewe identifikasie met die leierskapstyl soos uitgebeeld in Beeld 1 wat 'n groter bewustheid toon van die magsimplikasies na afloop van die gesprek. In die A-respons op beeld 2 blyk die Deelnemer neutraal te wees, na afloop van die gesprek toon sy egter groter bewustheid van die konsekwensies van die beeld na aanleiding van die gesprek. Hoewel die Deelnemer godsdiens sowel as tegnologie identifiseer as instrumente tot onsekerheidsvermyding toon haar B-respons in albei gevalle 'n verhoogde bewustheid van die gesprekstemas wat aanleiding gee tot 'n meer kritiese respons na afloop van die gesprek. Deelnemer identifiseer baie sterk met die internet wat grootliks toegeskryf kan word aan haar ouderdom. Deelnemer identifiseer met beide kollektiewe en individuele beelde, maar is meer bewus van die problematiek wat in die kollektief heers asook die

weerloosheid van individue na afloop van die gesprek. Sy toon ook 'n groter bewustheid van gender-aangeleenthede na afloop van die gesprek asook die magsimplikasies van die huwelik as Westerse kultuurmodel.

Opsommend kan dus van Deelnemer #22 gesê word: dat sy 'n radikale skuif toon na afloop van die gesprek, aangesien sy in 9/10 geleenthede tot respons 'n verandering toon na afloop van die gesprek. Haar B-respons in al nege geleenthede dui op 'n groter bewustheid van die konsekwensies van die sake wat in die gesprek na die oppervlak gekom het. Daar ontwikkel by haar 'n hermeneutiek van suspisie tydens die gesprek, wat duidelik sigbaar word in haar respons na afloop van die gesprek.

Ideologiese profiel – Resultaatblad

Deelnemer #23

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Deelnemer openbaar die feit dat sy ingebed is in 'n groot magafstand-kultuur. Deelnemer het 'n negatiewe waarde-oordeel in die leierskapstyl soos uitgebeeld in Beeld 1.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Godsdiens en tegnologie dien as instrumente van onsekerheidsvermyding.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Deelnemer toon 'n sterker individuele identifikasie. Die rede vir die feit dat die persoon egter nie met die Suid-Afrikaanse nasionale vlag identifiseer nie, kan gevind word in die feit dat die persoon nie 'n plaaslike burger is nie, maar van Zimbabwe afkomstig is. Soos reeds genoem, is dit 'n tekortkoming van die beeld wat gebruik is om die dimensie te toets.
4. Manlik/Vroulik-as: Persoon toon 'n groter toegeneentheid tot vloeibaarheid van geslagsrolle, dit te midde van die feit dat die algemene tendens van die navorsing wys dat vroue in die studie in 'n sterk manlik dominante kultuursisteen funksioneer.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer identifiseer met beide Afrika- en Westerse kultuursisteme.

Die Deelnemer toon geen skuif in respons na afloop van die gesprek nie. Een figuur wat egter 'n opmerking noodsaak is:



Dit blyk uit die respondent se reaksie op Beeld 5 dat hierdie beeld 'n goeie toets vir die kollektief is in 'n Suid-Afrikaanse konteks, maar tog problematies blyk indien die Deelnemer van 'n ander land afkomstig is. Die Deelnemer se Individualiteit/Kollektiwiteit as indikasie is dus nie beduidend.


Opsommend kan dus van Deelnemer #23 gesê word: **dat sy in geen van haar response 'n skuif toon na afloop van die gesprek nie.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad Deelnemer #24

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Deelnemer se respons dui op haar bewustheid van die groot magafstand-kultuur waarin sy funksioneer.
2. Onsekerheidsvermyding-as: Godsdien en tegnologie dien as instrumente van onsekerheidsvermyding.
3. Individualiteit/Kollektiwiteit-as: Kollektiewe identifikasie sluit nie individuele sukses uit nie.
4. Manlik/Vroulik-as: Deelnemer se respons dui op die feit dat sy ingebed is in 'n sterk manlike kultuurraamwerk.
5. Langtermyn-/Korttermyn-oriëntasie-as: Deelnemer identifiseer met beide Afrika- en Westerse kultuuruitdrukkings.

Deelnemer toon 'n groter bewustheid van problematiek met verloop van gesprek in die B-respons by:



Opmerklik van Deelnemer #24 se respons is: haar merkwaardige insig in respons tot Beeld 2. Die Deelnemer se respons wys op die feit dat sy ingebed is in 'n groot magafstand-kultuur. Sy spreek kritiek uit teenoor die styl van leierskap in hierdie kultuur, maar besef dat sy ook al op plekke in 'n meer maghebbende posisie was en dit misbruik het. Verkragting as individuele magsuitoefening kom hier sterk tot uitdrukking. Na afloop van die gesprek toon sy 'n groter bewustheid van die konsekwensies van sake wat na die oppervlak gekom het in die gesprek.

Opsommend kan dus van Deelnemer #24 gesê word: **dat sy in 3/10 van die beelde 'n skuif toon na afloop van die gesprek. Die skuiwe wys op 'n groter bewustheid van die konsekwensies van sake wat in die gesprek tot die oppervlak gebring is.**

Ideologiese profiel – Resultaatblad Deelnemer #25

Die Deelnemer se ideologiese verwysingsraamwerk kan in terme van Hofstede se kultuurdimensies soos volg omskryf word:

1. Magafstand-as: Deelnemer se respons dui op 'n groot magafstand-kultuurraamwerk waarbinne sy funksioneer.
